# Abba, Vader



# Abba, Vader

**GEBEDEBOEK**

Met Bybelteks, Psalmvers of 'n Skrifberyming van Totius vir elke dag

Versamel uit die skat van die kerk van alle eeue

Deur

Ds. PJ de Klerk

# Inhoud

Voorwoord

Januarie

Februarie

Maart

April

Mei

Junie

Julie

Augustus

September

Oktober

November

Desember

Naamregister

# Voorwoord

*"Abba, Vader, alles is vir U moontlik.'' So het Jesus Christus tot sy Vader gebid. (Mark. 14:36b). Maar so bid ons ook deur die Heilige Gees tot ons Vader: "Abba, Vader!" (Rom. 8:15b, Gal. 4:6). Dis die groot en heerlike werk van die Heilige Gees om ons te leer bid. Die Gees staan ons ook by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie onder woorde gebring word nie. En God wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges. (Rom. 8:26-27).*

*"Abba Vader." beteken eintlik: Vader, Vader! Hierdie aanspraak het in hom iets intiem kinderlik. Dis die mooiste woord wat 'n kind kan uitspreek, want dit beteken nie net 'n hartlike verbondenheid nie, maar ook 'n innige ware liefde tot ons hemelse Vader.*

*Om egter van 'n genadige verhoring van ons gebed verseker te wees, moet ons die volgende ter harte neem:*

*Eerstelik dat ons die enige ware God wat Hom in sy Woord aan ons geopenbaar het, van harte moet aanroep vir al die dinge wat Hy ons beveel het om voor te bid.*

*Ten tweede, dat ons ons nood en ellendigheid reg en grondig moet ken, sodat ons ons voor die aangesig van sy majesteit sal verootmoedig.*

*Ten derde, dat ons hierdie vaste grond het dat Hy ons gebed, nieteenstaande ons dit onwaardig is, tog ter wille van die Here Christus sekerlik wil verhoor, soos Hy ons dit in sy Woord beloof het. —Joh. 14:13, 14. (Heidelbergse Kategismus: Sondag 45:Vr. 117).*

*Ons het met groot dankbaarheid van die volgende boeke gebruik gemaak:*

1. *Die Nuwe Testament en Psalms — 1979-vertaling.*
2. *Gebeden van Calvijn (A. G. Barkey Wolf).*
3. *Devotions and prayers of John Calvin (C. E. Edwards) — vertaal deur prof. L. J. du Plessis.*
4. *De lust der heiligen in Jehova (Ds. C. Mel).*
5. *Gebeden (Dr. O. Norel.)*
6. *Leer mij bidden (Ds. A. C. D. van de Bosch).*
7. *Leer ons bid (Ds. T. Dreyer).*
8. *Forms of prayer (John Calvin).*

*Ons wil hiermee ook ons hartlike dank betuig aan prof. dr. P. D. van der Walt vir die taalkundige versorging en prof. dr. Johan Bekker vir sy raad en simpatieke hulp met hierdie hersiene uitgawe van "Tot U bid ek" onder die nuwe naam "Abba, Vader!"*

*P. J. de Klerk.*

*Umtentweni.*

ONS VADER
WAT IN DIE HEMEL IS
LAAT U NAAM GEHEILIG WORD
LAAT U KONINKRYK KOM
LAAT U WIL GESKIED
SOOS IN DIE HEMEL
NET SO OOK OP DIE AARDE
GEE ONS VANDAG
ONS DAAGLIKSE BROOD
EN VERGEEF ONS ONS SKULDE
SOOS ONS OOK
ONS SKULDENAARS VERGEWE
EN LEI ONS NIE IN VERSOEKING NIE
MAAR VERLOS ONS VAN DIE BOSE
WANT AAN U
BEHOORT DIE KONINKRYK
EN DIE KRAG
EN DIE HEERLIKHEID
TOT IN EWIGHEID
AMEN

# 1 JANUARIE

*God is vir ons, wie kan dan teen ons wees? Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom skenk nie?*

*— Romeine 8:31-32.*

Neem my in beskerming, o God;
ek soek skuiling by U.
Ek het vir die Here gesê:
"Ek behoort aan U,
daar is vir my niks goeds nie behalwe by U."
Here, U is my lewe, U sorg vir my.
Wat ek ontvang, kom alles van U af.
'n Pragtige deel is vir my afgemeet,
ja, my erfdeel is vir my mooi.
Ek sal die Here loof wat my tot die regte insig gebring het;
selfs in die nag bly ek bewus van wat Hy my leer.
Ek het die Here altyd by my:
omdat Hy by my is, sal ek nie struikel nie.
Daarom is ek bly en juig ek en voel ek my veilig.
U gee my nie oor aan die dood nie.
U laat u troue dienaar nie in die graf kom nie.
U leer my hoe om te lewe.
By U is daar oorvloedige blydskap.
Uit u hand kom net wat mooi is.

AMEN.

VAN DAWID.
Ps. 16:1-2, 5-11.

*Laat my leef, o HEER, dan loof ek!*
*Laat niks my die heil ontroof!*
*Laat u oordeel my tot hulp wees!*
*Laat my lewe om te loof!*

*— Ps. 119:62b.*

2 JANUARIE

*Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word, dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon*

*— Efes. 3:16-17a.*

Gee my, o God, suiwerheid van lippe, 'n rein en onskuldige hart, nederigheid, krag, geduld. Gee my die Gees van wysheid, en verstand, van raad en sterkte, die Gees van kennis waardeur ek deel kry aan U en leer om in u vrees te lewe. Gee my altyd om u aangesig te soek met my hele hart, met my hele siel, met my hele gees; skenk my in u guns 'n hart wat voor u aangesig gebroke en nederig is. Allerhoogste, ewige, onuitspreeklike Wysheid, neem weg van my die duisternis van blindheid en onkunde; hoogste en ewige Sterkte, bevry my; hoogste en ewige Lig, verlig my; hoogste en ewige Barmhartigheid, wees my genadig

AMEN.

GALLIESE GEBEDEBOEK A.D. 800.

*HEER, U is my deel op aarde,*
*en u woord is my die skat*
*wat U aan my toebetrou het*
*op die lange pelgrimspad.*
*'k Het voor U my hart geheellik*
*in my smeking uitgestort.*
*Maak my aan u guns deelagtig,*
*laat u woorde waarheid word*

*— Ps. 119:19.*

# 3 JANUARIE

*Elkeen wat die oorwinning behaal, sal dit alles kry, en Ek sal sy God wees, en hy sal my seun wees— Openb. 21:7.*

God van alle genade, ek bid U nou om neer te daal in my siel, wat U vir die ontmoeting met U toeberei het deur die verlange wat U gegee het. Want voordat ek tot U geroep het, het U wat ryk is in genade, my geroep en gesoek, sodat ek U sou vind, en wanneer ek U gevind het, U sou liefhê. Versterk my verlange en gee my wat ek begeer. Kyk, ek het U lief, maar glad te min; maak my liefde sterk. Wanneer my gees hom verhef tot U en hom in u onuitspreeklike goedheid verdiep, dan is die las van die liggaam minder swaar, die onrus van die gedagtes word stil, en die boeie van die sterflikheid is minder knellend. Dan sal my siel vlerke kry en opstyg na u heerlike troon, waar dit vervul sal word met die vernuwende verkwikking wat die deel is van die burgers van die koninkryk.

AMEN.

AUGUSTINUS.

*Hy het gedink aan sy genade,*
*sy trou aan Isr'el nooit gekrenk;*
*dit slaan die wêreldeindes gade*
*nou onse God sy heil ons skenk.*
*Juig voor die Here met blye galme,*
*o ganse aarde, juig van vreug;*
*meld vrolik in verhewe psalme:*
*dit is Gods heil wat ons verheug.*

*— Ps. 98:2.*

# 4 JANUARIE

*O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik is sy weë! Wie ken die bedoeling van die Here? Wie gee Hom raad? Wie bewys Hom 'n guns sodat Hy verplig is om iets terug te doen? Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid!*

*— Rom. 11:33-36.*

Bo al u donker bome, o Heer,
groei my 'n enk'le reusboom uit:
dit is die wag-'n-bietjiebos
van u besluit.
Van ver so skoon, so groen, so blink . . .
maar hoe verward
wanneer ek dieper kyk en dink
as wat 'n sondaar pas.
En steek ek dan my hande uit
na u besluit,
dan gryp ek in die dorings vas.

AMEN.

TOTIUS.

*Die HEER se raad word nooit gekeer nie;*
*dit sal bestaan in ewigheid.*
*Teen sy besluit is geen verweer nie;*
*bestendig duur dit vir altyd.*
*Salig wie tevore deur Hom is verkore*
*as sy erf en lot;*
*wie so hoog geëer is*
*dat die HEER, húl HEER is*
*en die God húl God.*

*— Ps. 33:6.*

# 5 JANUARIE

*"In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as Ek gegaan en vir julle plek gereed gemaak het, hom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is"*

*— Joh. 14:2-3.*

O Here Jesus, as ek straks moet sterf,
mag ek dan sterwe in u deurboorde hande;
mag my oog dan breek siende op u kruis;
mag my oor dan beluister die liefdesklanke uit
die hemelse tempelsale.
Laat my siel dan hyg om deur u engele gedra te
word na die hemelse Jerusalem.
En lê dan die heimwee van die liefde van die
bruid as 'n sterwensbede op die lippe:
Ja, kom Here Jesus, ja, kom gou, Here!

AMEN.

N.N.

*En is ek soos 'n skaap in doodsgevare,*
*wat in die velde as 'n prooi van wolwe gaan,*
*en moet ek in die doodsdal, diep en donker,*
*van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan*
*— dan nog ken ek geen doodsvrees of verskrikking,*
*omdat u staf my troos is en verkwikking.*

*— Ps. 23:2.*

# 6 JANUARIE

*En buiten My is daar geen ander God nie: 'n regverdige en reddende God is daar buiten My nie*

*— Jes. 45:21b.*

Here God, hemelse Vader, ons dank U soos dit ons betaam; ons loof en prys U tot in ewigheid dat U aan ons arme sondaars wat deur ons sondes onder die tirannie van dood en duiwel was, u Seun tot 'n Koning gegee het wat 'n regverdige Koning is, en wat ons deur sy dood van die sonde verlos en vir ons 'n Heiland wil wees, wat ons teen die dood red en help. Ons bid U dat U ons deur u Heilige Gees wil verlig, regeer en lei, sodat ons ons aan hierdie regverdige Koning en Heiland hou en ons nie soos die wêreld aan sy nederige verskyning en veragtelike Woord aanstoot neem nie, maar deur 'n vaste vertroue op Hom ewig salig word.

AMEN.

GEBED UIT DIE 16DE EEU.

*Ons wil, o HEER, wat redding skenk,*
*aan al u goedheid bly gedenk*
*as ons tesaam is in u woning.*
*Net soos* u *Naam is, grote Koning,*
*so is u glansverskyning:*
*die vyand se verdwyning*
*word aan die volkere bekend*
*tot by die aard se verste end.*
*U hand wat nooit die kwaad gedoog,*
*rys vol geregtigheid omhoog.*

*— Ps. 48*

# 7 JANUARIE

*Op 'n ander keer het Jesus vir die mense gesê: "Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee"*

*—Joh. 8:12.*

Almagtige God, neem ons in u heilige hoede en bewaar ons al die dae van ons lewe; vermeerder en voltooi u genade in ons, totdat U ons gevoer het tot die volkome vereniging met u Seun Jesus Christus, ons Heiland, wat die ware son van ons siele is, wat ons dag en nag tot in ewigheid verlig. En dat ons hierdie genade van U mag ontvang, bid ons U dat U ons vroeëre sondes nie meer wil gedenk nie en ons dit wil vergewe deur u oneindige barmhartigheid, soos U dit toegesê het aan hulle wat U van ganser harte soek. Verhoor ons, o God, ons Vader en Heiland, deur Jesus Christus, ons Here.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*God is my lig, my heil: ek sal nie vrees nie;*
*Hy is die HEER wat hulp verskaf in nood;*
*my lewenskrag, 'k hoef nie vervaard te wees nie,*
*want by die HEER is uitkoms teen die dood.*
*As bendes my omring, 'n wilde hoop*
*in woeste vaart op my kom aangeloop,*
*dan struikel hulle wat my vlees wou eet,*
*en stort terneer omdat hul God vergeet.*

*— Ps. 27*

# 8 JANUARIE

*Die geknakte riet sal Hy nie verbreek nie en die dowwe lamppit nie uitblus nie*

*— Jes. 42:3.*

Laat u Heilige Gees, almagtige God, aan ons getuienis gee dat ons tot u kinders behoort. Maak ons standvastig in die hoop op die ewige lewe. Laat ons soos 'n skipper in die donker nag die oog gevestig hou op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof. Laat ons alleen op U, ons God, vertrou, wat u raadsplan met elkeen van ons uitvoer. Maak ons dan sterk in die geloof in alle versoekings, sodat ons U, in lief en leed, altyd aanhang en ons ewige heil en welvaart by U alleen soek, omdat ons weet dat U die geknakte riet nie sal verbreek nie en die dowwe lamppit nie uitblus nie en dat U ons aansien in Jesus Christus, ons Here.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*Maar ék sal van u sterkte sing,*
*U goedheid vroeg my jubel bring:*
*U was my toevlug in die nag,*
*in angs het ek op U gewag.*
*God van genade-en sterk daarby,*
*aan U sal ek my loflied wy!*

*— Ps. 59:10.*

# 9 JANUARIE

*Julle, geliefdes, moet egter voortgaan om julle lewe te bou op julle allerheiligste geloof. Bid altyd deur die krag van die Heilige Gees. Bly in die liefde van God. Vestig steeds julle verwagting op die barmhartigheid van ons Here Jesus Christus wat die ewige lewe aan julle sal gee*

*— Judas 20-21.*

O barmhartige God en Vader, ons dank U van ganser harte dat U uit grondelose barmhartigheid u eniggebore Seun aan ons as 'n Middelaar en offer vir ons sondes en as 'n spys en drank van die ewige lewe geskenk het; en dat U ons gee 'n waaragtige geloof waardeur ons hierdie weldade deelagtig word. Verleen ons u genade, dat ons getroos ons kruis opneem, onsself verloën, ons Heiland bely en in alle droefheid met 'n opgehewe hoof ons Here Jesus Christus uit die hemel verwag, waar Hy ons sterflike liggame aan sy verheerlikte liggaam gelyk sal maak en ons tot in ewigheid by Hom sal neem.

AMEN.

GEBEDE: GEREFORMEERDE KERKE.

*Laat al die strome nou die hande*
*in jubel saamklap van omlaag;*
*laat die gebergtes langs hul wande*
*die juigtoon altyd verder draag.*
*Hy kom, die Regter van die volke,*
*omstraal deur reg en majesteit;*
*Hy span sy vierskaar in die wolke*
*en oordeel in regmatigheid.*

*— Ps. 98:4.*

# 10 JANUARIE

*Jesus het op die bank in die agterstewe gelê en slaap. Hulle maak Hom toe wakker en sê vir Hom: "Meester, gee U nie om dat ons vergaan nie?" Toe staan Hy op, bestraf die wind en sê vir die see: "Hou op! Bedaar!" Die wind het gaan lê en daar het groot stilte gekom. Toe sê Hy vir hulle: " Waarom is julle bang? Het julle dan nie geloof nie?"*

*— Mark. 4:38-40.*

O almagtige Here God, laat ons altyd in die geloof U soek, U vind en ervaar dat U ons baie naby is. Gee ons krag om altyd op U te vertrou. Help ons in die uur van gevaar; seën ons in ons daaglikse werk; lei ons voortdurend, sodat ons nie in sonde val nie. Versterk ons, sodat ons mag doen wat U welbehaaglik is. O Here Jesus Christus, U wat die storm stilgemaak het met u woord, laat ons u nabyheid bespeur, anders sal ons geloof beswyk in die uur van gevaar. Vermeerder ons geloof in U as ons Verlosser en hemelse Vriend en gee ons u seën. O Heilige Gees, U wat diegene lei en versterk wat op U vertrou, laat u hemelse lig op ons weg straal en lei ons oor die see van hierdie lewe tot binne die ewige hawe.

AMEN. GEBEDE: KERK VAN SKOTLAND.

*Salig hy wat in die lewe,*
*sonder hulp en sonder raad,*
*as hom alles wil begewe*
*vlug tot God, sy Toeverlaat;*
*en ook in die swartste nag*
*op die HERE alleen bly wag.*

*— Ps. 146:3.*

# 11 JANUARIE

*Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde. Werklike liefde is dit: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes*

*— 1 Joh. 4:8, 10.*

O Here, heilige God wat my siel bemin, as U in my siel kom, sal alles wat in my is, hom verheug. U is die glorie en die blydskap van my hart; U is my hoop en toevlug in die dag van beproewing. Maak my vry van alle slegte begeertes en genees my hart van alle onsuiwere aandoeninge, sodat ek, wanneer ek van binne genees en gesuiwer is, in staat sal wees om U lief te hê, moedig te ly, standvastig te volhard. Niks is soeter as die liefde nie, niks is moediger nie, niks voller of beter in die hemel of op die aarde nie, want die liefde is uit U, o God, en dit kan nie rus as alleen in U nie — bo alle geskape dinge. Laat my U liefhê meer as myself, en myself liefhê enkel in U.

AMEN.

THOMAS À KEMPIS.

*Nogtans sal 'k altyd by u bly:*
*niks sal my van u liefde skei —*
*U wat my regterhand gevat het,*
*vir wie 'k van harte lief gehad het.*
*U sal my voortlei deur u raad,*
*o God, my hulp, my toeverlaat;*
*en ná die dag van aardse stryd,*
*my opneem in u heerlikheid.*

*— Ps. 73:10.*

# 12 JANUARIE

*Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; en voordat jy uit die liggaam voortgekom het, het Ek jou geheilig; Ek het jou tot 'n profeet vir die nasies gemaak*

*- Jer. 1:5.*

U het u kneg Jeremia uitverkies in u groot sorg vir u ou kerk. Maar dit was u bedoeling dat die bediening van u kneg ook in ons teenwoordige tyd vrug sou dra. Gee dan, o almagtige God, dat ons ons daarvoor nie ondankbaar betoon nie, maar laat ons u gawe so ontvang dat daar werklik by ons vrug gevind word tot eer van u Naam. Laat dit die vrug wees: dat elkeen van ons leer om U gehoorsaam te wees en sy volle krag, in sy amp en beroep, in u diens bestee. Laat ons so almal saamstaan om u heerlike Naam en die koninkryk van u eniggebore Seun uit te brei, totdat ons eenmaal ons stryd gestry het en eindelik die rus verkry wat vir ons verwerf is deur die bloed van u Seun.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*U't my geheel-en-al deurgrond*
*selfs voor my eerste lewensstond.*
*Gans wonderbaarlik voortgebring,*
*sal ek verbaas u grootheid sing*
*as ek aanskou u grootheidsmerke,*
*Hoe wonderlik is al u werke!*

*— Ps. 139:6.*

# 13 JANUARIE

*Terwyl ons dan nou 'n groot Hoëpriester het wat reeds deur die hemele gegaan het, Jesus, die Seun van God, laat ons vashou aan die geloof wat ons bely. Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word*

*— Heb. 4:14, 16.*

O Here, Koning van die heerlikheid, wat deur die ewige poorte opgevaar het tot die troon van u Vader en die hemelse koninkryk ontsluit het vir almal wat in u Naam glo, verleen ons u genade dat, waar U in die hemel heers, ons nie aan die aardse dinge gebind is nie, maar dat ons harte hulle daarheen mag verhef waarheen U, ons Verlosser, ons voorgegaan het: U wat met die Vader en die Heilige Gees leef en regeer, self God van ewigheid tot ewigheid.

AMEN.

GEBEDE UIT DIE TWEEDE EEU.

*Psalmsing tot Gods eer!*
*Weet dat Hy regeer:*
*Hy het opgevaar,*
*Koning is Hy daar*
*van die heidendom.*
*Vorste en volke kom*
*om sy volk te wees,*
*Abrams God te vrees.*

*— Ps. 47:4a.*

# 14 JANUARIE

*Maar as ons ons sondes bely — Hy is getrou en regverdig. Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid*

*— 1 Joh. 1:9.*

Hemelse Vader, ewige en barmhartige God, ons erken en bely voor u Goddelike majesteit dat ons arme, ellendige sondaars is, ontvang en gebore in boosheid en verdorwenheid, geneig tot alle kwaad en onnuttig tot enige goed, en dat ons met ons sondige lewe sonder ophou u heilige gebooie oortree, waardeur ons u toorn teen ons verwek en volgens u regverdige oordeel die ewige verdoemenis op ons laai. Maar, o Here, ons voel berou en smart dat ons U vertoorn het; ons beskuldig en kla onsself aan vanweë ons misdade en begeer dat U ons ellendigheid met genade wil aansien. Ontferm U oor ons, o allergoedertierenste God en Vader, en vergeef ons al ons sondes ter wille van die heilige lyde van u liewe Seun, Jesus Christus.

AMEN. GEBEDE: GEREFORMEERDE KERKE.

*Deurgrond, o HEER en ken die swart,*
*verborge dieptes van my hart;*
*of diep in my, waar U kan lees,*
*'n skadelike weg mog wees.*
*En lei voortaan my wank'le skrede*
*tog op die weg van eewge vrede.*

*— Ps. 139:12.*

# 15 JANUARIE

*Maar wat my betref, mag God behoed dat ek ooit oor iets anders roem as oor die kruis van ons Here Jesus Christus, want deur die kruis is die wêreld vir my dood en ek vir die wêreld*

*— Gal. 6:14.*

Ewige God, U laat my sien wat ek is, waar ek vandaan kom, waar hemel en aarde vandaan kom, dat ek u maaksel en u werk is; want van myself en in myself is ek niks nie, want wat was ek voor duisend jaar? Wat ek egter is en kan en vermag — dit is u skeppingswerk. Ek het voor U niks om oor te roem nie behalwe dat U my Skepper is, en my elke oomblik tot niks kan laat word. Ek dank U van ganser harte dat ons deur u goedheid daagliks bewaar word as edele skepsels, wat liggaam, siel en verstand en vyf sintuie het, en dat U ons tot heersers oor die aarde, visse en voëls gestel het; ja, dat U in u liewe Seun vir ons alles onder die voete gelê het.

AMEN.

MAARTEN LUTHER.

*In weelde-en ongeluk,*
*altyd sal ek die HERE prys;*
*altyd vir Hom my lof laat rys.*
*In voorspoed en in druk,*
*Hom sal'k die ere skenk,*
*tot roemtaal kragtig aangespoor.*
*Sagmoediges, hul sal dit hoor*
*en aantree op my wenk.*

*— Ps. 34:1.*

# 16 JANUARIE

*Laat u werk vir u knegte sigbaar word en u heerlikheid oor hulle kinders*

*— Ps. 90:16.*

Almagtige God, U wat die Lig is en in ontoeganklike lig woon, wat niemand ooit gesien het nie, maar U nogtans in Jesus Christus, u Seun, aan ons arme sondaars geopenbaar het; ons dank U dat ons nog in die lewe is, dat ons nog in u lig die lig sien en u lof kan verkondig, ook in ons arbeid. U goedheid is hemelhoog, u waarheid tot die wolkeboog! Leer ons om ons dae só te tel dat ons 'n wyse hart mag bekom! Versadig ons in die môre met u goedertierenheid, sodat ons kan jubel en bly wees in al ons dae. En laat die lieflikheid van die HERE ons God oor ons wees, en bevestig die werk van ons hande oor ons, ja, die werk van ons hande, bevestig dit!

AMEN.

COENRAAD MEL.

*En as die leed van jare uitgely is,*
*verkwik ons vroeg, wanneer die nag verby is.*
*Ag, skenk ons, HEER, die blyk van welbehae,*
*verbly ons na die smart van al ons dae*
*en na die swaarte van die sware proef*
*waarmee U ons wou tugtig en bedroef.*

*— Ps. 90*

# 17 JANUARIE

*Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak, en Ek sal dit verder bekend maak, sodat die liefde wat U aan My bewys het, in hulle kan wees en Ek ook in hulle*

*— Joh. 17:26.*

O God, ons sou U nooit geken het nie en nooit kan aanbid nie, wanneer U U nie aan ons wil openbaar in die lig van die evangelie nie. Voltooi nou die groot werk wat U begin het. Gee ons 'n hart wat die waarheid kan verstaan wat U aan ons geopenbaar wil hê. U Gees is liefde soos Uself liefde is. Giet die Gees uit oor die hele wêreld; laat u heilige vlam brand op alle plekke; trek alle harte tot U; maak alle siele tot een siel in gemeenskaplike liefde en aanbidding en oorgawe. Ons sal alles verstaan, o Here, wanneer ons U volkome kan liefhê; dan sal ons ons verheug in 'n klaarheid wat nie die vrug is van 'n moeisame gedagte nie. Dan sal ons volkome insien dat U vir ons 'n boodskap van liefde en vrede gestuur het en ons koue sal verander word in 'n lewewekkende geloof. Gee ons dit.

AMEN.

A. VINET.

"*Water sal Ek op hul sprinkel,*
*water uit 'n springfontein".*
*En van alle-onreinighede*
*was die HEER sy volk dan rein.*
*"Nuwe harte gee 'k aan julle,*
*en Ek gee 'n nuwe gees;*
*'k sal die hart van klip verwyder,*
*aan jul gee 'n hart van vlees."*

*— Skrifberyming 14:1.*

# 18 JANUARIE

*Antwoord my, Here, in u wonderlike liefde, verhoor my in u groot barmhartigheid!*

*— Ps. 69:17.*

Ek het die Here aangeroep en hy het my geantwoord, Hy het my gered uit alle doodsgevare. Die wat swaar kry, sien op na Hom en straal van blydskap, hulle word nie teleurgestel in hulle verwagting nie. Ek is een van die ellendiges wat geroep het. Die Here het gehoor, uit al my benoudhede het Hy my gered. Die Engel van die Here slaan sy laer op rondom die wat die Here dien, en red hulle. Kom ondervind en sien self dat die Here goed is! Dit gaan goed met die mens wat by Hom skuil. Julle wat aan die Here behoort, dien Hom! Wie Hom dien, het geen gebrek nie. Selfs leeus ly gebrek en kry honger, maar wie die Here se hulp vra, kom niks kort van al die goeie dinge nie. Die Here is naby die gebrokenes, Hy help die moedeloses. Al word die regverdige ook deur hoeveel rampe getref, die Here red hom uit almal. Die Here maak sy dienaars vry. Wie by hom skuil, sal nie as skuldige behandel word nie.

AMEN.

VAN DAWID.

Ps. 34:5-11, 19-23.

*Beswyk dan ooit in bitter smart*
*of bange nood my vlees en hart*
*dan sal U wees. vir my gemoed*
*my rots, my deel, my eewge goed.*

*— Ps. 73:11b.*

# 19 JANUARIE

*Jy dan, omgord jou heupe en maak jou klaar en sê aan hulle alles wat Ek jou sal beveel: wees nie vir hulle verskrik nie, dat Ek jou nie vir hulle laat skrik nie . . . En hulle sal teen jou veg, maar jou nie oorwin nie; want Ek is met jou, spreek die HERE, om jou uit te red*

*—Jeremia 1:17, 19.*

O almagtige God, U wat u kneg Jeremia toegerus het met die onoorwinlike krag van u Gees, gee aan ons dat sy voorbeeld ons vandag verootmoedig en dat ons leer om ons met vreugde aan U te onderwerp. Laat ons werklik aanneem wat U deur u kneg tot ons spreek. Hef ons op bokant onsself deur u hand. Verleen ons u genade dat ons in volle vertroue op u mag en bystand die stryd aanbind teen die wêreld en Satan. Laat elkeen van ons in ons roeping vasstaan, ja, so vas in die vertroue op u krag dat ons sonder om te aarsel ons lewe ter beskikking stel so dikwels as dit nodig is. Laat ons onverskrokke stry en tot die einde toe volhard in hierdie diens, totdat ons loopbaan volbring is en ons ten slotte die rus verkry wat vir ons weggelê is in die hemel, deur Jesus Christus, ons Here.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Op 'n rots waar't hoog en yl is,*
*my te steil is,*
*laat u hand my daar gelei.*
*God is my 'n sterke toring;*
*daar's verhoring,*
*skuiling teen die storm vir my.*

*— Ps. 61:2.*

# 20 JANUARIE

*God is magtig om julle te laat vasstaan ooreenkomstig die evangelie van Jesus Christus wat ek verkondig. Aan Hom, die enigste en alwyse God, behoort die heerlikheid deur Jesus Christus tot in ewigheid! Amen*

*— Rom. 16:25a, 27.*

O Vader wat ons, u kinders, lei en dra, wees ons genadig en gee ons om in gehoorsaamheid aan u wil, aan u heilige beeld gelykvormig te word. O God, U wat goed is en selfs in u oordele mild, gee ons almal dat ons, in u vrede opgeneem, deel mag hê aan u koninkryk. Laat ons skip oor die see van sonde gestuur word deur u Heilige Gees, sodat ons aan die einde van die tyd gelukkig tuis kom. Laat ons dan in die groot dag van die ewigheid dankbaar U, ons Vader, mag loof met u Seun, ons Here en Meester, en die Heilige Gees. U is die Enige in wie alles sy bestaan het en in wie se goddelike lewe ons opgeneem is. U heerlikheid is groot en U heers oor die loop van die tye. U wat in der waarheid die goeie, wyse, skone en regverdige is: aan U die lof, nou en in ewigheid.

AMEN.

CLEMENS VAN ALEXANDRIË.

*Ver trek die stormgeruisel,*
*die wind se krag's gespil;*
*daar kom 'n sag gesuisel,*
*die golfslag word weer stil.*
*Dan is hul harte bly*
*deur God se goeie gawe;*
*die skip, van onweer vry,*
*bring Hy in veil'ge hawe.*

*— Ps. 107:14.*

# 21 JANUARIE

*"Vir die een wat glo, kan alles." "Ek glo," roep die seun se pa dadelik uit. "Help my waar ek nog ongelowig is"*

*— Mark. 9:23-24.*

Niks is so gering, niks is so arm op aarde, as wat ek my voel sonder U, o God. Hoe hoog gaan my strewe en hoe swak is die krag wat om ontferming moet smeek. Gee my die ketting waaraan al die gawes van die hemel hang: die geloof! ek verlang na die lewe van die geloof, ek soek die geloof, terwyl my eie skuld my juis van die genot daarvan beroof. Hierdie gawe van alle gawes is net so groot as wat dit seldsaam is en daarom is dit so groot, omdat daar sonder hierdie gawe geen vrede en vreugde in die wêreld is nie. O Heiland wat u bloed vir ons gegee het, wat baat dit ons om U te probeer huldig deur wat ons U sou kan bied, as ons nie die sleutel het wat aan ons toegang tot die hemel verleen nie, naamlik die geloof. Skenk ons dit.

AMEN.

MICHELANGELO.

*Ek geloof in God die Vader,*
*wat almagtig, wys en trou*
*Skepper is van alle dinge*
*en dit nog in wese hou.*
*Ek geloof in Jesus Christus,*
*wat ons in aanbidding eer:*
*Eengeboorne van die Vader,*
*in sy hoogheid onse HEER.*

*— Skrifberyming 27:1*

# 22 JANUARIE

*Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing*

*— 2 Tim. 1:7.*

O God Heilige Gees, wat U altyd aan die goddelose onttrek, maar u aan die gelowige siele gee waardeur hulle tot profete en vriende van God gemaak word; gee dat my hart 'n lewende offer mag wees wat brand en geoffer word in die vuur van u liefde, sodat al die slegte begeertes verteer word in die heilige vuur. Kom in my hart, o Goddelike lig, Goddelike vuur, Goddelike skoonheid en krag. Verdryf die sondige en stort in my Goddelike kragte. Maak my tot die woning en heiligdom van God. U laat die donker van die hart opklaar. U genees die lydendes; U ondersteun hulle wat struikel; U onderwys die ootmoediges; U verkwik die vermoeides; U gee krag aan die sterwendes; U bly ewig die gelowige siele naby.

AMEN.

JOHANN ARNDT.

*Onthou my nie u wonderlig nie:*
*blik in u goedheid neer,*
*en red my tog, o HEER!*
*Laat my nie voor my haters swig nie.*
*Laat nooit verleë sug nie*
*wie biddend tot U vlug nie.*

*— Ps. 31:13*

# 23 JANUARIE

*Want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins*

*— Fil. 1:21.*

Grote God, hemelse Vader, vergeef my dat ek op my reeds gevorderde pelgrimstog so baie versuim het teenoor myself en ander. Wil dit in u genade herstel. Herinner my altyd daaraan dat die einddoel van my reis nie meer ver weg is nie, en hou my waaksaam, sodat wanneer U kom, U my nie slapende sal vind nie. Handel met my na u vaderlike raad, na u trou en met die krag wat in staat is om my tot die saligheid te voer, want anders is ek verlore. Heilig my, reinig my, versterk my, regeer my deur u barmhartigheid. Maak my hart standvastig in alles en laat u waarheid op die regte tyd my ontmoet.

AMEN.

J. A. BENGEL.

*Ek soek, o God, aan U verbonde,*
*u hulp, nou ouderdom*
*en grysheid oor my kom.*
*Verlaat my nie; gun tyd en stonde;*
*dan stel'k u magsvermoë*
*aan kind en kroos voor oë.*

*— Ps. 71:11.*

# 24 JANUARIE

*Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie*

*— 1 Joh. 5:12.*

Barmhartige God en Vader, ons bid U dat U deur u Heilige Gees 'n opregte vertroue in ons harte sal bewerk om ons al meer aan u Seun oor te gee, sodat ons belaste en verslae harte deur die krag van u Heilige Gees gevoed en verkwik word en ons nie meer in ons sondes lewe nie, maar Hy in ons en ons in Hom. Laat ons só waarlik deel hê aan die nuwe en ewige testament en verbond van genade, sonder om te twyfel dat U ewig ons genadige Vader is wat ons ons sondes nooit toereken nie en ons as u kinders en erfgename na liggaam en siel met alle dinge versorg.

AMEN.

GEBEDE: GEREFORMEERDE KERKE.

*Dis Christus wat ons skuld wou dra,*
*die dood vir ons gesterf het, ja,*
*wat, opgewek, in glorie sit,*
*en altyd vir ons wil bid. —*

*Skrifberyming 10:2.*

# 25 JANUARIE

*Jerusalem het swaar gesondig; daarom het sy 'n voorwerp van afsku geword*

*— Klaagliedere van Jeremia 1:8a.*

Aangesien ons moet toekyk hoedat u kerk tans so fel bestry word, bid ons U, o almagtige God, dat ons ons tog wil laat beweeg om aan ons sondes te dink en ons voor u troon te verootmoedig. Laat ons die vaste hoop nie verloor om midde in die dood van U die lewe te verwag nie. Open dus in hierdie vertroue die lippe, sodat ons nie ophou om onverskrokke u Naam te bely nie, deur Christus, u eniggebore Seun.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Die misstap wat ons voet begaan,*
*die misdaad deur ons hand gedaan,*
*die straf uit swaarste regsgeding,*
*wat ons die volle vrede bring,*
*die wonde wat ons wonde heel —*
*dit alles was sy lydensdeel.*
*Ja, al die kwaad deur ons gedaan,*
*het God die HEER oor Hom laat gaan.*

*— Skrifberyming 7:4.*

# 26 JANUARIE

*Hy wat by die Allerhoogste skuiling vind en die beskerming van die Almagtige geniet* ...

*— Ps. 91:1.*

Here, ons God, ons glo, daarom bid ons U: Brei die vleuels van u genade oor ons uit en wees U ons lig, ons heil en ons skild en ons loon baie groot. Laat die vurige pyle van die versoekers, die boosheid van die ontroue wêreld en alle gevaar van liggaam en siel ver van ons af wees, maar laat u waaksame oog, u liefderyke hart, u beskuttende hand dig by ons wees. Bewaar ons vir die skrik van die nag, vir onrustige slaaploosheid, vir swaarmoedige en kommervolle gedagtes, vir sondige sorge, vir verskrikkende drome, vir siekte en gevaarlike toevalle en vir 'n skielike dood. Hou U die wag oor ons, ook wanneer ons slaap. Wees by ons wanneer ons alleen is. En wanneer ons uur dan eindelik aanbreek, neem ons dan deur 'n sagte en salige dood uit hierdie tranedal tot U in die hemel, o Here Jesus.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*Die HEER het nooit in die bekommernis*
*verag, verfoei hom wat ellendig is:*
*toe hy geroep het, was sy antwoord wis.*
*HEER, alle dinge —*
*my liefde, lof en soetste mymeringe,*
*uit U is 't ál. Al my geloftes bring ek,*
*en waar u volk vergader is,daar sing ek*
*met lofgeskal.*

*— Ps. 22:10.*

# 27 JANUARIE

*"Moenie bang wees nie, dit is Ek, die Eerste en die Laaste, die Lewende. Ek was dood en, kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid; en Ek het die sleutels van die dood en die doderyk*

*— Openb. 1:17-18.*

O Here Jesus Christus, Lam van God en Verlosser van die wêreld, ek dank U vir u onpeilbare liefde wat U aan ons bewys het toe U U ter wille van ons so diep in die nood van die dood oorgegee het dat dit geskyn het asof U van God verlate was. U het met luider stem geroep: My God, my God, waarom het U My verlaat! Só het U diep ervaar wat die nood is van die verskriklike dood waaraan die hele wêreld onderworpe is. Ek bid U, o genadige Here Jesus Christus, kom my te hulp, wanneer die bitterheid van die dood oor my kom. Verlaat my nie. Deur wat U gely het, weet U dat die nood te groot is dat enige mens in eie krag dit kan ondergaan. Laat u goddelike krag hom in my swakheid bewys, sodat ek in die krag deur die tydelike dood mag kom tot die ewige lewe.

AMEN.

SWEEDSE GEBEDEBOEK.

*U sal my siel nie oorgee in die dood,*
*my pad buig op langs skone heuwelrye.*
*U sal nie toelaat dat u gunsgenoot*
*verderwing sien in donker doodsvalleie.*
*By U is ewig vreug en volle vrede,*
*en in u hand 'n snoer van lieflikhede.*

*— Ps. 16:5.*

# 28 JANUARIE

*Israel was vir die HERE 'n heiligheid, die eersteling van sy opbrings; almal wat hom opeet, sal skuld op hulle laai, onheil sat oor hulle kom, spreek die HERE*

*— Jeremia 2:3.*

Almagtige God, u hou nie op om ons ook nog teenswoordig sowel vroeg as laat tot U te roep nie. U wek ons voortdurend op tot berou en skenk ons u belofte om ons te wil verhoor wanneer ons die toevlug neem tot u barmhartigheid. Gee aan ons dat ons hierdie grote goedheid nie verag nie en ons ore nie toesluit vir u roepstem nie. Laat u genadige verkiesing vir ons altyd voor oë staan as die eerste van alle gawes van u genade wat U aan ons wil skenk en laat ons daarna strewe om ons só heeltemal in u diens te stel, sodat u Naam deur ons hele lewe verheerlik word. En wanneer ons dan nog van U afwyk, laat ons spoedig weer op die regte pad terugkeer en u heilige roepstem gehoorsaam. Laat dit aan ons gesien word dat ons deur U uitverkies en geroep is. Verwek die heimwee in ons om tot die einde toe vas te hou aan u heil waartoe U ons roep en wat vir ons berei is in die hemel, deur ons Here Jesus Christus.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Hul groei in balsemlugte;*
*selfs in hul ouderdom*
*sal daar geen mind'ring kom*
*van bloei en eedle vrugte.*
*Hul lof sal nie verstom nie:*
*Die HEER is reg! En Hy,*
*Hy is 'n rots vir my!*
*Geen onreg is in Hom nie.*

*— Ps. 92:7.*

# 29 JANUARIE

*En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus wat deur U gestuur is*

*—Joh. 17:3.*

Here Jesus Christus, ek bid U: stuur 'n straal van u heerlikheid in my donker hart, sodat ek U in ware geloof mag ken. Dan is geen onheil vir my te groot nie, geen kruis te swaar nie, want U is alles in my, en in U behoort alles aan my, of dit lewe of dood is, of dit wat nou is of dit wat sal kom, alles behoort aan my, maar ek behoort aan U en U behoort aan God. Laat my die groot saligheid reg ervaar. Heilig myself tot 'n offer aan U. Laat my steeds rus in u liefde; laat my deur blydskap in U my ellende vergeet, die sonde haat, die wêreld en sy luste versmaad, U steeds gehoorsaam wees in die geloof en in my laaste ure in U gevind word. Ek smeek dit ter wille van u Naam, o Saligmaker van verlore sondaars.

AMEN.

GOTTFRIED ARNOLD.

*Geloof sy God, Hy het sy oor*
*geneig en weer my stem gehoor;*
*my sterkte en my hulp is Hy,*
*'n skild my altoos dig naby.*

*— Ps. 28:6.*

# 30 JANUARIE

*Vroeër was julle die ene duisternis, maar nou in die Here is julle lig*

*— Efes. 5:8.*

O ewige Lig in die donker van die wêreld! O Lig wat lewe, die vreugde en krag is vir die mens, gaan oor ons op, skyn op ons weë, omstraal ons van alle kante! Een enkele straal bring heerlikheid in 'n sugtende siel: wat moet dan die volle glans wees; wat 'n dag sonder einde! U, Gees van die lig, weier aan ons u skynsel nie. En wanneer U ons uit die diepe en ongelukkige slaap wat op ons hele mensdom druk, opgewek het, laat dit dan nie tevergeefs geskied het vir ons of vir ander nie, maar gee ons om die lig te ontvang en uit te straal, sodat hulle met ons en ons met hulle deur ons werke in die lig ons Vader in die hemel prys.

AMEN.

A. VINET.

*U het my siel weer van die dood bevry;*
*in droefenis droog U, o HEER, my trane;*
*U lei my voet langs nuwe lewensbane,*
*om in u lig te wandel, lewensbly.*

*— Ps. 116:5.*

31 JANUARIE

*As iemand My dien, moet Hy My volg; en waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees. As iemand My dien, sal die Vader hom eer.*

*— Joh. 12:26.*

O Here Jesus, Leidsman en Voleinder van die geloof, laat ons in u voetstappe tree en U navolg. Laat u leer vir ons die onderrig wees; u lewe en u wandel vir ons 'n model; u nederigheid 'n voorbeeld; u geduld 'n spieël; u volmaakte gehoorsaamheid ons geregtigheid; u smaad ons eer, en u dood ons lewe. Laat ons hierdie dag en al die dae van ons lewe deurbring tot u eer en altyd vlytig ons beroep beoefen, maar nooit vergeet om ook vir ons siel te sorg nie. Laat ons gedagtes nie ydel, ons woorde nie ergerlik en ons doen en late nie sondig wees nie, maar laat ons altyd op u paaie gaan. Laat ons hart hom nie verhef in tye van voorspoed nie; laat niks ons kleinmoedig maak in die dae van teëspoed nie. Gee ons nie armoede of rykdom nie, maar voed ons met die brood van ons beskeie deel. Laat ons alles wat U ons skenk uit genade, gebruik tot u eer.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*My hart is nie hoogmoedig, HEER!*
*My oog nie trots nie; ek verkeer,*
*ek wandel nie in wat te groot*
*te diep is vir u gunsgenoot.*

*— Ps. 131:1.*

# 1 FEBRUARIE

*HERE, maak my u weë bekend, leer my u paaie*
*— Ps. 25:4.*

Here Jesus, leer ons om op u weë te wandel en tevrede te wees of hulle deur vreugde of deur lyde heen gaan. Bewaar ons dat ons nie deur eie skuld, deur onbedagsaamheid, slaperigheid, ongeloof, eiegeregtigheid onsself in die nood bring en ons etlike vreugdes en verkwikkinge laat ontgaan nie. Bewaar ons vir al die selfgemaakte, onnodige lyde wat geen wins afwerp nie en gee dat ons niks verloor wat ons kan versterk en kan laat voortgaan op die weg na die heil nie. Wys ons by u lig wat ons kan verhinder om u troosvolle genade te geniet. Maak ons onder alle lyde stil en oorgegewe en laat vreugde en droefheid en alles wat U stuur sy doel met ons bereik tot ons ewige heil en ons saligheid.

AMEN.

C. H. VON BOGATZKY.

*Dan sal'k wandel in die ruimte,*
*want ek wandel in u spoor.*
*Selfs voor konings spreek ek daarvan*
*en ek skaam my nooit daaroor.*
*Aan u wet, my hoogste vreugde,*
*is my liefde toegewy:*
*daaraan dink ek, daarna soek ek,*
*daarin, HEER, verdiep ek my.*

*— Ps. 119:14.*

# 2 FEBRUARIE

*Want my volk het twee verkeerde dinge gedoen: My, die fontein van die lewende water, het hulle verlaat om vir hulle reënbakke uit te kap, gebarste reënbakke wat geen water hou nie*
*— Jeremia 2:13.*

Almagtige God, U het ons van die begin af aan met baie genade en barmhartigheid omring en aan ons ons hele lewe lank baie goed bewys. Gee dat ons nie u grote goedheid vergeet en ons deur die lokstemme van Satan laat verlei of vir ons afgode maak wat ons slegs in die verderf kan stort nie. Laat ons nie van U afwyk nie, maar U daagliks aanroep en uit die oorvloedige fontein van u goedheid drink. Gee ons die genade dat ons U van harte dien met die inspanning van al ons kragte en u Naam verheerlik. En laat ons só aan ander toon dat ons u eiendom is, want om u eiendom te wees het U ons as kinders aangeneem in u eniggebore Seun.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Ek het bely, o HEER! in sielerou nie*
*my hart gegrendel of my mond weerhou nie.*
*Ek het bely wat my van U vervreem,*
*U het my skuld genadig weggeneem.*
*Dus kom Gods volk, dus kom al sy bemindes*
*om Hom te soek terwyl sy guns te vind is;*
*die lewenssee mag met sy golwe slaan,*
*dit deer hulle nie, dit raak hulle selfs nie aan.*

*— Ps. 32:3.*

# 3 FEBRUARIE

*Toe hulle by die dorpie aankom waarheen hulle op pad was, het Hy gemaak of Hy verder wou gaan. Hulle het egter by Hom aangedring en gesê: "Bly by ons, want dit is amper aand en die dag is al verby". Toe het Hy ingegaan om by hulle oor te bly*
*— Luk. 24:28—29.*

Here, ons God, in die aand van u kerk, in die donker nag van ongeloof en bygeloof, bly met ons, o Here Jesus, en versoet ons kruis en lyde. Sonder U is die minste lyde swaar om te dra, maar met U is die allerswaarste lig om te oorwin. Bly met ons, o Here, soos 'n moeder by haar kind, soos 'n hen by haar kuikens en soos 'n stuurman op sy skip. Verlaat ons nie, en trek u hande nie van ons af nie, o God, U wat ons troos en heil is. Bly met ons, Here Jesus, want dit is amper aand en die dag het gedaal. Wees U ons sterkte, ons beskutting, ons lig in die nag — o Lewensbron in Christus Jesus, ons Here.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*Gee aan gediert' wat om ons roof en skeur,*
*die lewe van u tortelduif nie oor nie;*
*laat dit nie wees asof U ons nie hoor nie,*
*asof U ons vergeet het altyddeur.*
*Ons is omring deur skrik en duisterheid;*
*uit donker plekke loer die onheilsmagte.*
*Maar bo ons skyn die helder sterrewagte*
*van u verbond, waarop ons voor U pleit.*

*— Ps. 74:14, 15.*

# 4 FEBRUARIE

*Keer terug, o afkerige, Israel, spreek die HERE. Ek sal julle nie donker aankyk nie, want Ek is goedertieren, spreek die HERE; Ek sal die toorn nie vir ewig behou nie*
*— Jeremia 3:12.*

Almagtige God, U wil ons vandag u goedheid daarin bewys dat U ons spaar. Maar ons, van ons kant, gee U telkens weer aanleiding tot toorn. Gee aan ons dat ons ons nie verhard onder u tug nie, maar dat u lankmoedigheid ons tot bekering lei. Gee aan ons dat u strawwe vir ons tot heil word en ons daardeur tot bekering kom, sodat ons ganse lewe 'n getuienis van opregte berou mag wees en ons mekaar oor en weer opwek om ons te verenig in gehoorsaamheid aan u Woord. Laat elkeen van ons ons beywer om u Naam te verheerlik deur Jesus Christus, ons Here.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Straf tog nie in ongenade*
*my misdade,*
*Heer, verdra my met geduld.*
*Wil tog nie in toorn ontsteek nie*
*en U wreek nie*
*op my sonde-en sondeskuld.*

*— Ps. 38:1.*

# 5 FEBRUARIE

*En as een van ons sondig — ons het Jesus Christus, die regverdige, as ons voorspraak by die Vader*
*— 1 Joh. 2:1b.*

Hemelse Vader, ons bid U, verleen ons ook die genade van u heilige Gees, wat ons leer om ons ongeregtigheid van ganser harte te erken, en onsself so te mishaag dat die sonde in ons gedood word en ons weer in 'n nuwe lewe opstaan, waar in ons waaragtige vrugte van heiligheid en geregtigheid voortbring wat U deur Jesus Christus welgevallig kan wees. Gee ons ook dat ons u heilige Woord volgens u goddelike wil reg verstaan, sodat ons daaruit leer om al ons vertroue op U alleen te stel en van alle skepsele af te trek. Laat ons ook ons ou mens met al sy begeertes van dag tot dag meer en meer kruisig en laat ons ons aan U wy as 'n lewende dankoffer, tot eer van u heilige naam en tot stigting van ons naaste. Dit begeer ons van U deur ons Here Jesus Christus.

AMEN.

GEBEDE: GEREFORMEERDE KERKE.

*U, o HERE, 't my geskape*
*deur u goddelike hand —*
*ag, herskep my nou inwendig*
*en verlig U my verstand.*
*Al u dienaars sien my lewe*
*en dit is hul siel 'n vreug*
*dat my siel op u beloftes*
*so vrymoedig hom verheug.*

*— Ps. 119:26.*

# 6 FEBRUARIE

*Bekeer ons tot U, HERE, dan sal ons ons bekeer; vernuwe ons dae soos in die voortyd.*
*— Klaagliedere van Jeremia 5:21.*

O Here, sien op u barmhartigheid en u goedheid en bevry ons van die onreine las van ons vreeslike sondes. Laat u liefde seëvier oor die gestrengheid van u oordele soos dit geseëvier het in die oorgawe van u eie Seun Jesus aan die wêreld, toe die hele mensheid verlore was en daar geen gehoorsaamheid in Adam en sy geslag oorgebly het nie. Ver nuwe ons harte, o Here, in die krag van u Heilige Gees. Bekeer U ons, dan sal ons ons bekeer. Werk in ons opregte boetvaardigheid en bestuur ons harte, sodat ons u heilige gebooie gehoorsaam.

AMEN.

JOHN KNOX.

*Die HEER se heil'ge wet*
*is rein en onbesmet,*
*en sal die hart bekeer:*
*sy woorde sal gewis*
*aan wie eenvoudig is,*
*die ware wysheid leer.*

*— Ps. 19:4a.*

# 7 FEBRUARIE

*Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig*
*— Exodus 20:8.*

O almagtige God, ek beken voor U dat ek die rusdag nie geheilig het soos ek dit behoort te doen nie. Dikwels het ek versuim om die prediking van u Woord te hoor, of ek het dit nie gehoor soos ek dit behoort te doen nie. O Here, hemelse Vader, vergeef my hierdie sonde, straf my nie en help my om voortaan die Sabbat te heilig. Here Jesus, gee my u genade en u seën om u Woord te hoor met 'n dankbare hart en laat dit dien tot my verbetering en saligheid. Heilige Gees, U is die Gees van heiliging; heilig my deur die Woord van waarheid, sodat die Sabbat reg geheilig word. Hemelse Leraar, leer my en verplig my, sodat u Woord my in my binneste word tot krag, troos en verkwikking.

AMEN.

JOHANN GERHARD.

*Dit is die dag deur God verkore,*
*die feesdag aan Hom toegewy.*
*Laat ons, met psalms uit vreug gebore,*
*ons in die God van heil verbly.*
*Ag, HEER, gee nou u seëninge;*
*gee voorspoed, HEER, op hierdie dag —*
*dit is die dag van grote dinge,*
*die glorieteken van u mag.*

*— Ps. 118:12.*

# 8 FEBRUARIE

"*Wie my opdragte het en dit uitvoer — dit is hy wat My liefhet. En wie My liefhet, hom sal my Vader liefhê, en Ek. sal hom liefhê en My aan hom openbaar*"
*—Joh. 14:21.*

Help my, liefdevolle Here, om my meer op U te verlaat as op alle skepsele, meer as op gesondheid en skoonheid, meer as op mag en aansien, meer as op kennis en verstand, meer as op rykdom en kuns, meer as op eer en beroemdheid, meer as op gemak en goeie dae, meer as op alle verwagtinge en beloftes, meer as op alle goeie gawes en gunste, meer as op alle vreugde wat die mensehart kan ontvang en ken, meer as op sigbare en onsigbare dinge en alles wat U nie is nie, my God. Dit is alles te klein en onbevredigend wat U my skenk en wat U self nie is nie, en van wat U my ook openbaar, solank as wat U my Uself nie laat sien en besit nie. Want voorwaar my hart vind geen ware rus en geen volkome vrede nie, tensy dit rus in U.

AMEN.

THOMAS À KEMPIS.

*Help my, HEER, dat ek kan lewe;*
*dan wil ek u woord bewaar.*
*Laat my oog aanskou die wonders*
*wat u wet my openbaar.*
*Wat besit ek hier op aarde?*
*Niks is daar wat my behoort.*
*Maar één ding, daarna verlang ek —*
*dis die rykdom van u Woord.*

*— Ps. 119:7.*

# 9 FEBRUARIE

*So sê die HERE van die leërskare, die God van Israel: Maak julle weë en julle handelinge goed, dat Ek julle kan laat woon in hierdie plek.*
*— Jeremia 7:3.*

Almagtige God, dit was u wil om geen tempel van hout of steen tot u eer onder ons op te rig nie. Die volheid van u Godheid het woning gemaak in u eniggebore Seun; Hy vervul met sy mag die hele aarde en het vir Hom 'n woning gekies in ons midde, ja, in ons hart. Laat ons sy heiligheid nie deur ons sondes en ongeregtigheid in die stof neerhaal nie. Gee ons brandende harte om U te gehoorsaam, sodat u Naam, die Naam van u Seun, voortdurend mag verheerlik word — totdat ons eindelik in die ewige lewe aankom, waar ons in heerlikheid van aangesig tot aangesig geopenbaar sal word wat ons reeds nou van ver aanskou in die leer van u heilige Evangelie.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Wie kan ons voor die regter daag?*
*Gods uitverkore kind verklaag?*
*Waar is die mond wat durf verdoem*
*as God sy kind regverdig noem?*
*Dis Christus wat die skuld wou dra,*
*die dood vir ons gesterf het, ja,*
*wat, opgewek, in glorie sit,*
*en altyddeur vir ons wil bid.*

*— Skrifberyming 10:1, 2.*

# 10 FEBRUARIE

*"Skryf op: Geseënd is die wat van nou af in die Here sterwe"*
*— Openb. 14:13b.*

O barmhartige Vader, kyk u kind lê in die uiterste nood. Dis met alle mensehulp gedaan. Ontferm U oor u sterwende kind, o dierbare Verlosser, in u wonde is dit my die beste. Laat u kosbare en onwaardeerbare bloed my siel reinig van al sy sondes. O God Heilige Gees, as die oë breek, as die mond nie meer kan spreek en die ore geen troos meer kan hoor nie, troos dan kragtig die hart wat u tempel is. Help my nou om te stry, help my om te veg, help my om te oorwin in hierdie laaste nood. Die siel maak hom gereed om te vertrek. O Drie-enige en waaragtige God, laat dit U welbehaaglik wees wat vroeër vir U gebid is. Neem my siel in genade aan wat U geskape, geroep, verlos en geheilig het, en laat hom nou ewig die onuitspreeklike vreugde van die hemel geniet.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*Hoop, Isr'el in jou klagte;*
*vertrou, o volk, wat treur;*
*sy guns verduur die nagte,*
*sy heil breek eind'lik deur.*
*Dan skyn 'n soete vrede:*
*gans Israel word vry*
*van ongeregtighede.*
*HEER, doen ook so aan my!*

*— Ps. 130:4.*

# 11 FEBRUARIE

*"As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee — die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir die wat vra"*
*— Luk. 11:13.*

Almagtige, barmhartige God, ons bely dat U ons soveel weldade bewys het dat dit vir ons nie moontlik is om alles ten volle te besef of om dit uit te spreek nie; insonderheid dat U ons gelei het tot die lig van u waarheid en die kennis van u heilige evangelie. Daarenteë het ons deur ons ondankbaarheid u weldade vergeet; ons het van U afgewyk en ons eie begeertes gevolg. Ons het U nie geëer soos ons verskuldig is nie, maar grootliks gesondig, en as U met ons in die gerig sou wil gaan, sou ons niks anders as die ewige dood en die verdoemenis kan verwag nie. Maar o Here, aanskou die aangesig van u Gesalfde, en nie ons sondes nie, sodat u toorn deur sy voorbede stil mag word. Vermeerder in ons die genade van u Gees, dat die daagliks meer en meer ons vlees met al sy bose luste kruisig en ons tot 'n beter lewe vernuwe.

AMEN.

GEBEDE: GEREFORMEERDE KERKE.

*Ek skuil by U, vat U my hand,*
*en laat u Gees in al my dae*
*my voortlei in 'n veil'ge land.*

*— Ps. 143:8b.*

# 12 FEBRUARIE

*En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra*
*— 1 Joh. 5:14.*

Luister tog na my, Here, as ek roep; wees my genadig en verhoor my gebed. Ek onthou wat U gesê het: "Julle moet My kom dien!" Ek is hier om U te dien, Here. Moet U tog nie vir my verberg nie, moet my tog nie wegstuur terwyl U toornig is nie, want U was nog altyd my hulp. Moet my tog nie verstoot en verlaat nie, want U alleen is die God wat my red. Al sou my vader en moeder my verlaat, die Here sal my onder sy sorg neem. Leer my u weg, Here, en lei my op 'n gelyk pad sodat my vyande nie hulle sin kry nie. Moet my tog nie oorgee aan die venyn van my teëstanders nie, want daar staan valse getuies teenoor my en hulle blaas geweld teen my aan. As ek darem nie geglo het dat ek die goedheid van die Here sal sien in die land van die lewendes nie . . .! Vertrou op die Here! Wees sterk en hou goeie moed! Ja, vertrou op die Here!

AMEN.

VAN DAWID.
Ps. 27:7-14.

*Goedertieren Vader,*
*hoor ons as ons nader,*
*met 'n diep ontsag;*
*slaan ons gunstig gade,*
*skenk ons u genade*
*as ons op U wag!*

*— Ps. 33:11b.*

# 13 FEBRUARIE

" *Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie"*
*— Joh. 14:6.*

O God, bewaar U ons en almal wat U op die hart gebind het, sodat hulle hul nie aan die wêreld gelykvormig mag maak nie, maar laat hulle hul haas om hulle siele te behou. Neem U ons by die hand, o Engel van die Verbond, en lei ons op die weg waarop ons moet wandel. U is die weg, die waarheid en die lewe. Laat ons dan U alleen in 'n ware geloof aanhang en in U alleen ons heil en saligheid soek, ons werp ons in die arms van u genade, en ons verberg ons in U wonde en in u guns en liefde tot aan die einde van ons lewe en sterwe. Plant u vrese in ons almal se harte. Laat ons lewe in u soete gemeenskap; laat ons lewe in u voorhowe en sit in die raad van die vromes; laat ons arbei vir die eer van u Naam en vir die welvaart van ons naaste en vir die ewige heil van ons siele. Laat ons U aanhang soos 'n kind sy vader — totdat U eindelik ons uit die lewe, vol moeite en verdriet, sal oorbring in 'n beter lewe daarbo in die hemel.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*'n Man se stap is vas en heg*
*as God behae't in sy weg;*
*en as hy val, dan bied Gods hand*
*hom hulp en wisse onderstand.*

*— Ps. 37:14.*

# 14 FEBRUARIE

*Hoewel ons ongeregtighede teen ons getuig, o HERE, doen dit om u Naam ontwil; want ons afkerighede is baie, ons het teen U gesondig*
*— Jeremia 14:7.*

Almagtige God, U het ons deur ons Here Jesus Christus geleer om U aan te roep om ons daaglikse brood. Maar wanneer U ons besoek met hongersnood, laat ons dan sien dat ons u besoeking verdien het. En wanneer U ons swaarder sou straf, leer ons dan om U desnieteenstaande onophoudelik om barmhartigheid aan te roep. Gee ons die vaste oortuiging dat U ons genadig sal wil verhoor wanneer ons die weg bly bewandel wat U vir ons aangewys het; die weg van versoening deur u Seun en van die genoegdoening deur sy bloed. Laat ons ook dan, wanneer dit om ons waaragtige heil gaan, ons daarvoor beywer dat u Naam steeds meer en meer verheerlik mag word deur Jesus Christus, ons Here.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Dis waar, 'n donker skuldverlede*
*leef in ons heugenis;*
*maar al ons ongeregtighede*
*word deur U uitgewis.*
*Welsalig wie in skuld verlore*
*versoeningswoord hoor ruis;*
*vir wie U uitkies, lank tevore,*
*'n woonplek in u huis.*

*— Ps. 65:2.*

# 15 FEBRUARIE

*Want Ek, die HERE, jou God, gryp jou regterhand aan, Ek wat vir jou sê: Wees nie bevrees nie, Ek help jou*
*— Jes. 41:13.*

Barmhartige en genadige God, ag hou tog nooit op om ons genadig te wees en U oor ons te ontferm nie! Laat die stroom van u liefde altyd op ons nooddruftige siele vloei en bly U ons God, ons sterkte, ons heil, ons deel, ons enigste en hoogste goed, ja, ons alles. O Here Jesus, laat u bittere lyde ons troos wees teen alle beskuldiginge van ons gewete. U arms wat aan die kruishout uitgesprei was, roep al ons boetvaardige sondaars toe: Kom na My toe, al mal wat vermoeid en belas is, en Ek sal vir julle rus gee. Ons kom en werp die las van ons sondes op U, o Lam van God. Verkwik ons afgematte hart en verseker ons inwendig in ons siel deur die troos van u Heilige Gees dat al ons sondes vergewe is. Ons omhels U, ons Saligmaker, met die arms van die geloof en van ons liefde. U dierbare bloed is ons losgeld, u wonde ons genesing en u dood ons lewe.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*'n Yd'le vrees beklem my nou nie meer:*
*ek stel die HEER gedurig my voor oë.*
*My hart is bly, en juigend meld my eer:*
*"Sy regterhand sal nooit my val gedoë. ''*
*Ook sal my vlees, as hier my stryd gestry is,*
*nog veilig woon, omdat die HEER naby is.*

*— Ps. 16:4.*

# 16 FEBRUARIE

*Nou sal ek onbesorg gaan lê en dadelik aan die slaap raak, want, Here, U alleen laat my veilig woon*
*— Ps. 4:9.*

Here, my God, ek dank U dat U ook hierdie dag tot die einde toe by my was; ek dank U dat U liggaam en siel rus wil skenk. U hand was oor my en het my behoed en bewaar. Vergewe alle kleingeloof en al die onreg van hierdie dag en help my dat ek almal vergewe wat my onreg aangedoen het. Laat my in vrede onder u beskerming slaap en bewaar my vir die aanvegtinge van die vors van die duisternis. Ek beveel aan U my geliefdes, ek beveel U hierdie huis, ek beveel U my liggaam en my siel. U Naam sy geloof!

AMEN.

DIETRICH BONHOEFFER.

*Van God se trou bewus*
*was slaap my veil'ge rus*
*tot ek versterk ontwaak het.*
*Ek sal hul nou nie vrees,*
*hoe sterk hul ook mag wees*
*wat my rondom genaak het.*
*Staan op, verlos my, HEER!*
*Verbreek hul tande weer!*
*U tem die oorlogsvolke!*
*Aan U die heil alleen!*
*Stort op u erf 'n seën*
*soos druppels uit die wolke.*

*— Ps. 3:2.*

# 17 FEBRUARIE

*Almal moet trouens teenoor mekaar nederig wees en mekaar help, " want God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade"*
*— 1 Petr. 5:5b.*

Barmhartige God, wil ons opreg ootmoedig maak. Maak ons hart tot 'n dal van ootmoedigheid. Gee ons om u hoogheid en ons eie nederigheid te erken. En gee ons om te sien op Christus, die son van geregtigheid en barmhartigheid wat in die hoogste firmament staan — dit is aan die regterhand van sy Vader, en skyn in die bodem van die ootmoedige harte, want Hy word altyd bewoë deur die nood, wanneer die mens hom waarlik verootmoedig. Laat sy lig skyn ook in my dal, in my ootmoedige hart, sodat dit verlig mag word met die helderheid van sy genade en verwarm deur die liefde en vrugbaar gemaak in goeie werke tot u eer.

AMEN.

JOHANNES VAN RUYSBROECK.

*Wee hom wat met sy Maker twis,*
*wat, waar hy net 'n potskerf is,*
*Gods weg met hom gewraak het!*
*'n Erdewerk, 'n nietigheid,*
*kan dit sy Maker ooit verwyt*
*dat Hy hom so gemaak het?*
*Maar nee, ons huig ootmoedig neer;*
*ons wil die hoë hande eer*
*wat ons só toeberei het,*
*ons in die hande altyd stel,*
*as kinders, HEER, die werk vertel*
*waardeur U ons verbly het.*

*— Skrifberyming 34:3.*

# 18 FEBRUARIE

*Beywer julle vir sy koninkryk, dan sal Hy julle ook hierdie dinge gee*
*— Luk. 12:31.*

O ewige God, onder wie se leiding ons lewe staan, U het ons werk op ons gelê; nou lê ons ons sorge op U. Laat ons besef dat ons nie aan onsself behoort nie en dat U op ons behoeftes let, wanneer ons gerig is op u wil. Laat ons nooit sorgeloos wees of in ons harte sê nie: Ek is baas oor my lewe, daar is niemand bokant my nie. Ook nie angstig nie, asof ons weg vir U verborge was; maar laat ons gees eenvoudig steun vind in ons geloof en laat ons niks kies as wat U in u voorsienigheid beskik nie. Laat ons steeds meer vervul wees met medelyde oor die moeites van ander, deur ons eie moeites te vergeet en skenk ons die blye hoop van ewigheidskinders. Aan U, die begin en die einde, Here van die lewendes, toevlug van die sterwendes, kom toe die dank en lof vir ewig.

AMEN.

J. MARTINEAU.

*Gods sterke Engel wil*
*'n laer van beskutting wees*
*om almal wat die HERE vrees.*
*Hy maak hul onrus stil.*
*Ervaar dan en aanskou*
*hoe waaksaam God is en hoe goed.*
*Hoe salig is 't in my gemoed*
*as ek op Hom vertrou!*

*— Ps. 34:4.*

# 19 FEBRUARIE

*So sê die HERE: Vervloek is die mens wat op die mens vertrou en vlees sy arm maak, terwyl sy hart van die HERE wyk. Geseënd is die man wat op die HERE vertrou, en wie se vertroue die HERE is*
*— Jeremia 17:5, 7.*

Almagtige God, aangesien ons niks is, ja, minder as niks nie, skenk ons daarom u genade dat ons ons nietigheid erken en die vertroue op onsself en op die wêreld laat vaar. Leer ons om in ootmoed ons toevlug by U te soek en ons teenswoordige lewe, asook ons ewige heil, met vertroue in u hande te stel, sodat ons op die hele weg van ons lewe u eiendom is en U die eer gee. Laat ons met ootmoedige gebed U voortdurend aanroep, sodat U ons nie net 'n enkele keer hulp mag verleen nie, maar ons die sekerheid skenk dat U altyd by elkeen is wat *U* ernstig en van harte aan roep, totdat ons eindelik die volle saligheid ontvang wat vir ons in die koninkryk van die hemele berei is deur Jesus Christus, ons Here.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Gods geheim'nis is die lewe*
*vir wie wandel in sy vrees;*
*en Hy 't sy verbond gegewe*
*om vir hul 'n lig te wees.*
*'k Hou my oë op die HEER*
*wat my so getrou gelei het,*
*want hy voer my voete weer*
*uit die net wat hul gesprei het.*

*— Ps. 25:7*.

# 20 FEBRUARIE

*Jesus het vir hulle gesê: "Wat Ek die mense leer, kom nie van Myself af nie maar van Hom wat My gestuur het. As iemand gewillig is om die wil van God te doen, sal hy weet of hierdie leer van God af kom, en of Ek uit my eie praat"*
*— Joh. 7:16-17.*

Here, ek is 'n dwaas en nie in staat om die waarheid van dwaling te onderskei nie. Here, laat my nie aan my blindheid oor nie. As die leer van U kom, laat ek dit dan nie verag nie. Kom dit van die duiwel, laat my dit nie aanneem nie. Here, ek bid U, toon my dat U my werklik liefhet met 'n altyddurende liefde.

AMEN.

JOHN BUNYAN.

*Kom, kinders hoor na my!*
*Die HEER se vrees wil ek jul leer.*
*Wie is 't wat lewensduur begeer*
*en dae-wat hom verbly?*
*Laat tong en lippe vra*
*na waarheid, en ontwyk die kwaad;*
*soek wat God wil: die regte daad,*
*en jaag die vrede na.*

*— Ps. 34:6.*

# 21 FEBRUARIE

*Hy gee die vermoeide krag en vermenigvuldig sterkte vir die wat geen kragte het nie — Jesaja 40:29.*

O Vader, leer my om na u wil te handel en laat my die diepte van u goedheid ken. Laat u krag my versterk, dan kan ek lewe, want sonder U is ek tot niks in staat nie. Wanneer U my genees, dan is ek gesond en wanneer U my u lig stuur, dan sal die duisternis my nie oorwin nie. Here, sien op my neer uit die woning van u heerlikheid en laat al die donkerheid van my siel verdwyn voor die strale van u lig. Vervul my met u heilige liefde, voleindig wat U begin het en wat U deur u Heilige Gees my leer bid. Ek soek u aangesig, wend dit na my toe en ontsluier u heerlikheid vir my, dan word my verlange gestil en is my vreugde volkome.

AMEN.

AUGUSTINUS.

*Ek voel my sterk aan U verbonde;*
*my mond vind tot u lof*
*gedurig ruimer stof.*
*U redding meld ek elke stonde;*
*al kan ek dit nie skat nie;*
*besyfer of bevat nie.*

*— Ps. 71:9.*

# 22 FEBRUARIE

*Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking*
*—Jak. 5:16.*

Here, ons God, U het gesê: Soek my aangesig — kyk, nou soek ons u aangesig. U het gesê: Roep My aan in die dag van benoudheid — ons roep u Naam nou aan, o Hoorder van die gebed. U het gesê: Werp al julle bekommernisse op die Here, want Hy sorg vir julle — ons werp al ons sorge op U. U het gesê: Klop, en vir julle sal oopgemaak word — hoor hoe klop ons. U het gesê: Bid om die Heilige Gees — ons bede is: Gee ons 'n ryke en kragtige inwerking van u Gees. U het gesê: As jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo — ons glo, Here, kom ons ongeloof te hulp. U het gesê: en wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen — en nou vra ons U om dit te doen. U het alles gesê en nou hou ons U aan u Woord: u beloftes is vir ons ja en amen.

AMEN.

N.N.

*"Hy wat sy dank My offer met*
*'n hart gestem tot lof en prys,*
*wat op sy weg en wandel let —*
*hý is dit wat My eer bewys.*
*En, daar hy op my guns vertrou,*
*sal hy met vreug my heil aanskou. "*

*— Ps. 50:11.*

# 23 FEBRUARIE

*Maak my gesond, HERE, dan sal ek gesond word; want U is my lof*
*—Jeremia 17:14.*

Almagtige God! Verleen ons, in goeie en kwade dae, dat ons ons gewillig aan u leiding onderwerp en ons slegs dan volkome gelukkig ag wanneer ons ons van U afhanklik weet, en vrede vind in die heil wat U ons nou reeds laat smaak, totdat ons tot die ewige rus sal kom en in die volle genot van u heil sal gestel word wanneer U ons in u heerlikheid opneem, wat vir ons deur die bloed van u eniggebore Seun verwerf is.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Loof Hom wat jou, van skuldelas onthewe*
*genadiglik die sondes wil vergewe!*
*jou krankheid ken en liefderyk genees;*
*wat van die dood jou lewe weer verskoon het,*
*met goedheid en ontferming jou gekroon het,*
*en in die nood is Hy jou hulp gewees.*

*— Ps. 103:2.*

## 24 FEBRUARIE

*Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom skenk nie?*
*— Rom. 8:32.*

Here, ons weet nie wat ons sal bid nie. As ons aan die verlede dink — hoeveel wense het ons nie aan U voorgelê nie, waarvan ons later gesien het dat hulle nie tot ons nut sou gewees het nie as U hulle verhoor het. Hoe dikwels het ons nie gebewe vir wat ons te wagte was nie en later het ons gesien dat ons dankbaar moes wees dat dit gegaan het volgens u Raad en nie volgens ons onverstandige wens nie. En as ons aan die toekoms dink, dan weet ons nie wat ons moet vra nie. Maar daar is tog een bede wat ons altyd kan opstuur: Leer ons, o God, om in ootmoed en vertroue te gaan op die pad wat U vir ons aanwys; om alles oor te laat aan u troue Vadersorg en voordeel te haal uit al wat U ons stuur, sodat ons ons taak op aarde mag vervul en toeberei mag word vir die hemelse heerlikheid.

AMEN.

J. P. MYNSTER.

*As ek wandel in benoudheid*
*en in diepe angs geraak,*
*is u woord die één en alles*
*waar my hart hom in vermaak.*
*Ewige geregtighede*
*vloei uit u getuienis.*
*Leer my daaruit so te lewe*
*soos die ware lewe is.*

*— Ps. 119:52.*

# 25 FEBRUARIE

*Gelukkig die mens wat in versoeking standvastig bly. As hy die toets deurstaan het, sal hy as oorwinningsprys die lewe ontvang wat die Here belowe het aan die wat Hom liefhet — Jak. 1:12.*

Here, ek weet dat u getrou is; laat my deur u genade getrou wees aan U. Ek weet: U kan nooit diegene in die steek laat wat U soek of teleurstel wat op U vertrou nie. Ek weet: hoe meer ek bid om u beskerming, des te sekerder en voller sal ek dit ontvang. Daarom roep ek tot U en smeek ek U dat U my wil bewaar van myself en teen die volg van 'n ander wil as die uwe. Ek vra U dat U in u oneindige ontferming oor my beskik wat goed vir my is. O Here, ek vra U — as dit nie verkeerd is om so te vra nie — besoek my nie met beproewings wat heiliges alleen kan dra nie! Betoon medelye met my swakheid en lei my na die hemel langs 'n rustige weg. Tog wil ek alles in u hande laat — maar, as U met swaarder beproewings tot my kom, gee my dan meer genade, deurstroom my met die volheid van u krag en troos.

AMEN.

J. H. NEWMAN.

*Vra na die HEER der leërmagte,*
*die HEER oneindig groot in kragte;*
*soek dageliks sy aangesig;*
*gedenk die werk deur Hom verrig,*
*die wonders deur sy hand gedaan,*
*en wil sy strawwe gadeslaan.*

*— Ps. 105:3.*

# 26 FEBRUARIE

*Hoor die Woord van die HERE*
*— Jeremia 17:20(a).*

Almagtige God! U het vroeër u profete gestuur, maar U wil ook teenswoordig nog elke dag u wil laat verkondig. Verleen ons dan u genade dat ons leer om ons in gehoorsaamheid aan U te onderwerp en met sagmoedigheid u juk te dra. Gee dat u heilige Woord die ware eerbied by ons mag vind en dat ons onsself aan U onderwerp solank as wat U deur die mond van mense tot ons spreek, totdat ons eindelik in die lig van u heerlikheid volkome saligheid ontvang. Dan sal ons u heerlikheid van aangesig tot aangesig aanskou; ja, Uself hoor spreek en in die aanhoor van u stem die salige rus vind, waarop ons hoop deur Christus, ons Here.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Hoe salig is die volk wat luister na u woord,*
*hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.*
*Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is,*
*die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;*
*hul prys u grote krag wat alle krag oortref het,*
*en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.*

*— Ps. 89:6.*

# 27 FEBRUARIE

*God is my rots by wie ek skuil; my skild en die horing van my heil, my rotsvesting en my toevlug, my verlosser*
*— 2 Samuel 22:3(a).*

Almagtige, barmhartige God, ons bid U vir al ons medebroeders wat ter wille van die Naam en die Evangelie van ons Here Jesus Christus vervolging ly. Wil hulle met u Heilige Gees vertroos en genadig daaruit verlos; en laat nie toe dat die gedagtenis van u Naam op aarde uitgeroei word nie, sodat die vyande van u waarheid hulle nie beroem tot oneer en lastering van u Naam nie. Maar as dit u Goddelike wil is dat die gevange Christene met hulle dood daar vir die waarheid getuienis moet gee en u Naam moet prys, gee dan troos aan hulle in hul lyde, dat hulle dit uit u vaderlike hand mag aanneem en, deurdat hulle daarin u wil volg, standvastig mag bly in lewe en sterwe, tot u eer, tot stigting van u kerk en tot hulle eie saligheid.

AMEN.

GEBEDE: GEREFORMEERDE KERKE.

*Wees my 'n rotssteen hoog verhewe,*
*hoog teen 'n bergwand aan,*
*waar 'k altyd in kan gaan.*
*U het beveel dat ek sal lewe;*
*en 'k leef, o grote-Ontfermer,*
*my toevlug en beskermer!*

*— Ps. 71:2.*

# 28 FEBRUARIE

*So sal ons uiteindelik almal hom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God, volwasse mense wat ten volle gekom het tot die volmaakte volwassenheid van Christus*
*— Efes. 4:13.*

Ons Vader van ons Here Jesus Christus, ons enigste Verlosser, Vredevors! Gee ons die genade dat ons die groot gevare van verdeeldheid ter harte mag neem. Neem alle haat en vooroordele weg en alles wat ons in die ware eensgesindheid mag hinder, sodat — soos daar tog maar een liggaam en een Gees is en een hoop van ons roeping, een Here, een geloof, een doop, een God en Vader van ons almal — ons ook voortaan een van hart en siel mag wees, verbind deur die heilige band van die waarheid en van vrede, van geloof en van liefde, en U met een mond en een gees prys deur Jesus Christus, ons Here.

AMEN.

GEBED UIT DIE TWEEDE EEU.

*Ek geloof aan die gemeenskap,*
*heilige verbintenis*
*van wie almal saam 'n eenheid,*
*in hul HEER één liggaam is.*
*Ek geloof die skuldvergewing,*
*weeropstanding van die vlees,*
*en 'n lewe-in eewge duurte,*
*as die dood nie meer sal wees.*

*— Skrifberyming 27:5.*

## 29 FEBRUARIE

*Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word*
*— Matt. 5:9.*

Barmhartige, almagtige God, wat in u mag en wysheid alle dinge bestuur en regeer, U het in u Woord betuig dat U die God van vrede is, wat wil dat alle onreg sal wyk en dat in u ryk vrede sal heers sonder einde. Sien in u genade op ons neer en hoor ons gebed. U weet watter ellende en jammer daar onder die mense heers, omdat hulle van u weg afgewyk en hulle in die diens van die sonde en selfsug gestel het. Erbarm U oor almal wat ly deur die slegtheid van die mense. Help die swakkes en vervolgdes uit die hand van hulle onderdrukkers. U het beloof dat daar vrede op die aarde sou wees. Vervul genadig u belofte; laat vrede onder die volke woon, in ons huise, in ons harte. O Here God, gee u dienaars die vrede wat die wêreld nie kan gee nie; gee dat ons harte u heilige wet gehoorsaam mag wees.

AMEN.

FINSE GEBEDEBOEK.

*O saalge ryk waar enkel vrede*
*oor berge-en heuwels sweef;*
*die Vors na Gods geregtighede*
*sal heers oor wat daar leef;*
*waar Hy in strenge strafgedinge,*
*sy swaard die skede-ontruk,*
*die arme ophef en geringe,*
*maar neerslaan wie verdruk.*

*— Ps. 72:2.*

# 1 MAART

*En jou ore sal 'n woord agter jou hoor wat sê: Dit is die weg, wandel daarop! Wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan*
*— Jesaja 30:21.*

Liefderyke hemelse Vader, God van alle vertroosting! Ons soek lig in die duisternis; ons roep U aan en U sal ons uithelp. Ons ken u Naam en U sal ons beskerm; ons vra na U en U sal ons verhoor. Toon ons u heil; ons is so swak en ellendig. Ons kan onsself nie help nie. Ons wens om U 'n rein hart te kan aanbied en kyk, dis deur baie sondes en dwaashede bevlek. Here, wees ons genadig om Christus ontwil en verlos ons van die sonde wat ons van die inwendige vrede beroof. Gee aan ons om te woon onder die skaduwee van u vleuels, sodat ons deur alle lyde en stryd heen ongedeerd kom tot die ewige vrede. Dit is u genade wat ons deur donker weë tot die heerlikheid voer. Laat u genade oor ons wees om Jesus Christus ontwil.

AMEN.

J. H. GUNNING.

*Die wat op God vertrou,*
*al kom die vyand aan,*
*is soos die Sionsberg*
*wat altyd vas bly staan.*
*So is die HEER rondom*
*sy volk in ewigheid.*

*— Ps. 125:1, 3a.*

# 2 MAART

*Op ons wat sterk is in die geloof, rus die verpligting om die swakhede te verdra van die wat nie sterk is nie. Ons moenie aan onsself dink nie: elkeen van ons moet aan ons naaste dink en aan wat vir hom goed is en wat hom in die geloof kan opbou*
*— Rom. 15:1-2.*

Almagtige God, troue Vader, ek bely van ganser harte dat ek dikwels ongeduldig was en my opgelegde kruis nie met die geduld en die blydskap gedra het soos ek dit behoort te gedoen het nie. Vader, vergeef my die sonde en gee my die genade om geduldig te dra wat U stuur. U het U in u Woord genoem die God van lydsaamheid en van vertroosting. Trek my hart tot u geduld en gee my 'n hemelse troos. O Here Jesus, gee my genade om op U te sien, Beginner en Voleinder van my geloof, en om met geduld die stryd te stry wat U my voorgestel het. Leer my as u dissipel om my kruis op te neem en U te volg. O Heilige Gees, Gees van krag, versterk my om met geduld my kruis te dra.

AMEN.

JOHANN GERHARD.

*In stille vertroue-is hy geduldig;*
*hy sal in lyde menigvuldig,*
*die roede wat hom tugtig, kus;*
*en onderwerping gee hom rus —*
*totdat die kuil gegrawe word*
*waarin die sondaar neer sal stort.*

*— Ps. 94:7.*

# 3 MAART

*Sy baas sê toe vir hom: "Mooi so! Jy is 'n goeie en getroue slaaf. Oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Kom in en deel in my vreugde!"*
*— Matt. 25:23.*

O God, U het bepaal dat niemand in ledigheid sy dae mag deurbring nie. Gee ons die genade om al ons gawes en talente te bestee in u diens wat vir ons aangewys is. Leer ons om al wat ons hand vind om te doen, te doen met alle mag. Vol goeie moed mag ons verder gaan op die weg wat vir ons voorgeskryf is sonder om alte sterk te begeer dat die weg makliker of mooier sou wees; maar terwyl ons daagliks ons weg soek in u lig, mag ons onsself en die toekoms van ons lewensreis aan U toevertrou, die fontein van vreugde, en lofliedere sing terwyl ons verder gaan. En ontvang ons eenmaal, Here, by die poort van die lewe wat U geopen het vir ons in Christus Jesus.

AMEN.

J. MARTINEAU.

*Ek skuil by U, vat U my hand,*
*en laat u Gees in al my dae*
*my voortlei in 'n veil'ge land.*
*Op U vertrou ek, laat my tref*
*die veil'ge pad en regte spore,*
*daar ek my siel tot U verhef!*

*— Ps. 143:8b, 7b.*

# 4 MAART

*Vir 'n klein oomblik het Ek jou verlaat, maar met groot ontferminge sal Ek jou vergader — Jes. 54:7.*

My gebed is tot U gerig, Here, antwoord my tog gou, Here, antwoord my in u groot liefde, o God; u hulp staan vas.

Antwoord my, Here, in u wonderlike liefde, verhoor my in u groot barmhartigheid! Moet tog nie u dienaar alleen laat nie! Ek is in groot gevaar, antwoord my tog gou!

Kom red my lewe, bevry my van my vyande.

U weet hoe ek beledig en verkleineer is, hoe sleg ek daarvan afgekom het voor al my vyande. Ek is 'n hulpelose mens, vol pyn, maar U, o God, sal my red en beskerm. Dan sal ek die Naam van God besing, Hom met 'n danklied prys.

AMEN.

VAN DAWID.

Ps. 69:14, 17—20, 30—31.

*Lof sy Gods goedertierenhede,*
*sy Naam sy ewig lof en prys!*
*Hy het gehoor na my gebede,*
*my onverhoord nooit afgewys.*

*— Ps. 66:9.*

# 5 MAART

*Kyk, soos klei in die hand van die pottebakker, so is julle in my hand, o huis van Israel — Jeremia 18:6(b).*

By u oordeel, o almagtige God, staan of val ons. Gee dat ons van ons swakheid en onmag bewus is. Laat ons steeds bedink dat ons lewe soos 'n skaduwee is, ja, dat ons heeltemal nietig is. Laat ons leer om in U alleen te rus en ons alleen deur u welbehae te laat lei. Dit lê in u hande alleen om die werk van verlossing te begin en te voltooi. Gee dan, o God, dat ons bewus mag wees van ons tekortkominge en ons aan U onderwerp, en u roeping ook in die toekoms mag opvolg. Verleen ons dat ons U steeds aanroep en al ons sorge op U werp, totdat ons eindelik by al die gevare verby is en ons tot die ewige, salige rus kom wat vir ons verwerf is deur die bloed van u eniggebore Seun.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Bewaar my tog, o God, op wie'k vertrou!*
*Ek skuil by U, my toevlug in die lewe.*
*Daar is vir my, in wat die oog aanskou,*
*geen goed bo U, so eind'loos hoog verhewe.*
*En wie op aarde-U ken en vrees, o HERE,*
*hul noem ek groot, hul is my roem en ere.*

*— Ps. 16:1.*

# 6 MAART

*Liewe kinders, ons liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word, en dan in opregtheid*
*— 1 Joh. 3:18.*

Liefderyke God en Vader, ek dank U vir u grote, ondeurgrondelike liefde waarmee U my liefgehad het. U het my steeds in u liefde gedra. U dink altyd aan my en hoor my gebed; U let op my sugte en my bekommernis. U ken my hart en U het vir my u beloftes van genade en bystand laat ken. Ag, gee my 'n hart wat u liefde nooit vergeet nie, maar wat leef en sterf en opstaan in u liefde. Laat dit nooit in my hart kwyn nie, maar steeds sterker word, sodat alles in my straal van u liefde. Salig is ek as ek bly in u liefde waarmee U my liefhet!

AMEN.

JOHANN ARNDT.

*Ek pleit, o HEER, op u barmhartigheid.*
*Bly met u liefde-en trou om my,*
*want ramp en onheil is naby*
*en om my heen. En in my hart is stryd.*
*Die sonde-uit ver verlede*
*oorval my matte skrede;*
*my oog het glans nog gloed.*
*Hoe groot 's my sondes al!*
*hoe eind'loos in getal!*
*In my 's geen krag, geen moed.*

*— Ps. 40:6.*

# 7 MAART

*Wat klaag 'n mens in sy lewe? Laat elkeen klaag oor sy sondes*
*— Klaagliedere van Jeremia 3:39.*

O God, erbarm U oor my, sondaar, want ek het gedoen wat kwaad is in u oë. Vergeef my, Here, al die slegte neigings van my hart. U wat my binneste ken, U weet dat ek dikwels gesondig het teen my wil. Vergeef my dat ek so onwaardig voor U staan, maar ek het so 'n innerlike verlange na U. Vergeef my dat ek 'n sondaar is; 'n slegte, valse, ongeduldige, moedelose, nukkerige, trae mensekind; ek het al u gebooie oortree en alle kwaad voor U bedrywe. Here, U alleen is goed en barmhartig; help my, verlore seun, en wees my redding. My God, verwerp nie my, sondige en onnutte dienskneg nie en wees my genadig.

AMEN.

MARKARIUS.

*U, Heer, wat my deurskou geheel en al,*
*is van my euweldaad die hoogste weter;*
*U het die kwaad gesien; dus niemand beter*
*wat my kan vonnis in my droewe val.*
*Teen U het ek my sondedaad begaan,*
*ja, voor u oog deur swaar misdryf gesondig;*
*dus sal u woord regverdig bly bestaan,*
*en rein u vonnis, oor my afgekondig.*

*— Ps. 51*

# 8 MAART

*Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het*
*— Matt. 28:19.*

Getroue Verbondsgod, ons bid U vir die arbeid van die sending onder die Jode, Mohammedane en heidene, en vir die evangelie-arbeid onder hulle wat nog die naam van Christus dra maar van die waarheid ver afgewyk het. Gedenk die Christelike onderwys met almal wat daarin arbei en daarvoor sorg. Wil ook seën alle verenigings van oueres en jongeres wat volgens die reël van u Woord ten doel het die heiliging van u Naam, die koms van die ryk en die volbrenging van u wil. Wees met alle stigtinge van barmhartigheid en skenk aan hulle wat daarin arbei in ryke mate die gawe van die liefde.

AMEN.

GEBEDE: GEREFORMEERDE KERKE.

*Hul almal, nou tot nuwe heil verkore,*
*sal kom, selfs uit die allerverste land.*
*Hulle sien God hou die moederstad in stand*
*en jubel: Die en die is daar gebore.*

*Die HEER self skryf hul op, die duisendtalle,*
*een-een, gebore uit die volkeskaar;*
*en singend, juigend klink die lofstem daar:*
*Ons heilsfontein stroom neer uit Sions walle!*

*— Ps. 87:4-5.*

# 9 MAART

*Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word*
*— Hebr. 4:16.*

O God van alle barmhartigheid, erbarm U oor my om Christus ontwil. Al het ek in swakheid gesondig — so het u Seun tog in liefde al my skuld betaal. Sy goedheid en liefde gaan bo al my sondes uit. Ek bid U: Laat sy bloed my reinig, sy ootmoed my hoogmoed vernietig, sy geduld my ongeduld verdra. O U, fontein van alle goed, help my om my sondige lewe te verbeter deur die genade van u Seun en om 'n nuwe lewe te lei volgens u genadige wil. Verlig die donker van my hart deur die helder strale van u goddelike lig, sodat ek my sonde en ellende mag sien. Help my om my aan U te onderwerp, Here, en om die voetspoor van u Seun te volg. En gee dat niks my van U mag skei nie.

AMEN.

JOHANN TAULER.

*Wees my genadig, o my God! Ek soek*
*'n skuilplek in die dag van nood en stryd —*
*Daar waar u vleu'ls hul oor my uitgestrek het,*
*diep in hul skadu, soek ek veiligheid,*
*totdat die onheil weer verbygetrek het.*

*— Ps. 57:1.*

# 10 MAART

*So sê die HERE van die leërskare, die God van Israel: Kyk, Ek bring onheil oor hierdie plek . . . omdat hulle My verlaat het. En hulle het die hoogtes van Baäl gebou om hulle seuns met vuur te verbrand — iets wat Ek nie beveel het nie, Of wat in my hart nie opgekom het nie*
*—Jeremia 19:3, 5.*

Almagtige God, U het ons uit genade die weg aangewys waarop ons nie kan verdwaal nie, wanneer ons u weg volg. Help ons daarom sodat ons U van harte graag volg — bereid om te leer en om te gehoorsaam. Laat ons slegs handel na u wil wat U aan ons bekend gemaak het. Gee dat ons nie na links of regs afwyk nie, maar vashou aan die diens wat U ons in u Woord beveel. Dan kan ons teenoor die wêreld, Uself en die engele getuig dat ons U in gehoorsaamheid gevolg het. Gee dat ons nie op onsself steun nie, maar met 'n stille gees U alleen dien en soek, om ons heeltemal aan U te onderwerp, totdat ons eindelik ons lewensloop in gehoorsaamheid en geregtigheid volbring het en tot die salige rus kom wat u Seun vir ons verwerf het deur sy eie bloed.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Leer my na u wil te wandel,*
*'k sal dan in u waarheid wandel;*
*neig my hart en voeg dit saam*
*tot die vrese van u naam.*
*HEER, ek hef my hart na bowe,*
*nuwe sangstem sal u lowe,*
*nuwe dank sal voor U rys —*
*'k sal u Naam vir ewig prys.*

*— Ps. 86:6.*

# 11 MAART

*Jesus sê vir hom: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe"*
*— Joh. 14:6a.*

O Here Jesus, U is die weg, die waarheid en die lewe. Maak ons oë oop, sodat ons mag sien die weë wat ons moet gaan, en neig ons harte tot ootmoedigheid en sagmoedigheid, tot geloof en liefde, en tot al die ander deugde wat die kinders van die lig vertoon. En wanneer die vuur van die ware liefde in ons harte aan die brand gesteek is, al is dit dan maar 'n vonkie wat onder die as verborge is, ag blus dan tog nie die dowwe lamppit uit nie, maar blaas die vuur aan, sodat dit brand en hom as 'n vlam van die Here vertoon.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*U is my eewge rots, o HERE!*
*Diep in u veil'ge sy*
*sal ek genestel bly.*
*U sal my lei, u Naam ter ere,*
*tot ek die net verby is*
*wat voor my voet gesprei is.*

*— Ps. 31:3.*

# 12 MAART

*My tye is in u hand.*
*Maar ek vertrou op U, Here,*
*ek sê: U is my God*
*— Ps.31:16-15.*

Ons Vader wat in die hemele is, sterke God in die hemel en op die aarde, ons bid U, maak ons lewend deur u Woord wat U ons geskenk het, en deur alles wat U aan ons gedoen het in u barmhartigheid en trou. Laat ons ook in moeilike dae, in tye van beproewing, sterk en bly wees in die vertroue op U wat ons ewig mag by bly, en ons voete 'n vaste grond mag gee, sodat ons altyd kan roem en dank, want U, o Here God, is ons God en sal ons Vader wees wat nie sy kinders ooit sal verlaat nie.

AMEN.

CHR. BLUMHARDT.

*As die hoë nood by tye*
*en die storm van alle sye*
*dreigend teen my op hom staan,*
*dan verhef ek my gedagte,*
*send tot God my bitter klagte*
*want Hy neem dit gunstig aan.*

*— Ps. 120:1.*

# 13 MAART

*"Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee"*
*— Joh. 8:12.*

Almagtige God en Vader ek bely voor U van ganser harte dat ek dikwels traag was in die navolging van my Verlosser. Verleen my genade om Hom voortaan as 'n gehoorsame dienskneg in die geloof te volg — in lewe en sterwe. Here Jesus, gee my genade om U te volg, die enige ware Gids, en op u weg te wandel in ootmoed en gehoorsaamheid. U het gesê dat U vir ons 'n voorbeeld gegee het. Gee my dan die krag om U te volg; trek my agter U aan. O Heilige Gees, werk in my, sodat ek deur u genade en krag Christus, my Here, kan navolg. Vernuwe en regeer my, sodat Christus in my woon en lei my op die weg van die geloof tot die ewige lewe.

AMEN.

JOHANN GERHARD.

*Wie sal die Godsberg op kan gaan,*
*en wie sal op sy top kan staan,*
*omskitter deur Gods heilighede?*
*Die man wat rein van hart en weg,*
*sy siel aan nietigheid nie heg,*
*en trou is aan sy woord en ede.*

*— Ps. 24:2.*

# 14 MAART

*HERE, U het my oorgehaal, en ek het my laat oorhaal; U was te sterk vir my en het oorwin*
*— Jeremia 20:7a.*

Liewe Vader, hoe sou ek U genoegsaam daarvoor dank dat U beslag op my siel gelê het, sodat dit nie verlore kan gaan nie. Ander mag hulle verheug oor rykdomme en besittings, maar ek verheug my daaroor dat ek u kind is. Is ek u kind, dan is ek wel beskerm. Gee my, o Vader, u Gees dat die my aan u beskerming mag herinner. Sien ek of hoor ek nou kwaad om my heen, laat my dan bedink dat 'n kind van U nie daaraan mag meedoen nie. Laat my in u krag vrymoedig sê: "Weet, wêreld, dat ek as kind van God by jou luste en ydelheid nie kan lewe nie." Here Jesus, U weet dat ek U liefhet en dat ek van harte bedroef is wanneer ek U nie so liefhet as wat ek behoort te doen nie. Help my om my lewe in kinderlike ootmoed te lewe en U lief te hê, sodat ek as u kind mag lewe en sterwe, en as u kind die hemelse vreugde mag beërwe.

AMEN.

J. F. STARCK.

*Gods vriend'like-aangesig*
*straal vrolikheid en lig*
*deur duisternis en smarte*
*vir alle-opregte harte.*
*Regverdiges, wees bly!*
*En sing 'n lied daarby!*
*Verheug u in die HEER!*
*Lofsing sy Naam tot eer,*
*Hy's hoog en heilig, Hy!*

*— Ps. 97:7.*

# 15 MAART

*So spreek die HERE van die leërskare: Net so sal ek hierdie volk en hierdie stad verbreek, soos 'n mens 'n erdepot breek, wat nie weer heelgemaak kan word nie*
*—Jeremia 19:11a.*

Aangesien U vir ons uit genade die karakter van die suiwere godsdiens voorgeskryf het, o almagtige God, help ons dan dat ons ons met 'n eenvoudige hart daarin kan oefen. Bewaar ons daarvoor dat ons aan ons eie gedagte daarin plek gee en willekeurig, na die verkeerde trots van ons vleeslike verstand, 'n ydel spel met U te speel. Laat ons by U bly en by die leer wat u Seun, ons enige Meester, ons gegee het, sodat ons steeds meer indring in die kennis van die groot heerlikheid wat U ons nou reeds laat smaak, totdat dit ons eindelik ten volle ten deel sal val, wanneer ons saamvergader word in die hemelse koninkryk wat u Seun vir ons verwerf het deur sy bloed.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Vertrou op God: die hart en hand*
*in troue diens aan Hom verpand,*
*Verlustig jou in Hom altyd*
*wat mild'lik gee en nooit verwyt.*

*— Ps. 37:2*

# 16 MAART

*En in die verbondenheid met Hom deel julle in sy volheid. Hy is die hoof oor al die owerhede en magte*
*— Kol. 2:10.*

Here, almagtige God, sterk die dienaars van u kerk, dat hulle getrou en standvastig u heilige Woord verkondig. Sterk ons owerheid, dat hulle die wêreldlike swaard met geregtigheid en billikheid voer. Ons bid vir die wêreldlike regerings. Gee dat hulle regering daartoe strek dat die Koning van alle konings oor hulle onderdane regeer, en die ryk van die duiwel, wat 'n ryk is van alle skandelikhede en ongeregtighede, deur hulle as u dienaars hoe langer hoe meer verwoes en vernietig word; en dat ons onder hulle 'n geruste en stil lewe lei, in alle godsaligheid en eerbaarheid. En skenk ons u vrede deur Jesus

AMEN.

GEBEDE: GEREFORMEERDE KERKE.

*Bo al die gode-en godeprag*
*troon God as Koning; sy gesag*
*is groot en ken geen grense-of lyne.*
*Die aard' se diepste binnekant*
*is in die holte van sy hand;*
*die hoe berg daarbo is- syne.*

*— Ps. 95:2.*

# 17 MAART

*"Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volk wees, en God self sal by hulle wees as hulle God. Hy sal al hulle trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie ... Die dinge van vroeër het verbygegaan"*
*— Openb. 21:3-4.*

Toe ek verbitter was en verontreg gevoel het, was ek dom en sonder insig; soos 'n redelose dier het ek my teenoor U gedra. Tog was ek nog altyd by U, want U vat my aan die hand. U lei my met u raad en aan die einde sal U my in ere by U opneem. Daar is niks in die hemel of op die aarde wat vir my meer beteken as U nie. Al is ek afgetakel na liggaam en gees, God is my sterkte; aan Hom behoort ek vir altyd. Die wat ver van U af is, gaan verlore, U vernietig die wat aan U ontrou is. Maar wat my aangaan, dit is vir my goed om naby God te wees. Ek het die Here gekies as my toevlug! Ek sal van u werke bly vertel.

AMEN.

VAN ASAF.
Ps. 73:21-28.

*O God, só met my lot begaan,*
*hoe kleef my siel U agteraan!*
*Vertrouensvol op U geleun,*
*voel'k hoe u hand my ondersteun.*

*—Ps. 63:4b.*

# 18 MAART

*"Halleluja! Die oorwinning, die heerlikheid en die mag behoort aan ons God. Loof ons God, al sy dienaars, die wat Hom vrees, klein en groot"*
*— Openb. 19:1b, 5b, 4b.*

O ewige, lewende God wat my geskape het tot u eer, gee my genade om U op waardige wyse te dien. U is immers die heerlikste, die heiligste, die skoonste. U is die Almagtige wat niemand kan weerstaan nie, o ewige lig, ewige verlossing, ewige liefde. In U vind ek alles wat my in my ellende ontbreek. U is die volheid en buiten U is daar alleen armoede en jammer en ellende. Die lewe sonder U is 'n bittere dood. U genade is beter as die lewe. U, rykste skat, U, ewige goed, U, heerlike God — wanneer sal ek volkome met U verenig wees, sodat ek U volkome mag aanskou? Heilige God, ewige Koning, aan U kom toe die lof, die eer en die prys tot in alle ewigheid.

AMEN.

JOHANN ARNDT.

*Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?*
*Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die HEER!*
*Laat alle vlees vir ewig en altyd*
*sy Naam verhef so hoog in heerlikheid.*

*— Ps. 145:12.*

# 19 MAART

*HERE, wees ons genadig; op u wag ons; wees hulle arm elke môre, ja, ons verlossing in die tyd van benoudheid!*
*— Jes. 33:2.*

Ek soek U, o God, my God, ek dors na U, ek smag na U soos in 'n dor en droë land, 'n land sonder water. Ek wil by U in die heiligdom wees om daar u mag en grootheid te ondervind. U troue liefde is meer werd as die lewe; daarom sal ek U prys. Ek sal U my lewe lank loof, my hande ophef om u Naam te prys. Soos elke keer wanneer ek u goeie gawes geniet, sal ek U altyd roem met jubelende mond. As ek aan U dink op my bed, oor U peins in die nag, dan weet ek: U is vir my 'n hulp, en dan juig ek oor die beskerming onder u vleuels. Ek bly altyd naby U, u hand ondersteun my.

AMEN.

VAN DAWID.
Ps. 63:2-9.

*Goedertieren Vader,*
*hoor ons as ons nader*
*met 'n diep ontsag;*
*slaan ons gunstig gade,*
*skenk ons u genade*
*as ons op U wag!*

*— Ps. 33:11b.*

## 20 MAART

*Dien die Here met blydskap! Kom voor Hom met gejubel!*
*— Ps. 100:2.*

Vader in die hemel, U hou alle goeie gawes in u milde hand. U oorvloed is ryker as wat die menslike verstand kan bevat. U is altyd bereid om te gee en u goedheid is groter as wat die mensehart verstaan, want U verhoor elke gebed. U gee wat ons vra of wat baie beter is as wat ons vra. Gee elkeen sy bestemde deel soos wat dit vir U welbehaaglik is, maar gee iedereen ook die sekerheid dat alles van U af kom, sodat geen vreugde ons van U afhou in die vergetelheid van die lus nie, en die sorg geen skeidsmuur plaas tussen U en ons nie. Laat ons in die vreugde U soek en vind en laat ons in die sorg by U bly, sodat eenmaal, as ons lewenspad ten einde loop en die uitwendige mens afgebreek word, die dood nie koud en skrikaanjaend mag kom in sy naam nie, maar mild en vriendelik soos 'n groet en 'n boodskap van U, ons Vader wat in die hemele is.

AMEN.

S. KIERKEGAARD.

*Vol blydskap is my siel*
*wanneer ek voor U kniel*
*wat woon waar aardse lig verdwyn.*
*Hoe lief het ek u woning,*
*die plek, o Hemelkoning,*
*waar U in heerlikheid verskyn.*

*— Ps. 26:5.*

# 21 MAART

*Ek delg jou oortredinge uit soos 'n newel en jou sondes soos 'n wolk; keer terug na My, want Ek het jou verlos*
*— Jes. 44:22.*

Hemelse Vader, help my om met kinderlike vertroue in my hart te glo dat u Genadeverbond met my vasstaan. Leer my om alles aan te neem as van U. Aan U beveel ek my weë en ek hoop op U dat U my sal help. U wys die wind sy weg en U lei die wolke waarheen U wil; lei ook my op die regte weg om u naam ontwil. Laat my nie self 'n verkeerde weg kies nie, maar voer my op die weg wat na die ewige lewe lei. Laat my misdade verdwyn soos 'n skaduwee en my sondes soos 'n newel. Trek my hart tot U, sodat ek mag wandel voor u aangesig en onberispelik mag wees. Hoor my om Jesus Christus ontwil.

AMEN.

JOHANN JAGER.

*Laat hul van stormbedaring,*
*van God, wat golwe breek,*
*van heil en heilservaring*
*in volksvergaadring spreek.*
*Laat hul Hom dank bewys*
*vir redding- wat so soet is,*
*Hom voor die mense prys,*
*omdat Hy groot en goed is.*

*— Ps. 107:15.*

# 22 MAART

*Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam het aangebreek, en sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak*
*— Openb. 19:7.*

Ek wil die Here loof, met alles wat in my is, wil ek sy heilige Naam loof. Ek wil die Here loof en nie een van sy weldade vergeet nie. Dit is Hy wat al my sonde vergewe, wat al my siekte genees, wat my red van die graf en my met liefde en ontferming kroon, wat my die goeie in oorvloed laat geniet, my die jeugdige krag van 'n arend skenk. Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en vol liefde. Hy sal ons ons sonde nie bly toereken en nie vir ewig toornig bly nie. Hy handel met ons nie volgens ons sondes nie, vergeld ons nie ons ongeregtighede nie, want so groot as die afstand tussen hemel en aarde is, so groot is sy liefde vir die wat Hom dien. So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder hy ons oortredinge van ons af. Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor die wat Hom dien.

AMEN.

VAN DAWID.
Ps. 103:1-5, 8-13.

*Laat my leef o HEER, dan loof ek!*
*Laat niks my die heil ontroof!*
*Laat u oordeel my tot hulp wees!*
*Laat my lewe om te loof!*

*— Ps. 119:62b.*

# 23 MAART

*Die Woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelinge en gedagtes van die hart*
*— Hebr. 4:12.*

Here, ons God, u stem is op die waters met krag en heerlikheid; aan U, o HERE, gee ons die sterkte; ons aanbid U in heilige sieraad; laat tog ook die donderstem van u Woord tot ons hart deurdring, sodat daaruit kom strome van boete, van geloof, en van liefde. Laat ons met 'n kinderlike hart voor u dierbare Woord bewe, want U het U self daarin aan ons deur Jesus Christus geopenbaar as ons hemelse Vader, wat ons so liefgehad het dat U u eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Ons bid U, genadige Vader, om ons deur u Woord en Gees te lei, sodat ons in ware ootmoed voor U wandel in gees en in waarheid.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*Leer my, HEER, U regte weë,*
*wys die regte pad my aan;*
*Maak my hart daartoe geneë,*
*om met lus daarop te gaan.*
*Wil my deur u waarheid leer,*
*lei my dwalende gedagte.*
*want U is my heil, o HEER!*
*U is ek altyd te wagte*

*— Ps. 25:2.*

# 24 MAART

*Want as julle hierdie saak sorgvuldig doen, sal deur die poorte van hierdie huis konings ingaan wat op die troon van Dawid sit*
*— Jeremia 22:4a.*

Almagtige God, U wat aan ons die eer bewys het om die Koningstroon van u Seun onder ons op te rig, gee ons, ons bid U, dat ons ons deur Hom laat seën en ons nie ten onregte daarop beroem dat ons sy volk is nie. Laat ons werklik toon dat ons Hom van ganser harte, in waarheid, as ons Koning bely. Mag Hy ons teen elke aanval van die vyande lewenslank beskerm, sodat ons op u hulp vertrou en ons siele versterk met geduld — en eindelik tot die heerlikheid kom wat Hy vir ons verwerf het deur sy bloed.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Kom, dien die HEER en wees in Hom verblyd*
*met blydskap wat Hom huldig as die HEER.*
*En kus die Seun in onderworpenheid,*
*Buig jul voor Hom met vrees en bewing neer.*
*Want ligtelik kan Gods gramskap jul verteer*
*net soos 'n vuur, eers al te klein geag.*
*Welsalig wie Hom huldig as hul HEER,*
*wie by Hom skuil en op sy bystand wag.*

*— Ps. 2:6*

# 25 MAART

*"Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou. So sal die Vader aan julle gee wat julle ook al in my Naam vra"*
*—Joh. 15:16.*

Barmhartige Vader, ek erken voor U dat ek in my roeping nie so getrou en vlytig gewerk het as wat ek moes gedoen het nie, en dat ek dikwels traag was ten opsigte van my pligte. Vergewe my, Here, hierdie sonde en gee my genade om voortaan met getrouheid en vlyt in my roeping te arbei. Send u wysheid neer van die hemel, sodat ek mag weet wat U behaag. O Here Jesus, U het ons self vermaan om in u wingerd te werk en U het onsself met u voorbeeld voorgegaan deur met volle oorgawe die werk te doen waartoe die Vader U gestuur het; gee my genade om u vermaning en voorbeeld te volg. O Heilige Gees, bedwing in my alle luiheid en traagheid. Help my om vurig van gees te wees en om met blydskap my loopbaan te loop. Seën my werk en regeer my hart, sodat al my werk mag strek tot die eer van God en tot wins van ander en dat ek eindelik mag ingaan in die ewige rus en vreugde na die moeisame arbeid van hierdie lewe, deur Jesus Christus, my getroue Verlosser.

AMEN.

JOH. GERHARD.

*U is my eewge rots, o HERE!*
*Diep in u veil'ge sy*
*sal ek genestel bly.*
*U sal my lei, u Naam ter ere,*
*tot ek die net verby is*
*wat voor my voet gesprei is.*

*— Ps. 31:3.*

# 26 MAART

*Ek het gesê: "Voor die Here bely ek my opstandigheid;" en U het my skuld vergewe*
*— Ps. 32:5b.*

O ewige God en allergenadigste Vader, ons verootmoedig ons uit die grond van ons harte voor u hoë majesteit waarteen ons so dikwels en so gruwelik gesondig het, en ons erken dat, as U met ons in die gerig wil gaan, ons niks anders as die ewige dood verdien het nie. Daarom is ons ook nie waardig om u kinders genoem te word of om ons oë na die hemel op te slaan om ons gebede voor U uit te spreek nie. Nogtans, o Here God, barmhartige Vader, weet ons dat U nie die dood van die sondaar begeer nie, maar dat hy hom bekeer en lewe en dat u barmhartigheid oneindig is wat U bewys aan diegene wat hulle van U afkeer. Ons roep U van harte aan in die vertroue op ons Middelaar, Jesus Christus, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem, en bid U om medelyde met ons swakheid te hê deur ons al ons sondes om Christus wil te vergewe.

GEBEDE: GEREFORMEERDE KERKE.

AMEN.

*Gedenk die kwaad deur ons gedaan, nie meer.*
*Ons euweldaad wil ons vergeef, o HEER!*
*En maak u volk wat nou, verswak moet ly,*
*deur u gena weer van die skuldstraf vry.*

*— Ps. 79:5.*

# 27 MAART

*Ek, ellendige mens! wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos? Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here*
*— Rom. 7:24-25.*

O God, wat die lig is van alle harte wat na U opsien, die lewe van alle siele wat U liefhet, die krag van alle sinne wat U soek — help my om steeds te bly in u heilige liefde. Wees U die blydskap van my hart, maak dit heeltemal uwe en bly daarin. Die woning van my siel is veels te klein vir U; wil U dit wyer maak, sodat U daarin kan gaan. Dit lê in puin — wil U dit weer opbou. Baie word daarin gevind wat u oë pyn aandoen — dit weet en bely ek. Maar vir wie sal ek bid om dit te reinig as U alleen! Daarom roep ek tot U met al my krag en ek smeek U dat U my wil help reinig van my verborge sondes, en u dienaar wil bewaar vir die sonde van selfversekerdheid, sodat dit geen heerskappy oor my voer nie.

AMEN.

AUGUSTINUS.

*HEER, U goedheid is die lewe;*
*U sal mild ons skuld vergewe;*
*wie U aanroep in die nood*
*vind u guns oneindig groot.*
*HEER, my God, ontferm U oor my.*
*Luister as ek roep, verhoor my!*
*Merk uit goedheid, as ek spreek,*
*op die stem waarmee ek smeek.*

*— Ps. 86:3.*

# 28 MAART

*Ek wil die Here loof, met alles wat in my is, wil ek sy heilige Naam loof*
*— Ps. 103:1.*

O driemaal heilige God, met 'n kinderlike hart en met 'n ootmoedige siel sê ons u Naam dank vir al die onverdiende weldade wat U vir ons liggaam en siel bewys het. Laat ons u liefdeblyke reg waardeer en al u genadegawes oordenk wat ons van U, ons hemelse Vader, in so 'n groot mate ontvang het; ja, meer as wat ons gebid het. Ons dank U dat U die waarheid aan ons geopenbaar het en u hemelse wysheid bekend gemaak het wat vir baie wyse mense van die wêreld verberg is. Ons bid U: Lê die kosbare skat van u dierbare Woord diep in ons hart. Laat ons tog nie u genademiddels versmaad nie, maar skenk ons die genade om ons roeping en verkiesing vas te maak en dat ons al ons dae sal bestee aan die groot en gewigtige werk van ons ewige heil en saligheid.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*Aan u Naam is ek gedagtig*
*in my soetste mymery,*
*as ek uitrus op my bedstee*
*en die nag die aarde-oorsprei.*
*Is 't 'n wonder? Nee, geen wonder,*
*want te doen na u gebod*
*is my hoogste lewensweelde*
*en op aard' my hoogste lot.*

*— Ps. 119:18.*

# 29 MAART

*Hy het aan jou bekend gemaak, o mens, wat goed is; en wat vra die Here van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God? — Miga 6:8.*

HERE, niemand kan help soos U tussen die magtige en die kragtelose nie; help ons, HERE ons God, want op U steun ons, en in u Naam het ons teen hierdie menigte gekom; HERE, U is ons God; laat geen sterfling naas U magtig wees nie.

GEBED VAN ASA. (2 Kron. 14:11).

AMEN.

*Tot U, van wie my lofsang is,*
*roep ek in my benouenis,*
*en — van my vyand word ek vry!*
*Hul 't aangestorm. 'n Dag van nood!*
*Maar God, my helper, was naby;*
*in ruimtes is ek uitgelei,*
*want sy behae-in my was groot.*

*— Ps. 18:2a, 9b.*

# 30 MAART

*As ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here. Of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here*
*— Rom. 14:8.*

Ons dank U met ons ganse hart, Vader in die hemel, vir die sonlig wat die aarde bestraal. Maar ons loof U nie alleen weens die lig wat ons aardse lewe beskyn nie, maar ook, en baie meer nog vir die verkwikkende strale van die son van u genade wat val in die nag van ons sondes, en wat neergeboë harte weer oprig. Ons dank U bo-al dat U ons in Christus, die saligheid laat vind het. In sy Naam is ons gedoop, sy Naam mag ons dra. Ag mag ons die voorreg nooit vergeet nie en as Christene hierdie dierbare Naam heilig hou! O Here, vervul ons met die regte vrese vir u heiligheid. Bewaar ons in u Naam, sodat ons een mag wees met U in u Seun wat u Naam vir ons geopenbaar het en wat U verheerlik het op aarde.

J. H. GUNNING.

AMEN.

*Loof uit die heemle, loof die Heer!*
*Loof in die hoogtes, sing sy eer!*
*loof, heil'ge eng'le, om sy troon,*
*die God wat in die hoogte woon!*
*Loof almal saam, o leërmagte*
*wat Hom omring as troue wagte!*
*Loof, blink gesternte, maan en son:*
*Hy is van alle lig die bron.*

*— Ps. 148:1.*

# 31 MAART

*Weggewerp in 'n land wat hulle nie ken nie?*
*— Jeremia 22:28b.*

Help ons, o almagtige God, waar U ons nêrens elders rus toesê as in u koninkryk nie, dat ons op ons pelgrimstog op aarde daarin berus, hoewel ons geen blywende stad het nie en voortgejaag word, om U desondanks met 'n stille gees aan te roep. U het vir ons baie stryd weggelê om ons te oefen en te beproef. Gee aan ons dan om in hierdie stryd stand te hou en te volhard, totdat ons eindelik tot die rus kom wat vir ons verwerf is deur die bloed van u eniggebore Seun.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Maar die HEER sal in my lewe*
*weer oordag sy guns gebied.*
*Ook deur donker nag omgewe,*
*sing ek nog my pelgrimslied.*
*Ja, ek lofsing in die nag,*
*want ek bly die HEER verwag;*
*my gebed sal opwaarts strewe*
*na die bronwel van my lewe.*

*— Ps. 42:5.*

# 1 APRIL

*Tog het ek daaraan begin twyfel, ek het byna koers verloor. Tog was ek nog altyd by U... want U vat my aan die hand*
*— Ps. 73:2, 23.*

Ek is nou 'n kind wat skaars kan loop.
My voete gly
en wankel onder my.
Hou U, o Here, u arms oop:
ek kan nie loop.
Ek het getrag om self my pad te gaan.
Ek het geboet
met struikelgang en bloed.
Wil my nie los, nog gadeslaan
my domme waan.
En as teen verre skemerberge stuit
my laaste voet —
snel my dan tegemoet!
'k Steek dan na U met noodgeluid
my hande uit.

AMEN.

TOTIUS.

*U soek ek van ganser harte.*
*HEER, hou U my hande vas,*
*dat ek van u spoor nie dwaal nie*
*en die kwaad my nie verras.*

*— Ps. 119:4b.*

# 2 APRIL

*Laat julle profete en julle waarsêers wat onder julle is, julle nie bedrieg nie, en luister nie na julle dromers vir wie julle laat droom nie*
*— Jeremia 29:8b.*

Almagtige God, U het uit grondelose barmhartigheid ons u Vaderlike liefde bewys en gee ons 'n daaglikse getuienis daarvan in die Evangelie. Help ons sodat ons nie onsself verloor in ons valse en dwalende gedagtes nie, maar ons rus soek in u trou en waarheid. En wanneer ons nog baie stryd in hierdie wêreld te stry het, wat ons lewe byna tot 'n voortdurende kwelling maak, laat ons tog nie daaraan twyfel dat daar bo nog 'n rus oorbly nie, deur ons Here Jesus Christus.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Hul sal van krag tot krag steeds gaan,*
*totdat hul voet in Sion staan;*
*geeneen wat daar nie sal verskyn nie.*
*Let, HEER der leërskare, let*
*op my geroep, hoor my gebed,*
*en laat my nie in druk verkwyn nie.*
*Leen my 'n toegeneë oor;*
*o Jakobs God, gee my gehoor!*

*— Ps. 84:4.*

# 3 APRIL

*Hy wat dit alles getuig, sê: "Ja, Ek kom gou!" Amen! Kom, Here Jesus!"*
*— Openb. 22:20.*

O Jesus, weerskyn van die ewige heerlikheid, troos vir die siel in die land van die vreemdelingskap, vir U is my mond stil en my stilte spreek tot U. Hoelank toef U om te kom, my God? O dat Hy mag kom tot my, sy arme kind, om my bly te maak! Dat Hy sy hand mag uitstrek tot my, ongelukkige, om my te red uit alle nood! Kom, o kom! Sonder U is geen dag, geen uur gelukkig nie, want U is my vreugde en sonder U staan my tafel leeg. Ja, ek is ongelukkig, soos in 'n gevangenis opgesluit, soos in swaar boeie gekluister, totdat die lig van u nabyheid my verkwik en my die vryheid teruggee. Laat ander iets anders soek in plaas van U. Niks kan my behaag buiten U nie, my God, my verwagting, my ewige heil. Ek sal nie swyg en ophou met bid nie, totdat u genade hom tot my wend en my bevry.

AMEN.

THOMAS À KEMPIS.

*Maar dis my goed, my saal'ge lot,*
*as ek naby is by my God.*
*Ek het my hoop op God gestel*
*om al sy werke te vertel.*

*— Ps. 73:12b.*

# 4 APRIL

*Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word*
*—Joh. 14:13.*

O genadige, barmhartige God en Vader, ons bid ook vir almal wat U tugtig met armoede, gevangenis, krankheid van die liggaam of aanvegting van die gees. Troos ook alle weduwees en wese, omdat U hulle Vader is. Wil in almal wat kranksinnig is, die goeie gawes van die verstand vermeerder, sodat hulle dit kan aanwend tot grootmaking van u Naam en stigting van hul naaste. Troos hulle almal, o Here volgens die eis van hulle nood wat U ken. Gee dat hul tugtiging van hulle dien tot erkenning van hul sondes en verbetering van hul lewe. Eindelik, o Here, wil tog ons en die wat aan ons verbonde is, sowel as almal wat aan ons behoort, in u beskerming en bewaring neem. Seën ook die opbrengs van die aarde. Gee daarvoor gunstige jare en vrugbare wasdom; en gee dat ons in ons beroep volgens u wil lewe en dat die gawes wat ons deur u seën ontvang, so gebruik word dat hulle ons nie belemmer nie, maar veelmeer bevorderlik mag wees tot die ewige lewe. Sterk ons ook in alle aanvegtinge, dat ons, deur te stry in die geloof, die oorwinning behaal en hiernamaals met Christus die ewige lewe besit

AMEN.

GEBEDE: GEREFORMEERDE KERKE.

*U het my baie teëspoede*
*laat sien; maar U sal my*
*meer van die dood bevry,*
*my ophaal uit die watervloede.*
*My grootheid — maak dit meer,*
*en troos U my. o HEER!*

*— Ps. 71:13.*

# 5 APRIL

*Die HERE is met julle as julle met Hom is, en as julle Hom soek, sal Hy Hom deur julle laat vind; maar as julle Hom verlaat, sal Hy julle verlaat*
*— 2 Kronieke 15:2b.*

Here, U wil nie die dood van die sondaar nie, maar U het u Seun Jesus Christus gestuur, sodat almal wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. In sy dood sal hulle lewe wat versoening ontvang en verseker is van die vergewing. Daarom kom ek tot U. Ek soek u aangesig, o Here! en U sal U laat vind. Wanneer ek roep, sal U volgens u belofte my hoor. Kyk ek klop, sodat U sou oopmaak en u aangesig sou laat lig. Wees my genadig, wanneer ek my oorgee in u hand. Wanneer ek tot U nader, verwerp my dan nie. Neem my op en trek my tot U, sodat ek die eiendom mag wees en bly van U wat leef en regeer in ewigheid.

AMEN.

AUGUSTINUS.

*"Hy roep, en Ek beskerm hom daar,*
*totdat die nood verby is;*
*Ek lei hom na die hoogtes waar*
*'n eerkrans hom berei is.*
*Die menseleeftyd, vlug en kort,*
*verleng Ek uit genade,*
*sodat hy blye-aanskouer word*
*van al my reddingsdade. "*

*— Ps. 91:8.*

# 6 APRIL

*Want so sê die HERE: Ons het 'n stem van verskrikking gehoor; daar is vrees en geen vrede nie . . ! En dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word — Jeremia 30:5, 7b.*

Aangesien ons nooit ophou om U telkens en hardnekkig tot toorn oor ons te verwek nie, verleen ons tog die genade, o almagtige God, dat ons deur u goedheid waarmee U ons vermaan, beweeg word om U te gehoorsaam, en ons te onderwerp onder u regverdige bestraffing. En wanneer U ons soms harder straf, laat ons dan beken dat ons dit verdien het. Gee aan ons dat ons ten spyte van dit alles nooit wanhoop nie, maar tot u barmhartigheid die toevlug neem in die vaste oortuiging dat U midde in die toorn u Vaderlike liefde gedenk — so dikwels as wat ons ons op die genade verlaat wat U vir ons toegesê het in u eniggebore Seun.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Kom luister toe, o Godgesinde!*
*Kom, almal wat die HERE vrees!*
*Ek sal vertel aan al sy vrinde*
*wat hy gedoen het aan my gees.*
*Ek het geroep, God het geluister*
*toe alles nag was om my heen;*
*en voor die lig skyn deur die duister,*
*was God my lof, net Hy alleen.*

*— Ps. 66:7.*

# 7 APRIL

*Hy sê vir die Here: U is my toevlug en my veilige vesting, my God op wie ek vertrou"*
*— Ps. 91:2.*

By U, Here, skuil ek, laat my tog nooit teleurgestel staan nie! Red my en bevry my, want U is getrou. Luister tog na my en help my! Wees vir my 'n rots om na toe te vlug, waar ek altyd die veiligheid mag vind, wat U tot my redding beskik het, want U is my rots en my vesting. My God, bevry my uit die hand van die goddeloses, uit die greep van skurke en verdrukkers, want U, Here, U is my hoop, op U, Here, het ek van jongs af vertrou. U is my hulp van my geboorte af, reeds voor ek in die wêreld gekom het, het U my beskerm. U loof ek gedurigdeur. Ek is vir baie 'n wonder, want u is my veilige toevlug. Ek besing u lof en u roem gedurigdeur. Moet my tog nie verwerp nou dat ek oud geword het nie, moet my tog nie alleen laat nou dat my kragte ingegee het nie.

AMEN.

VAN DAWID.
Ps. 71:1-9.

*Opwaarts klim my roep en rede,*
*o my God, verhoor my bede;*
*in benoudheid altyd weer,*
*neem ek my toevlug by die Heer.*
*— Ps. 77:1a.*

# 8 APRIL

*Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra. Daardeur is ons vir die sondes dood en kan ons vir die geregtigheid lewe. Deur sy wonde is ons genees*
*— 1 Petr. 2:24.*

Heilige, alwetende Vader, ons dank U met 'n diep bewoë hart dat U die tyd van ons voorbereiding van dag tot dag verleng. Ag, ons het nog maar 'n klein begin van die nuwe gehoorsaamheid. Die onreinheid en sondigheid van ons hart lê oop voor u oë. Ontdek dit aan ons meer en meer en wek ons op tot diepe verootmoediging. Gee dat ons genesing soek vir ons sondes by u geliefde Seun, die enige bron van heil. Gee ons om in sy heilige lewe, lyde en sterwe, vergewing vir al ons sondes te vind; krag tot vernuwing en alles wat dien tot ons ewige heil. Wil ongeloof en wêreldsin en alles wat ons belet om die kruis van die Verlosser voor oë te hou, in ons oorwin. O Here, skenk ons bekering, geloof en 'n nuwe gehoorsaamheid om u liewe Seun, ons Here en Heiland.

AMEN.

J. H. GUNNING.

*HEER, in u hande is my tye;*
*ek steun in al my leed*
*op U alleen wat weet*
*die maat en einde van my lye.*
*Red my, o sielsverblyder,*
*van vyand en bestryder.*

*— Ps. 31:12.*

# 9 APRIL

*Op my wagtoring wil ek gaan staan en op my skansmuur my stel, en ek wil speur om te sien wat Hy in my sal spreek, en wat ek op my klagte moet antwoord*
*— Habakuk 2:1.*

Almagtige God, waar U ons sien worstel onder soveel swakheid, ja, met ons gees so verblind dat ons geloof by die kleinste verwarring weifel en byna heeltemal faal — o gee dat deur die mag van u Gees ons bo hierdie wêreld opgehef mag word, en meer en meer leer om ons eie planne te versaak en so na U te kom dat ons bevestig mag staan in ons wagtoring, terwyl ons altyd, deur u krag, hoop op alles wat U ons beloof het, al sou U ook nie dadelik openbaar dat U getrou gespreek het nie. Mag ons dus volle bewys lewer van ons geloof en geduld en voortgaan op die weg van ons stryd, totdat ons eindelik uitstyg bo alle wagtorings uit na daardie geseënde rus waar ons nie slegs meer met 'n oplettende gemoed sal uitkyk nie, maar van aangesig tot aangesig in u beeld aanskou dit wat verlang kan word en alles wat nodig is vir ons volmaakte geluk, deur Christus, ons Here.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Soos een wat op die mure*
*as wagter uitgestel,*
*gedurigdeur die ure*
*met sy gedagte tel —*
*só wag my siel, en sterker —*
*gedurig op die HEER,*
*tot Hy die Ligbewerker,*
*die nag in daagraad keer.*

*— Ps. 130:3.*

# 10 APRIL

*Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees*
*— Jeremia 31:33b.*

Ons dank U, almagtige God, dat U dit goed geag het om met ons deur u Seun 'n verbond te maak — wat ons saligheid beoog. Ons bid U dat ook ons tot die verbond mag behoort. Laat ons ervaar dat U ons deur u Woord die regte weg aanwys, ja, dat U deur u Gees in ons harte spreek. Maak ons gewillig om te leer en gehoorsaam te wees, sodat ons die onderpand van ons kindskap daarin soek dat U oor ons regeer, totdat ons eindelik in waarheid en volkome met U verenig word deur Jesus Christus, ons Here.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Die HEER se heil'ge wet*
*is rein en onbesmet,*
*en sal die hart bekeer;*
*sy woorde sal gewis*
*aan wie eenvoudig is,*
*die ware wysheid leer.*
*Sy regte heerskappy*
*die sal ons hart verbly*
*en onreg nooit gedoë;*
*en wat sy wet berig*
*is suiwer soos die lig*
*wat afstraal op die oë.*

*— Ps. 19:4.*

# 11 APRIL

*Kyk, tot die heil het die bitter, ja bitter lyde my geword; maar U, U het my siel liefgehad en getrek uit die kuil van vernietiging. Want U het al my sondes agter u rug gewerp*
*— Jes. 38:17.*

Vader van alle barmhartigheid en God van alle vertroosting, kyk, ek is in groot droefheid en angs; droefheid het oor my gekom en groot lyde, nie alleen uitwendige lyde nie, maar ook in die binneste van my gees en dit sou geen wonder wees as ek ondergaan in my leed nie. Kyk, ek smag na u troos. Ontferm U oor my siel, sodat dit nie beswyk nie; sodat die Bose u Woord nie uit my hart ruk en my mag bring tot twyfel aan u liefde en genade nie. My siel is vol van gejammer. Here Jesus Christus, U het tog elke vermoeide siel tot U geroep om hom te verkwik. Ek is vermoeid en belas beide na liggaam en siel. U wat die ware en hoogste Vertrooster is in alle nood, wees U my krag, my oorwinning, my lig, my saligheid, sodat ek die oorwinning en die kroon van die lewe mag haal.

AMEN.

JOHANN ARNDT.

*Verhoor, o God, verhoor my klagte,*
*as ek, gekwel in my gedagte,*
*geen rus kan vind of plek van vrede.*
*Net onrus is daar in my hart:*
*Ek dwaal, ek duisel, voel verward.*
*Verberg U nie, maar hoor my bede!*

*— Ps. 55:1.*

# 12 APRIL

*Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak*
*— Ps. 139:23.*

Ons Vader wat in die hemele is, U wat die harte deursoek en die niere toets om aan elkeen te gee na sy weë, volgens die vrug van sy handelinge; U wat weet hoe bedrieglik ons hart is bo alle dinge, ja, dat dit verdorwe is; ons bid U om in ons binneste 'n rein hart te skep deur u Heilige Gees, sodat U in ons kan kom woon en u Gees met ons gees kan getuig dat ons kinders van God is, erfgename van God en mede-erfgename van ons Here Jesus Christus. Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie. Verhef oor ons die lig van u aangesig, o Here, en sien ons aan in Jesus Christus, u geliefde Seun.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*Verberg u oog, die vlammelig wat oor*
*my sonde brand en speur deur al my lede.*
*Was weg, delg uit my ongeregtighede,*
*herskep my hart wat wegdwing uit u spoor.*
*Gee my opnuut, o HEER, 'n vaste gees,*
*dat ek nie só weer van u baan mag gly nie!*
*laat my voor U tog geen verstootling wees,*
*en neem u goeie Gees nie weg van my nie.*

*— Ps. 51:5.*

# 13 APRIL

*Maar die wat op die HERE wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie*
*—Jes. 40:31.*

Luister tog na my, Here, verhoor my gebed, want ek is hulpeloos en arm. Beskerm my, want ek is u troue dienaar, red my, want U is my God, op U vertrou ek. Wees my genadig, Here, ek roep die hele dag deur na U. Maak my bly, Here, ek hunker na U. U is goed, Here U vergewe my altyd weer. U is getrou teenoor die wat na U roep om hulp. Daar is geen God soos U nie, Here, niks kan met u werk vergelyk word nie. U het al die nasies gemaak, hulle sal voor U kom buig, Here, en aan u Naam die eer gee, want U is groot en doen magtige dade, U alleen is God, Leer my u pad, Here, ek wil wandel in u waarheid; leer my met toewyding dien. Met my hele hart sal ek U prys, Here my God, u Naam altyd eer.

AMEN.

VAN DAWID.
Ps. 86:1-5, 8-12.

*God van genade en sterk daarby,*
*aan U sal ek my loflied wy!*

*— Ps. 59:10b.*

# 14 APRIL

*Hoe lank nog, Here, voordat U ons te hulp hom? Ontferm U tog oor ons. Skenk ons elke dag u liefde in oorvloed, dat ons ons lewe lank mag juig en bly wees*
*— Ps. 90:13-14.*

Ewige, barmhartige God, U hou alle harte in u hande. Neem uit hulle weg alle vyandskap, alle haat en alle misverstand. Berei spoedig die weg tot vrede en versoening. Ons het straf vir ons sonde verdien, maar Here, keer U terug na ons toe. Hoe lank wil U wag? Erbarm U oor u knegte. Help ons, o God van ons heil, om u eer en om u Naam ontwil. Red ons en vergeef ons ons sondes. Ag Here, U is die hoogste in die hele wêreld, daarom staan die aarde ook vas sonder om te wankel. U is geduldig en groot van milddadigheid, daarom wag ons op U. Ons wil U ewig dank en u lof verbrei van geslag tot geslag.

AMEN.

GUSTAAF ADOLF VAN SWEDE.

*Sy arm ontbloot Hy uit die hoogte*
*en red hul siele van die dood.*
*Hy sorg vir hul by somerdroogte,*
*in sware tyd en hongersnood*
*In die grootste smarte*
*bly nogtans ons harte*
*op die HEER vertrou.*
*Hy, ons skild, Hy wyk nie,*
*en ons hulp beswyk nie*
*waar ons hart op bou.*

*— Ps. 33:10.*

# 15 APRIL

*En tot die ouderdom toe is Ek dieselfde, ja, tot die grysheid toe sal Ek julle dra; Ek het dit gedoen, en Ek sal julle opneem, en Ek sal dra en red*
*— Jes. 46:4.*

Moet tog nie ver van my af bly nie, o God, kom my tog gou te hulp, my God! Laat die wat my vals beskuldig, self in die ellende beland en vernietig word. Laat oor die wat my ondergang soek, net skande en mislukking kom. Ek, ek sal gedurigdeur bly hoop, ek sal U altyd weer loof. Sonder ophou sal ek van u verlossingswerk, van u reddingsdade bly praat, want hulle is meer as wat ek kan tel. Ek kom om u magtige dade te prys, Here my God, die verlossingswerk wat net U kan doen. U het my van jongs af onderrig, o God, en ek getuig nou nog van u kragtige dade. Nou dat ek oud en grys geword het, moet U my tog nie alleen laat nie, o God, dat ek nog aan die geslagte wat kom, kan vertel van u werk en u mag. U verlossingswerk, o God, is oneindig groot; groot is die dinge wat U gedoen het! Wie is soos U, o God?

AMEN.

VAN DAWID.
Ps. 71:12—19.

*Maar eewge vleuels sweef oor jou,*
*geruis van reusevlerke;*
*rondom jou is Gods ewige trou,*
*die harnas van die Sterke.*

*— Ps. 91:2b.*

# 16 APRIL

*Die beginsel van die wysheid is die vrees van die HERE, en kennis van die Heilige is verstand*
*— Spreuke 9:10.*

Ons Vader wat in die hemele is, ons stel ons *voor* u aangesig en ons vra U dat U ons wil gee wat ons, u kinders, nodig het; ons vind geen raad en daad in onsself nie, maar enkel deur u Gees. Wil ons verlig deur u Woord wat U ons alleen kan gee en U ons ook sal gee, sodat ons vas en seker en helder weet hoe ons U kan dien en die waarheid kan navolg wat in Jesus Christus vir hierdie wêreld aan die dag sal tree. Bewaar ons deur u hand en laat ons ook in wat ons ly, sterk word, sodat ons in ons harte nie vrees en angs nie, maar blydskap en geduld mag hê.

AMEN.

CHR. BLUMHARDT.

*Wie sou die troue HEER nie —*
*Hom wat sy gunste-ons bied —*
*met hooggestemde lied*
*by harp- en luitspel eer nie?*
*Hy maak weer los my bande,*
*Hy maak my tong weer vry;*
*ek roem sy dade Hy,*
*die werke van sy hande.*

*— Ps. 92:2.*

# 17 APRIL

*So spreek die HERE van die leërskare, die God van Israel: Neem hierdie briewe, hierdie koopbrief, die verseëlde een sowel as hierdie oopbrief, en sit hulle in 'n erdepot dat hulle baie dae kan bly bestaan*
*—Jeremia 32:14.*

Almagtige God, ons het hier op aarde die getuienis oor ons ewige saligheid in 'n erdepot; U roep ons om te hoop op die heerlike erfenis daarbo deur middel van die stem van 'n mens. Gee aan ons dan, ons bid U, dat ons nie op mense let wat U as dienare oor ons gestel het en in die versoeking raak om ons deur hulle van u grote trou te laat afbring nie. Gee dat ons op u ewige onveranderlikheid vertrou en nie twyfel of die ewige lewe ons miskien kan ontglip nie, al wil dit dikwels voorkom asof dit sal gebeur, totdat ons eindelik daar kom waar ons die ewige lewe sal hê in ons Here Jesus Christus.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Maar jy, my siel, swyg stil voor God*
*beskikker van jou lewe-en lot,*
*wat nooit sy woord ontrou sal wees nie.*
*God is my rots, 'n skans vir my,*
*Hy sal my voetstap veilig lei*
*ek hoef geen wankeling te vrees nie.*

*— Ps. 62:4.*

# 18 APRIL

*En nou, liewe kinders, julle moet in Hom bly, sodat ons almal niks te vrees sal hê wanneer Hy kom nie en by sy wederkoms nie beskaamd voor Hom sal staan nie*
*— 1 Joh. 2:28.*

Barmhartige God, hoe liefderyk en geduldig is U oor ons! U het my oë oopgemaak, sodat ek die verderf in my hart leer herken het. Daar is soveel wêreldgesindheid in my en rondom my. Rondom my vind ek dit in die mense wat my deur hulle sondige voorbeeld tot kwaad wil verlei. En so dikwels laat ek my verlei. Ek skaam my as ek dink aan die sondes wat my jonkheid bedryf het, toe ek, helaas, die sonde meer gedien het as U. Trek my af van die wêreldgesindheid, my God, en neem my hele hart in. Mag u Heilige Gees my heilig. Toon my die woestyn waarheen die sonde voer, sodat ek U kan liefhê en nie die wêreld nie. Dryf die liefde tot die wêreld uit my hart uit en plant u vrees in my.

AMEN.

J. F. STARCK.

*Dis nie die sonde-alleen wat roep om straf:*
*ek is in ongeregtigheid gebore,*
*en lê voor U in doemskuld gans verlore*
*al van die uur van my ontvang'nis af.*
*U eis is waarheid in my binnenst', HEER;*
*en ek is tot my wesensgrond toe skuldig!*
*Daal af in my verborge diepte-en leer*
*my daar u wysheid diep en menigvuldig.*

*— Ps. 51:3.*

# 19 APRIL

*Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot My bid, en Ek sal na julle luister. En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart*
*—Jeremia 29:12-13.*

Ons Vader wat in die hemele is, sien ons hart aan, ja, sien u Seun aan wat ons Voorspraak is. Versmaad tog nie die onvolmaakte gestamel van u kinders nie, maar verhoor ons wanneer ons tot U bid. En as U ons nie alles gee wat ons bid nie, gee ons dan tog die beste en wat vir ons nuttig en tot ons saligheid is. Laat die gebed ons hulp in die nood wees, ons geweer en wapen in vervolging, ons troos en genesing in siekte. En wanneer ons tong in die laaste dodelike nood nie meer kan spreek nie, hoor dan ons versugtinge en neem ons uit hierdie aardse tentwoning tot U en tot *die* menigte van *die* volmaakte regverdiges daarbo in die hemel.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*Ek roep. Tot God klim nou my bede.*
*Hy sal verlos. Hy gee my vrede.*
*By aand en môre-en middag hoor Hy:*
*Hy red my siel met sterke hand,*
*wanneer die stryd teen my ontbrand —*
*Met menigtes staan hulle teenoor my.*

*— Ps. 55:7.*

## 20 APRIL

*Maar Hy sê: "Nog gelukkiger is hulle wat die woord van God hoor en dit onderhou"*
*— Luk. 11:28.*

O hemelse Vader, u Woord is volmaak en bekeer die siel; 'n waaragtige getuienis van wat aan die eenvoudiges wysheid gee en die oë van die blindes verlig, 'n kragtige middel tot saligheid vir almal wat dit glo. Maar omdat ons van nature blind is en onbekwaam tot enige goed, en U ook niemand wil aansien wat nie ootmoedig en verslae van hart is en u Woord vrees nie, daarom bid ons U dat U ons duistere verstand wil verlig met u Heilige Gees en ons wil gee 'n sagmoedige hart waaruit alle verwaandheid en vleeslike wysheid wat vyandskap teen U is geweer word, sodat ons, as ons u Woord hoor, dit reg verstaan en ons lewe daarna inrig. Wil ook genadiglik bekeer almal wat nog van u waarheid afdwaal, dat ons almal saam U eendragtig mag dien in ware heiligheid en geregtigheid al die dae van ons lewe. Dit begeer ons alleen om Christus wil, wat ons geleer het om in sy Naam te bid en ook beloof het om ons te verhoor.

AMEN.

GEBEDE: GEREFORMEERDE KERK.

*Hoe salig is die volk wat luister na u woord,*
*hul wandel in die lig wat van U afstraal voort.*
*Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is,*
*die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is.*

*— Ps. 89:6a.*

# 21 APRIL

*Julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: "Abba!". Dit beteken "Vader"*
*— Rom. 8:15b.*

Vader in die hemel, ons loof en dank U vir die rus van die nag. Lof en dank vir die nuwe dag. Lof en dank aan U vir al u goedheid en trou in my vroeëre lewe. U het aan my baie goed bewys; laat my nou ook die swaar uit u hand aanneem. U sal my nie meer oplê as wat ek kan dra nie. U laat vir u kinders alles ten beste dien. Here Jesus Christus, U was arm en ellendig, gevange en verlate soos ek. U ken al die nood van die mense. U bly by my wanneer geen mens my bystaan nie. U vergeet my nie en soek my. U wil dat ek U ken en my tot U wend. Here, ek hoor u roepstem en volg U; wil my help. Heilige Gees, gee my die geloof wat my teen vertwyfeling bewaar en uit alle kwaad red. Gee my die liefde vir God en die mense wat alle haat en bitterheid verdryf. Gee my die hoop wat my bevry van vrees en angs.

AMEN.

DIETRICH BONHOEFFER.

*o Vader, laat u liefde-ons blyk;*
*o Seun, maak ons u beeld gelyk,*
*o Gees, send u vertroosting neer;*
*Drie-eenge God! U sy al d'eer.*

*— Skrifberyming 50:7.*

# 22 APRIL

*Want Ek sal hulle lot verander en My oor hulle ontferm*
*— Jeremia 33:26b.*

Ons dank U, almagtige God, dat U ons elke dag in die onderhouding van hemel en aarde 'n heerlike skoutoneel van u mag en wysheid, van u goedheid en trou bied. Ons bid U egter, leer ons om ons gees nog hoër te verhef tot die goeie wat daarbo op ons wag en waarop ons hoop. Gee dat ons te midde van alles wat wissel en onvas is in hierdie wêreld, ons hoop op U vestig. Laat ons in alles wat kan gebeur, die vaste versekerdheid hê dat U ons Vader is — en ons eenmaal die salige rus laat beërwe wat vir ons verkry is deur die bloed van u eniggebore Seun.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Geloofd sy God vir sy genade,*
*so wonderbaar en groot*
*aan my, sy gunsgenoot.*
*Sy oog slaan my in liefde gade;*
*Hy lei my na 'n veste*
*in veiliger geweste.*

*— Ps. 31:17.*

# 23 APRIL

*So moet julle bid: Ons Vader wat in die hemel is*
*— Matt. 6:9a.*

Ons Vader wat in die hemel is, met kinderlike vrees en vertroue kom ons tot U wat ons Vader deur Jesus Christus geword het, want ons glo dat U ons veel minder sal weier wat ons van U met 'n regte geloof bid, as wat ons aardse vaders ons aardse dinge ontsê. Gee dat ons van u hemelse majesteit nie aards sal dink nie, en van u almag alles wat nodig is vir liggaam en siel verwag, want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

AMEN.

HEIDELBERGSE KATEGISMUS
VR. 120, 121: ANTW.

*Loof God, loof sy Naam alom!*
*Loof Hom in sy heiligdom!*
*Loof die HEER se grote mag*
*in die hemel van sy krag!*
*Loof Hom om sy moëndhede,*
*om die menigvuldigheid*
*van sy mag en majesteit —*
*voor sy troon en hierbenede.*

*— Ps. 150*

# 24 APRIL

"*Wanneer julle bid, sê dan: "Vader, laat u Naam geheilig word;"*
*— Luk. 11:2a.*

Ons Vader wat in die hemel is, gee dat ons U reg ken en U in u werke waarin u almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid helder skyn, mag heilig, roem en prys. Gee dat ons ons hele lewe, ons gedagtes, woorde en werke so skik en rig dat u Naam om ons ontwil nie gelaster word nie, maar geëer en geprys word. Here, leer ons om só te bid: Laat u Naam geheilig word, want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

AMEN.

HEIDELBERGSE KATEGISMUS
VR. 122: ANTW.

*'k Sal met my ganse hart, o HEER,*
*U loof en eer,*
*u hoogheid huldig,*
*en voor die gode, -in psalmgeklank,*
*U bring die dank*
*aan U verskuldig.*
*Ek sal my neerbuig op u eis,*
*na u paleis, die oog na bowe.*
*En, om u guns en waarheid saam,*
*u heil'ge Naam eerbiedig lowe.*

*— Ps. 138:1.*

# 25 APRIL

*So moet julle bid: laat u koninkryk kom*
*— Matt. 6:10a.*

Ons Vader wat in die hemel is, regeer ons so deur u Woord en u Gees dat ons hoe langer hoe meer ons aan U onderwerp; bewaar en vermeerder u kerk; vernietig die werke van die duiwel en alle heerskappy wat hom teen U verhef, en verder ook alle bose planne wat teen u heilige Woord bedink word, totdat die volkomenheid van u ryk kom waarin U alles sal wees in almal. Here, leer ons om só te bid: Laat u koninkryk kom, want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

AMEN.

HEIDELBERGSE KATEGISMUS
VR. 123: ANTW.

*Die HEER is groot waar Sions top*
*hom wentel uit die dieptes op.*
*Hy is lofwaardig, waar verhewe*
*die berg en stad in songlans bewe,*
*en Sion teen die noorde*
*blink, bo die lof van woorde.*
*Daar waar in vlekkelose wit*
*die Koning van die wêreld sit,*
*het Hy, wat teen die vyand waak,*
*as Rotsburg Hom bekend gemaak. — Ps. 48:1.*

# 26 APRIL

*So moet julle bid: laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel*
*— Matt. 6:10b.*

Ons Vader wat in die hemel is, gee dat ons en alle mense ons eie wil versaak, om aan u wil, wat alleen goed is sonder enige teëspraak gehoorsaam te wees; sodat iedereen sy amp en beroep so gewillig en getrou mag beoefen en uitvoer as die engele in die hemel dit doen.

Here, leer ons om só te bid: Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde, want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

AMEN.

HEIDELBERGSE
KATEGISMUS VR. 124: ANTW.

*Vir u wette dra ek liefde,*
*vir die twyf'laars enkel haat.*
*HEER, U is my skild en skuiling,*
*en u woord my toeverlaat.*
*Weg van my, o boosgeaardes;*
*want dit maak my onrus stil:*
*om in my bedryf en handel*
*so te handel soos God wil.*

*— Ps. 119:42.*

# 27 APRIL

*So moet julle bid: Gee ons vandag ons daaglikse brood*
*— Matt. 6:11.*

Ons Vader wat in die hemele is, wil ons versorg met alles wat nodig is vir die liggaam, sodat ons daardeur erken dat U die enigste oorsprong is van al wat goed is, en dat ons sorg en arbeid sowel as u gawes sonder u seën ons nie tot voordeel kan strek nie, en dat ons dus ons vertroue van alle skepsele moet aftrek en op U alleen stel. Here, leer ons om só te bid: Gee ons vandag ons daaglikse brood, want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

AMEN.

HEIDELBERGSE KATEGISMUS
VR. 125: ANTW.

*Vergeefs om voordag op te staan,*
*vergeefs die werk-uur lank gemeet*
*en brood van smart met smart geëet,*
*nadat die dag al is gedaan.*
*God gee, hoe ander ook mag raap,*
*dit sy bemindes in die slaap.*

*— Ps. 127:2.*

# 28 APRIL

*So moet julle bid: en vergeef ons ons oortredinge soos ook die vergewe wat teen ons oortree;*
*— Matt. 6:12.*

Ons Vader wat in die hemel is, wil ons, arme sondaars, al ons misdade en ook die boosheid wat ons altyd aankleef, nie toereken nie ter wille van die bloed van Christus, soos ons ook hierdie getuienis van u genade in ons bevind dat ons ganse voorneme is om ons naaste van harte te vergewe. Here, leer ons om só te bid: En vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe, want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

AMEN.

HEIDELBERGSE KATEGISMUS
VR. 126: ANTW.

*Wie sal ons, van die skuldstraf vry,*
*van Christus en sy liefde skei?*
*Verdrukking, of vervolgingsnag?*
*Benoudheid wat ons hier nog wag?*

*— Skrifberyming 10:3.*

*Sien op ons in genade neer,*
*en maak ons werk voorspoedig weer;*
*skeld ons, na u barmhartigheid,*
*o HEER, ons skuld en misdaad kwyt.*

*— Skrifberyming 49:4.*

# 29 APRIL

*So moet julle bid: en laat ons nie in versoeking kom nie, maar verlos ons van die Bose — Matt. 6:13.*

Ons Vader wat in die hemel is, omdat ons in onsself so swak is dat ons nie een oomblik sou kan standhou nie, en daarby nog ons doodsvyande, die duiwel, die wêreld en ons eie vlees, nie ophou om ons aan te val nie, wil ons tog staande hou en versterk deur die krag van u Heilige Gees, sodat ons in hierdie geestelike stryd nie beswyk nie, maar altyd sterk teëstand kan bied, totdat ons eindelik vir goed die oorhand behou.

Here, leer ons om só te bid: En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose, want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

AMEN.

HEIDELBERGSE KATEGISMUS
VR. 127: ANTW.

*O my God ontferm U oor my*
*in my diepe ongeluk;*
*eensaam is ek — o verhoor my! —*
*gans ellendig en in druk.*
*Om my heen, aan alle kant,*
*is die skrik van duisend dode;*
*laat dan, HEER, U regterhand*
*my verlos uit al my node.*

*— Ps. 25*

# 30 APRIL

*So moet julle bid: Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen*
*— Matt. 6:13b.*

Ons Vader wat in die hemel is, ons bid dit alles van U, omdat U as ons Koning en as Almagtige die wil en die vermoë besit om ons alles wat goed is te gee, en dit alles, sodat daardeur nie ons nie, maar u heilige Naam ewig geprys sal word. Here, leer ons om só te bid: Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

AMEN.

HEIDELBERGSE KATEGISMUS
VR. 128: ANTW.

*Laat almal saam die HERE prys:*
*sy Naam alleen het hooggerys;*
*oor aarde-en hemel, ver en wyd,*
*sien ons sy glans en majesteit.*
*Hy wou die horing vol vermoë,*
*die glorie van sy volk verhoë:*
*Sing dan, o volk, met hoog geskal*
*die lofsang van die groot heelal.*

*— Ps. 148:5.*

# 1 MEI

*Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet*
*— Rom. 8:37.*

U verlossingswerk, o God, is oneindig groot; groot is die dinge wat U gedoen het! Wie is soos U, o God? U het talle benoude ervaringe oor my gebring, maar elke keer weer my lewe gered, my elke keer weggeruk uit die mag van die dood. Herstel my tog in my eer, verander my lot. Dan sal ek U met die harp loof vir u getrouheid, my God, saam met die lier sal ek sing tot u eer, Heilige van Israel. Ek sal jubel as ek tot u eer sing, omdat U my gered het. Ek sal die hele dag deur praat van u verlossingswerk, want die wat my ondergang soek, staan teleurgestel in hulle verwagting; hulle beland self in die ellende..

AMEN.

PSALM 71:19—24.

*Net soos die appel van die oog,*
*bewaar my so, Getroue-en Sterke!*
*Oordek my met u eewge vlerke,*
*met u bewaring aan omhoog;*
*sodat die skaar wat my omring het,*
*vergeefs na my sal soek, o God,*
*vergeefs sal jubel oor my lot*
*as hul al amper my bespring het.*

*— Ps. 17:4a.*

# 2 MEI

*Maar wat my aangaan, dit is vir my goed om naby God te wees.*

*Ek het die Here gekies as my toevlug! ek sal van al u werke bly vertel!*
*— Ps. 73:28.*

God, my God, U is my sterkte en my verwagting, my lied en my jubel. U is my lushof en verkwikkende water. In U vind en het ek alles. Wat ek buiten U soek en verlang, kan my weinig of geen nuttigheid gee nie. O het ek iets gehad wat ek U kan gee! Here, iets wat vir U welbehaaglik was! Maar as ek iets het wat ek U kan gee, dan was dit al uwe voordat ek dit vir U gegee het. Wat wil U hê, U wat niks behoef nie? Ek kan enkel myself aan U gee. Kyk, ek behoort aan U. In alles gee ek my aan U oor en ek prys U in ewigheid.

AMEN.

THOMAS À KEMPIS.

*Gods weg is gans volmaak soos Hy,*
*sy woord van al wat smet is, vry,*
*soos goud, gelouter sewemaal.*
*Hy is 'n skild van keurmetaal*
*vir almal wat op Hom vertrou.*
*Want wie's daar buiten U, o HEER!*
*U is die Rots, geen ander meer,*
*op wie ons altyd weer kan bou.*

*— Ps. 18:14.*

# 3 MEI

*Julle het na My nie geluister om 'n vrylating uit te roep elkeen vir sy broer en vir sy naaste nie; kyk, ek roep 'n vrylating uit — spreek die* H*ERE* ...
*— Jeremia 34:1*7.

Ons dank U, almagtige God, dat U ons deur u eniggebore Seun vrygekoop het uit die slawerny van die wêreld en die vreeslike tirannie van die duiwel en die dood. Ons bid U, gee dat ons U mag erken as ons Bevryder en ons heeltemal aan U toewy. Laat ons almal daarna strewe om die *een* die ander te dien in wederkerige hoogagting van broederlike liefdesdiens, sodat daardeur erken word dat U waarlik oor ons regeer en ons almal onder u heerskappy staan as die diensknegte van Jesus Christus, u Seun.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Laat Sions berg weerklink van vreug.*
*Laat Juda 's dogters hul verheug,*
*omdat Gods oordeel hul verbly het —*
*die oordeel wat sy volk bevry het.*
*Aanskou die stad met skanse.*
*paleise, toringtranse —*
*hoedat hul pryk met nuwe prag.*
*En meld dit aan die jong geslag:*
*Die God is onse God, en Hy*
*sal tot die dood toe ons gelei.*

*— Ps. 48:5*

# 4 MEI

*En Elisa het gebid en gesê: HERE, open sy oë, dat hy kan sien. En die HERE het die oë van sy dienaar geopen, dat hy kon sien, en meteens was die berg vol perde en waens van vuur rondom Elisa*
*— 2 Kon. 6:17.*

Ons Vader wat in die hemel is, U ken al ons angs en ongeloof in die stryd teen die vlees, die wêreld en die Bose. U weet ook van al ons neerlae. Ons bid U om 'n sterk en kragtige geloof. Verlos ons van onsself, die wêreld en die Bose. Help ons om altyd te onthou dat U, o Here Jesus Christus, die oorwinning behaal het oor die dood en die graf en dat U nou alle mag in die hemel en op die aarde het. Laat u Heilige Gees ons oë oopmaak, sodat ons u vurige waens en perderuiters sien wat ook ons beskerm in bange nood. Gee dan dat ons deur die geloof in U van krag tot krag voorwaarts gaan, totdat ons voete in Sion staan.
AMEN.
COENRAAD MEL.

*'n Son en skild is onse HEER:*
*Hy sal genade gee en eer,*
*want Hy word nooit sy woord ontrou nie;*
*Hy sal aan almal wat opreg*
*Hom dien en wandel in sy weg,*
*die goeie nimmermeer onthou nie,*
*Welsalig, HEER, wie op U bou,*
*aan U geheel hom toevertrou.*

*— Ps. 84:6.*

# 5 MEI

*Daarom kyk, Ek sal haar lok en haar in die woestyn lei en na haar hart spreek*
*— Hosea 2:13.*

Verlig my, o Heiland, met die glans van die innerlike lig en verdryf alle donkerheid uit die woning van my hart. Beteuel my rondswerwende gedagtes en verdryf alle versoekinge. Stry met krag vir my, o Here. Send u lig en u waarheid dat die mag lig oor die aarde — oor my, wat 'n woeste en ledige aarde is — en dat die my lei. Giet u genade uit van bo, verkwik my hart deur u hemelse dou. Rig my siel op wat neergedruk word deur die las van die sonde en rig my verlange na die hemelse. Maak my los van alle toevallige troos wat die geskapene gee, want geen skepsel kan my verlange stilmaak nie. Verenig my met U deur die band van liefde, want U is die enigste in wie hy wat U liefhet, vrede vind.

AMEN.

THOMAS À KEMPIS.

*My siel, wat treur jy nog verslae*
*en is onrustig in jou tot?*
*Berus slegs in Gods welbehae;*
*strek uit jou hoop na beter dae.*
*Verrys, herleef op sy gebod —*
*my redder is my God.*

*— Ps. 43:5.*

# 6 MEI

*Dan sal ons nie meer kinders wees nie. Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die Hoof*
*— Efes. 4:14a-15.*

O genadige, barmhartige God en Vader, ons dank U dat dit U behaag het om u genadeverbond op te rig met die gelowiges en hulle nageslag; 'n verbond wat U nie alleen deur die Heilige Doop verseël het nie, maar nog daagliks bevestig as U vir U lof berei uit die mond van hulle kinders, om so die wyse manne van hierdie wêreld beskaamd te maak. Ons bid U, vermeerder in hulle u genade, dat hulle in Christus, u Seun, gedurig toeneem en groei, totdat hulle die mate van die grootte van Christus in alle wysheid en geregtigheid verkry het. Gee ons ook u genade dat ons hulle in u kennis en vrees onderrig, soos U ons beveel het, totdat deur hulle godsaligheid die ryk van Satan verwoes word en die ryk van Jesus Christus versterk word, tot eer van u heilige Naam en tot hulle ewige saligheid, deur Jesus Christus, u Seun en ons Here.

AMEN.

GEBEDE: GEREFORMEERDE KERKE.

*Hul groei deur Gods genade:*
*hul bloei daar hoog en fris*
*waar God se voorhof is*
*in skone lofgewade.*

*— Ps. 92:6b.*

# 7 MEI

*En toe Jerusalem ingeneem is . . .*
*—Jeremia 39:1-10.*

O almagtige God, waar U so 'n verskriklike bewys in die verwoesting van die heilige stad gegee het — en dit was tog die stad van u verkiesing, die stad van u heilige tempel — gee dat ons leer om onsself aan U te onderwerp in waaragtige, ootmoedige gehoorsaamheid, sodat ons u toorn nie tot die uiterste verwek nie, maar dit afwend deur ernstige berou en, deur dreiginge verskrik, ons aan U onderwerp om van U barmhartigheid te verkry. Laat ons bemerk dat U ons Vader is en elkeen verhoor wat die toevlug tot U neem in Jesus Christus, ons Here.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*O HERE, God der leërskare,*
*verlos u volk uit doodsgevare;*
*dan sal ons U weer dien en eer.*
*0 Herder, lei, herstel ons weer,*
*verkwik, verlos ons deur die lig*
*wat afstraal van u aangesig.*

*— Ps. 80:10.*

# 8 MEI

"*Vader, Ek wil graag hê dat waar Ek is, Hulle wat U My gegee het, ook by My moet wees, sodat hulle my heerlikheid kan sien, die heerlikheid wat U My gegee het omdat U My al voor die skepping van die wêreld liefgehad het"*
*— Joh. 17:24.*

O my hemelse Vader, God en Vader van ons Here Jesus Christus, God van alle vertroosting: ek dank U dat U my u liewe Seun Jesus Christus geopenbaar het, in wie ek glo, wat ek in die wêreld bely het, wat ek liefgehad en geprys het, maar wat alle goddelose mense skandelik verag en belaster. Ek bid U, my Here Jesus Christus, laat my siel by U aanbeveel wees. O hemelse Vader, al moet ek ook hierdie liggaam verlaat en uit die lewe weggeruk word, dan weet ek tog seker dat ek ewig by U sal bly en dat niemand my uit u hande sal kan ruk nie. Amen. Vader, in u hande beveel ek my gees: U het my verlos, Here, getroue God.

AMEN.

MAARTEN LUTHER.

*Maar na die dood, dan rys die dag vir my.*
*God sal my red, Hy koop my siel dan vry.*
*Hy, die oorwinnaar in die laaste stryd,*
*neem my dan op in eewge heerlikheid.*
*Vrees nie, wanneer 'n man se skatte groei,*
*wanneer sy huis in waarde-en weelde bloei;*
*want by die grens daar staan die dood, die wagter;*
*die wys 'n graf, en — hy laat alles agter!*

*— Ps. 49:6.*

# 9 MEI

*Die HERE het aan my verskyn uit die verte: Ja, ek het jou liefgehad met 'n ewige liefde; daarom het Ek jou getrek met goedertierenheid*
*— Jeremia 31:3.*

My God, ek wil my heeltemal aan U gee; gee U my die moed daartoe; versterk my swak wil wat sug na U. Ek strek my arms uit; vat my met u hand. As ek geen krag het om my aan U oor te gee nie — trek my dan met koorde van u liefde. Here, aan wie sou ek toebehoort as ek nie u eiendom is nie? Wat 'n harde slawerny om aan jouself en aan jou begeertes onderworpe te wees! O ware wysheid waarin alleen die kinders van God hulle verheug en wat so onbekend in die wêreld is! Salig is hy wat U gevind het en U alleen soek waar U te vinde is. Duisendmaal gelukkig hulle wat in alles van God alleen afhanklik is.

AMEN.

F. DE LA MOTTE FENELON.

*Salig wie in hul opregtheid*
*wandel in die HEER se wet,*
*wie Hom soek van ganser harte*
*en op sy getuignis let.*
*Salig die wat in hul wandel*
*nie op onregspaaie gaan,*
*maar wil wandel op die weë*
*in Gods wet vir hul gebaan.*

*— Ps. 119:1.*

# 10 MEI

*Julle is inderdaad uit genade gered, deur die geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is die gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie*
*— Efes. 2:8-9.*

Almagtige, barmhartige God en Vader, ek bring U die lof en eer en dank dat U my so Vaderlik beskerm en staande hou, hoewel ek op baie maniere gesondig het teen u wil, genade en goedheid. Ek bid U, Here, my God, dat U my genadig wil wees en my al my misdade vergewe. Neem my en my slegte natuur aan, sodat ek van myself bevry mag word en my aan U oorgee deur 'n ware, lewende geloof en 'n brandende liefde. O Here Jesus, ek bid U, gaan my voor met u genade, lei my met u verlossende Woord, hou my op die regte weg in hierdie wêreld waarin mens lig verdwaal en allerlei gevare ontmoet, sodat die hemelse Vader deur my geëer, geprys en gedank word.

AMEN.

J. BUGENHAGEN.

*As hy in krankheid op die siekbed is,*
*gee God hom lafenis;*
*sy liggaamswee en alle ongeneug*
*verander Hy in vreug.*
*Daarom roep ek: Wil my genadig wees*
*en my, o HEER, genees!*
*Want, ag, ek weet die oorsaak van my wee:*
*ek het teen U oortree!*

*— Ps. 41:2.*

# 11 MEI

*Die Here sal vir my alles goed laat afloop. Aan u liefde, Here, is daar geen einde nie. Moet tog nie die werk van u hande laat vaar nie*
*— Ps. 138:8.*

Here, U was vir ons 'n toevlug van geslag tot geslag. Voordat die berge gebore is, voordat U die wêreld voortgebring het, ja, van ewigheid tot ewigheid is U God! U laat die mens sterwe: U sê net: "Word weer stof!" Duisend jaar is vir U soos gister as dit verby is, soos 'n enkele wagbeurt in die nag. U maak 'n einde aan 'n mens, hy gaan die doodslaap in. Hy is soos gras wat in die môre afgesny word: in die môre is dit nog groen, maar dit word afgesny en teen die aand is dit verlep en dit verdroog. Ons lewe maar sewentig jaar, of, as ons baie sterk is, tagtig, en die is vol swaarkry en leed. Dit is gou verby, ons vlieg na ons einde toe. Leer ons ons dae so gebruik dat ons wysheid bekom. Laat ons die goedheid van die Here ons God belewe: hou die werk van ons hande in stand, ja, die werk van ons hande, hou dit in stand. Amen.

AMEN.

GEBED VAN MOSES.
Ps. 90.v

*Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing,*
*en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring.*

*— Ps. 89:1a.*

# 12 MEI

*En hulle het Jeremia aan die toue opgetrek en hom uit die put uitgehaal*
*— Jeremia 38:13a.*

Aangesien die lewe van u diensknegte vir ons dierbaar moet wees, gee dan, o almagtige God, dat ons geen moeite ontsien nie en al ons kragte aanwend om mekaar oor en weer in die nood te help. Laat ons liefdediens aan u knegte so geskied dat al ons ywer, al ons toewyding en inspanning, in die laaste instansie aan U gewy word. Laat ons so in hierdie diens werksaam wees dat alles wat ons doen, op U gerig mag wees — totdat ons eindelik ná die stryd hier benede, die rus van u heerlike koninkryk ontvang wat U vir ons verwerf het deur die bloed van u eniggebore Seun.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*U behoort ek al my dae,*
*help u dienaar) goeie HEER!*
*Soek my heil; ek soek my lewe*
*in die waarheid van u leer.*
*Goddelose wil my ombring,*
*lê en loer en hou die wag,*
*maar ek let op hoë dinge,*
*'k gee op u getuig'nis ag.*

*— Ps. 119:35.*

# 13 MEI

*Die jonges word moeg en mal, en jongmanne struikel selfs; maar die wat op die HERE wag, kry nuwe krag: hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie*
*— Jesaja 40:30-31.*

O God, aangesien U liefde is en hy wat U en sy broeders nie liefhet nie, U nie ken nie, maar in die dood bly — verlos ons van onregverdigheid, afguns en haat; gee ons die genade om saam met ander te ly en te dra, soos U, o Here, in u geduld ons verdra. U sien al die lyde, die onreg en die ellende wat in hierdie wêreld heers. Ons bid U om medelyde te hê met die werk van u hande. Sien met ontferming neer op die armes, die verdruktes en almal wat vermoeid en belas is. Vervul ons harte met u Gees en verhaas die koms van u koninkryk van geregtigheid en waarheid.

AMEN.

EUGÈNE BERSIER.

*HEER, leer my u wet dat ek dit*
*tot die einde toe kan hou;*
*gee verstand en gee volharding,*
*dan bly ek daaraan getrou,*
*Laat my leef na u bevele —*
*niks wat my só kan behaag.*
*Neig my hart daartoe, maar nimmer*
*om na woekerwins te jaag.*

*— Ps. 119:11.*

# 14 MEI

*Here, U sien dwarsdeur my, U ken my. U omsluit my van alle kante, U neem my in besit — Ps. 139:1, 5.*

Almagtige God en hemelse Vader, ons dank U vir al die goeie waarmee U ons elke dag oorlaai, maar ook vir al die kwaad wat U van ons genadiglik afgewend het en vir alles wat U tot ons beswil laat geskied het. U het ons ook nog gesondheid geskenk. U het by al die moeilike arbeid ons u seën nie weerhou nie. Maar ons moet ook aan U, wat ons harte ken, ons sondes en swakhede bely. Hoe onvolkome is ons beste werke nie! Hoe traag is ons in die pligte van die Christendom! Hoe koel en onverskillig het ons die werk behartig waarvan ons saligheid afhang en ons meer bemoei met die wêreld as met die hemel. As U, o HERE, die sonde na reg wou gadeslaan, wie sou een enk'le stonde voor U, o HEER, bestaan? Ons soek van harte u genade, en laat, Here Jesus, u oneindige volmaaktheid ons gebrek vervul.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*Maar ék sal van U sterkte sing,*
*u goedheid vroeg my jubel bring:*
*U was my toevlug in die nag,*
*in angs het ek op U gewag.*
*God van genade-en sterk daarby,*
*aan U sal ek my loflied wy!*

*— Ps. 59:10.*

# 15 MEI

*Want Ek sal jou sekerlik laat vryraak, en jy sal deur die swaard nie val nie; maar jou siel sal vir jou 'n buit wees, omdat jy op My vertrou het, spreek die HERE*
*— Jeremia 39:18.*

Almagtige God, aangesien ons baie stryd moet deurstaan op aarde, gee ons die krag van u Heilige Gees, sodat ons moedig deur die vuur en die water gaan en ons altyd só onder u heerskappy stel dat ons, in volle vertroue op u bystand, sonder verskrikking die dood maar tegemoet gaan, en ook alle haat en alle vyandskap van die mense verdra — totdat ons die laaste oorwinning behaal het, en eindelik tot die salige rus kom wat u eniggebore Seun vir ons verwerf het deur sy eie bloed.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Die HEER verlig die harde juk*
*van wie hier sug in leed en druk;*
*maar Hy verneder die wat hoog*
*en ydel is van hart en oog.*
*My lamp brand in die donker uur;*
*God het my donker opgeklaar!*
*Met God storm ek 'n leërskaar!*
*en met Hom spring ek oor 'n muur!*

*— Ps. 18:13.*

# 16 MEI

*Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom*
*— Jes. 53:6.*

Here Jesus Christus, my enigste troos en hulp, U het my krankheid gedra en U is ter wille van my sonde gemartel. U, Lam van God, wat die sonde van die wêreld wegneem, wees U my regverdigheid, my heil, my verlossing. Genees my deur u lyde, laat u onskuldige bloed nie tevergeefs vir my vergiet wees nie. Neem u Heilige Gees nie van my weg nie, verlaat my nie in my laaste nood nie, maar help my en voer my tot die ewige lewe. Dink daaraan dat ek u arme skaap is en U my getroue Herder. Neem my op u arms en dra my tot binne u paradys wat vol van vreugde is en laat my u blye aangesig en u heerlikheid sien.

AMEN.

JOHANN ARNDT.

*"Ag, red my. HEER, na u beloftenis."*
*Toe 't God gehoor; Hy is my lofsang waardig;*
*Hy is die HEER wat goed is en regvaardig,*
*en vir sy volk groot van ontferming is.*

*— Ps. 116:3.*

## 17 MEI

*Toe het Ismael, die seun van Netanja, opgestaan en die tien manne wat by hom was, en hulle het Gedalja, die seun van Ahikam, die seun van Safan, met die swaard verslaan. So het hy hom dan gedood wat die koning van Babel oor die land aangestel het*
*— Jeremia 41:2.*

Almagtige God, gee dat ons ons toevlug tot U neem waar ons lewe deur ontelbare gevare bedreig word en ons uit u Woord leer wat selfs u troue en goeie diensknegte moes gely het. Gee dat ons ons heeltemal aan U toevertrou in die sekerheid dat U waak oor ons lewe en geen haar van ons hoof kan val sonder u verborge wil nie. Laat ons leer om U te bid om die gees van moed en van verstand. Wil U self ons voete rig. Self kan ons ons lewe nie bewaar vir alle vervolginge en vir die vyandskap van die wêreld nie. Laat ons, verborge in u trou en in u beskutting, ons aardse loopbaan voleindig, totdat ons tot die salige rus geraak wat vir ons daarbo wag deur Jesus Christus, ons Here.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Lei my in u geregtighede*
*om my verspieders-wil, en baan*
*die pad waarop my voel moet gaan.*
*O hoor my pelgrimsmôrebede:*
*Bewaak my skrede!*

*— Ps. 5:7.*

# 18 MEI

*"My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is*
*— 2 Kor. 12:9.*

Luister tog na my, Here, verhoor my gebed, want ek is hulpeloos en arm. Beskerm my, want ek is u getroue dienaar, red my, want U is my God, op U vertrou ek. Wees my genadig, Here, ek roep die hele dag deur na U Maak my bly, Here, ek hunker na U. U is goed, Here, U vergeef altyd weer, U is getrou teenoor die wat na U roep om hulp. Luister na my gebed, Here, gee tog ag op my smeekgebed. Op die dag van my nood roep ek na U, U sal my gebed verhoor. Daar is geen God soos U nie, Here, niks kan met u werk vergelyk word nie. U is alleen God. Leer my u pad, Here, ek wil wandel in u waarheid, leer my U met toewyding dien. Met my hele hart sal ek U dien, Here my God, u Naam altyd eer, want u liefde vir my was groot: uit die dieptes van die dood het U my gered.

AMEN.

VAN DAWID.
Ps. 86:1-8, 11-13.

*Sê aan my siel wat op U wag:*
*"Ek is jou heil en veil'ge krag. "*

*— Ps. 35:1b.*

# 19 MEI

*Jesus sê toe weer: "Kyk, Ek hom gou! Ek bring die loon saam met My om elkeen te beloon vir wat hy gedoen het"*
*— Openb. 22:12.*

Here, ons God, bewys ons die guns dat die werk van ons hande mag vorder en ons nie tevergeefs arbei nie. Laat ons in die werke van ons beroep niks vergeet wat gedoen moet word nie, maar alles wat ons hand vind om te doen, met alle mag verrig. Laat ons dan arbei terwyl dit dag is, want die nag kom wanneer ons nie meer kan werk nie. En, Here, wanneer ons eindelik ons lewensloop voleindig het, laat ons dan die getuienis agterlaat dat ons onsself as 'n dankoffer aan die Here toegewy het, en met 'n vry gewete teen die sonde en die duiwel gestry het om hierná in ewigheid saam met Jesus Christus oor alle skepsele te regeer.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*Laat ons u werk aanskou wat nooit beswyk nie!*
*Laat van ons kroos u heerlikheid nie wyk nie!*
*Laat oor ons aanlig al u lieflikhede!*
*En, HEER, verhoor ons in ons laaste bede:*
*Bevestig by die onguns van die tyd,*
*bevestig tog ons werk in ewigheid.*

*— Ps. 90:9.*

# 20 MEI

*Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word*
*—Joh. 14:13.*

Here, ons God, U wat die mense vrede gegee het en u Heilige Gees op u dissipels laat neerdaal het, toe U in u almag met tonge van vuur hulle mond oopgemaak het, ons vra U: Open ook ons sondige lippe en leer ons bid om die ware gawes soos dit behoort. Stuur ons lewensbootjie na U wat die veilige hawe is vir almal wat deur die storm rondgeslinger word. Wys ons die weg wat ons moet gaan. Vernuwe in ons binnenste die gewillige gees en bedwing met die teuel van u Gees ons vlietende gedagtes, sodat ons al die dae deur u goeie Gees gelei word tot wat goed is, sodat ons leer om u gebooie te hou en ons in u teenwoordigheid te verbly. Laat ons nie bedrieg word deur die ydele luste van hierdie wêreld nie. Versterk ons, sodat ons ons na die ewige goed uitstrek. Want aan U kom toe die lof en die eer onder al u heiliges in ewigheid.

AMEN.

BASILIUS.

*Ek sal met hart en mond, o HEER,*
*u roem verkondig en u eer;*
*U het in guns na my gebed*
*geluister en my uitgered,*
*sodat die man wat my bestry het,*
*nie oor my smart hom kon verbly het.*

*— Ps. 30:1.*

# 21 MEI

*Aan u beloftes hou ek vas, dit weerhou my van sonde teen U*
*— Ps. 119:11.*

Ons dank U, barmhartige God, vir die baie geestelike en liggaamlike verkwikkinge wat U vir ons geskenk het. Maar ons voel en bely met smart dat ons al u weldade onwaardig is. Gee dat ons die heerlike gawes van u Woord beter gebruik en trouer in ons hart bewaar en dat ons ook in voorspoed daarna verlang. Want helaas, dikwels is dit eers die smart wat ons dring om na die troos van u Woord te vra. Mag u goeie Gees ons lei tot die lewensbron en ons leer om steeds meer heil en seën daaruit te put. Here, hou ons voortdurend in u Vaderhoede. Laat ons rus in u genade. Vergeef ons ons sonde om Christus ontwil.

AMEN.

J. H. GUNNING.

*Sy ordening, die was voor my,*
*ek het sy woord getrou gebly.*
*Ek was opreg van hart voor Hom*
*en wou op onregspad nie kom;*
*sodat die MEER, sy trou tot prys,*
*en na die reinheid van my hand,*
*sy woord gegee het as my pand*
*en my my reg het toegewys.*

*— Ps. 18:11.*

# 22 MEI

*Maar toe hulle binne-in die stad kom, het Ismael, die seun van Natanja, hulle gedood en in die put gegooi, hy en die manne wat by hom was*
*— Jeremia 41:7.*

Ons weet dat hierdie wêreld vol goddelose mense is en dat vyande ons van alle kante omring. Daarom bid ons U, o almagtige God, laat ons leer om ons toevlug by u trou te soek en verborge te wees onder die skaduwee van u vleuels. Laat ons alleen van U ons verlossing verwag. Gee ons, by alles wat oor ons kom, die sekerheid dat u voorsienigheid ons lei in lewe en sterwe en dat alle dinge meewerk tot ons heil. Laat ons so deur nood en ongelukke, ja, dwarsdeur moord en doodslag heendring, totdat ons die salige rus ontvang wat u eniggebore Seun vir ons verwerf het deur sy eie bloed.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Hy is 'n toevlug in die nood,*
*Hy is 'n hulp oneindig groot.*
*Hy maak hul van die vyand vry,*
*hul skuil by Hom, Hy's hul naby.*

*— Ps. 37:25.*

# 23 MEI

"*Wees dan volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is*"
*— Matt. 5:48.*

Here, maak van my 'n instrument van u vrede,
dat ek liefde mag bring waar haat heers,
eendrag waar onenigheid heers,
hoop waar wanhoop heers,
blydskap waar droefheid heers.
Gee, Here, dat ek nie soek
om getroos te word nie,
maar om te troos,
nie om begryp te word nie, maar om te begryp,
nie om te ontvang nie, maar om te gee.
Want wie gee, ontvang;
wie homself vergeet, vind;
wie vergeef, sal vergifnis ontvang.

AMEN.

FRANCISCUS VAN ASSISI.

*Leuens haat ek; in u wette*
*is my lus en liefde-altyd:*
*en die ganse dag deur sing ek*
*lof op u geregtigheid.*
*Vrede is daar, enkel vrede,*
*en dit daal in die gemoed*
*van wie u bevele liefhet,*
*vrede sonder teëspoed.*

*— Ps. 119:59.*

# 24 MEI

*Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God in die toekoms sal laat aanbreek nie*
*— Rom. 8:18.*

O Here, ons dank U dat U ons net soos die kinders van Israel langs Mara na Elim voer. Eers Mara — dan Elim. Eers die water wat ons nie kan drink nie, omdat dit so bitter is. En dan die waterfonteine en die palmbome, waar dit so goed is om ons te gaan neervly. Here, gee ons dan nie alleen Mara nie, maar ook nie net Elim nie. Eers Mara — altyd weer: eers Mara. En gee dan dat ons nie murmureer omdat die water so bitter is nie. Gee dat ons bedink dat ons op pad is na Elim en dat Elim juis daarom so heerlik is, omdat dit ná Mara kom. Leer ons om te sien dat die vernaamste bestanddeel van die heerlikheid van Elim die bitterheid van Mara is.

AMEN.

G. J. A. JONKER.

*Laat, aardse volke-en wêreldmagte,*
*vir Isr'els God jul lofsang hoor;*
*want Hy het nie in lydensnagte*
*ons voet laat uitgly uit die spoor.*
*U het ons in vergange tye,*
*o HEER, getugtig en bedroef,*
*en ons gelouter deur die lye*
*nes silwer deur die vuur beproef.*

*— Ps. 66:4.*

# 25 MEI

*En Ek sal hulle een hart gee, en 'n nuwe gees in hulle binnenste gee; en Ek sal die hart van klip uit hulle vlees verwyder en hulle 'n hart van vlees gee*
*— Eseg. 11:19.*

O Here, neem hierdie hart van klip en gee my 'n hart van vlees en bloed: 'n hart om U lief te hê en te eer, 'n hart om my in U te verbly, om U na te volg en om U te behaag, om Christus ontwil.

AMEN.

AURELIUS AMBROSIUS.

*Hoe lieflik is u woning, HEER*
*der leërskare! Hoe begeer*
*my siel en hunker van verlange*
*om na Gods woning op te gaan*
*en in u tempelpoort te staan*
*met jubelende lofgesange.*
*My hart en vlees, o God, roep luid*
*tot U wat leef, verlangend uit.*

*— Ps. 84:1.*

# 26 MEI

*Maar aan die einde van die dae sal Ek die tot van Moab verander, spreek die Here*
*— Jeremia 48:47a.*

U het u barmhartigheid eenmaal gewend tot diegene wat as heidene ver van U vervreemd gelewe het om aan die volk van u verkiesing, aan die kinders van Abraham, hoop op die saligheid te gee. Daarom bid ons U, o almagtige God, laat ons ook op die baie bewyse van u goedheid let wat U aan die goddelose en onwaardiges bewys. Laat ons daaruit die vaste sekerheid put dat U ons steeds genadig is, ook wanneer ons in groot ellende verkeer. Ja, U het ons tot die volk van u eiendom uitverkies en beloof dat U steeds ons God en Vader sal wees in Jesus Christus, ons Here.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Geseënd sy bo alle dinge*
*die eewge God en Vader!*
*Hy het in die hemel seëninge*
*vir ons in Christus toeberei.*
*Na die besluit uit Hom gebore*
*en ewig in sy wese vas,*
*het Hy in Christus ons verkore*
*voordat daar tyd of wêreld was.*

*— Skrifberyming 24:1.*

# 27 MEI

*Want Ek verkwik die vermoeide siel en elke kwynende siel versadig Ek*
*— Jeremia 31:25.*

Here Jesus Christus, ek word gekwel deur lyde en ek het 'n geneesheer nodig en ek sê met verlange en met verwagting tot U: O Jesus, kyk hoe diep is my wonde. U is die geneesheer, ek roep tot U uit die diepte van my ellende. Uit genade roep U, Here, almal tot U wat vermoeid en belas is om hulle van hul laste te bevry. Kom dan self tot my, lê u hande op my, wend van my af wat my beswaar, maak my vry van my sondes, sodat ek U sal wil dien. Here, ontferm U oor my.

AMEN.

GOTTFRIED ARNOLD.

*My God, U het my op my klag*
*genees, en al my smart versag;*
*U het my siel, deur angs beroer,*
*diep uit die graf weer opgevoer,*
*U het my om die wederstrewer*
*nie aan die grafkuil oorgelewer.*

*— Ps. 30:2.*

# 28 MEI

*Leer my u pad, Here, ek wil wandel in u waarheid; leer my U met toewyding dien*
*— Ps. 86:11.*

Here en Heiland, leer ons arme mense om ons in ootmoed voor U te buig. Laat ons in ons ellende sien hoe ons U nodig het. Leer ons om U te soek met ons hele hart en laat ons U vind. Help ons in al ons nood, in die grote en in die kleine. Neem ons skuld weg en verander ons siel en sinne, wil en gedagtes. Skep in ons, o God, 'n rein hart en vernuwe in die binneste van ons 'n vaste gees. Gee dat die saligheid steeds nader aan ons mag kom. Gee dat by ons die laaste beter mag wees as die begin en maak die allerlaaste die allerbeste. Laat ons, ná al die donker, u heerlikheid aanskou en met al die gelowiges U ewig dank en prys vir al u wonders van genade.

AMEN.

W. RUDIN.

*U sal my siel nie oorgee in die dood,*
*my pad buig op langs skone heuwelrye.*
*U sal nie toelaat dat u gunsgenoot*
*verderwing sien in donker doodsvalleie.*
*By U is ewig vreug-en volle vrede,*
*en in u hand 'n snoer van lieflikhede.*

*— Ps.16:5.*

# 29 MEI

*"Nog 'n klein rukkie, dan sien julle My nie meer nie; en weer 'n klein rukkie dan sal julle My weer sien. " "Ek gaan na die Vader toe"*
*—Joh. 16:16, 17a.*

Grote God, van U het alles gekom wat ons het en is. Daarom kom aan U alleen lof en prys toe tot in ewigheid. Maar ons is gaste en vreemdelinge soos ons vaders. Ons lewe op aarde is soos 'n skaduwee; maar U, o God, is ons doel. Wanneer al hierdie aardse verbygegaan het, is U daar, die Ewige! Wees vir ons Die Een in wie ons ten slotte kan rus. Trek ons tot U en verenig ons met U. Laat ons, Vader, deur u Gees gemeenskap met U hê en met u Seun, Jesus Christus. Heers met u genade en waarheid oor ons. En lei ons lewensloop so dat ons ten slotte opgeneem word in die heerlikheid van die hemelse Vader.

AMEN.

M. F. ROOS.

*Laat almal juig met blye galme;*
*sing voor die HEER jul vreugdepsalme;*
*beroem jul in sy heil'ge Naam.*
*Laat almal wat Hom soek, nou saam*
*hul hart verenig tot sy eer*
*en hul verlustig in die HEER.*

*— Ps. 105:2.*

# 30 MEI

*Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle*
*— 1 Petr. 5:7.*

Drie-enige, ewige God, ek dank U vir u voortdurende bewaring en vertroosting. Ek vertrou aan U my toekoms. U het alle mag en U het my tallose bewyse gegee van u trou. Ek vertrou my toe aan U met al wat myne is. Wil Uself die begin en die einde wees van alles wat ek my voorneem en laat my werk tot u eer en tot heil van my naaste wees. Wend van my af die verwoestende mag en invloed van sondige mense; laat my getrou werk in u wingerd as 'n gehoorsame werktuig van u genade. Laat geen selfversekerdheid en huigelary in my hart kom nie. Skenk my 'n blye gemoed in ooreenstemming met u wil. Laat u liefde my steeds oorskadu; laat u genadeson nie ondergaan nie, maar altyd oor my skyn van die begin tot die einde, in Christus Jesus, ons Here.

AMEN.

GOTTFRIED ARNOLD.

*Laat al die volke-uit wydste kringe*
*aan Hom hul dank bewys*
*vir matelose seëninge,*
*en Hom gelukkig prys —*
*Klim op, my lof, na hoër sfere!*
*van bowe kom die seën:*
*want Israels God — aan Hom die ere!*
*doen wonders, Hy alleen.*

*— Ps. 72:10.*

# 31 MEI

*Die Woord het mens geword en onder ons hom woon. Ons het sy heerlikheidgesien, die heerlikheid wat Hy, as die enigste Seun, van die Vader het, vol van genade en waarheid — Joh. 1:14.*

Ek glo in een God, die almagtig Vader die Skepper van hemel en aarde, van alle sienlike en onsienlike dinge. En in een Here Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, gebore uit die Vader voor alle eeue; God uit God, lig uit lig, waaragtige God uit waaragtige God, gebore, nie gemaak nie, van dieselfde wese met die Vader, deur wie alle dinge gemaak is. Wat ter wille van ons, mense, en ons saligheid neergekom het uit die hemel en vlees geword het deur die Heilige Gees uit die maagd Maria, en mens geword het; ook vir ons gekruisig is onder Pontius Pilatus, gely het en begrawe is; en op die derde dag opgestaan het volgens die Skrifte, en opgevaar het na die hemel; wat sit aan die regterhand van die Vader, en weer sal kom met heerlikheid om te oordeel die lewende die dode, wie se ryk geen einde sal hê nie. En in die Heilige Gees, wat Here is en lewend maak, wat van die Vader en die Seun uitgaan, wat saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik word, wat gespreek het deur die profete. En een, heilige, algemene en apostoliese Kerk. Ek bely een doop tot vergiffenis van die sondes, en ek verwag die opstanding van die dode, en die lewe van die toekomstige eeu.

AMEN.

GELOOFSBELYDENIS VAN NICEA.

*My hart, ontroer deur mymering,*
*sal lieflik van 'n Koning sing.*
*My tong, deur digvuur aangedryf,*
*is soos 'n pen wat vaardig skryf.*

*— Ps. 45:1.*

# 1 JUNIE

*HERE, wees ons genadig, op U wag ons; wees hulle arm elke môre, ja, ons verlossing in die tyd van benoudheid!*
*— Jesaja 33:2.*

Ek sien na U op,
U wat uit die hemel heers.
Soos die oë van 'n slaaf
gerig is op die hand van sy eienaar,
soos die oë van 'n slavin
gerig is op die hand van haar eienares,
so is ons oë gerig op die-Here ons God,
totdat Hy Hom oor ons ontferm.
Ontferm U oor ons, Here, ontferm U oor ons, want ons het meer as genoeg veragting gehad, meer as genoeg spot van oormoedige mense, veragting van hovaardiges.

AMEN.

PSALM 123.

*Wees ons, o HEER, wees ons genadig*
*en seën ons by owervloed;*
*U aanskyn, laat die weer weldadig*
*ons koester met sy liefdegloed*
*dat vir verste volke*
*deur ontslote wolke*
*kennislig kan breek;*
*nasies met verblyding*
*van die blye tyding*
*in hul land kan spreek!*

*— Ps. 67:1.*

# 2 JUNIE

*In die dae en in die tyd, spreek die HERE, sal die kinders van Israel kom, hulle met die kinders van Juda saam; onder geween sal hulle voorttrek en die Here hulle God soek*
*— Jeremia 50:4.*

Aangesien ons nie ophou om deur ons baie en swaar sondes u toorn daagliks teen ons te ontsteek nie, bid ons U, o almagtige God, dat U ons die kloeke moed wil gee om tog ons toevlug tot u barmhartigheid te neem. Wanneer dit ook mag voorkom asof U ons 'n oomblik wil verlaat, verleen ons die genade dat ons die hoop nie opgee nie, die hoop wat sy vaste grond het in u ewige Woord. Laat ons met volle vertroue op grond van ons Middelaar, wat gekom het om sy lewe as 'n losprys vir baie te gee, U as ons Vader aanroep. Ag, laat ons merk dat U werklik ons Vader is en wek in ons die sterk verlange na die hemelse erfenis wat vir ons verwerf is deur die bloed van u Seun.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*My erfdeel is op aarde skoon vir my;*
*die meetsnoer val in plekke lief en lustig.*
*Ek loof die HEER wat deur sy raad my lei;*
*selfs in die nag as alles sluimer rustig,*
*dan wek opnuut my niere die verlange*
*om God te dank in stille lofgesange.*

*— Ps. 16:3.*

# 3 JUNIE

*"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag"*
*— Mark. 12:30.*

Gee my, o Here, 'n waaksame hart, sodat geen oorhaastige gedagte my van U vervreem nie; gee my 'n edele hart wat deur geen onwaardige gevoelens neergehaal word nie; gee my 'n regskape hart wat nie afdwaal van die goeie weg deur twyfelagtige oogmerke nie; 'n vaste hart wat nie deur ongemak en hindernisse verbreek word nie; 'n vry hart wat nie in die net van hartstogte raak nie. Gee my, o Here, 'n verstand wat U ken, ywer wat U soek, 'n wysheid wat weet om U te vind, 'n lewe wat U behaag, 'n volharding wat U met vertroue aanhang en 'n vertroue wat U eindelik mag besit.

AMEN.

THOMAS VAN AQUINO.

*Vriend is ek van al u vriende,*
*met hul in u waarheid één;*
*leer my, HEER, wat met u goedheid*
*dring deur wêreldwydtes heen;*
*maar wat ook na u beloftes*
*aan u kneg het wel gedaan.*
*Gee my insig, gee my kennis*
*en 'n hart om te verstaan.*

*— Ps. 119:22.*

# 4 JUNIE

*Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het ek jou geken, en voordat jy uit die liggaam voortgekom het, het Ek jou geheilig*
*— Jeremia 1:5.*

Here, U sien dwarsdeur my, U ken my. Of ek sit of opstaan, U weet dit, U ken my gedagtes nog voordat dit by my opkom. Of ek reis en of ek oorbly, U bepaal dit, U is met al my paaie goed bekend. Daar is nog nie 'n woord op my tong nie of U, Here, weet wat dit gaan wees. U omsluit my van alle kante, U neem my in besit. Die wete oorweldig my, dit is te hoog vir my begrip. Waarheen sou ek gaan om u Gees te ontvlug? Waarheen sou ek vlug om aan u teenwoordigheid te ontkom? Klim ek na die hemel, is U daar, gaan lê ek in die doderyk, is U ook daar. Vlieg ek na die ooste, of gaan woon in die verre weste, ook daar lei u hand my, hou u regterhand my vas. Ek sou die duisternis kon vra om my weg te steek, of die lig rondom my om my in nag te verander, maar vir U is selfs die duister nis nie donker nie en die nag so lig soos die dag, duisternis so goed soos lig.

AMEN.

VAN DAWID.
Ps. 139:1-12.

*Salig wie tevore*
*deur Hom is verkore*
*as sy erf en lot;*
*wie so hoog geëer is,*
*dat die HEER húl HEER is*
*en die God hul God.*

*— Ps. 33:6b.*

# 5 JUNIE

*En laat julle harte nie week wees, sodat julle bevrees word by die tyding wat in die land gehoor word nie, as daar 'n tyding kom in die een jaar en daarna 'n tyding in 'n ander jaar, en daar geweld is in die land, heerser teen heerser*
*— Jeremia 51:46.*

Almagtige God, ons dank U dat U ons waardig geag het om lidmate van u kerk te wees. U het ons beloof dat U u kerk sou verlos; ja, U het hierdie belofte reeds vervul in Jesus Christus, u eniggebore Seun. Ons bid U, laat ons in elke stryd en alle aanvegtinge geduldig volhard in die sekerheid dat U ons geloof wil beproef. Laat ons die stryd onder die kruis standvastig voer, totdat alle beproewinge oorwin is en ons eindelik tot die ewige heerlikheid sal ingaan, waar ons sal ervaar dat U werklik ons Verlosser is, in Christus, ons Here.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Nou bring die tyd in volheidskringe*
*die vrug van Gods geheimenis —*
*tot Christus Hoof van alle dinge*
*op aarde-en in die hemel is.*
*In Hom is dit dat ons verkry het*
*die erfdeel ons verordineer,*
*wat God se wil ons voorberei het,*
*die wil wat alles hier regeer.*

*— Skrifberyming 24:5.*

## 6 JUNIE

*Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot My bid, en ek sal na julle luister. En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart*
*—Jeremia 29:12-13.*

Ons Vader, sien ons hart aan, ja, sien u Seun aan wat ons Voorspraak is. Versmaad tog nie die onvolmaakte gestamel van u kinders nie, maar verhoor ons wanneer ons tot U bid. En as U ons nie alles gee wat ons bid nie, gee ons dan tog die beste en wat vir ons nuttig en tot ons saligheid is. Laat die gebed ons hulp in die nood wees, ons geweer en wapen in vervolging, ons troos en genesing in siekte. En wanneer ons tong in die laaste dodelike nood nie meer kan spreek nie, hoor dan ons versugtinge en neem uit hierdie sterflike tent ons vlugtende siel tot U en tot die menigte van die volmaakte regverdiges in die hemel.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*Ek roep. Tot God klim nou my bede.*
*Hy sal verlos. Hy gee my vrede.*
*by aand en môre-en middag hoor Hy:*
*Hy red my siel met sterke hand*
*wanneer die stryd teen my ontbrand —*
*Met menigtes staan hul teenoor my.*

*— Ps. 55:7.*

# 7 JUNIE

*'n Riet wat geknak is, sal Hy nie afbreek nie en 'n lamppit wat rook, nie uitdoof nie totdat Hy die reg van God laat seëvier het*
*— Matt. 12:20.*

O grote, onnaspeurlike, heilige God, ek arme sondige mens kom tot U en bely dat ek troueloos was en die verbond verbreek het wat U in u groot liefde en genade met ons opgerig het. Ek het U verloën. Sonder U het ek geen krag nie. Ek roep U aan om u hulp, want U is my enigste toevlug en in my siel is nog 'n sprank van geloof en vertroue op U. Blaas op die swak sprankie van geloof, sodat ek reg begin om te honger en te dors na U. U leer my wat ek moet doen om heeltemal aan U te behoort. Buig my wil na u wil. Laat my met U verbind bly en laat my nie los nie.

AMEN.

JACOB BÖHME.

*'n Wonder vir wie my aanskou het,*
*was ek, want inderdaad*
*was U my toeverlaat*
*oor wie ek roem, op wie'k vertrou het.*
*My loflied tot u ere*
*sal nie verstom, o HERE.!*

*— Ps. 71:5.*

# 8 JUNIE

*Iemand wat in Hom bly, hou nie aan met sondig nie; iemand wat aanhou sondig, het Hom nie gesien nie en ken Hom nie*
*— 1 Joh. 3:6.*

O genadige en liefderyke Here Jesus Christus, hoe sondig is my lewe nie in vergelyking met u heilige lewe.' U wat lankmoedig van hart is, vergeef my my sondes en slaan my misdade nie gade nie. U wat my toeverlaat, my liefde, my hoop, my eer en roem is: u lewe was immers niks anders as liefde, sagmoedigheid en nederigheid nie. Laat my een in gees en siel met U wees, sodat ek mag wandel soos U. Is U my lig, skyn dan in my; is U my lewe, leef dan in my; is U my vreugde, verheug U dan in my. Is ek u woning, neem my dan heeltemal in besit. U wat die ewige weg is, wil U my lei; U is die ewige waarheid, wil U my leer; U is die ewige lewe, wil U my verkwik. U, volmaakte beeld van God, vernuwe daagliks my liggaam, siel en gees na u beeld, sodat ek volmaak mag wees soos U.

AMEN.

JOHANN ARNDT.

*Laat die sonde-oor my nie heers nie.*
*Hou my voetstap in u spoor.*
*Red my van die onderdrukkers;*
*gaan my met u heilig voor!*

*— Ps. 119:49a.*

# 9 JUNIE

*"Waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie. Die gees i sgewillig, maar die vlees is swak"*
*— Matt. 26:41.*

O goeie Here Jesus Christus, trek ons swakkes tot U, want as U ons nie trek nie, kan ons U nie volg nie. Gee ons 'n sterk gees wat gewillig is om met u hulp U te volg, hoe swak die vlees ook is. Want sonder U is ons nie in staat om iets te doen nie — allermins om vir U die dood in te gaan. Gee ons 'n gewillige gees, 'n onverskrokke hart, 'n vaste hoop, sodat ons om u ontwil geduldig ly en met blydskap hierdie lewe kan verlaat.

AMEN.

JOHANNES HUSS.

*Dit is die HEER wat my gesterk het.*
*Hy is my lied, my psalmgesang;*
*Hy was dit wat my heil bewerk het,*
*dus loof ek Hom my lewe lang.*
*Ek hoor alom die blye galme*
*van vromes ná die lydensnag;*
*hul tent weerklink van dankb're psalme:*
*Gods regterhand doen grote krag.*

*— Ps. 118:7.*

# 10 JUNIE

*Ons staan beskaamd, want ons het smaadwoorde gehoor, skande het ons aangesig bedek; want vreemdes het gekom oor die heiligdomme van die huis van die HERE*
*— Jeremia 51:51.*

Aangesien U vandag u aangesig vir ons bedek, o almagtige God, verleen ons dan genadiglik dat die jammerlike verdeeldheid waarin ons ons bevind ons geloof nie laat wankel en u goedheid en genade nie verdonker nie. Laat ons in die digte duisternis verlig word deur u krag en bokant hierdie wêreld opgehef word, sodat ons dapper stry en nie twyfel dat U eindelik eenmaal die wraaknemende Regter en Verlosser van u kerk sal wees nie, wat nou in so 'n groot nood is, totdat ons tot die volle saligheid kom daarbo in die hemel, deur Christus, ons Here.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Gods werk, eers eind'loos hoog verhewe,*
*daal op 'n aarde-in sonde oud,*
*sodat nou uit ons donker lewe*
*sy lof kan opstyg duisendvoud.*
*In toebereide harte-en ore,*
*van volk tot volk, van oord tot oord,*
*ruis nou — 'n mensheid word herbore! —*
*die nuwe reddingsboodskap voort.*

*— Skrifberyming 24*

# 11 JUNIE

*Dan sal jou lig deurbreek soos die dageraad en jou genesing skielik uitspruit; en jou geregtigheid sal voor jou uit gaan, die heerlikheid van die HERE sal jou agterhoede wees — Jes. 58:8.*

Gee tog ag op my geroep, Here, gee insig soos U beloof het. Luister tog na my smeekgebed, red my volgens u belofte. Die lof sal oor my lippe stroom, want U leer my u voorskrifte. Ek sal u woord besing, want u gebooie is regverdig. Help my tog altyd, want ek stel u bevele eerste. Ek smag na u hulp, Here, in u wet het ek my vreugde. Laat my lewe dat ek U kan loof, laat u bepalings my steun wees. As ek sou ronddwaal soos 'n skaap wat weggeraak het, soek my dan, want u gebooie het ek nie verontagsaam nie.

AMEN.

PSALM 119:169-176.

*Ek het U hartlik lief, o Heer!*
*U is my sterkte en teëweer.*
*Die HEER'S my rots, my vesting sterk,*
*my redder wat my heil bewerk,*
*my rots wanneer die stormwind huil,*
*my vesting op die bergkrans steil,*
*by wie ek vas en veilig skuil.*

*— Ps. 18:1.*

# 12 JUNIE

*"Ek is die goeie herder. Ek ken my skape, en my skape ken My — en Ek lê my lewe qf vir die skape"*
*— Joh. 10:14—15b.*

Ons dank U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U ons geroep het om te lewe tot u eer — soos 'n skaap in u weide; dat U ons gebore laat word het in die skoot van u kerk, en u dierbare Woord en die heilige sakramente gegee het — wat duisende ander nie het nie. Hoe baie Christene lê op siekbeddens en in benoudheid en kan nie tot u voorhowe kom nie! Hoe baie siele vertrek elke oomblik na die ewigheid! Maar U het ons, o genadige God, nog gespaar, gesondheid en kragte gegee vir ons lewenstaak, sodat ons elke dag nuwe blyke van u onwaardeerbare liefde ontvang — waarvoor ons U wil toebring die lof, die dank en aanbidding.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*Sagmoediges sal aansit saam met my;*
*dié wat God soek, sal dan sy Naam bely.*
*Vir hul sal God áltyd sy dis berei.*
*Versprei die tyding:*
*"Die volke sal, in altyd voller wyding,*
*tot God hul keer;*
*hul kom, die mensgeslagte*
*en konings met hul koninklike wagte*
*om Hom te eer".*

*— Ps. 22:11.*

# 13 JUNIE

*Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is*
*— 2 Kor. 3:18.*

O Jesus, in wie ons die goddelike waarheid en die ewige lig mag sien, verlig my wat in die duister en in die skaduwee van die dood sit. Lei my voete op die pad van vrede. Laat u genade uitstroom en op my dorre siel val. As U my nie bewaar nie, word ek niks. U is tog die Woord van God waardeur alles gemaak is. Laat my u stem hoor waardeur die dode opgestaan het en siekes genees geword het, sodat my gees gesond mag word en opstaan en jubel voor U. Laat my gees wees soos 'n helder spieël wat u goddelike gestalte weerspieël. Ek het U lief en wens om U steeds meer lief te hê. Help my om U te bemin. Here, ek vra U dat U in u goedheid my wil verbind met U, sodat ek een met U mag wees en ewig rus in U.

AMEN.

JOHANN TAULER.

*God het ek lief, want die getroue HEER*
*hoor na my stem uit vrye welbehae;*
*ek roep Hom aan in al my lewensdae.*
*Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.*

*— Ps. 116:1.*

# 14 JUNIE

*U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad*
*— Ps. 119:105.*

O barmhartige God, hemelse Vader, aangesien u Woord 'n lamp is vir ons voete en 'n lig wat ons pad moet verlig, bid ons U dat U deur Christus, wat die ware lig is, ons hart wil open en verlig, sodat ons u Woord duidelik en rein mag verstaan.

AMEN.

H. ZWINGLI.

*Tot U roep ek: HEER, verhoor my,*
*en verlos my, maak my trou,*
*dat ek u getuienisse*
*heel my lewe lank kan hou.*
*Op u woord steun my verwagting:*
*smôrens by die eerste lig*
*is my oë en my hande*
*en my stem tot U gerig.*

*— Ps. 119:53.*

# 15 JUNIE

*Gaan uit die mond van die Allerhoogste nie kwaad sowel as goed nie? Wat klaag 'n mens in sy lewe? Laat elkeen klaag oor sy sondes*
*— Klaagliedere van Jeremia 3:38-39.*

Ons bid U, o almagtige God, aangesien ons teenwoordig in groot nood verkeer en byna alles op aarde in beroering is, en waarheen ons ook ons oë wend, ons niks anders as diepe donkerheid aantref nie, dat ons leer om alle moeilikhede te oorwin en in die geloof ons oë op te slaan tot bokant die wêreldse gebeure. Laat ons glo dat alles wat ons as toevallig beskou, deur u wonderbare raad bestier word, sodat ons verlange mag uitgaan na U. Laat dit tot ons deurdring dat ons ons toevlug altyd by u barmhartigheid sal vind, so dikwels as wat ons om vergewing bid vir al ons sondes, in Christus, ons Here.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Welsalig wie van skuld en straf onthewe,*
*die woord mag hoor: Jou sondes is vergewe.*
*Want God wat groot is in barmhartigheid,*
*het hom vergewe-en skeld die skuld hom kwyt,*
*Welsalig, wie die HEER geen enkel stonde*
*toereken wil die boosheid van die sonde*
*en wie se gees, van alle valsheid vry,*
*voor God ootmoedig al die skuld bely.*

*— Ps. 32:1.*

# 16 JUNIE

*Nou dat ek oud en grys geword het, moet U my tog nie alleen laat nie, o God, dat ek nog aan die geslagte wat kom, kan vertel van u werk en u mag*
*— Ps. 71:18.*

Here ons God, die pelgrimsreis het oor berge en deur dale, deur kruis en nood gegaan. U was met my, ook toe ek dit nie opgemerk het nie. U het die afgematte hart met u troos versterk. Daarom weet ek dat U my op die einde nie sal verlaat nie. Ek moet U alleen gelowig met beide hande vashou. Ek hoor goed wat u mond my beloof: Ek sal jou nie begewe nie — vrees daarom nie.

AMEN.

ERDMANN NEUMEISTER.

*Wie toevlug neem in veil'ge hut*
*en skuil by die Alhoë,*
*hy word beskadu en beskut*
*deur God se alvermoë.*
*In onheilsnag sal geen geweld*
*jou pad onveilig maak nie,*
*jou reistent, eensaam in die veld,*
*geen kwaad of plaag genaak nie.*

*— Ps. 91:5.*

# 17 JUNIE

*Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! Amen*
*— Rom. 11:36.*

Loof die HERE, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy heilige Naam! Loof die HERE, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie! Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankheid genees, wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede.

Barmhartig en genadig is die HERE, lankmoedig en groot van goedertierenheid. Hy sal nie vir altyd twis nie en nie vir ewig die toorn behou nie, Hy handel met ons nie na ons sondes nie en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie. Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees. So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons. Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees.

AMEN.

GEBEDE: GEREFORMEERDE KERK.

*Loof die HEER en gee Hom ere.*
*Halleluja, loof die HEER;*

*— Ps. 150:3b.*

## 18 JUNIE

*Want die Naam van die HERE roep ek uit: Gee grootheid aan ons God! Die Rots — volkome is sy werk*
*— Deut. 32:3-4a.*

U het my gevorm, my aanmekaar geweef in die skoot van my moeder. Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering. Dit weet ek seker: geen been van my was vir U verborge toe ek gevorm is waar niemand dit kon sien nie, toe ek aanmekaar geweef is diep in die moederskoot. U het my al gesien toe ek nog ongebore was, al my lewensdae was in u boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is. Hoe wonderlik is u gedagtes vir my, o God, hoe magtig hulle almal! As ek hulle sou wou opnoem — hulle is meer as wat daar sand is, en as ek daarmee klaar is, sou ek nog steeds met U te doen hê.

Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak. Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad!

AMEN.

VAN DAWID.
Ps. 139:13-18, 23-24.

*Maar nee, ons buig ootmoedig neer;*
*ons wil die hoë hande eer*
*wat ons só toeberei het,*
*ons in die hande altyd stel,*
*as kinders, HEER, die werk vertel*
*waardeur U ons verbly het. —*

*Skrifberyming 34:3b.*

# 19 JUNIE

*Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het*
*— 1 Joh. 4:19.*

O ons God, ons het U lief en begeer om U meer en meer lief te hê. Gee aan ons om U lief te hê soos ons dit begeer, ja, soos ons dit behoort te doen. Vader, U wat ons eerste liefgehad en ons verlos het, aan wie te dink heerlikheid is, kom in Christus en woon in ons hart; want U sal waghou oor ons lippe, oor ons weë, oor ons dade en ons sal nie hoef te vrees vir ons siele of vir ons liggame nie. Gee ons liefde — die rykste van alle gawes, 'n liefde wat geen vyande ken nie. Gee ons in ons harte 'n suiwer liefde, gebore uit u liefde tot ons, sodat ons ander mag liefhê soos U ons liefhet. Vader van ons Here Jesus Christus, van wie alle liefde kom, laat ons harte wat deur die sonde bevrore, yskoud vir U en ons naaste is, verwarm word deur u Goddelike vuur. Help ons en seën ons in u Seun.

AMEN.

ANSELMUS.

*Die HEER is reg in al sy weg en werk*
*sy goedheid ken, die wêreld deur, geen perk.*
*Hy is naby die siel wat tot Hom sug,*
*Hy troos die hart wat skreiend tot Hom vlug.*

*— Ps. 145:10.*

## 20 JUNIE

*Dit is goed om in stilheid te hoop op die hulp van die HERE.*
*— Klaagliedere van Jeremia 3:26.*

Daar is niemand onder ons wat nie gedurig te kampe het met baie versoekinge nie. Aangesien ons nou sonder u hulp so swak is dat ons elke oomblik sou beswyk[1], daarom bid ons U, o almagtige God, dat u krag wat onoorwinlik is, ons mag dra. Wanneer U ons egter wil verootmoedig, gee dat ons ons dan mishaag vanweë ons sondes.

Laat ons sonder ophou stry, totdat ons die oorwinning behaal en roem in u ewige hulp, in Christus Jesus, ons Here.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*U was, o God, 'n hulp vir my.*
*U het u vleuels uitgesprei*
*om met beskerming my te dek*
*en jubels in my hart te wek.*
*O God, só met my lot begaan,*
*hoe kleef my siel U agteraan!*
*Vertrouensvol op U geleun,*
*voel 'k hoe u hand my ondersteun.*

*— Ps. 63:4.*

---

[1] Kategismus vr. 127

# 21 JUNIE

*Dit is 'n betroubare woord en werd om sonder voorbehoud aanvaar te word: Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos. Van hulle is ek die grootste*
*— 1 Timoteus 1:15.*

Ewige en barmhartige God! Uit onsself weet ons nie wat en hoe om te bid nie, maar U weet om ryklik te skenk bo al wat ons bid of dink. Daarom roep ek U aan: Gee, volgens u belofte, ons die Gees van genade en van gebede wat by U vir ons ten goede pleit en smeek met onuitspreeklike sugtinge. Wek my siel en sinne op dat ek U mag aanroep in gees en waarheid en niks anders van U begeer nie as wat na u wil is en tot u eer strek en tot saligheid van my siel is. Versterk my dat die gevoel van onwaardigheid my tog nie daarvan weerhou om te bid nie. Help ons, o God, dat ons mag bid op alle plekke; heilige hande ophef sonder toorn en twis en bevind mag word ywerig in smekinge, gebede, voorbiddinge en dankseggings vir alle mense, sodat ons volgens u genadige belofte tydelike en hemelse gawes mag ontvang.

AMEN.

FINSE GEBEDEBOEK.

*Ek geloof met stille aanbidding,*
*in die Heilige Gees wat my*
*in my sondedood gewek het,*
*my as Trooster leer en lei,*
*Ek geloof 'n heilige eenheid,*
*wêreldwyd, in Christus een,*
*wat sy roepstem sal vergader,*
*deur die lange eeue heen.*

*— Skrifberymin 27:4.*

# 22 JUNIE

*Soos pasgebore kindertjies smag na melk, moet julle smag na die suiwere geestelike melk, sodat julle daardeur kan opgroei en die saligheid verkry*
*— 1 Petr. 2:2.*

Here Jesus, help ons dat ons elke dag en uur wil luister na u Woord, U wil hoor spreek met ons en steeds beter wil verstaan watter gedagtes van vrede U oor ons dink en hoe innig u ons liefhet. Maak u Woord steeds meer dierbaar vir ons, sodat ons steeds meer daarna verlang en dit beskou as u persoonlike Woord tot ons, alleen gespreek om ons te bestraf en te vertroos. Help ons dat ons omgang met U daardeur al trouer en vertrouliker word, sodat ons nie na links of regs sal afwyk nie. Laat u Woord ons hou op die weg om U na te volg en in u gemeenskap; laat dit al ons lewensdae, ja, tot in die dood 'n lamp vir ons voet en 'n lig op ons pad wees.

AMEN.

C. H. VON BOGATZKY.

*HEER, U woord, dit is gelouterd*
*en bemind deur my, u kneg,*
*wat, hoewel hy klein, verag is,*
*nog aan u bevel bly heg.*
*U geregtigheid bly ewig,*
*onveranderlik bestaan,*
*en u waarheid is 'n waarheid*
*wat nie wankel of vergaan.*

*— Ps. 119:51.*

# 23 JUNIE

*Laat ons die goedheid van die Here ons God belewe: hou die werk van ons hande in stand, ja, die werk van ons hande, hou dit in stand*
*— Ps. 90:17.*

Laat ons, Here ons God, so arbei vir ons liggaam dat ons nie die arbeid vir ons siel verwaarloos nie. U het vir ons beide gegee, ons liggaam en ons siel. Vir albei moet ons sorg, sodat nie alleen die liggaam sy onderhoud sal hê nie, maar ook die siel sy voedsel tot die ewige lewe kry. Bewaar ons tog, o God, dat ons die wêreld nie mag liefhê nie, asook die begeerlikheid van die vlees, die begeerlikheid van die oë, want dit alles gaan verby. Ons wil ons liewer verlustig in U, dan sal U ons die begeertes van ons hart skenk. Ons oë sal hulle verlustig in u getuienisse, en ons sielevreugde sal wees in 'n heilige lewenswandel. U het tog gesê, o genadige God, dat ons beroepsarbeid nie tevergeefs sal wees nie — al moet ons dit ook in die sweet van ons aangesig doen. Help ons om die moeilikheid van elke dag te oorwin met die kinderlike vertroue op U. En wanneer ons sterwensuur eindelik aanbreek, wees ons dan besonderlik naby. Gedenk ons na die rykdom van u goedertierenheid in Jesus Christus, u Seun.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*Wie deur Gods vrees bewoë*
*trou op die weg wil gaan*
*waar hom Gods wil voor oë*
*en klaar geteken staan —*
*die arbeid van sy hande*
*sal hy met vreug geniet*
*wanneer die koringlande*
*met seën hul opbrengs bied.*

*— Ps. 128:1.*

# 24 JUNIE

*Spreek na die hart van Jerusalem, en roep haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is, dat sy uit die hand van die HERE dubbel ontvang het vir al haar sondes — Jesaja 40:2.*

Here, wanneer ek deur my sonde in lyde verkeer, skenk my dan deur u genade om die vertroostinge van u Gees te ervaar. Gee dat ek nie enkel smarte gevoel nie, maar dat ek met die smarte tegelyk u troos deelagtig mag wees. Ek weet, o Here, dat daar sonder Jesus Christus enkel smart is en geen vertroosting nie. As ons Hom ken, dan sal ons nog wel solank as wat ons in hierdie wêreld is, smart ken. En eenmaal sal ons in die glorie van u eniggebore Seun enkel troos geniet sonder smart. Ek dank U dat ek van hierdie trappe weet. U het my uit die eerste getrek; lei my deur die tweede tot die derde: dit is die genade waar ek U om bid.

AMEN.

BLAISE PASCAL.

*Troos my nou met u beloftes:*
*teëspoede druk my neer.*
*Laat my offers — my gebede —*
*U behaaglik wees, o HEER!*
*OΦ my lewe-al in gevaar is,*
*of die dood my al bedreig —*
*'k kan u wette nie vergeet nie,*
*so 's my hart daartoe geneig.*

*— Ps. 119:40.*

# 25 JUNIE

*Bewaak jou hart meer as alles bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe*
*— Spreuke 4:23.*

*Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart*
*— Mark. 12:30a.*

Barmhartige, genadige Vader in die hemel, U het my beveel om te bid. U Seun het my geleer en gesweer dat ons verhoor sal word. Ag Here, U wat die harte deursoek, U weet hoe onbestendig die menseharte is, maar bewoë as water wat deur die winde geswiep word. Verenig my hart, sodat ek nie her- en derwaarts gevoer word deur allerlei gedagtes nie. U kan my lewenskip 'n vaste koers gee en dit beter bestuur as ekself. Here, bestraf die wind en die see dat hulle stil mag word. Laat my rus in U en met U verenig bly. Laat ons deur u Heilige Gees verenig bly met u liewe Seun, Jesus Christus, as met ons Hoof, sodat ons in en deur en met Hom bid.

AMEN.

JOHANN ARNDT.

*Rondom jou ruis die eng'levoet*
*met liggewiekte treë,*
*hul kom die wand'laar tegemoet*
*en lei hom op sy weë.*
*Hul bied op Gods bevel hom aan*
*die hulp van will'ge hande,*
*en dra hom, waar die reispad gaan*
*oor ruwe rotserande.*

*— Ps. 91:6.*

# 26 JUNIE

*En nou bly geloof, hoop en liefde — hierdie drie. En die grootste hiervan is die liefde — 1 Kor. 13:13.*

Vader, U wat die Gewer van alle goeie gawes is, ek bid om 'n sterk geloof soos 'n rots in die branding. En ek bid U om liefde wat uit die hart opwel, rein en vurig; 'n liefde wat die vyande vergiffenis skenk en aan vriende trou betoon. En ek vra U om hoop wat met 'n opgehewe hoof, ook as alles my ontneem word, opkyk na U by wie ek alles vind wat ek nodig het.

AMEN.

CHRISTIAAN F. D. SCHUBART.

*Tot U loop ek, op U hoop ek,*
*op u wette gee ek ag;*
*en ek hou wat U getuig het*
*vol van liefde-en stil ontsag.*
*'k Voeg my stil na u bevele*
*— mag ek die maar nooit vergeet! —*
*HEER, U weet dit — al my weë*
*is voor U wat alles weet.*

*— Ps. 119:60.*

# 27 JUNIE

*Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg*
*— Ps. 37:5.*

O God, ek het wel grond om te sing en te jubel oor die heil wat my gegee is, maar ek is bang dat die saligste geluk van my beroof word. Daarom sal ek swyg en die skat stil van binne bewaar. Ek het die ewige heil gevind; daarom verheug my gees hom en jubel my siel. Die aarde is oorwin, die tyd het verdwyn. Hoe wonderbaar is U, oneindige God! Aan die tydelike ontruk, vind ek die lewe. Hoe ryk maak U my en hoe vry! Uit U, o God, is die lewe. In U wil ek bly. In U is my huis, my ewige heil! U, o goeie God, wat Uself in Christus aan ons gegee het — U is die liefde en lig, my ewige doel.

AMEN.

JOHANNES VAN RUYSBROECK.

*Help my, HEER! Ag, hoe verlang ek*
*en hoe sug ek diep en swaar*
*na die heil wat U beloof het,*
*na u kennis wonderbaar!*
*Laat my leef; o HEER, dan loof ek!*
*Laat niks my die heil ontroof!*
*Laat u oordeel my tot hulp wees!*
*Laat my lewe om te loof!*

*— Ps. 119:62.*

# 28 JUNIE

*Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom*
*— 2 Kor. 5:17.*

Wat 'n vreugde, wat 'n heerlikheid vir ons dat U, liefderyke Vader, ons weer aangeneem het tot kinders deur ons Here Jesus Christus wat die vloek van die sonde van ons afgewend het. Bewaar ons tog, o Here, dat ons nie in die ou sondeslaap terugval nie. Help ons deur die krag van u Heilige Gees dat ons in 'n nuwe lewe wandel en nie wyk van die weg waarop u liewe Seun ons gelei het en verder wil lei nie oor dood en graf heen tot heerlikheid van die ewige lewe. Hoe kan ons U genoeg dank dat ons deur Christus, u Seun, met vrymoedigheid mag nader tot die troon van u genade. O liefderyke, hemelse Vader, neem ons heeltemal aan as u kinders.

AMEN.

J. H. GUNNING.

*Ag, HEER, ek is, o ja, ek is u kneg,*
*seun van u diensmaagd, in u diens gebore:*
*my bande-is los; vir hoër diens verkore*
*bring ek die offers, aan U toegeseg.*

*— Ps. 116:9.*

# 29 JUNIE

*Maar hulle het na 'n beter vaderland, dit is die hemelse, verlang. Daarom is God nie skaam om hulle God genoem te word nie. Hy het vir hulle 'n stad gereed gemaak*
*—Hebr. 11:16.*

O God, U is my getuie dat niks my kan troos nie, dat geen skepsel my rus kan gee nie — dit kan U alleen. Maar ag, dit is vir my nie moontlik om U te nader nie, solank as wat ek in die heerskappy van die dood vertoef. Ek het wel groot geduld nodig en ek mag wel soek om U onderdanig te wees in al my wense. Ook die geluksaliges, o Here, wat hulle nou met U in die hemel verheug, het tydens hulle lewe in 'n sterk geloof en groot geduld gewag na die openbaring van u heerlikheid. Wat hulle geglo het, glo ek ook. Wat hulle gehoop het, hoop ek ook. Deur u genade wil ek ook verwag om te kom waar hulle gekom het. Solank wil ek wandel in die geloof, gesterk deur die voorbeeld van die geluksaliges.

AMEN.

THOMAS À KEMPIS.

*Daar sal in die heiligdom,*
*niemand wat die kwaad bedrywe*
*ooit of immer binnekom.*
*Hul van wie die naam geskrywe*
*in die Lewensboek sal staan,*
*hulle sal daar binnegaan.*

*— Skrifberyming 45:12.*

# 30 JUNIE

*En die hand van die HERE was daar op hom*
*— Eseg. 1:3b.*

Toe u volk uit sy land verdryf is, het U nog voortdurend die gawe van u Heilige Gees verleen. Midde in die hel waarin hulle hul bevind het, het *U vir hulle 'n profeet verwek wat hulle tot die* lewe sou terugroep, toe hulle reeds naby die vertwyfeling was. Gee tog, o almagtige God, dat dit vandag in u kerk aan troos nie mag ontbreek nie waar hulle deur u hand verneder word. Toon ons dat ons nog midde in die dood deur u barmhartigheid die lewe mag verwag, sodat ons alle bestraffinge met geduld dra — totdat U ons eenmaal deur die versoening van ons sonde toon dat U ons Vader is, wanneer ons eindelik in die heerlike koninkryk verenig word, waar ons die volle saligheid sal hê in Jesus Christus, ons Here.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*U alleen, U loof ons bly —*
*ja, ons jubel tot u eer;*
*want u Naam is, troue HEER,*
*vir u volk tot troos naby.*
*Daarom roem ons in ons land*
*al die wonders van u hand.*

*— Ps. 75:1.*

# 1 JULIE

*Geseënd is die mense wie se oortredinge nie gestraf word nie en wie se sonde vergewe word. Geseënd is die mens vir wie die Here die sonde nie toereken nie"*
*— Rom. 4:7-8.*

Genadige Vader wat in die hemel is, U weet dat daar niks goeds in my gevind word nie. Ek hoef nie in baie woorde daaroor te spreek nie, maar ek bid U dat U u blik wil wend op u Seun, my Middelaar, my Voorspraak en Verlosser en dat U my ter wille van Hom 'n salige einde en 'n blye opstanding wil gee.

Laat die bloed van Jesus Christus nie tevergeefs vergiet wees nie, maar laat dit by my die vrug van bekering werk tot vergewing van my sondes. Op watter oomblik U my gees terug eis, o genadige Vader, beveel ek dit in u hande — neem dit op tot U vir ewig.

AMEN.

MAARTEN LUTHER.

*Dink aan my in mededoë*
*as ek biddend voor U pleit:*
*milde hande, vriend'like-oë:*
*is by U van ewigheid.*
*Dink nie aan die sondes meer*
*van 'n yd 'le jonkheidslewe;*
*wil tog, om u goedheid, HEER,*
*al my sondes my vergewe.*
*— Ps. 25:3.*

# 2 JULIE

*En tot die ouderdom toe is Ék dieselfde, ja, tot die grysheid toe sal Ek julle dra; Ék het dit gedoen, en Ék sal julle opneem, en Ék sal dra en red*
*— Jes. 46:4*

O almagtige God, ek prys u Naam, omdat U my vanaf my geboorte tot nou toe gedra het: U het my voedsel en klere gegee. U het my bewaar en U het in ryke mate my u genade bewys. Ek bid U deur Jesus Christus, ons Middelaar en Verlosser, dat U u genade nie van my wil wegneem nie, maar dat U dit wil vermeerder, sodat ek U mag loof en alleen aan U vashou, my God. Want U alleen, o Here, is my toevlug, my helper. U is die weg, die waarheid en die lewe; U is dit wat die harte deursoek. Ek arm sondige mens, kom tot U — wie anders is daar in die hemel of op die aarde wat my sou kan help? Ek kom tot U en vra dat U my nie om enige verdienste van my nie, maar ter wille van u eniggebore Seun Jesus Christus wat vir ons gesterf het, my al my sondes wil vergewe.

AMEN.

SWEEDSE GEBEDEBOEK.

*Laat hier u guns my nooit begewe.*
*Skenk om Uselfs-wil my die lewe.*
*En laat my siel weer wees verblyd,*
*van sy benoudheid wees onthewe.*
*Ek pleit op u geregtigheid.*

*— Ps. 143:9.*

# 3 JULIE

*Al is ek afgetakel na liggaam en gees, God is my sterkte; aan Hom behoort ek vir altyd — Ps. 73:26.*

My Here en my God, wees nie ver van my nie. My God, kom my te hulp, want allerlei gedagtes bestorm my van binne en daar is groot vrees wat my siel verontrus. Hoe sal ek daar ongedeerd deurkom? Hoe sal ek my vrees oorwin? U sê: Ek sal voor jou heengaan en die deure van die gevangenis oopmaak en vir jou die verborgene bekendmaak. Here, doen soos U gesê het en al die bose begeertes sal voor u aangesig wegvlug. Dit is my hoop en my enigste troos. Tot U wil ek vlug by elke nood, op U wil ek my vertroue stel, U wil ek aanroep in my binnenste, met geduld wil ek van U troos verwag.

AMEN.

THOMAS À KEMPIS.

*Al is ek arm, ellendig,*
*Hy dink aan my bestendig.*
*Hy is die HEER by wie*
*daar redding is vir my.*
*U 's tot my hulp naby.*
*My God, vertoef tog nie!*

*— Ps. 40:8b.*

# 4 JULIE

*"Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word"*
*—Joh. 14:13.*

Here, leer my bid, Sonder U kan ek dit nie. Neem van my weg my natuurlike onlus en traagheid tot die gebed, en laat dit my vreugde wees om U te prys en u Naam lof te sing, o Allerhoogste. Leer my om u liefde reg te ken, sodat ek nie alleen met my mond nie, maar van ganser harte U loof en dank vir u barmhartigheid wat elke môre nuut is. Gee my u Heilige Gees wat in my hart roep: Abba, Vader! sodat ek U met vertroue kan vra soos 'n goeie kind aan sy beminde vader, en aan U getroos my weë kan oorlaat en op U hoop, omdat U genadig is. Gee my om niks anders te begeer en te soek nie as wat U wil, en om met kinderlike vertroue te bid soos my Heiland gebid het: Nie soos ek wil nie, maar soos U wil.

AMEN.

JOHANN JAGER.

*In U, my God, wil ek weer bly wees,*
*die guns wat U my bied*
*wil 'k lofsing in my lied.*
*U was dit wat my wou naby wees,*
*wat my in guns aanskou het*
*toe ek op U gebou het.*

*— Ps. 31:5.*

# 5 JULIE

*En hulle het elkeen reguit vorentoe gegaan; waar die gees ook heen wou gaan, het hulle gegaan; hulle het nie weggedraai as hulle gaan nie*
*— Eseg. 1:12.*

Dit was u wil om ons lewe aan velerlei wisselvallighede te onderwerp, sodat ons gees geen rus op aarde sou vind nie. Verleen ons daarom, o almagtige God, dat ons, in gehoorsaamheid aan u wil, ons rus onder alle wisselvallighede van ons lewe hoër soek en verlang na die aanskouing van u heerlikheid. Laat ons reeds hier op aarde bely dat die ganse wêreld deur u almagtige hand bestuur word, sodat ons onsself by u Vaderlike sorg aanbeveel.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Hoe groei my teenparty!*
*Hoe dring hul naderby!*
*Ek hoor al hoe hul laster:*
*"Hy het geen heil by God".*
*Hul hoon my met hul spot*
*en keer my altyd vaster:*
*Maar U sal hulle stuit;*
*U voer die oorlog uit,*
*my God, my skild, my ere!*
*U hef, trots hul gerug,*
*my hoof weer in die lug,*
*want U verhoor my, HERE!*

*— Ps. 3:1.*

# 6 JULIE

*Daar wag dus nog steeds 'n sabbatsrus vir die volk van God, want elkeen wat in die rus van God ingaan, rus van sy werk, net soos God van syne*
*— Hebr. 4:9-10.*

Almagtige God en hemelse Vader, vervul ons met u Heilige Gees; laat ons nie onder die getal wees wat met hulle lippe tot U kom, maar nie met hulle hart nie. Gee dat ons deur 'n ware selfverloëning niks in onsself sal wees nie, maar dat U alles in ons sal wees. Maak ons hart oop en laat dit brand van heilige vreugde wanneer ons van u groot dade hoor. Laat dit wees soos dou en maak ons hart oop soos 'n roos om daarin diep in te dring en die geur van die lewe te versprei. Laat ons hart 'n vrugbare akker wees wat honderdvoudige vrugte voortbring. Laat ons veral elke rusdag rus van ons bose werke, sodat u Heilige Gees in ons werk en so die ewige Sabbat in hierdie lewe begin.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*Wie sou die HEER nie prys nie*
*as weer met nuwe gloed*
*'n rusdag ons begroet?*
*Wie Hom nie dank bewys nie*
*in stille môrewagte*
*as ons sy guns omring?*
*Wie vir sy trou nie sing*
*'n loflied in die nagte?*

*— Ps. 92:1.*

# 7 JULIE

*Goed is die HERE vir die wat op Hom hoop, vir die siel wat Hom soek*
*— Klaagliedere van Jeremia 3:25.*

O God van die leërskare, u goedheid rus deur u Heilige Gees op u gemeente soos U dit in u heilige Woord beloof het. Dit is en bly vas en seker tot in alle ewigheid. U grote genade en barmhartigheid staan vir ons almal oop en ons mag in al die nood wat ons mag tref daarheen die toevlug neem. U is dit wat die teuels in hande het en weet om alles goed te bestuur. Wil orals deurbreek met u allerheiligste Woord en almal wat hulle teen u gemeente, teen u swakke bruidskerk verhef, tot skande maak. Wil U self die twissaak van u skape twis. Laat die Antichris nie slaag in sy strewe teen u klein kudde nie. Wees met ons na die mag van u genade, sodat ons ag kan gee op u boodskappers wat vrede verkondig. Laat u Woord ons troos wees in ons lewe en as ons sterwe.

AMEN.

H. F. KOHLBRUGGE.

*Want bo ons lewe-in kommernis,*
*wat sonder U geen lewe is,*
*skat ek u grote goedheid, HEER,*
*waarvoor my mond U dankend eer.*

*— Ps. 63:2b.*

# 8 JULIE

*God het ons tog nie bestem om gestraf te word nie, maar om deur ons Here Jesus Christus verlos te word*
*— 1 Tess. 5:9.*

Heilige Here God, U het vir ons die nag verdryf en U laat ons toe om ons hande tot U op te hef. Ons beroep ons op u genade. Laat die son van u geregtigheid in ons harte skyn en maak ons tot kinders van die lig en tot erfgename van u ewige gawes. Dink, o Here in barmhartigheid aan u volk en aan al u kinders waar hulle hulle ook in u groot ryk bevind, want hulle het behoefte aan u genade en hulp. Laat ons almal, vasstaan in die geloof en verlos na liggaam en siel, u wonderbare Naam prys in ewigheid.

AMEN.

BASILIUS.

*Kom, laat ons jubel voor die HERE,*
*laat ons Hom toesing lof en eer —*
*die rots van heil wat ons oordek het.*
*Laat ons met lof en eerbiedsgroet*
*sy vriend'like-aangesig ontmoet*
*wat nuwe vreugde-in ons gewek het.*

*— Ps. 95:1.*

# 9 JULIE

*Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here, totdat Hy kom*
*— 1 Kor. 11:26.*

O Here God, hemelse Vader, ons dank U deur u Seun Jesus Christus dat U ons, ellendige slawe van sonde en dood, in die gemeenskap van die liggaam van u Seun aangeneem en Hom tot saligmakende spyse vir ons siele gegee het. Ons bid U, wil ons nou gee dat ons hierdie groot weldaad nooit vergeet nie, maar wil dit só op ons harte druk dat ons meer en meer mag voortgaan in die oordenking van die weldaad, deur die versterking van die Heilige Gees, en dat ons geloof daagliks mag vermeerder, sodat dit allerhande goeie werke mag voortbring, en dat ons ons hele lewe mag wy tot die eer van u Naam en tot opbouing van die gemeente. Dit bid ons van U in die Naam van die Seun wat saam met U en die Heilige Gees leef en regeer tot in ewigheid.

AMEN.

MARTEN MICRON.

*Die HEER is God, erken dat Hy*
*'n eie volk vir Hom berei,*
*'n volk om Hom te dien en vrees*
*en skape van sy wei te wees.*

*— Ps. 100*

# 10 JULIE

*En die kinders is hard van aangesig en verstok van hart. — Maar jy moet hulle my woorde verkondig, of hulle luister of nie; want hulle is wederstrewig*
*— Eseg. 2:4a, 7.*

Aangesien U ons vandag nog in u grote genade die voorreg skenk dat ons elke dag u Woord kan hoor, vra ons U, almagtige God, dat u Woord by ons nie 'n klip hart en yster hoof mag vind nie, maar 'n leergierige gees wat hom waarlik aan U onderwerp. Laat ons in werklikheid ervaar dat U ons Vader is en versterk word in die vertroue dat U ons as u kinders aangeneem het. Skenk ons dit solank as wat U deur u Woord nog tot ons spreek, totdat ons eindelik nie alleen u stem sal hoor nie, nee, maar u heerlikheid sal aanskou in die hemelse koninkryk wat u eniggebore Seun vir ons deur sy bloed verwerf het.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*U het my hart meer vreug gegewe*
*as ander smaak in volop-tyd,*
*as hul deur skyngeluk verhewe,*
*by mos en koring lustig lewe*
*en fees hou in kortstondigheid.*
*Ek sal gerus gaan slaap in vrede*
*en ongestoord lê ek my neer;*
*want U alleen verhoor my bede,*
*U waak oor my in teënhede,*
*dat ek kan veilig woon, o HEER!*

*— Ps. 4:4.*

# 11 JULIE

*Maar al is my lewe vir my kosbaar, teken ek dit van geen belang nie as ek maar net my lewenstaak kan voltooi en die dienswerk wat ek van die Here gekry het, kan klaarmaak: dit is om die evangelie van God se genade te verkondig*
*— Handelinge 20:24.*

Ewige, barmhartige God en Vader, laat ons hoe langer hoe meer in Christus ingelyf word soos lidmate in hulle geestelike Hoof, aan wie U ons in lyde en heerlikheid gelyk wil maak. Maak die kruis ligter volgens wat ons swakheid kan verdra. Ons onderwerp ons geheel en al aan u wil, hetsy dat U ons siele in hierdie tabernakel wil laat bly, of tot U in die ewige lewe wil neem, aangesien ons Christus se eiendom is en daarom nie kan vergaan nie. Ons wil graag hierdie swakke vlees verlaat in die hoop van die salige opstanding, wanneer dit veel heerliker aan ons teruggegee sal word. Laat ons tog die salige troos van die vergewing van sondes en van die regverdigmaking van Christus belewe sodat ons met daardie skild die aanvegtinge van Satan kan oorwin.

AMEN.

GEBEDE: GEREFORMEERDE KERKE.

*U weet wat in my hart is nou,*
*want dikwels in die stille nagte*
*het U my hart en my gedagte*
*tot in die diepste grond deurskou.*
*My oog, verhelderd deur u rede,*
*staar nou die mens se doen verby;*
*deur U geleer, sal ek vermy*
*die paaie van ongodd'likhede.*

*— Ps. 17:2.*

# 12 JULIE

*Want Ek die HERE jou God, gryp jou regterhand aan; Ek wat vir jou sê: Wees nie bevrees nie, Ek help jou*
*— Jes. 41:13.*

Almagtige God, barmhartige Vader, ek erken van ganser harte voor U dat ek altyd geneig is tot ongeloof, tot wantroue en twyfel en nie so steun op u Woord en beloftes as wat ek moet doen nie. Vader, vergeef my hierdie sonde en ontsteek in my hart die lig van die geloof en help my altyd om toe te neem en te groei in die geloof. Here Jesus Christus, U wat die Leidsman en Voleinder van ons geloof is, u hemelse Vader het ons belowe dat U die dowwe lamppit nie sal uitblus nie en die geknakte riet nie sal verbreek nie: laat u belofte ook aan my en my swak geloof vervul word. Ek bid U, Here, vermeerder my geloof. U is tog die weg: laat my dan nie in die geloof verdwaal nie; U is tog die waarheid: laat my dan nie aan u beloftes twyfel nie; U is tog die lewe: voer my dan deur die geloof uit die dood van die sonde tot die ware lewe. O God Heilige Gees, hemelse, ewige lig, verlig my hart, verdryf die donker van die ongeloof en help my om deur die geloof 'n nuwe skepsel te word.

AMEN.

JOHANN GERHARD.

*Maar eewge vleuels sweef oor jou,*
*geruis van reusevlerke;*
*rondom jou is Gods eewge trou,*
*die harnas van die Sterke.*

*— Ps. 91:2b.*

# 13 JULIE

*Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie*
*— Hebr. 11:1.*

Here en Saligmaker, bly by ons. Ons hou vas aan u belofte: Ek is met julle al die dae. Ons glo, kom ons ongeloof te hulp. Gee ons die geloof wat die wêreld oorwin, maar bo alles die saligmakende geloof wat werksaam is in die liefde, want al sou ek die geloof hê, sodat ek berge kon versit, en ek het die liefde nie, dan sou ek niks wees nie. Gee ons die saligmakende geloof, die geloof in Uself en u heerlike openbaring. Gee ons om te glo aan die vergewing van die sonde en gee ons die hoop op die ewige lewe. Laat die geloof seëvier oor die ongeloof in ons hart; laat ons glo, sodat ons verlos kan word. Gee aan ons om te glo aan wat ons nie sien nie: u onuitspreeklike barmhartigheid wat die geknakte riet nie verbreek nie en die dowwe lamppit nie uitblus nie. Laat die berg van twyfel en sorg wyk voor die geloof. Vervul ons hart met sekerheid dat ons deel het aan die genade van God.

AMEN.

H. MARTENSEN.

*Ek ken jou ywer, ongeloof,*
*jou liefde-en diens en jou geloof,*
*jou lydsaamheid, nog onverkort,*
*en dat jou werke-al skoner word.*

*— Skrifberyming 41:2.*

# 14 JULIE

*Maar wie tot die einde volhard, sal gered word*
*— Matt. 24:13.*

O Jesus, U is die ewige lewe. U het neergedaal op die aarde om ons op te voer na ons ware Vaderhuis, die ryk van u heerlikheid. Here, hoe swaar was die weg wat U op aarde gegaan het; hoe het U Uself verloën! Maar nou is U in die heerlikheid, verhoog aan die regterhand van die Vader. U Woord kan ons nie bedrieg nie wat sê: Waar Ek is, sal ook hulle wees wat U My gegee het. Trek ons altyd sterker weg van die sonde, van die wêreld, van die gebrekkige, sodat ons met vaste skrede mag voortgaan op die pad van saligheid, waar U vir ons voorgegaan het, sodat ons in die navolging van U die einddoel van ons geloof mag bereik. Here Jesus, gee ons om eindelik die sekere, blye en salige oorgang tot u liefde en tot die salige gemeenskap met u uitverkorenes te vind. Hoor ons, o Jesus, en verheerlik u Naam deur ons.

AMEN.

GERHARD TERSTEEGEN.

*"By God alleen is sterkte-en kragte.''*
*"Ook is by U die goedheid, HEER!''*
*Dus is daar vir die sterfling meer*
*vergelding na sy werk te wagte.*

*— Ps. 62:8b.*

# 15 JULIE

*Ek het as die lig na die wêreld toe gekom, sodat die wat in My glo, nie in die duisternis sou bly nie*
*—Joh. 12:46.*

Here, toe ek die duisternis liefgehad het, het ek U nie geken nie, maar gewandel van nag tot nag. Maar U het my uit my blindheid uitgevoer, my hand gevat en my tot U geroep, en nou kan ek U dank dat u magtige stem in my hart deurgedring het. U het my u ontferming geskenk, en die glans van u lig straal oor my. Lei my tot die volle lig, sodat dit my mag verlig en alle duisternis mag wyk. Laat die heilige vlam van u liefde my hart deurgloei, sodat dit rein word en ek U kan aanskou, want die wat rein van hart is, sal U sien. U het my bevry en na U getrek; verlaat my dan nie, maar hou my staande. Lei en regeer my en voer my tot die volkomenheid van u koninkryk.

AMEN.

AUGUSTINUS.

*Loof, o my siel, en alles wat in my is,*
*loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!*
*Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys!*
*Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,*
*vergeet nooit een van sy weldadighede,*
*vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.*

*— Ps. 103:1.*

# 16 JULIE

*Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie*
*— 1 Joh. 4:18.*

Tot U, almagtige God, kom ek. Voor U stort ek my hart uit en bid U dat U my wil bystaan. Soos die skip wat, as die golwe daarop beuk, hom aan die anker vashou, so hou ek my aan U vas, o sterke God. Ek vlug tot U, want vir U is niks onmoontlik nie; help U my, o Here, dan wyk my bekommernisse. U is 'n wyse God, U ken middele en weë wat vir my onbekend is. Verseker my dat U my nie 'n oomblik sal verlaat nie, maar met 'n ewige genade U oor my ontferm. Ek weet dat U 'n getroue God is wat niemand ooit in die steek laat nie. Daarom sal U my ook nie in die steek laat nie. Omring my met u liefde en laat my nie alleen nie. My siel wag op U, o Here.

AMEN.

J. F. STARCK.

*Bemin die HEER, sy gunstelinge!*
*Hy sal jul nooit verlaat,*
*maar straf die trotse daad*
*deur goddelike regsgedinge.*
*Wees sterk dan, en behoue,*
*in stille Godsbetroue.*

*— Ps. 31:19.*

# 17 JULIE

*Trek dwarsdeur die stad, dwarsdeur Jerusalem, en maak 'n teken op die voorhoofde van die manne wat nog sug en steun oor die gruwels wat daarin gedoen word*
*— Eseg. 9:4.*

Aangesien U U neergebuig het om so vol van genade tot ons te kom, almagtige God, gee so aan ons dat ons ook graag na U kom en deur 'n sterk en heilige band met U verbind word. Laat ons vashou aan die regte wyse om U so te dien soos U in u Woord ons beveel het. Dan kan ons daarvan verseker wees dat U ons steeds meer van u genadegawes skenk, totdat U ons die volheid van u genadegawes sal skenk: u heerlike koninkryk, deur Christus, ons Here.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Genade-en trou sal dan mekaar ontmoet;*
*die reg sal vrede met 'n kus begroet;*
*getrouheid spruit dan uit die aarde weer,*
*geregtigheid sien van die hemel neer.*
*Die goeie ontvang ons dan weer uit Gods hand*
*as halme buig op vrugbare-akkerland,*
*Geregtigheid gaan voor Gods aangesig*
*en bloei omhoog waar Hy sy voetstap rig.*

*— Ps. 85:4.*

# 18 JULIE

*Moet tog nie dink aan die sondes en oortredinge van myjeug nie. Dink aan my in u trou, Here, omdat U goed is*
*— Ps. 25:7.*

O dierbare Saligmaker, laat ons tog u groot liefde vir sondaars erken en oppas vir die sonde waardeur ons U soveel moeite veroorsaak het en wat U so 'n bitter lyde gekos het. O Here Jesus, verleen ons die genade om ons vlees met al sy luste en begeerlikhede te mag kruisig. U het ons vrygemaak, ons Verlosser, van die slawerny van die Satan en van die sonde deur die dierbare losgeld wat U betaal het. Laat ons tog nooit weer onder die heerskappy van die sonde kom nie, maar laat ons die heerlike vryheid van die nuwe verbond geniet, en die voortreflike pand van ons allerheiligste geloof tot aan die einde behou.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*Geen vader wat, deur smartgevoel bewoë,*
*sy kind aanskou met teerder mededoë*
*as Isr'els HEER die wat Hom eer en vrees.*
*Hy weet wat van sy maaksel is te wagte,*
*hoe swak van moed, hoe klein ons is van kragte,*
*en dat ons stof van jongs af is gewees.*

*— Ps. 103:7.*

# 19 JULIE

*As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word*
*— Rom. 10:9.*

Almagtige God, U ken ons harte en sien ons beproewinge en ons worstelinge. Betoon medelyde met ons en verlos ons van ons sondes wat stryd voer in ons siele. U is die Almagtige en ons is swak en dwalend. Ons vertroue is op U, o getroue en genadige God. Ons smeek U: Bevry ons uit die slawerny van die Bose en gee dat ons voortaan u toegewyde dienaars mag wees wat U dien in die vryheid van 'n heilige liefde, om Christus ontwil.

AMEN.

EUGENE BERSIER.

*Hy heel gebrokenes van hart,*
*en Hy verbind hul in hul smart.*
*Sy oë speur oneindig ver;*
*Hy tel en roep die laaste ster;*
*sy krag en kennis, ongemeet,*
*oorwelf al wat ons ken en weet.*
*Sagmoediges verhef Hy weer,*
*maar goddelose werp Hy neer.*

*— Ps. 147:2.*

## 20 JULIE

*"— en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees"*
*— 2 Kor. 6:18.*

O Christus, God uit God, heil van die wêreld, ewige Woord, maak ons arme hart heeltemal u eiendom en vorm dit tot die verheerliking van u heilige Naam. Neem uit ons weg wat nie volgens u wil is nie. Roei die onkruid uit. Herskep ons harte in 'n goeie akker wat vrugte van liefde en dankbaarheid voortbring. Laat ons steeds beter besef en dieper voel dat in U alleen die lewe en saligheid is. Waar U kom, wyk alle duisternis. Maak dan woning in ons harte, sodat dit heeltemal lig in ons mag word en bly. Maar, Here, laat ook die son van u genade opgaan oor die heidenwêreld en bring ook die vreemde skape onder u herderstaf. Here, bly by ons al die dae en nagte, totdat die ewige môre ons sal bring voor die troon van u heerlikheid.

AMEN.

J. H. GUNNING.

*Die HEER self skryf hul op, die duisendtalle,*
*een-een, gebore uit die volkeskaar;*
*en singend, juigend klink die lofstem daar:*
*Ons heilsfontein stroom neer uit Sions walle:*

*— Ps. 87:5.*

# 21 JULIE

*Geseënd is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien*
*— Matt. 5:8.*

Skep in my 'n rein hart, o God. Die Heiland het tog gesê: Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien. Help my, my God, deur u Heilige Gees om die slegte begeertes van my hart te bedwing en te oorwin, sodat u beeld in my siel kan skitter soos in 'n suiwer spieël. Gee my, o Here, geestelike krag om my sonde te oorwin, sodat die geloof en die Gees in my mag heers. Leer my om my vlees en sy begeerlikhede te kruisig, sodat ek nie meer die sonde dien nie, maar alleen lewe vir U, my God. Gee my wat die hart die sterkste begeer, naamlik Uself, sodat U meer en meer my hart versterk en heilig, en dit 'n woning, 'n tempel vir U kan word en bly.

AMEN.

JOHANN ARNDT.

*Tog sprei U, HEER, U reddingsglans ten toon*
*waar U, die Heil'ge, by u volk wil woon*
*en op die vleuels van hul lofsang troon.*
*Die jammerklagte*
*het U gehoor van verre voorgeslagte;*
*hul is gered! In stille Godsbetroue*
*het hul ontvlug, gehandhaaf en behoue*
*op hul gebed.*

*— Ps. 22:2.*

# 22 JULIE

*Ek sal hulle een hart gee, en 'n nuwe gees in hulle binnenste gee; en ek sal die hart van klip uit hulle vlees verwyder en hulle 'n hart van vlees gee*
*— Eseg. 11:19.*

Ons sien teenswoordig die treurige verval van u kerk en dit kom ons soms voor asof enkel ondergang op ons wag. Leer ons dan, o almagtige God, om op u ou kerk te let wat in dergelike benoudhede verkeer het. Leer ons egter ook om die blik op u beloftes te werp wat U ons vandag nog skenk. Gee dat ons geduldig wag, totdat u kerk uit die donkerheid van die dood opstaan. Gee dat ons tevrede mag wees met u bystand, ook dan wanneer ons vlees dit te gering ag, totdat dit eindelik duidelik sal blyk dat ons wag nie tevergeefs was nie op die dag wanneer ons, ná die tyd van beproewing en wag, die loon sal ontvang in u hemelse koninkryk, deur Christus, ons Here.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Gebroke hart en gans verslae gees —*
*dit is u offers, Heer! Geen altaardiere,*
*geen bloed of vet van kleinvee of van stiere,*
*kan voor u oog die ware offers wees —*
*Doen goed aan Sion, wees dit welgesind,*
*en bou weer op Jerusalem se mure;*
*dan sal ons hand die regte offers vind,*
*brandoffers opgeur uit die altaarvure.*

*— Ps.51:8.*

# 23 JULIE

*Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die heerlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei*
*— Rom. 6:4.*

Almagtige, barmhartige God en Vader, ons dank en loof U dat U ons en ons kinders, deur die bloed van u geliefde Seun Jesus Christus, al ons sondes vergeef het en ons deur u Heilige Gees tot lidmate van u eniggebore Seun en daardeur tot u kinders aangeneem het, en dat U dit aan ons met die heilige doop beseël en bekragtig, sodat ons u vaderlike goedheid en barmhartigheid wat U aan ons almal bewys het, mag leer ken, om in alle geregtigheid, onder ons enigste Leraar, Koning en Hoëpriester, Jesus Christus, te lewe en moedig teen die sonde, die duiwel en sy ganse ryk te stry en oorwin, om U en u Seun Jesus Christus, en ook die Heilige Gees, die enige en waaragtige God, ewig te loof en prys.

AMEN.

GEBEDE: GEREFORMEERDE KERKE.

*Wie die Midd'laar se verskyning*
*inwag uit die heiligdom,*
*soek van harte die verreining*
*wat daar uit sy sterwe kom.*
*Teen die sonde duur die stryd:*
*"Sonde-is ongeregtigheid!*
*Maar ons lewe-uit God gebore,*
*is tot heilig-wees verkore!"*

*— Skrifberyming 33:3.*

# 24 JULIE

*"As iemand My liefhet, sal hy my woorde ter harte neem; en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woon"*
*—Joh. 14:23.*

Here, vermeerder ons geloof! Vermeerder ons vertroue op U en op u Woord; vermeerder ons oorgawe en gehoorsaamheid en neem alle halfhartigheid en onreinheid van ons weg. Skep in ons 'n rein hart en gee ons 'n nuwe, vaste gees. Maak ons hart ontvanklik vir u gawes; maak dit tot 'n tempel waarin u Gees, u wysheid, u krag, u vrede en troos kan indaal en hulle woning maak. Vader van die ligte, U wat die ontelbare ligte aan die uitspansel laat straal, ontsteek ook op aarde die lig van genade en waarheid; laat die ewige lig van u wysheid en u liefde skyn in ons harte. Ons nader tot U in ootmoed, in die diepe gevoel van ons onwaardigheid, maar ook met 'n vaste vertroue: U sal ons nie verstoot nie; U gee eenvoudig net en U verwyt nie.

AMEN.

M. MARTENSEN.

*Let op die vrome wat opreg*
*met God verkeer in woord en weg;*
*merk op die man wat God hier vrees:*
*sy lewenseind' sal vrede wees.*

*— Ps. 37:23.*

# 25 JULIE

*Ek dank my God altyd oor julle vir die genade wat Hy in Christus Jesus aan julle geskenk het, want in Hom het God julle in elke opsig ryk gemaak, veral in die gawes van woord en kennis*
*— 1 Kor. 1:4-5.*

Almagtige Ontfermer, God van alle heil, wees met u gemeente, werk tog kragtig deur u Woord en Gees, sodat hulle wat nog in die dood lê, daaruit kan opstaan. Wees met u klein gemeente en laat die golwe wat hulle teen u gemeente verhef op die rots van u almag breek. Ons dank U vir u genade dat U nie opbou om ons te dra, te lei en te leer nie, sodat ons u groot genade kan leer ken en nie ophou om soos bedelaars voor u genade te bly lê nie, en daar te bly aanhou smeek om redding en uitkoms vir ons en die wat aan ons toebehoort. God van alle genade, laat u gemeente in vrede lewe voor u aangesig en vervul word met die troos van die Heilige Gees.

AMEN.

H. F. KOHLBRUGGE.

*Dan vind my tong weer nuwe stof,*
*in Sions poort meld ek u lof.*
*Dan sing ek bly van u genade*
*so groot in nuwe reddingsdade.*

*— Ps. 9:10.*

# 26 JULIE

*Dit is 'n betroubare woord en werd om sonder voorbehoud aanvaar te word: Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos. Van hulle is ek die grootste*
*— 1 Timoteus 1:15.*

Kom Here, Jesus en vertoef nie, kom tot my met u vrede. Kom Here Jesus en lei my tot U, dan is dit vir my goed. Voer my siel uit die bande van die sonde, sodat dit hom mag verheug in u heilige Naam. Hoor my, Here, en lei my uit die onrus van die tydelike lewe na die hawe van die ewige saligheid. Here Jesus Christus, my toevlug, my ligtende ster in die donker van die lewe, stuur my skip deur die golwe, sodat die diepte my nie mag verslind nie, maar dat ek mag kom tot U, na my hemelse vaderland. Ek roep tot U, my enigste troos en ek hou vas aan die hout van u kruis. Help en red my en neem my op in u beloofde heerlikheid.

AMEN.

AUGUSTINUS.

*Gewis, my siel is stil tot God!*
*My redding kom op sy gebod,*
*geen vyand hoef ek nou te dug nie.*
*Hy is my rots, 'n skans vir my,*
*Hy sal my voetstap ook dan lei*
*wanneer ek nêrens meer kan vlug nie.*

*— Ps. 62:1.*

# 27 JULIE

*Beskerm my soos die appel van u oog, steek my weg in die skaduwee van u vleuels — Ps. 17:8.*

Jesus Christus, my verlange en my liefde, neig u oor tot my. Ek roep U aan. Ek het U lief. Wees U die voorwerp van my gedagtes en pogings. Mag u lig my deurskyn, sodat ek onder u leiding steeds meer gevorm word tot 'n sien en ken van U soos U my ken. Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien. Daarom bid ek U, o Here, gee my ootmoed ter wille van u barmhartigheid en kruisiging van die eie ek; gee my om vry te word van die boeie van die wêreld en om die verganklike dinge te vergeet. Giet in my liefde tot U, 'n liefde sterk soos die dood. Wek in my 'n bron wat opspring tot in die ewige lewe. Laat my ingaan in u vreugde, sodat ek niks meer vrees nie. Lei my, sodat niks my ontbreek nie en voer my deur alle donkerheid na u wonderbare

AMEN.

AUGUSTINUS.

*Salig die wat rein van hart is*
*en die oog omhoog bly hou;*
*as die newels weggetrek het,*
*sal hul klaar hul God aanskou.*

*— Skrifberyming 16:6.*

# 28 JULIE

*As iemand My wil dien, moet hy My volg; en waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees. As iemand My dien, sal die Vader hom eer*
*— Joh. 12:26.*

O Here, ek vra nie gesondheid of siekte of lewe of dood nie, maar dat U my gesondheid en siekte, my lewe en my dood wil laat strek tot u eer, tot my heil, tot welsyn van die kerk en u gelowiges waarvan ek, deur u genade, hoop om deel te vorm. U alleen weet wat goed vir my is: U is die soewereine Meester. Doen wat U wil. Gee of neem, maar vorm my wil na u wil; en gee dat ek in nederige onderworpenheid en in heilige vertroue nie twyfel nie dat U my met alles wat nodig is vir liggaam en siel sal versorg en ook al die kwaad wat U oor my in hierdie jammerdal beskik, my ten beste bestuur, omdat U dit kan doen as 'n almagtige God en ook wil doen as 'n getroue Vader.

AMEN.

BLAISE PASCAL.

*Maar al Gods volk, in Hom verheug,*
*sal opspring in hul sielevreug*
*en huppel voor sy oë;*
*sy mag wat alle mag oortref*
*en uit verneedring hul verhef,*
*sal nooit hul val gedoë.*
*Hef tot Gods eer 'n danklied aan;*
*verhoog, verhoog voor Hom die baan;*
*sing, al wat leef, sy ere!*
*Berei die weg, in Hom weer bly,*
*wat deur die vlaktes ry:*
*sy Naam is HEER der here!*

*— Ps. 68:2.*

# 29 JULIE

*Maar hulle wie se hart agter die hart van hulle verfoeisels en hulle gruwels aan loop — hulle wandel laat Ek op hul hoof neerkom, spreek die Here HERE*
*— Eseg. 11:21.*

Ons het deur ons vader Adam heeltemal in 'n staat van verlorenheid geraak. Daar het in ons niks oorgebly wat nie verdorwe is nie. Ons is kinders van die toorn, van die vervloeking en van die dood, na liggaam en siel. Gee ons egter, o almagtige God, dat ons, deur u Gees vernuwe, meer en meer ons eie wil[2] en ons eie gees versaak en ons só aan U onderwerp dat u Gees waarlik in ons heerskappy voer. Laat ons teenoor U tog nie ondankbaar wees nie, maar bedink hoe onvergelyklik die gawe van u Gees is. Laat ons ons ganse lewe aan U toewy en u Naam verheerlik, in Christus, ons Here.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Dis nie die sonde-alleen wat roep om straf:*
*ek is in ongeregtigheid gebore,*
*en lê voor U in doemskuld gans verlore*
*al van die uur van my ontvang'nis af.*
*U eis is waarheid in my binnenst', HEER;*
*en ek is tot my wesensgrond toe skuldig!*
*Daal af in my verborge diepte-en leer*
*my daar* u *wysheid, diep en meningvuldig.*

*— Ps. 51:3.*

---

[2] Vgl. Kategismus vr. 124.

# 30 JULIE

*Soos vee wat aftrek in die laagte, het die Gees van die HERE hulle na die rus gelei. Só het U u volk gelei, om vir U 'n heerlike Naam te maak*
*— Jesaja 63:14.*

O genadige God, lei ons altyd deur u Gees. Gee ons goeie en heilige gedagtes en volkome oorgawe aan u wil; 'n volkome liefde tot U. Wend ons harte af van die ydelheid van die wêreld en gee ons die genade om ons harte op te hef na die hemel waar ons skat is, sodat ons voortdurend waak en bid en in eenvoud, regverdigheid en vroomheid lewe, terwyl ons op die wederkoms van ons Verlosser in heerlikheid wag. En as Hy kom om die wêreld te oordeel, laat ons dan voor Hom mag kom sonder skaamte en sonder vrees. Soos U die sonstrale op die aarde laat val om lig te gee vir ons liggame, verlig- só ons siele met die lig van u Heilige Gees om ons te lei op die heilige weg van gehoorsaamheid.

AMEN.

GEBEDE: KERK VAN SKOTLAND.

*Ag, hoe kleef ek aan die stof al!*
*Maak my lewend na u Woord —*
*U tog wie 'k my sorg vertel het,*
*laat u kneg nie onverhoord.*
*Lei my altoos voort en verder*
*om u wonders te oordink,*
*my wat droewig en verslae*
*haas in kommernis versink.*

*— Ps. 119:9.*

# 31 JULIE

*Laat almal wat by U hulp soek, jubel en bly wees oor U, laat die wat op u hulp staat maak, altyddeur sê: God is groot!*
*— Ps. 70:5.*

O Here, my God, die lig van die blindes en die krag van die swakkes, maar ook die lig van hulle wat sien en die krag van hulle wat sterk is: verlig my siel en hoor hoe ek roep uit die diepte. Here, help ons, sodat ons ons mag omkeer en U soek, want U het u skepsele nie verlaat nie soos ons U, ons Skepper, verlaat het. Laat ons ons omkeer en U soek, want ons weet dat U in ons harte is, wanneer ons alles voor U beken en uithuil aan u bors oor al ons dwalings; U wil in u goedheid ons trane afdroog, sodat ons mag ween van blydskap, aangesien U wat ons geskape het, ons ook troos en vernuwe. Here, hoor my gebed en gee dat ek U van harte liefhet; o Here, verlos my uit alle versoeking, sodat ek vasstaan tot die einde toe.

AMEN.

AUGUSTINUS.

*Dis die HEER se mededoë*
*wat die blinde oog verlig;*
*wie in stof lê neergeboë*
*word deur Hom weer opgerig.*
*Hy bemin die wat opreg*
*wandel in sy woord en weg.*

*— Ps. 146:6.*

# 1 AUGUSTUS

*Tog was ek nog altyd by U, want U vat my aan die hand*
*— Ps. 73:23.*

HERE, ek het die tyding aangaande U verneem en ek het gevrees! HERE, roep u werk in die lewe in die midde van die jare; in die midde van die jare laat dit bekend word. In toorn, dink aan ontferming. Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee in die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie — nogtans sal ek jubel in die HERE, ek sal juig in die God van my heil. Die HERE Here is my sterkte, en Hy maak my voete soos die van herte, en Hy laat my tree op my hoogtes.

AMEN.

GEBED VAN HABAKUK (3:2, 17).

*O Heil'ge volk van God,*
*geheilig om sy volk te wees,*
*jul hoef geen honger ooit te vrees.*
*God waak oor julle lot.*
*Die jong leeu, groot van moed,*
*ly honger op die skrale jag,*
*maar hulle wat die HEER verwag*
*ontbreek dit aan geen goed.*

*— Ps.34:5.*

# 2 AUGUSTUS

*U volk is gereed vir die dag waarop U u magte monster. U jongmanne is u krag as hulle teen dagbreek aantree, geklee vir die heilige stryd*
*— Ps. 110:3.*

Barmhartige God en hemelse Vader, skep in ons 'n nuwe hart, vol heilige en goeie gedagtes. Verleen ons die krag om waaksaam en dapper te stry teen alle versoekings. Werk in onsself wat U ons beveel en volbring die goeie werk wat U in ons begin het. Soos die son die newels verdryf, verdrywe ook so in ons, o Here, die weerspannigheid en sondige neigings. Gee aan ons 'n bereidwillige hart om die leiding van die Heilige Gees te volg. Laat ons so lewe, so dink, so spreek, so doen dat ons die hemel gerus en vrymoedig durf aanskou. En as ons in swakheid iets doen wat teen u wil is, help ons, o Here Jesus, en rig ons weer op en versoen ons met u Vader en ons Vader; met u God en ons God.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*In God is al my heil, my eer,*
*my sterke rots en teëweer.*
*God is my toevlug in die lewe.*
*Vertrou op Hom, o volk, in smart*
*stort voor Hom uit jul hele hart,*
*God is 'n skuilplek, hoog verhewe.*

*— Ps.62:5.*

# 3 AUGUSTUS

*Christus het vir ons sondes gesterf*
*— 1 Kor.15:3.*

Here, tot U wat die ware Geneesheer is, kom ek nou, genees my, sodat ek gesond mag word. Ek verlaat my op U, laat my nie beskaam word nie. Here, vergeef my my sondes en help my op uit die modder. Ek is 'n arm en ellendige sondaar. Gaan nie met my in die gerig nie, want dan is ek soos 'n riet in die storm, U het van die hemel neergedaal en mens geword, sodat ek, arme sondaar, tot U sou kan gaan as tot my broeder om troos by U te soek; staan op en help my en verwerp my nie. Soos 'n hert wat smag na waterstrome, so smag ek na U. Here God, laat my u genade ervaar en lei my siel op die regte pad.

AMEN.

HIËRONYMUS.

*Ek het die HEER lank in my druk verwag*
*Hy het sy oor tot my geneig.*
*Toe ek bedruk was en bedreig,*
*het Hy geluister na my jammerklag.*
*Hy wat aan my gedink het*
*toe ek so diep gesink het*
*in modderige slyk,*
*Hy laat my rotsvas staan,*
*Hy laat my veilig gaan —*
*my voetstap sal nie wyk.*

*— Ps.40:1.*

# 4 AUGUSTUS

*Maar wie van die water gedrink het wat Ek sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee sal in hom 'n fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee*
*— Joh.4:14.*

Here, ons het so 'n dors en ons is so moeg en ons lewe lyk meer op 'n reis deur die woestyn. Nêrens water — oral die dood. Ons dank U dat U te midde van hierdie jammerklag kom met u evangelie om ons te oordeel en te red. Daar is water. Daar is lewe. Daar is die lewensfontein by U. U, Here, is ons lafenis, 'n oorvloeiende seën. Ons dank U dat ons die jubel van die gemeente van Christus mag hoor dat by U die lewensbron is. Leer ons om na U te kom met ons dood en lewe! Leer ons om nie allereers vir ander nie, maar allereers vir U te sê: By U is die fontein van alle lewe.

AMEN.

G. J. A. JONKER.

*Wie sal ons, van die skuldstraf vry,*
*van Christus en sy liefde skei?*
*— Niks kan ons van Gods liefde skei*
*wat ewig-vas in Christus bly.*

*— Skrifberyming. 10:3a, 6b.*

# 5 AUGUSTUS

*Omdat, ja, omdat hulle my volk verlei deur te sê: Vrede! terwyl daar geen vrede is nie — Eseg. 13:10a.*

Aangesien ons so diep in die slaap van die dood versink het dat ons daagliks wakker geskud moet word, bid ons U, o almagtige God, verleen aan ons troue herders wat ons tot bekering roep. Skenk ons dat ons. aan hulle roepstem gehoor gee en dit vir ons laat welgeval wanneer hulle ons die oordeel moet aansê; ja, laat ons leer om onsself voor U aan te kla. Laat ons, as u hand ons hard tref, nimmer die gevoel kry dat u Vaderlike liefde ons heeltemal sou kan verlaat nie, sodat die weg nimmer vir ons gesluit mag wees om versoening te soek in Jesus Christus, ons Here nie.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Voorwaar, God is vir Isr'el,*
*vir wie opreg is van gemoed.*
*Gods weg kan nooit so donker wees nie,*
*dat Hy nie sorg vir wie Hom vrees nie.*
*Maar ag, hoewel my siel dit weet,*
*tog het my voet haas in my leed*
*gewankel, en dit was vir my*
*so donker dat my voet wou gly.*

*— Ps. 73:1*.

# 6 AUGUSTUS

*Maar ons is burgers van die hand, vanwaar ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag*
*— Filip.3:20.*

O genadige Here, ons hemelse Vader en God, erbarm U oor ons arm sondaars en vergeef ons ons misdade; trek ons uit die sonde en die slegte van die wêreld tot u Seun, Jesus Christus. Voer ons uit die dood tot die lewe en maak ons tot u geestelike kinders wat aan U gehoorsaam is; dat ons as broeders in waarheid en sonder huigelary U Vader mag noem. U is voorwaar ons Vader wat in die hemel is. Ja, U is in die hemel, in heerlikheid en blydskap, maar ons, u ongelukkige kinders, is hier op aarde in die staat van die dood, ter wille van ons sondes onderworpe aan alle gevaar en sorg en droefheid. Leer ons om dit reg te besef, sodat ons ons hart en ons sinne altyd by U mag hê wat ons Vader is, en dat ons ons burgerskap in die hemel mag hê, vanwaar ons ook die Heiland Jesus Christus verwag wat ons vernederde liggame sal verheerlik.

AMEN.

SWEEDSE GEBEDEBOEK.

*U bring vir my die tafel in gereedheid,*
*my hoof druip olie en my beker vloei van wyn,*
*'n bron van goedheid stroom vir my gedurig;*
*dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;*
*dit kroon my lewe met u welbehae;*
*en in u huis, daar bly ek al my dae.*

*— Ps.23:3.*

# 7 AUGUSTUS

*Julle was dood in julle oortredinge en in die onbesnedenheid van julle sondige natuur. God het julle egter saam met Christus lewend gemaak deurdat Hy ons al ons oortredinge vergewe het*
*— Kol.2:13.*

O Here, ter wille van my sonde is ek nie werd om my oë na die hemel op te slaan nie. Ek het u wil nie gevolg en u gebod nie gehou nie. Ek het gesondig en ek ken my misdade. Daarom bid ek U vurig, Here, maak my weer vry, laat my nie ondergaan in my misdade nie, laat u toorn nie op my in ewigheid bly nie. Want U is God, die God van die boetvaardiges; bewys my u goedheid en red my, ellendige, na u grote barmhartigheid, en ek sal U prys al die dae van my lewe.

AMEN.

DIDASKALIA.

*Net soos die lyder, van melaatsheid vry,*
*verlangend na die teer gemeenskapsbande,*
*besprinkel word deur priesterlike hande —*
*ontsondig, HEER, ontsondig so ook my!*
*Was my met suiwer water van die smet*
*en sneeu in blankheid sal nie witter wees nie.*
*Laat die gebeent' wat U verbrysel het,*
*weer in my juig, nie meer verbrysel wees nie.*

*— Ps.51:4.*

# 8 AUGUSTUS

*Werklike liefde is dit: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes*
*— 1 Joh.4:10.*

O Here, laat u liefde ons harte so verwarm dat ons onsself met alles wat ons het en is, met blydskap in u hande stel. Laat u liefde soos 'n vuur van die hemel val op die altaar van ons hart. Leer ons om met waaksaamheid die heilige vuur te bewaar deur aanbidding van U en deur die rus in U, sodat niks ons van U kan skei nie. Versterk ons siele. Wek ons op uit die slaap van die dood wat ons gevange hou; verlewendig ons koue harte deur warmte, sodat ons nie meer lewe soos in 'n droom nie, maar voor u aangesig wandel soos pelgrims op pad na hulle vaderland. Help ons om eindelik die skare van geluksaliges voor u troon te kan ontmoet en ons daar ewig in u liefde te verheug.

AMEN.

GERHARD TERSTEEGEN.

*Hoe rus, o God, my hart in my*
*nou 'k U 'n môrelied kan wy.*
*Ontwaak met my, my harp, ontwaak!*
*Ek wil die rooidag wakker maak.*
*U trou en goedertierenheid,*
*tot bo die hemel uitgebreid,*
*sal ek verhoog by al wat leef*
*met sang wat van ontroering beef.*

*— Ps. 108:1.*

# 9 AUGUSTUS

*"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee"*
*— Matt.11:28.*

Ons Vader wat in die hemel is, ons dank U dat U ons eerste liefgehad het, so liefgehad het dat U u eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen van ons wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. U het ons hart tot U geskape, en ons weet dat daar vir ons net een rus in hierdie wêreld is, en dis by ons Here Jesus Christus. Ons bid U om u Heilige Gees dat die ons oë sal oopmaak om u hand altyd in ons lewe te sien. Leer ons dan om niks te wees nie, sodat U alles vir ons sal wees. Maak ons siel stil tot God en skenk ons die genade om die goeie stryd van die geloof te stry, om te gryp na die ewige lewe, sodat die lewe vir ons altyd meer en meer sal word Christus en die sterwe 'n wins.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*Toe smart reeds bruisend oor my heen wou slaan,*
*het ek, o Heer, geloftes U gedaan.*
*En nou, nou dink ek dankbaar-bly daaraan,*
*en bring my dankbetaling.*
*My siel's gered: geen dood wat ek gewaar nie.*
*My voet was vas: geen vyand is meer daar nie.*
*Niks wat my hinder om op U te staar nie,*
*o grote Lewenslig!*

*— Ps.56:4.*

# 10 AUGUSTUS

*"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee"*
*— Matt.11:28.*

Aangesien U ons so helder in die lig laat lewe deur die leer van u evangelie waarin u Seun ons so hartlik na Hom nooi, almagtige God, laat ons dan ons oë nie sluit vir die lig of uit valse nuuskierigheid dit op iets buiten U rig nie, maar eenvoudig gehoorsaam bly, totdat ons eindelik ons lewensloop volbring het en in die volle glans van u lig kom, wanneer U ons van heerlikheid tot heerlikheid sal verander deur u eniggebore Seun.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*En 'k hoor 'n hemelstem wat sê:*
*Die tabernakel van die MEER,*
*die woning van sy heiligheid,*
*is by die mens op aarde weer.*
*Húl is sy volk, Hy's hul naby*
*en sal hul God vir ewig bly.*

*— Skrifberyming 23:3.*

# 11 AUGUSTUS

*Ek het gesien: daar was 'n wit perd. Sy ruiter het 'n pyl en boog gehad. 'n Oorwinnaarskroon is aan hom gegee, en hy het as oorwinnaar uitgegaan om nog verder te oorwin*
*— Openb.6:2.*
Here Jesus, U gaan uit om te oorwin. Hoelank u vyande ook teëstand bied — hulle sal des te sekerder tot skande word. Openbaar aan ons u majesteit en toon ons hoedat dit wat U teëstaan, neergeslaan moet word. Maar openbaar U voor alles in u genade wat so groot is dat U Uself vir ons as 'n offer aan die kruis van Golgota gegee het, en laat ons sien hoe U ons daardeur tot u eiendom gemaak het. Laat ons in vertroue op u Naam die toegang tot die troon van u genade oop vind. Versterk ons geloof deurdat ons u heerlikheid mag sien en u groot dade wat U deur die tye heen verrig het en nog altyd werk. Maak ook nou U heerlike Naam aan ons bekend en trek ons heeltemal tot u salige gemeenskap.

AMEN.

J. A. BENGEL.

*U het omhoog gevaar vol eer;*
*die kerker was u buit, o HEER,*
*in gawes u beloning*
*wat neerdaal op die mensekind;*
*selfs wie opstandig is, die vind*
*by U, o HEER, 'n woning.*

*— Ps.68:8b.*

# 12 AUGUSTUS

*Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg. Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as 'n offergawe gegee het, ja, 'n offer wat vir God aanneemlik was*
*— Efes.5:1-2.*

Here, U wat eenmaal op aarde gewandel en 'n voetspoor nagelaat het, sodat ons daarin sou wandel; U wat nog van die hemel af neersien op elkeen wat hier benede sy weg gaan: Versterk die vermoeide, bemoedig die moedelose, lei die verdwaalde terug, troos die strydende. U wat eenmaal aan die end van die tyd weer sal kom om almal te oordeel, Ons Here en Heiland, laat u voorbeeld altyd duidelik voor die oog van die siel staan, sodat die newels opklaar; versterk ons, sodat ons in die navolging van U die weg mag vind tot die oordeel, maar ook tot die saligheid in die Vaderhuis by U.

AMEN.

S. KIERKEGAARD. AMEN:

*Beminnaars van die HEER,*
*haat wat sy Naam onteer,*
*en wandel in sy weë.*
*Hy is sy volk geneë*
*en sal in doodsgevaar*
*sy gunsgenoot bewaar;*
*Hy red hom van die hand*
*wat dreig van alle kant,*
*van die geweldenaar.*

*— Ps.97:6.*

# 13 AUGUSTUS

*Ons weet dat, wanneer ons aardse woning wat maar 'n tent is, afgebreek word, ons 'n vaste gebou in die hemel het. Dit is 'n woning wat nie deur mense gemaak is nie maar deur God, en dit bly ewig staan*
*— 2 Kor.5:1.*

Here Jesus, U het neergedaal van die troon van u Vader. In U het ons gesien watter liefde daarbo gevind word; watter liefde ons vandaar tegemoet stroom. U het vir ons daarbo 'n plek berei en aan ons heerlikheid beloof. U het ook die weg soontoe gebaan deur tot ons neer te daal. Wie op U vertrou, sal salig word. Nou bid ons U: Raak ons aan en trek ons deur u groot liefde, sodat ons tot U wíl kom. Here, laat u hart en u hemel so helder straal oor hierdie arme aarde dat die bande breek wat ons aan onsself en aan die wêreld bind, sodat ons in ons siele 'n heimwee ken, wat nie gestil word voordat ons tuis kom nie.

AMEN.

FR. AHLFELD.

*Salig wie tevore*
*deur Hom is verkore*
*as sy erf en lot;*
*wie so hoog geëer is,*
*dat die HEER húl HEER is*
*en die God húl God.*

*— Ps.33:6b.*

# 14 AUGUSTUS

" *Wees dan volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is"*
*— Matt.5:48.*

Here ons God, bring U die eenheid onder ons tot stand! Gee u Gees, sodat ons U mag erken en ons harte bly word, nie alleen vir onsself nie, maar ook vir ander mense. Delg die bose op die aarde uit, die lelike, alle leuens en bedrog en haat wat onder die volke is. Delg uit die onenigheid en alle stryd, sodat u ryk op aarde mag kom en ons ons mag verheug oor die ewige ryk wat die mense reeds op aarde mag geniet, sodat hulle gelukkig word en waarlik u kinders. Ja, u kinders, Here God, wil ons wees, u volk en u mense wat U in u hand het, sodat u Naam geheilig word, u koninkryk kom en u wil geskied soos in die hemel, net so ook op die aarde.

AMEN.

C. BLUMHARDT.

*God ken die pad waarop sy volk moet gaan;*
*sy oog is dit wat hulle gadeslaan*
*en met sy lig hul lewenspad bestraal het;*
*maar sondaarspad wat van Hom weggedaal het —*
*dit moet vergaan; onkeerbaar in hul spoed,*
*loop hul oplaas 'n afgrond tegemoet.*

*— Ps.1:4.*

# 15 AUGUSTUS

*O die vrou wat owerspel bedrywe! Terwyl sy onder haar man staan, het sy vreemdes aangeneem*
*— Eseg.16:32.*

Almagtige God, U wat ons tot op hierdie uur gedra het, ook toe ons honderdmaal die swaarste straf verdien het, gee dat ons ons bekeer en nie in die vreeslike gerig verval nie soos die ou bondsvolk wat U vir ons tot 'n waarskuwende voorbeeld gee. Skenk ons 'n volkome gehoorsaamheid in 'n ware en reine geloof. Laat ons u genadige leiding erken, totdat ons eenmaal tot die ewige erfenis kom wat u eniggebore Seun vir ons verwerf het deur sy eie bloed.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Verberg u oog, die vlammelig wat oor*
*my sonde brand en speur deur al my lede.*
*Was weg, delg uit my ongeregtighede,*
*herskep my hart wat wegdwing van u spoor.*
*Gee my opnuut, o HEER, 'n vaste gees,*
*dat ek nie só weer van u baan mag gly nie!*
*laat my voor U tog geen verstootling wees,*
*en neem u goeie Gees nie weg van my nie.*

*— Ps.51:5.*

# 16 AUGUSTUS

*En mag julle in al die goeie wat julle in woord en daad doen, bemoedig en gesterk word deur ons Here Jesus Christus en God ons Vader. Hy het aan ons sy liefde bewys en aan ons deur sy genade 'n blywende troos en goeie hoop gegee*
*— 2 Tess.2:15-17.*

O barmhartige Vader, ons bid U dat U ons wil versterk met u Heilige Gees. Laat Hy ons voortaan lei, dat ons al die dae van ons lewe bestee tot alle geregtigheid en heiligheid. Laat ons doel, by alles wat ons ter hand neem, altyd wees om u eer te verbrei, só dat ons dan ook al die voorspoed by ons voornemens van u milde hand alleen verwag. En dat ons die genade van U mag verkry — vergeef ons, volgens u belofte, al ons sondes, ter wille van die heilige lyde en bloedvergieting van ons Here Jesus Christus, want ons het oor die sondes van harte berou.

AMEN.

GEBEDE: GEREFORMEERDE KERKE.

*Hoe vreeslik is U, HEER, alom*
*uit u verhewe heiligdom,*
*omring deur sterkte-en ere!*
*Dis Isr'els God wat wonders werk*
*en wat sy volk met krag versterk:*
*U loof ons, HEER der here!*

*— Ps.68:16.*

# 17 AUGUSTUS

*Hy gee die vermoeide krag en vermenigvuldig sterkte vir die wat geen kragte het nie — Jes.40:29.*

Here Jesus, U wat dood was en ewig lewe, ons prys U as die lewende Here wat heers op die hoë troon van God. U leef en ons sal lewe. Gee nou aan ons wat vermoeid is nuwe krag, sodat ons kan lewe en wandel in die Gees. Verlewendig en versterk ons siele tot 'n vaste vertroue op U, tot gehoorsaamheid aan u gebod en tot 'n gelukkige dra van die kruis wat U ons oplê. Hoe dikwels het ons nie ervaar dat ons sorge tevergeefs en ons bemoeiinge vrugteloos was nie. Maar wanneer U ons siele troos en deur u Woord verlewendig, dan kan ons wandel op die weg van u gebooie. En as U ons siele in beweging sit en as U in en deur ons siele werk, dan ervaar ons dat u gebooie nie swaar is nie. Woon en leef dan in ons en maak alles in ons aan U onderdanig. Gebruik ons as u instrumente wanneer, hoe en waar U wil en neem U alleen die eer as die Een van wie al die goeie kom en na wie al die goeie uitgaan.

AMEN.

M. F. ROOS.

*Ons prys U, HEER, in sang en lied,*
*U het u sterkte ons gebied*
*toe't nag was, lank gelede;*
*U het gehoor na ons gebed,*
*U het ons roemryk uitgered —*
*o hoor nou weer ons bede!*

*— Ps.68:13a.*

# 18 AUGUSTUS

*Die genade van God wat verlossing bring, het immers aan alle mense verskyn*
*— Titus 2:11.*

Barmhartige Vader, U wat die son laat opgaan oor bose en goeie mense en laat reën oor regverdiges en onregverdiges, laat ons as goedgeaarde kinders in u voetstappe wandel en barmhartig wees soos U, ons Vader in die hemel, barmhartig is. Laat ons ons liefderyk betoon teenoor ons naaste, medelydend teenoor die swakkes, die helpende hand uitsteek na die noodlydendes en die bedroefdes troos. Laat ons niks onverstandigs spreek of doen wat nie in u oë welgevallig is nie, maar gee dat ons alles uit u Vaderlike hand mag ontvang sodat ons altyd gereed en geneë sal wees om te vergewe as ons vyande ons beledig, terwyl ons die salige hoop en verskyning van die heerlikheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*Hul sal, o HEER, U goedheid bly herdink*
*en vir u heil die jubels op laat klink:*
*genadig, goed, lankmoedig soos weleer,*
*barmhartig en 'n redder is die HEER.*

*— Ps.145:5.*

# 19 AUGUSTUS

*Julle was dood as gevolg van julle oortredinge en sondes wat voorheen julle lewenswyse gekenmerk het*
*— Ejes.2:1-2(a).*

Here, ons God, U wat deur u Gees alles lewend maak, wil ons ook aanraak, sodat ons lewend mag word soos ons dit mag verwag op grond van u belofte en u wil. Laat ons nuwe mense word, sodat die kwaad van die wêreld en die sonde nie oor ons die oormag kry nie. Wil ons vernuwe, sodat ons stryders mag wees vir die hoogste goed op aarde en wat tot in die hemel reik. Skenk verhoring oral waar 'n hart na U sug. Ons bid vir hulle wat die Heiland soek. Skenk kragte wat die inwendige van die mense ophef, sodat — ondanks alle moeite en teëstand en gevaar — daar tog op die wêreld oral 'n vrolike volk mag wees wat op U vertrou en die oorwinning in sy hand het, volgens die genade wat U skenk op die gebed wat ons vir onsself en ander tot U opstuur.

AMEN.

CHR. BLUMHARDT.

*Wend my oog van wat nog niks is,*
*maak my lewend in u weg;*
*u belofte-aan al u dienaars —*
*maak dit waarheid aan u kneg!*
*Laat geen smaad my ooit oorval nie,*
*stort weer lewe-in my gemoed*
*uit u woord wat reg en waar is,*
*en 'n bron van alle goed.*

*— Ps. 119:12.*

# 20 AUGUSTUS

*Julle was dood as gevolg van julle oortredinge en sondes*
*— Ejes.2:1.*

U het met ons gehandel na u goedheid en vir ons die onmeetlike skatte van u genade ontsluit. Ons bid U, almagtige God, laat ons tog bedink wat ons is en bedroef daaroor voel. Laat ons nooit vergeet watter soort mense ons was toe U ons tot kinders aangeneem het nie. Hoe dikwels en hoe veelvuldig het ons U toorn verwek en u verbond verbreek! Laat ons in ons skande U die eer gee en in alle ootmoed u Naam steeds verheerlik, totdat ons deel sal kry aan die heerlikheid wat u eniggebore Seun vir ons verwerf het deur sy bloed.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Die HEER wat van geen wankel weet nie,*
*sal nimmer sy verbond vergeet nie;*
*al sy beloftes bly van krag*
*tot in die duisendste geslag.*
*Verbond met Abraham, sy vrind,*
*bevestig Hy van kind tot kind.*

*— Ps.105:5.*

# 21 AUGUSTUS

*"Ekglo," roep die seun se pa dadelik uit." Help my waar ek nog ongelowig is"*
*— Mark 9:24.*

Getroue, goedertieren Vader, u oneindige liefde kom ons telkens teë. Ons bring U ootmoedige dank toe vir al u onverdiende seëninge. Here, verleen ons tog ook die grootste van alle gawes, naamlik die regte geloof. Ons glo wel, maar ons geloof is so wankelend. Skenk ons so 'n geloof, sodat U en die verdienste van u liewe Seun, ons Verlosser, ons aangryp; 'n geloof wat hom verhef bokant die stoflike; lig en lewe besit, ja, werksaam is in die liefde, alle versoekings weerstaan, 'n heilige lewenswandel voortbring en in die uur van die dood vrede en vreugde skenk in Jesus Christus, ons Here.

Barmhartige Vader, wakker die vlam van die geloof aan, sodat ons deur Christus geregverdig, vrede met U het.

AMEN.

J. H. GUNNING.

*As ek op aard, deur soveel smart omgewe,*
*omring deur droefenis en dood en rou,*
*nie meer sou glo dat ek in hierdie lewe*
*die goeie van Gods hand nog sal aanskou-*
*dan het ek lankal in my druk versmag.*
*Wees sterk my siel, wees altyd sterk en wag!*
*Die HEER sal hoor en op jou roepstem merk.*
*Hy sal jou weer met nuwe krag versterk.*

*— Ps.27:6.*

# 22 AUGUSTUS

*Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here*
*— Rom.6:23.*

Here God, ewige, almagtige Vader, ons weet en bely voor u allerheiligste majesteit dat ons arm sondaars is, geneig tot alle kwaad en onwillig tot die goeie, omdat ons sonder ophou u heilige gebooie oortree, waardeur na u regverdige oordeel, verderf en dood oor ons kom. Maar, Here, ons het berou en verdriet dat ons U beledig het, ons vervloek ons oortreding met waaragtige berou en snak daarna dat u genade ons ellendigheid te hulp mag kom.

AMEN.

THEODORUS BEZA.

*Ons het, o Heer, u wet weerstrewe,*
*genade-is al waar ons op pleit:*
*gee ons in Christus nuwe lewe,*
*om dit te doen uit dankbaarheid.*

*— Skrifberyming 26:11.*

# 23 AUGUSTUS

*"Dit verseker Ek julle: Wie in My glo, het die ewige lewe. Ek is brood wat lewe gee"*
*— Joh.6:47-48.*

Here Jesus Christus, U is die ware brood van die lewe wat allerlei verkwikkinge kan gee en elke siel kan voed. Daarom bid ek dat U steeds my siel wil verkwik soos hy dit nodig het: Wanneer my siel siek is, wees dan my geneesheer; is hy bedroef, wees dan sy vreugde; is hy swak, wees dan sy krag; is hy onrustig, wees U dan sy vrede; is hy verlate, wees U dan sy toevlug. My troue Verlosser, laat my siel nie beroof wees van die hemelse troos nie; laat hy smaak die krag van die toekomstige lewe, die vreugde van die ewigheid en die soetheid van u goedheid. Laat my siel daardeur getroos word en ten slotte kom tot die ewige heerlikheid.

AMEN.

JOHANN ARNDT.

*Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer? ...*
*nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die Heer!*
*Laat alle vlees vir ewig en altyd*
*sy Naam verhef so hoog in heerlikheid*

*— Ps.145:12.*

# 24 AUGUSTUS

*"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig''*
*— Matt.11:28-30.*

O goeie, almagtige God, wat vir elkeen van ons sorg, asof U vir hom alleen sorg. Geseënd is die man wat U liefhet en vir wie almal dierbaar is in Hom wat ons nooit kan ontval nie. En dit is U, o God, wat hemel en aarde gemaak het en hulle vervul het. En u wet is die waarheid. Ek sien hoedat sommige dinge weggaan om vir ander dinge plek te maak, maar U verdwyn nooit nie. O God, my Vader, my hoogste goed! Skoonheid van alle skone dinge. Ek wil aan U toevertrou wat ek van U ontvang het; dan sal ek niks verloor nie. U het my gemaak vir Uself, en my hart is onrustig in my totdat dit in U rus vind.

AMEN.

AUGUSTINUS.

*U goedheid, HEER, is hemelhoog;*
*u waarheid tot die wolkeboog;*
*u reg sal nooit begewe*
*maar staan soos berge, vas van voet;*
*u oordeel is 'n diepe vloed;*
*U sorg vir al wat lewe.*

*— Ps.36:2a.*

# 25 AUGUSTUS

*Want hy het die eed geminag deur die verbond te verbreek; en kyk hy het sy hand gegee en tog al hierdie dinge gedoen; hy sal nie ontvlug nie*
*— Eseg.17:18.*

Dit het U in u genade behaag om 'n ewige onwankelbare verbond met ons te sluit, beseël met die bloed van u eniggebore Seun. Ons bid U, almagtige God, laat ons by die verbond bly in troue afhanklikheid en U gehoorsaam wees tot die einde toe. Gee dat ons sodoende u Vaderlike liefde opmerk, totdat ons eindelik die ewige erfenis ontvang wat U vir ons berei het in die koninkryk van die hemele deur ons Here Jesus Christus.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Maar Gods genade-en goedheid is oneindig*
*oor almal wat Hom vrees, sy trou bestendig;*
*dit reik tot aan die eerste nageslag*
*wat sy verbond nie troueloos wil skend nie,*
*of van sy wet hul hart afkerig wend nie,*
*maar sy bevel gehoorsaam wil betrag.*

*— Ps.103:9.*

# 26 AUGUSTUS

*Sluit tog vriendskap met Hom, sodat jy vrede kan hé; daardeur sal goeie dinge oor jou kom*
*—Job.22:21.*

Here, ons God, barmhartig en genadig, lankmoedig en groot van goedertierenheid en waarheid is U. Dis alleen aan u guns te danke dat ons is wat ons is en dat ons ook in u vrees en deur u seën hierdie dag deurgebring het. U het ons siel bewaar vir die verderf, ons liggaam teen siekte en ons lewe teen gevare. U het ons weer met ryke seëninge bekroon. As U nie ons gees bewaar het nie, dan was dit al lankal met ons gedaan, en het ons lewenslamp uitgegaan as u goedheid nie gestadig nuwe olie met nuwe kragte daarin gegiet het nie. U barmhartigheid en u trou het ons gelei op al ons weë. U barmhartigheid het baie kwaad afgeweer wat oor ons kon kom en u trou het ons baie goed gebring. Soos die son elke môre opgaan en nooit moeg word om te skyn nie, so word ook u genadeson nooit moeg om ons in Christus Jesus te verkwik nie.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*U is my God, al my verlange;*
*U prys ek om u majesteit.*
*My God, U loof my lofgesange*
*van nou af tot in ewigheid.*
*Loof almal saam met jubelsange!*
*Gods goedheid ken geen grens of tyd;*
*geen hede, toekoms of vergange,*
*sy goedheid duur in ewigheid.*

*— Ps.118:14.*

# 27 AUGUSTUS

*Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend*
*— Filip.4:6.*

Gee ons, o hemelse Vader, u vrede wat alle verstand te bowe gaan; dat ons te midde van die storms en moeite van ons lewe, mag rus in U, omdat ons weet dat alle dinge in u hand is, onder u sorg bestuur deur u wil, bewaar deur u liefde, sodat ons met 'n rustige hart die storms van die lewe, die wolke en digte duisternis mag tegemoet gaan en ons altyd verbly deur te weet dat die duisternis en die lig vir U gelyk is, deur Jesus Christus, ons Here.

AMEN.

HEERLIKHEID VAN GOD: GEBEDE EN MEDITASIES.

*Hoe hulle my op elke vlugpad kwel,*
*U weet dit, HEER; my trane 't U getel,*
*dit is u boek op eewge skrif gestel.*
*Só was U my gedagtig!*
*My vyand vlug. U, Redder van my lewe.*
*U is by my en sal my nooit begewe.*
*My hart is stil, tot U omhooggehewe.*
*Wat sou ek vlees dan vrees?*

*— Ps.56:3.*

# 28 AUGUSTUS

*Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees*
*— 2 Kor.5:21.*

Here almagtige God, laat die onskuldige bloed van Christus die vlek en die onreinheid van ons sondes uitwis. Laat sy geregtigheid intree vir ons ongeregtigheid in die laaste oordeel. Wapen ons met geloof en hoop, sodat ons nie tot skande word deur enige skrik vir die dood nie. Wanneer ons liggaamlike oë duister word, laat dan die oë van die gees op U sien. Wanneer U ons die gebruik van die tong beneem het, laat die hart dan nie ophou om U aan te roep nie. O Here, ons beveel ons siele in u hande. Wil ons in die laaste nood nie verlaat nie. Doen dit om Jesus Christus ontwil alleen.

AMEN.

GEBEDE: GEREFORMEERDE KERKE.

*Soos hoog bo ons verrys die hemelboë,*
*so sal sy guns, uit eewge mededoë,*
*geweldig hoog bo al sy kinders staan.*
*En soos die oosterkim se helder glanse*
*ver weg is van die kwynende-awendtranse*
*so ver het Hy ons sondes weggedaan.*

*— Ps.103:6.*

# 29 AUGUSTUS

*Kom ondervind en sien dat die Here goed is! Dit gaan goed met die mens wat by Hom skuil*
*— Ps.34:9.*

Op U, o Here God, is my verwagting; tot U wil ek vlug; op U wentel ek my droefheid en angs, want al wat ek buiten U sien, is wankelmoedig en onbestendig. En alles waarvan ons vrede en geluk verwag, is niks nie, as U nie daarin is nie — en dit bring geen ware geluk nie. Op U rig ek my oë; op U vertrou ek, my God, Vader van alle barmhartigheid. Seën en heilig my siel; laat dit u heilige woning wees. Sien op my neer na u grote goedheid. Beskerm en bewaar die siel van u dienaar tussen al die gevare van die verganklike lewe en lei my in u genade op die weg van vrede na die vaderland van die ewige lig.

AMEN.

THOMAS À KEMPIS.

*Wil soos 'n perd nie wees wat opwaarts steier,*
*of soos 'n muil wat ons sy dienswerk weier,*
*wat mensehand moet dwing met toom en tuig*
*tot hy sy krag in diensbetoon moet buig.*
*Die goddelose man het baie smarte;*
*maar wie op God vertrou van ganser harte,*
*hom sal gewis, ook onder kruis en druk,*
*die guns van God 'n krans vleg van geluk.*

*— Ps.32:5.*

# 30 AUGUSTUS

*Bekeer julle en wend julle af van julle drekgode en wend julle aangesig af van al julle gruwels*
*— Eseg. 14:6b.*

Aangesien ons so lig geneig is om te dwaal, almagtige God, gee dat in die duisternis van hierdie wêreld u waarheid ons altyd sal verlig. Skenk ons geopende oë vir u waarheid, sodat ons aan U onderdanig is as ware leerlinge, en deur u Woord en Gees gelei, ons loopbaan voleindig en eindelik tot die ewige rus ingaan wat U eniggebore Seun vir ons verwerf het.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Hoe sal in sy jeug die jong'ling,*
*gou deur ydelheid bekoor,*
*rein kan wandel in sy weë? ...*
*As hy wandel in u spoor!*
*U soek ek van ganser harte.*
*HEER, hou U my hande vas,*
*dat ek van u spoor nie dwaal nie*
*en die kwaad my nie verras.*

*— Ps.119:4.*

# 31 AUGUSTUS

*Al is ek afgetakel na liggaam en gees, God is my sterkte; aan Hom behoort ek vir altyd — Ps. 73:26.*

Here, as ek U maar het, dan vra ek nie meer na die hemel of aarde nie. Al beswyk my vlees en my hart, dan is U, o God, die rots van my hart en my deel tot in ewigheid. Gee, o God, dat ek hierdie woorde nie alleen nasê nie, maar dat ek waarlik in U vrede het. Wanneer die bedrukte siel beangs word in 'n versmagtende liggaam, dan kan U alleen deur u Gees bewerk dat ek aan U genoeg het. Wek, o Vader, my hart op dat dit U steeds as die hoogste goed hou en U steeds mag soek. U gee aan die siel die rus wat die wêreld nie kan gee nie, 'n vrede wat die wêreld nie ken nie. U gee lewe in die dood, blydskap in lyde, rykdom in armoede, eer in smaad. U is genoeg vir die siele wat U ken. Ek verlaat my in u genadige hande. U hande het my gevorm. Mag hulle my berei tot 'n vereniging met U hier in die tyd, en straks in die ewigheid.

AMEN.

JOHANN ARNDT.

*Ek roem, o God, u alvermoë,*
*'k roem u geregtigheid,*
*wat uitstraal ver en wyd*
*en heerlik skitter uit die hoe.*
*Wie is soos U, o HERE,*
*so groot in mag en ere!*

*— Ps. 71:12.*

# 1 SEPTEMBER

*Jy sal tot Hom bid en Hy sal jou verhoor; en jy sal jou geloftes betaal*
*— Joh.22:27.*

Daarom kniel ek in gebed voor die Vader aan wie die hele gemeenskap van gelowiges in die hemel en op die aarde sy bestaan te danke het. Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word, dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God. Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid.

AMEN.

GEBED VAN PAULUS.
Efes. 3:14-21.

*Loof, loof die HEER, o heidendom!*
*0 volke prys sy naam alom!*
*Sy goedheid is in nood en dood,*
*vir ons, sy volk, oneindig groot.*
*Sy waarheid wankel nimmermeer.*
*Sing, halleluja, sing sy eer!*

*— Ps.117.*

## 2 SEPTEMBER

*In terugkeer en rus lê julle heil, in stil-wees en vertroue bestaan julle krag*
*— Jes. 30:15.*

Ons Vader wat in die hemele is, ons bid U om van ons alles weg te neem wat skeiding maak tussen U en ons. Ons dank U dat ons ons hart voor U kan uitstort, omdat ons weet dat U die Verhoorder van die gebed is, dat U ons deur-en-deur ken: 'n Gebroke hart en 'n verbryselde gees is vir u 'n aangename offerande. Ons bid U om genade op genade. Sien ons nie aan na wat ons verdien het nie, maar sien ons aan in die bloed van u liewe Seun, Jesus Christus, en delg vaderlik uit al ons ongeregtighede en misdade. Ons pleit op niks wat in onsself is nie, maar alleen op die bloed van Jesus Christus wat vir ons gestort is tot 'n volkome versoening van al ons sonde.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*Hy sal nie altoos twis teen ons ontrou nie,*
*qf ewiglik die toorn teen ons behou nie —*
*want wie kan dra Gods eewge gramskap — wie?*
*Hy sal met ons nie na ons sondes handel,*
*ons nie "vergeld die boosheid van ons wandel;*
*Hy straf ons, maar na al ons sondes nie.*

*— Ps. 103:5.*

# 3 SEPTEMBER

*So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees*
*— Efes. 1:4a.*

*Bind die getuienis toe, verseël die wet in die hart van my leerlinge*
*—Jes. 8:16.*

O almagtige God, ewige Vader van ons Here Jesus Christus, wat vir U 'n ewige kerk geskape en uitverkies het, tesame met u eniggebore Seun Jesus Christus en die Heilige Gees — U wat wys, goedertieren en barmhartig is, 'n regverdige Regter, waaragtig, sterk en magtig om te doen wat U behaag, ons bring aan U ons dank dat U uit die menslike geslag u kerk deur u enigebore Seun tot 'n ewige erfenis vergader en dat U die prediking van u evangelie in stand hou en in ons tyd deur troue dienaars weer in ere herstel het. En ons bid U van ganser harte dat U ook voortdurend u hele kerk wil bewaar en regeer. Verseël en bewaar in ons die waaragtige, suiwere leer soos ook die profeet Jesaja vir sy leerlinge en dissipels bid. Laat ons harte ontvlam deur u Heilige Gees, sodat ons U in waarheid aanroep en ons lewe na u Woord en wil lei en mag volbring.

AMEN.

PHILIP MELANCHTON.

*U tog, U is hul roem, hul sieraad en hul prag,*
*wat hul beklee met sterkte-en onverwinb're mag.*
*Uit vrye guns alleen, uit eewge mededoë,*
*hef ons die hoof omhoog, weer sterk deur Gods vermoë.*

*— Ps. 89:7a.*

## 4 SEPTEMBER

*Mensekind, jy woon onder mense van die wederstrewige huis, wat oë het om te sien, maar nie sien nie; ore het om te hoor, maar nie hoor nie, want hulle is 'n wederstrewige huis — maar self moet jy in die aand uitgaan voor hulle oë soos die wat in ballingskap uitgaan*
*— Eseg. 12:2, 4b.*

Dit is u wil dat ons as vreemdelinge in hierdie wêreld lewe, totdat U ons opneem in u rus daarbo. Gee dan, o almagtige God, dat ons op die ewige vaderland al ons gedagtes en sinne, al ons doen en handel rig. Bewaar ons daarvoor dat ons op ons reis hier benede die doel uit die oog verloor en van die weg afdwaal. Laat ons altyd sien op die doel wat U ons voorhou; laat ons op die regte weg bly, totdat ons ons loopbaan voleindig het in gindse heerlikheid wat u eniggebore Seun vir ons berei het deur sy eie bloed.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*As ek sien die wetsverlaters,*
*hom daar skrik in my gemoed,*
*en 'n heil'ge vuur van ywer*
*laat dit opbruis in my bloed.*
*Want u wet wat hul verwerp het*
*in hul agting waardeloos,*
*is die stof van my gesange,*
*op my pelgrimspad my troos.*

*— Ps. 119:17.*

# 5 SEPTEMBER

*By een van die profete staan daar geskrywe: "En hulle sal almal mense wees wat deur God geleer is''. Elkeen wat na die Vader geluister en van Hom geleer het, kom na My toe — Joh. 6:45.*

O ewige Woord, eniggebore Seun van God, leer my die ware grootmoedigheid. Leer my om U te dien soos U dit verdien: om te gee sonder om te tel; om te stry sonder om my te bekommer oor verwondings; om te arbei sonder om rus te soek; om my op te offer sonder om 'n ander loon te verwag as om te weet dat ek u heilige wil gedoen het.

AMEN.

IGNATIUS VAN ANTIOCHIË.

*Barmhartig, vol van derenis,*
*is U vir wie barmhartig is;*
*en wie opreg is, U sal hom*
*ook met opregtheid teëkom.*
*By hul wat reinheid rein bemin,*
*hou U, die Heil'ge, U ook rein;*
*maar vir wie leef in valse skyn,*
*is U ook self verkeerd van sin.*

*— Ps. 18:12.*

# 6 SEPTEMBER

*"Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen. Dit is tog waarop dit neerkom in die wet en die profete"*
*— Matt. 7:12.*

Here Jesus Christus, ek bid U nie om die ryk van hierdie wêreld wat verganklik en tydelik is nie, maar ek bid U om die ryk wat altyd duur en waarin geen gebrek is nie. Mag u goddelike wil wat altyd heilig en heilsaam is aan my volkome volbring word in rykdom en armoede, in moeite en voorspoed, in lewe en sterwe. Spaar ons lewe en voed ons met die geestelike spyse. Vergeef ons ons skulde; ek wil almal vergewe wat my onreg aangedoen het. Vergeef U my wat ek teen u goddelike wil en teen my naaste misdryf het. Bewaar ons vir die aanvegting van die duiwel, vir die valsheid van die wêreld en verlos ons van die Bose.

AMEN.

NIKLAUS VON DER FLUE.

*HEER, my God, by wie ek skuiling,*
*redding soek — my teenparty*
*wat my jaag op al my spore,*
*dring gedurig naderby.*
*As u hand my nie verlos nie*
*sal hul lewend my verslind,*
*soos 'n leeu die arme skaaplam*
*wat hy sonder herder vind.*

*— Ps. 7:1.*

# 7 SEPTEMBER

*Soos iemand wat deur sy moeder getroos word, so sal Ek julle troos; en julle sal in Jerusalem getroos word*
*—Jes. 66:13.*

Kom, Heilige Gees, U goeie vertrooster vir alle bedroefdes, kom en leer ons om reg te bid en die hemelse Vader gehoorsaam te wees. Kom en wees ons beskermer in die nood, ons helper in droefheid, kom en reinig ons van die sonde, versterk die swakkes en bevry die gevangenes. Kom en bring die verdwaaldes terug. Wend my hart na U en buig U genadig tot my neer. Help my om vas op u Woord te vertrou en dit met heilige eerbied in my hart te bewaar. Versmaad my nie ter wille van my swakheid nie, maar versterk my geloof na u grote barmhartigheid, deur Jesus Christus, ons Heiland.

AMEN.

AUGUSTINUS.

*"'k Gee my Heil'ge Gees aan julle,*
*wat die krag verleen en trou*
*om te wandel in my weë*
*en my wet te onderhou.*
*En jul sal die land van seën*
*deur my seën weer verkry*
*waar 'k 'n God sal wees vir julle,*
*jul 'n volk sal wees vir My. "*

*— Skrifberyming 14:2.*

# 8 SEPTEMBER

*Maak vir julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees; want waarom wil julle sterwe, o huis van Israel? Want Ek het geen behae in die dood van hom wat sterwe nie, spreek die Here HERE. Bekeer julle dan en lewe*
*— Eseg. 18:31b-32.*

Daar bestaan niks wat so swak is as wat ons is nie. Selfs dan wanneer U ons die hand gee, word ons geplaag deur 'n groot swakheid, sodat ontelbare misstappe ons bedreig, as U ons nie te hulp kom nie.

Laat u onoorwinlike krag ons onderskraag, sodat ons op die pad van u heilige roeping voortgaan en dapper en sonder ophou teen alle versoekinge stry, totdat ons eindelik in die hemel die vrug van ons oorwinning ontvang, deur Christus ons Here.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Laat, HEER, U oog in strakheid*
*nie neersien op my swakheid.*
*Genees my, merk tog hoe*
*die smart my siel beswaar het,*
*die skrik in my gevaar het*
*tot in my beend're toe.*

*— Ps. 6:2.*

# 9 SEPTEMBER

*Wie in Hom glo, word nie veroordeel me; wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy me in die enigste Seun van God glo nie*
*—Joh. 3:18.*

Genadige God, wat uit een bloed al die mense gemaak het en wat deur een losgeld almal bevry het, laat my nooit my hart verhard teen enige wese wat deel het aan dieselfde skepping en verlossing as ek nie, maar skenk my 'n algemene liefde tot alle mense. Gee my, o Vader van barmhartigheid, so 'n teerheid van hart dat ek diep bewoë word deur al die ellendes en onheile van my broeders en dat ek waarlik mag bly liefhê. Gee dat ek nie alleen my eie soek nie, maar ook die dinge van ander. Mag die gees in ons wees wat ook in Christus Jesus was dat ons die broeders liefhet, dat ons medelydend en welwillend is, en van harte en kragtig mag probeer om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van vrede, en mag die God van genade, barmhartigheid en vrede met ons almal wees.

AMEN.

THOMAS À KEMPIS.

*Die HEER IS reg in al sy weg en werk,*
*sy goedheid ken, die wêreld deur, geen perk.*
*Hy is naby die siel wat tot Hom sug.*
*Hy troos die hart wat skreiend tot Hom vlug.*

*— Ps. 145:10.*

# 10 SEPTEMBER

*— terwyl ons uitsien na die gelukkige dag wat ons verwag. Op daardie dag sal die heerlikheid van ons grote God en Verlosser, Jesus Christus, verskyn*
*— Titus 2:13.*

Liewe Vader, laat my weet dat ek geskape is om U bo alles te soek, my God, en U lief te hê en na U van harte te verlang. Wek in my 'n heilige dors na die ewige lewe, sodat ek na U smag soos 'n hert na die waterstrome. Laat geen angs, droefheid of nood my van hierdie hoop afwend nie. Laat my onder kruis en lyde my verheug en my troos met die hoop op die ewige lewe, want wat is al die lyde en die dood en tydelike angs te vergelyk met die heerlikheid van die ewige lewe? Laat my dikwels in my hart die woorde herhaal: In die huis van my Vader is daar baie woonplek. Ek gaan om vir julle plek te berei. Hoe mooi moet nie die huis van die almagtige Vader wees — vol van lig en klaarheid nie! Wanneer sal ek geroep word uit die donker huis van hierdie wêreld? Wanneer sal ek ingaan en voor die aangesig van God verskyn?

AMEN.

JOHANN ARNDT.

*Ek roep tot U, o God,*
*op wie my hoop bly staan,*
*'t sy dat die blye son oor my*
*of op- of onder gaan.*

*— Ps. 88:1.*

# 11 SEPTEMBER

*Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here — Rom. 8:38-39.*

Uit die dieptes roep ek na U, Here, luister tog na my, Here, hoor tog my hulpgeroep. As U ons sondes in aanmerking sou neem, Here, wie sou dan nog bestaan? Maar by U is daar vergifnis: daarom word U steeds gedien. Ek stel my vertroue in die Here, ek vertrou op Hom, ek wag op die vervulling van sy woord, ek wag op die Here meer as wat die wagte op die môre wag, wagte op die môre. Wag op die Here, Israel, want by die Here is daar troue liefde, by Hom is die verlossing seker. Hy alleen sal Israel verlos van al sy sondes.

AMEN.

PSALM 130.

*Uit dieptes gans verlore,*
*van redding ver vandaan,*
*waar hoop se laaste spore*
*in wanhoop my vergaan;*
*uit diep van donker nagte*
*roep ek, o Here, hoor,*
*en laat my jammerklagte*
*tog opklim in u oor!*

*— Ps. 130:1.*

## 12 SEPTEMBER

*En julle sal weet dat Ek die HERE is as Ek met julle handel ter wille van my Naarn en nie volgens julle verkeerde weë of julle verdorwe handelinge nie, o huis van Israel, spreek die Here HERE*
*— Eseg. 20:44.*

Omdat ons 'n gegronde hoop het, het ons reeds die voorhof van ons ewige erfenis binnegetree. Ons weet dat vir ons 'n piek in die hemel berei is, waar Christus. ons Hoof is, as Eersteling van ons verlossing. Gee ons dan, o Almagtige God dat ons ons steeds weer beywer op die pad van u heilige roeping, totdat ons eindelik die doel bereik in gindse heerlikheid waarvan U ons die begin reeds op aarde te geniet gee, deur Christus, ons Here.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Maar laat u volk, van sorge my,*
*in U weer vrolik wees en bly,*
*en uitroep by hul heilgenot:*
*"Hoe groot, hoe wondergroot is God!"*
*Maar in ellende roep ek luid:*
*"My God, ag haas U, help my uit!"*
*U is my hulp, o HEER, by wie*
*ek bystand soek. Vertoef tog nie!*

*— Ps. 70:2.*

# 13 SEPTEMBER

*Geseënd is die mense wie se oortredinge nie gestraf word nie en wie. se sonde vergewe word. Geseënd is die mens vir wie die Here die sonde nie toereken nie*
*— Rom. 4:7-8.*

O barmhartige God, beskerm ons ook teen alle aanvegtinge van die duiwel en neem ons in u heilige hoede. En aangesien ons hierdie dag nie deurgebring het sonder teen U grootliks te sondig nie, daarom bid ons U, wil ons sondes bedek deur u barmhartigheid — soos U alle dinge op aarde met die duisternis van die nag bedek — sodat ons daardeur van u aangesig nie verstoot word nie. Gee ook rus en troos aan alle krankes, bedroefdes en vermoeide harte, deur ons Here Jesus Christus.

AMEN.

GEBEDE: GEREFORMEERDE KERKE.

*U het, o HEER, U land weer guns bewys*
*en Jakobs saad uit knegskap op laat rys:*
*hul misdaad, wat u heil'ge toorn verwerk,*
*was weg; hul sondes almal toegedek.*
*U het u gramskap eind'lik afgeweer;*
*die hitte van u toorn was daar nie meer.*
*0 God van heil, besoek nou weer u land,*
*en laat u toorn nie meer teen ons ontbrand.*

*— Ps. 85:1.*

# 14 SEPTEMBER

*Deur my voorbeeld het ek in elke opsig vir julle gewys dat ons hard moet werk sodat ons die armes kan help. Onthou die woorde van die Here Jesus. Hy het self gesê: "0m te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang"*
*— Hand. 20:35.*

Barmhartige Vader, ons loof en dank U dat U so baie geduld met ons het waar ons sulke groot sondaars is. U het ons deur teëspoed verneder en getugtig, waar voorspoed ons verhef het, maar U het onder dit alles ons kruis gematig en ons die moed en kragte gegee om die moeilikhede te oorwin. U het ons ook in staat gestel om vergenoeg te wees met ons lewenslot; ja, U het ons so geseën dat ons geen gebrek gely het nie, maar ook nog oor het om aan die armes te kan gee omdat ons weet dat dit saliger is om te gee as om te ontvang in die Naam van ons Here Jesus Christus.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*Ek sal van ganser harte, HEER,*
*u wonders grootmaak en U eer.*
*Ek sing omdat ek in U bly is,*
*aan wie my lofsang toegewy is.*

*— Ps. 9:1.*

# 15 SEPTEMBER

*Pas op, moet Hom wat spreek, nie afwys nie. Hulle wat Hom afgewys het toe Hy sy goddelike woord op aarde gespreek het, het nie ontkom nie. Hoeveel minder sal ons ontkom wanneer ons nie ag slaan op Hom wat van die hemel af spreek nie?*
*— Hebr. 12:25.*

Here Jesus, help my om my vertroue op U te stel en te glo dat U die werk wat U in my begin het, sal voleindig, sodat ek U daarvoor tot in ewigheid sal prys. Here, berei my elke dag, ja, elke uur voor vir die ewigheid wat ek tegemoet gaan. Reinig my en heilig my deur u Heilige Gees en suiwer by my alles uit wat nie kan kom in u ryk nie, sodat ek eenmaal onbevlek en onberispelik mag bevind word. Laat my in tyd en ewigheid met U verenig mag wees en deur niks verhinder word om altyd met U te wees en in U te rus nie. Laat my om U ontwil ontwyk en versaak al wat die gemeenskap met U sou versteur en my ewige heil in die weg sou staan.

AMEN.

C. H. VON BOGATZKY.

*Ek hef tot U wat in die hemel sit,*
*my oë op en bid.*
*Net soos die kneg sy oog nie weg wil wéér nie,*
*of aftrek van sy heer nie;*
*en soos die diensmaagd smekend van haar vrou nie*
*die oë af kan hou nie —*
*so staar ons op die HEER tot daar van Hom*
*oplaas erbarming kom.*

*— Ps. 123:1.*

# 16 SEPTEMBER

*En die Here het Jójakim in sy hand gegee met 'n gedeelte van die voorwerpe van die huis van God, en hy het hulle na die land Sinear gebring*
*— Daniël 1:2(a).*

O almagtige God, aangesien U ons so 'n duidelike spieël van u wonderbare voorsienigheid en van u oordeel oor die ou volk gegee het, daarom bid ons U dat ons sekerlik oortuig mag word dat ons onder u hoede en beskerming is. Terwyl ons ons op U verlaat, gee dat ons mag hoop op u bewaring in wat ook al mag gebeur, aangesien U nooit ons veiligheid uit die oog verloor nie, sodat ons U mag aanroep met 'n vaste en stille gemoed. Gee dat ons so onbevrees mag wag op alle gevare te midde van alle veranderinge in die wêreld, sodat ons mag bou op die fondamente van u Woord wat nimmer kan faal nie; en terwyl ons aan u beloftes vashou, ons op Christus mag verlaat aan wie U ons toevertrou het as Herder van u kudde. Gee dat Hy vir ons sorg om ons deur hierdie stryd heen te lei, hoe moeitevol en swaar dit ook al mag wees, totdat ons in die hemelse rus aankom wat Hy vir ons met sy bloed gekoop het.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Die HEER se raad word nooit gekeer nie;*
*dit sal bestaan in ewigheid.*
*Teen sy besluit is geen verweer nie;*
*bestendig duur dit vir altyd.*

*— Ps. 33:6a.*

# 17 SEPTEMBER

"*Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig"*
*— Matt. 11:28-29.*

Here skenk my 'n nederige hart, sodat ek my so klein ag soos 'n kind; dat ek in al my doen en late niks kan bedink om my op te beroem as alleen op u onverdiende genade nie; dat ek voor U niks is as alleen 'n leë hand wat hom biddend tot U uitstrek nie; dat ek, of ek nou leef en of ek sterf, niks anders verlang nie as alleen die genade wat Petrus en die moordenaar aan die kruis ten deel geval het. Gee my so 'n nederige gees en laat my dit behou. O troue God en Vader wat 'n welgevalle het in die nederiges — verhoor my.

AMEN.

AUGUST BENDER.

*Genade,-o God! Ek hoop op U alleen.*
*Die vyand staan met trots en haat my teen;*
*hy veg, verdruk, vertrap. Waar moet ek heen?*
*Op U, my God, vertrou ek.*
*U gee u woord, dit sal my nooit begewe,*
*daar leef ek mee, dit dra my deur die lewe;*
*ek gee my hart, tot U omhoog gehewe —*
*wat sou ek vlees dan vrees?*

*— Ps. 56:1.*

# 18 SEPTEMBER

*Hy het Homself vir ons as offer gegee om ons van alle ongeregtigheid vry te maak en ons van sonde te reinig, sodat ons sy eie volk kan wees wat ywerig is om die goeie te doen*
*— Titus 2:14.*

O Here, ons God, U wat groot is en ewig en wonderlik en heerlik, wat u verbond en beloftes hou vir hulle wat U van ganser harte liefhet; wat die lewe vir almal is, die helper vir hulle wat tot U hulle toevlug neem; die hoop van hulle wat in nood tot U roep: reinig ons van ons sondes, van ons heimlike en van ons openbare sondes en van elke gedagte wat u heiligheid mishaag — reinig ons liggame en ons siele, ons harte en ons gewetens, sodat ons met 'n suiwer hart en 'n gereinigde siel, met 'n opregte liefde en 'n kalm hoop mag waag om met vertroue en sonder vrees tot U te bid.

AMEN.

BASILIUS.

*Hoe word deur u vermaan*
*my weg 'n helder baan,*
*en my verwagting skoon!*
*Hy wat u wet bemin,*
*die vind, o HEER, daarin*
*'n groot genadeloon.*
*Wie kan van voor af aan*
*sy dwalinge verstaan*
*en al wat hom ontbreek het?*
*HEER, reinig U my tog*
*van sondes wat daar nog*
*diep in my hart bly steek het.*

*— Ps. 19:6.*

# 19 SEPTEMBER

*Dit hang dus nie af van 'n mens se wil of strewe nie, maar van God se barmhartigheid — Rom. 9:16.*

Genadige, barmhartige God en Vader in ons Here Jesus Christus, U wat nooit moeg word om goed te doen aan almal wat u aangesig soek nie! Hoe groot moet ons dankbaarheid dan wees wanneer ons dink aan al die weldade wat U ons in Christus Jesus geskenk het! U het ons van ewigheid af liefgehad en ons name in u boek geskrywe. U was ons Bewaarder vanaf ons jeug. U het ons kragdadig beskerm teen ongelukke en ons uit baie node gered. Toe ons verleë was, het U ons raad gegee, toe alles nag om ons heen was, was U die Verhoorder van die gebed en toe ons siek was, was U ons Medisynmeester wat ons smarte versag het, en ons dikwels uit die poorte van die doderyk uitgeruk het. Aan U wil ons toebring ons dank en aanbidding deur Jesus Christus, ons Here.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*Loof God, omdat Hy goed is,*
*en goed is sonder end!*
*Meld dit, al wie behoed is,*
*verlos is uit ellend;*
*wat God uit elke land*
*in vryheid weer herstel het,*
*vry van die slaweband*
*waarmee hul hom geknel het-*

*— Ps. 107:1.*

## 20 SEPTEMBER

*Want Israel is wederstrewig soos 'n wederstrewige koei; nou sal die HERE hulle laat wei soos 'n lam in die oop veld*
*— Hosea 4:16.*

Gee, almagtige God, dat aangesien U in genade U neergebuig het om ons tot u kerk te vergader en om ons in te sluit binne die grense van u Woord, waardeur U ons bewaar in die ware en regte diens van u Majesteit — o gee dat ons tevrede mag bly in hierdie gehoorsaamheid aan U. Hoewel Satan op baie maniere mag probeer om ons heen en weer te trek en ons self ook van nature geneig is tot die kwaad — o gee dat ons, bevestig in die geloof en verenig met U deur daardie heilige band, standvastig mag bly onder die tug van u Woord en verkleef aan Christus, u eniggebore Seun, wat ons vir ewig met Homself verbind het. Gee dat ons nooit op enige wyse van U mag afdwaal nie, maar daarenteen bevestig mag word in die geloof in sy Evangelie, totdat Hy ons eindelik almal sal opneem in sy koninkryk.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Ek voel my sterk, aan U verbonde;*
*my mond vind tot u lof*
*gedurig ruimer stof.*
*U redding meld ek elke stonde;*
*al kan ek dit nie skat nie,*
*besyfer of bevat nie.*

*— Ps. 71:9.*

# 21 SEPTEMBER

*Want berge mag wyk en heuwels wankel, maar my goedertierenheid sal van jou nie wyk en my vredeverbond nie wankel nie, sê die HERE, jou Ontfermer*
*—Jes. 54:10.*

O Here, neem van my weg alle nuttelose en ydele sorge; laat my van harte glo dat U vir my sorg. Laat my onder al my wederwaardighede. die anker van my hoop werp in die vaste grond, en hulp van U verwag. Laat my hart verstaan dat u barmhartigheid eindeloos is, u goedheid sonder grense en u beloftes vas. Laat my nie te veel bekommerd wees as u hulp vertoef nie, want hoe langer u hulp vertoef, des te heerliker help U. Maar versag my kruis, versterk my deur u troos, sodat ek nuwe krag kry met almal wat op die Here hoop en sodoende staande bly deur Jesus Christus, ons Here.

AMEN.

JOHANN ARNDT.

*Kom, maak die HERE groot,*
*laat ons sy naam 'n lofsang wy;*
*aan Hom wat groot is en naby,*
*die Helper in die nood.*
*Ek het in my gebed*
*die HEER gesoek, en Hy het my*
*in antwoord op my noodgeskrei,*
*uit al my vrees gered.*

*— Ps. 34:2.*

## 22 SEPTEMBER

*Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra. Daardeur is ons vir die sondes dood en kan ons vir die geregtigheid lewe. Deur sy wonde is julle genees*
*— 1 Petr. 2:24.*

Kom, Here Jesus, en laat u hulp nie ver van my wees nie. Laat ek, arm en hongerig, u troos geniet. O U, waaragtige, onsienlike lig wat nooit uitgeblus word nie — kyk hier is ek soos die blinde wat langs die pad geroep het: Jesus, Seun van Dawid, ontferm U oor my. Open die oë van my hart, sodat ek mag sien. Here, wees my, arme sondaar genadig; U wat my helper is, voer my tot die ewige saligheid. Here, my Geneesheer, wil my genees. Here, U wat ryk is, beklee my wat arm en koud is met die klere van geregtigheid. My siel het honger in sy ellende, verkwik U my. Bevry my uit die bande wat my gevange hou. Here, U wat my skild is, my redder, my troos, my toevlug, my sterkte, my Koning en my God.

AMEN.

HIËRONYMUS.

*My hart sê my, omring deur donkerhede:*
*"O soek die HEER, die bron van lig en krag''.*
*Ek soek u aangesig in my gebede;*
*verberg dit nie wanneer ek op U wag.*
*Wys tog u kneg nie af, dat ek, o HEER,*
*die glans van u genade nooit ontbeer.*
*U is my hulp, die God van heil op wie*
*ek vas vertrou — begeef, verlaat my nie!*

*— Ps. 27:4.*

# 23 SEPTEMBER

*Aangesien ons nou deur die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus*
*— Rom. 5:1.*

Liewe Vader in die hemel, ons dank U dat U altyd die weë oophou waarlangs die vrede in ons harte kom, die vrede wat Jesus Christus gee. Bewaar ons by die vrede ook in hierdie wêreld vol van storm. Gee ons vrede ook wanneer daar in ons harte baie stryd en baie onverskilligheid kom, want ons krag lê nie in onsself nie, maar in Hom wat so naby is en ons nie verlaat nie; wat leef en kragte gee en wie se lig altyd weer opnuut onder die mense wil deurbreek, sodat dit baie bestraal, en dit baie mag lei tot die dag wat vir ons beloof is en wat sal kom en ons verwagtings in vervulling laat gaan.

AMEN.

CHR. BLUMHARDT.

*Onweerstorm het uitgewoed.*
*God sit bo die watervloed;*
*soos die kleur'ge reënboogkrans*
*sweef daarbo sy vredeglans;*
*en die grote wêreldstigter,*
*Hy, die sterke onweersrigter,*
*Hy laat op sy erf benede*
*druppels daal van seën en vrede.*

*— Ps. 29:5.*

## 24 SEPTEMBER

*Wei u volk met u staf, die kudde wat u erfdeel is, wat afgesonderd woon in 'n bosveld op Karmel; laat hulle wei in Basan en Gilead soos in die ou dae*
*— Miga 7:14.*

Gee, almagtige God, dat aangesien ons so 'n misnoeë. verwek het deur ons sondes, dat 'n verskriklike verwoesting en eensaamheid oral verskyn — o gee dat 'n bewys van daardie guns wat U so opmerklik vertoon het jeens u ou volk op ons mag skyn, sodat u Kerk opgehef mag word waarin ware godsdiens mag bloei en u Naam verheerlik mag word. Mag ons U daagliks in ons gebede smeek en nooit twyfel dat onder die regering van Christus, U weer die hele wêreld kan vergader, hoewel dit ellendig verstrooi is, sodat ons mag volhard tot die end in hierdie oorlog, totdat ons eindelik sal weet dat ons nie vergeefs op U gehoop het nie, en dat ons gebede nie vergeefs was nie, wanneer Christus kennelik die mag uitoefen wat aan Hom gegee is vir ons redding en vir die van die hele wêreld.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Was ek deur ongeregtighede*
*en hul aanloklikheid bekoor,*
*dan het die MEER na my gebede*
*en jammerklagte nie gehoor.*
*Maar Hom, die kenner van die harte,*
*was ook my diepste wens bekend;*
*Hy het gehoor, en in my smarte*
*die oor na my gebed gewend.*

*— Ps. 66:8.*

# 25 SEPTEMBER

*Ek, die HERE, deursoek die hart, toets die niere, om aan elkeen te gee na sy weë, volgens die vrug van sy handelinge*
*— Jer. 17:10.*

Tot U, Here, rig ek my, my God, op U vertrou ek. Maak my u weë bekend, Here, leer my u paaie. Laat u waarheid my lei en onderrig my daarin, want U is God, my redder. In U stel ek elke dag my verwagting. Dink aan die liefde en trou, Here, wat U van altyd af betoon het. Moet tog nie dink aan die sondes en oortredinge van my jeug nie.

Dink aan my in u trou, Here, omdat U goed is. Sien my in genade aan, Here, want ek is eensaam en verstote. Ek verkeer in die allergrootste nood; bevry my tog uit my ellende. Kyk hoe sleg gaan dit met my. Beskerm my en red my, laat my nie beskaamd staan nie, want by U skuil ek. Laat my onskuld en opregtheid oor my die wag hou, want op U vertrou ek.

AMEN.

VAN DAWID.
Ps. 25:2, 4-7, 16-21.

*Leer my, HEER, U regte weë,*
*wys die regte pad my aan;*
*maak my hart daartoe geneë,*
*om met lus daarop te gaan.*

*— Ps. 25:2a.*

# 26 SEPTEMBER

*As ek gaan lê, slaap ek goed; ek word ook weer wakker, want die Here sorg vir my — Ps. 3:6.*

O barmhartige God, ewige Lig wat skyn in die duisternis, U wat die nag van sondes en alle blindheid van die hart verdryf; U wat die nag verorden het om te rus soos U die dag verorden het om te werk, ons bid U, gee dat ons liggame in vrede en stilheid mag rus, dat hulle daarna bekwaam mag wees om die arbeid te dra wat U ons oplê. Laat ons slaap matig en nie onordelik wees nie, sodat ons aan liggaam en siel onbevlek mag wees, ja, dat selfs ons slaap tot u eer mag wees. Verlig die oë van ons verstand, dat ons nie in die dood ontslaap nie, maar altyd ons verlossing uit hierdie ellende verwag.

AMEN.

GEBEDE: GEREFORMEERDE KERKE.

*Ek sal gerus gaan slaap in vrede*
*en ongestoord lê ek my neer;*
*want U alleen verhoor my bede,*
*U waak oor my in teënhede,*
*dat ek kan veilig woon, o HEER!*

*— Ps. 4:4b.*

# 27 SEPTEMBER

*Ek is die lewende brood wat uit die hemel gekom het . . . Soos die lewende Vader my gestuur het, en Ek deur Hom lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe*
*—Joh. 6:51a, 57.*

Hemelse Vader, ons wat in hierdie wêreld lewe, bid U: Gee ons vandag ons daaglikse brood. Gee ons wat ons nodig het vir liggaam en siel. Wek in ons siel 'n ware honger na regverdigheid en waarheid, en voed ons met die lewende brood wat van die hemel kom, met die Woord van die lewe wat vlees geword het, ons Here Jesus Christus. Laat Hom in ons lewe woon, sodat ons deur Hom altyd mag lewe voor u aangesig. Sonder u Woord ly ons honger tot die dood toe. Daarom bid ons U dat U ons steeds wil voed met die geestelike voedsel wat U van die hemel gestuur het. Gee ons ook ons daaglikse onderhoud vir die liggaam: voedsel en klere en wat ons nodig het. Ons kan op niemand bou nie as net op U alleen. O hemelse Vader, ons werp ons sorge op U; wil U ons voed.

AMEN.

SWEEDSE GEBEDEBOEK.

*Gee ons — want ons gebrek is groot —*
*vandag ons dagelikse brood.*
*Bewys ons tog barmhartigheid*
*en skeld ons, HEER, ons skulde kwyt,*
*soos ons, in skuldvergiffenis,*
*vir hul wat aan ons skuldig is.*

*— Skrifberyming 28:3.*

# 28 SEPTEMBER

*Hy sê: "0p die regte tyd het Ek jou verhoor, en op die dag van redding het Ek jou gehelp. " Kyk, nou is dit die regte tyd, nou is dit die dag van redding*
*— 2 Kor. 6:2.*

O genadige Here, ons beken en beklaag ons dat ons verstand van nature verdonker is en dat ons uit onsself nie in staat is om enige geestelike goed tot stand te bring nie. Daarom bid ons U dat U ons wil help in ons swakheid en blindheid en om ons vurig in geloof en brandende in liefde te maak. En nou dat dit gaan na die laaste van die dae en die aand kom, en u Christelike kerk heftig aangeval word deur ongeloof en bygeloof, deur valse broeders en deur hierdie wêreld en sy grotes, nou vra ons U: Bly by ons, Here. Haas U om ons by te staan, Here ons hulp. En as ons lewensaand kom, bly U dan by ons, sodat ons met vreugde uit hierdie wêreld skei om ewig by U te wees.

AMEN.

AUGUSTINUS.

*As haas my lewensdag gedaan is*
*en skemering daal neer —*
*verlaat my dan nie, HEER.*
*Versterk die krag wat al vergaan is,*
*dat met die aardse lewe*
*u hulp my nie begewe.*

*— Ps. 71:6.*

# 29 SEPTEMBER

*Moenie die sondige wêreld en die dinge van die wêreld liefhê nie. As iemand die wêreld liefhet, is die Vader se liefde nie in hom nie*
*— 1 Joh. 2:15.*

Almagtige, barmhartige, waaragtige en getroue God, ek beklaag en bely voor U in groot ootmoed dat my hart van nature vergiftig en verdorwe is deur ongeloof, wantroue en twyfel, sodat ek u waaragtige Woord nie reg ter harte geneem en my daarop heeltemal verlaat het nie. Vergeef my, Vader, die groot ongeloof en wantroue en wend u straf van my af. Ontsteek in my hart die ware lig van die geloof, sodat ek U reg kan leer ken as die enige ware God. Gee dat ek die drie pilare van die geloof vashou: u ewige waarheid, u vaderlike barmhartigheid en u oneindige almag en my daarop vas verlaat. Ek bid U ook, liewe Vader dat U geduld wil hê met my swakheid. Verbreek die geknakte riet nie en blus die dowwe lamppit nie uit nie. O Here Jesus Christus, U is die weg, die waarheid en die lewe. Ek bid U, ewige weg, laat my nie van U afdwaal nie.

AMEN.

JOHANN ARNDT.

*Die HEER is God, erken dat Hy*
*'n eie volk vir Hom berei,*
*'n volk om Hom te dien en vrees*
*en skape van sy wei te wees.*

*— Ps. 100:2.*

# 30 SEPTEMBER

*En Ninevé is soos 'n vywer van waters, al die dae van haar bestaan. Maar hulle loop weg! Staan tog, staan! Maar daar is niemand wat omdraai nie*
*— Nahum 2:8.*

Gee, almagtige God, dat soos U ons aanhoudend in u Woord herinner en ons deur so baie voorbeelde geleer het dat daar niks blywend in hierdie wêreld is nie, maar dat die dinge wat die bestendigste voorkom tot verderf neig en onmiddellik val, en vanself verdwyn, wanneer deur u asem U daardie krag skud waarop mense vertrou, — o gee dat ons, waarlik onderdruk en verneder, nie mag vertrou op aardse dinge nie, maar ons harte en gedagtes na die hemel verhef, en daar die anker van ons hoop vestig; en mag al ons gedagtes daar vertoef totdat eindelik, wanneer U ons gelei het deur ons weg op aarde, ons vergader sal wees in daardie hemelse koninkryk wat vir ons verkry is deur die bloed van u eniggebore Seun.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Hoe kost'lik is u guns, o God!*
*Hoe vlug die mensekinders tot*
*u vleuels vir beskerming!*
*Hul smaak die vette van u huis;*
*U laaf hul uit 'n stroom wat bruis*
*uit dieptes van ontferming.*

*— Ps. 36:2b.*

# 1 OKTOBER

*Nogtans, die hegte fondament wat God gelê het, staan vas met die woorde gegraveer: "Die Here ken die wat aan Hom behoort, " en "Elkeen wat sê dat hy aan die Here behoort, moet wegbreek van die ongeregtigheid"*
*— 2 Tim. 2:19.*

Here, my God, my enigste verwagting! O dat ek U mag ken en dat ek myself mag ken. U ken my — U is dit wat my oordeel. U het my geskape; U weet watter versoekinge ek kan weerstaan en watter nie. My hoop is net dat U die getroue bly en my nie beproef bokant my vermoë nie. Uken my krag: hou dit in stand; U ken my swakheid: kom dit te hulp. My enigste hoop is u ontferming. Gee wat U beveel, en beveel wat U wil. As U ons sterkte is, dan is ons waarlik sterk; verlaat ons ons op eie krag, dan is ons kragteloos- U is ons ewige goed.

AMEN.

AUGUSTINUS.

*In vreugde sal u dienaar leef,*
*en in 'n grote skaar*
*— as smaad hul soos 'n kleed omgeef —*
*u lof, o HEER, verklaar.*
*Want God is aan my regtersy*
*om my met krag te stut;*
*teen hul wat vonnis soek teen my,*
*sal my die HEER beskut.*

*— Ps. 109:10.*

# 2 OKTOBER

*Julle wat glo, deel in hierdie eer, maar vir die wat nie glo nie, geld die woorde: "Die klip wat die bouers afgekeur het, juis hy het die hoeksteen geword"*
*— 1 Petr. 2:7.*

Almagtige en genadige God, fontein van alle goedheid, wat die gedagtes van ons harte ken, ons bely voor U dat ons gesondig en gedoen het wat kwaad is in u oë. Reinig ons, ons bid U, van alle vlekke van ons sondes en gee ons genade en krag om af te lê alles wat ons sou laat skade ly, sodat ons, bevry van die slawerny van die sonde, vrugte van die bekering mag voortbring. O ewige lig, skyn in ons harte. Ewige goedheid, verlos ons van die Bose. O ewige krag, wees ons steun. Ewige wysheid, verdryf die donkerte van onkunde. Ewige barmhartigheid, betoon medelye met ons. Gee dat ons met ons hele hart, met ons hele verstand, met ons hele krag U steeds mag soek; en voer ons ten slotte in u oneindige genade tot u heilige teenwoordigheid. Versterk ons swakheid, sodat ons in die voetstappe van u geseënde Seun u genade mag ontvang en ingaan in u beloofde vreugde.

AMEN.

ALCUINUS.

*"Hy het My lief, hom maak Ek vry*
*wat dierbaar in my oog is;*
*Ek waak oor hom, want hy bely*
*my Naam wat sterk en hoog is. "*

*— Ps. 91:7b.*

# 3 OKTOBER

*Wee die man wat hom verryk met wat aan hom nie behoort nie — hoe lank? — en hom beswaar met verpande goed*
*— Habakuk 2:6b.*

Gee, almagtige God, dat soos U U verwerdig om so ver neer te buig dat U die sorg vir hierdie lewe dra en ons voorsien van alles wat nodig is vir ons pelgrimsreis — o gee dat ons mag leer om ons ook op U te verlaat en so te vertrou op u seëning dat ons ons onthou nie alleen van plundering en alle ander bose dade nie, maar ook van alle onwettige begeerte en in u vrees volhard en so 'eer om ook ons armoede op aarde te verdra. Gee ook dat, tevrede met daardie geestelike rykdom wat U ons in u evangelie aanbied en waarvan U ons deelnemers maak, ons altyd opgeruimd mag streef na daardie volheid van seëninge wat ons sal geniet as ons eindelik die hemelse koninkryk bereik en volmaak verenig is met U, deur Christus, ons Here.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Loof Hom wat met die goeie jou versadig,*
*jou lewenskrag van nuuts af begenadig,*
*sodat jou jeug is soos die arendsjeug.*
*Die HEER doen reg — Hy is die hoogste rigter —*
*vergeld die kwaad en straf die onregstigter,*
*maar aan verdruktes skenk Hy ruimte-en vreug.*

*— Ps. 103:3.*

# 4 OKTOBER

*En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra*
*— 1 Joh. 5:14.*

O genadige en aanbiddenswaardige God, waar is 'n God soos U wat so naby almal is wat U aanroep? Here van die leërskare! Abraham weet nie van ons nie, en Israel ken ons nie, maar U is ons God en ons Vader — van ouds-af is dit u Naam. U hoor die gebed, daarom kom alle vlees na U. Ons het van die heiliges gehoor dat daar geen groter vergenoegdheid is as om in die gebed voor u troon te lê nie. Ag, Here, leer ons tog om te bid dat ons die gewoel van die wêreld mag vergeet en onsself verloor soos 'n druppel in die see van u goddelike volmaaktheid. Ag, gee dat in ons hart net soveel ywer vir die gebed mag wees as druppels bloed in ons sterflike liggaam. Laat tog, o God, die gees van die gebed kragtig in ons hart werk, dan sal daar vir ons geen woorde ontbreek om U te aanbid nie: Abba, Vader! in ons Here Jesus Christus.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*Ek het die HEER lank in my druk verwag.*
*Hy het sy oor tot my geneig.*
*Toe ek bedruk was en bedreig,*
*het Hy geluister na my jammerklag.*
*Hy wat aan my gedink het*
*toe ek so diep gesink het*
*in modderige slyk,*
*Hy laat my rotsvas staan,*
*Hy laat my veilig gaan —*
*my voetstap sal nie wyk.*

*— Ps. 40:1.*

# 5 OKTOBER

*0 diepte van die rykdom en wysheid van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik sy weë! Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid!*
*— Rom. 11:33, 36.*

Vader in die hemel, lof en dank bring ek aan U toe vir die rus van die nag. Lof en dank bring ek aan U vir die nuwe dag. Lof en dank bring ek aan u goedheid en trou in die lewe wat agter my lê. U het aan my soveel goed gedoen, laat my nou ook die sware uit u hand aanneem. U sal my nie meer gee om te dra as wat ek kan dra nie. U laat alle dinge vir u kinders ten goede meewerk. Here Jesus Christus, U was arm en ellendig. U ken al die nood van die mense, bly U by my, ook wanneer geen mens my meer bystaan nie. U vergeet my nie en soek my. U wil dat ek U ken en my tot U wend. Here, ek hoor u roepstem en volg U, wil U my help. Heilige Gees, gee my die geloof wat my teen vertwyfeling bewaar en uit alle kwaad red. Gee my liefde vir God en die mense — wat alle haat en bitterheid verdryf; gee my die hoop wat my bevry van vrees en angs.

AMEN.

D. BONHOEFFER.

*Sing nou, Gods gunsgenote, bly*
*'n danklied aan die HEER gewy.*
*Spreek lof, bring in gedagtenis*
*sy Naam wat hoog en heilig is!*
*Al laat Hy ons 'n oomblik bewe,*
*sy goedheid duur ons ganse lewe.*

*— Ps. 30:3.*

# 6 OKTOBER

*As ons ontrou is — Hy bly getrou: Hy kan Homself nie verloën nie*
*— 2 Tim. 2:13.*

O God van my heil, oefen my in die blydskap. Laat my elke dag opnuut u weldade oordenk, sodat ek nie een daarvan vergeet nie. Gee dat ek u spore ontdek in die lewe wat agter my lê, toe U gewaak het oor my hart wat nie homself kan oppas nie. Gee dat ek dit in gedagtenis hou wat U vir my gedoen het toe U my te midde van die versoekinge en die twyfel lig gegee en bemoedig het. Verleen my om U te mag aanbid, omdat U onophoudelik u genadegawes oor my uitgestort en soveel middele aangewend het om my in U te laat bly. O God, gee my daarom dat ek dag en nag u ondeurgrondelike goedheid oordenk en dat ek met 'n nuwe hart my verdiep in wat U my gegee het. Laat my siel juig in U, my Heiland, en gee hom deel aan u liefde.

AMEN.

A. VINET.

*Hy het deur eie wil bewoë,*
*dat ons ons ooit meer sou vervreem.*
*om Christus-wil, uit mededoë,*
*ons as sy kinders aangeneem;*
*dat ons, by guns so vry gegewe,*
*in hart en wandel onbevlek,*
*sou leef voor Hom, in liefde lewe,*
*wat lewe-in dooie harte werk.*

*— Skrifberyming 24:2.*

# 7 OKTOBER

*God het ons tog nie bestem. om gestraf te word nie, maar om deur ons Here Jesus Christus verlos te word*
*— 1 Tess. 5:9.*

Here God, liewe Vader, U is barmhartig en genadig, lankmoedig en getrou. Ek bely voor U die aangebore ongeduldigheid en ongehoorsaamheid van my hart en dat ek dikwels pruttel oor u heilige wil. Here Jesus, gee my so 'n hart dat ek in al my lede steeds u beeld voor oë mag hê hoe U met groot geduld u kruis gedra het, hoe u hoof met dorings gekroon, geslaan en verwond is, u liggaam gegésel, mishandel en doodgemaak is. Met watter geduld het U nie u wil aan u hemelse Vader geoffer nie! Gee my geduld, Here Jesus, om te ly al wat U behaag. Gee my die sagmoedigheid, sodat ek nie teen U mor nie. Gee my vertroue dat U my te midde van die lyde tog liefhet, en die hoop dat U my sal help om my kruis te dra en dit sal verlig.

AMEN.

JOHANN ARNDT.

*Regverdiges sal bly van gees*
*en vrolik in die HERE wees,*
*hul sal, daar Hy die wag wil hou,*
*met roemtaal op die HEER vertrou.*

*— Ps. 64:7.*

# 8 OKTOBER

*Alhoewel die vyeboom nie bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyf boom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie — nogtans sal ek jubel in die HERE, ek sal juig in die God van my heil*
*— Habakuk 3:17-18.*

Gee, almagtige God dat aangesien ons nie ophou om daagliks u toorn teen ons te verwek nie, en aangesien die hardheid en koppigheid van ons vlees so groot is dat dit vir ons nodig is om op verskillende maniere beproef te word — o gee dat ons geduldig u strawwe mag verdra en onder 'n diep gevoel van smart na u genade mag vlug; en mag ons intussen volhard in die hoop op daardie genade wat U beloof het, en wat eens vir altyd aan ons betoon is in Christus, sodat ons nie mag kleef aan die aardse seëninge van hierdie sterflike lewe nie, maar in vertroue op u Woord mag voortgaan in die weg van ons roeping, totdat ons eindelik vergader word in daardie geseënde rus wat vir ons weggelê is in die hemel, deur Christus, ons Here alleen.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Juig al wat leef, juig voor die HEER!*
*Dien God met blydskap, gee Hom eer;*
*kom nader voor sy aangesig,*
*en prys Hom met 'n lofgedig.*

*— Ps. 100:1.*

# 9 OKTOBER

"*Wees gereed, die heupe omgord en die lampe aan die brand!*
*— Luk 12:35.*

*"Geseënd in hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is"*
*— Openb. 19:9a.*

O sterke en almagtige God, ons Bewaarder wat nooit sluimer of slaap nie, laat u aangesig oor ons lig soos die vuurkolom snags oor Israel, sodat ons die lig van u genade aanskou. Troos ons met die heerlike beloftes en laat die geloof in ons Saligmaker ons verseker van die beskerming van u heilige engele en ons altyd u genade in ons hart gewaar word. En wanneer die nag van die dood eindelik aanbreek, en ons die laaste aand van ons lewe ingaan, verseker ons dan van u genade, sodat ons soos die verstandige maagde met die brandende lampe van die geloof ons Bruidegom Jesus Christus tegemoet gaan en in die hemel opgeneem word, waar geen nag meer sal wees nie en waar ons die ewige volmaakte vreugde sal geniet.

AMEN.

N. N.

*Hul sing die "Halleluja'' weer,*
*"want", sê hul, "onse God en HEER*
*is aan sy Woord gedagtig:*
*die groot verlossingsdag is daar,*
*Hy het die Koningskap aanvaar*
*en heers as God almagtig".*

*— Skrifberyming 29:7.*

# 10 OKTOBER

*Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig enduit volgehou. Nou wag die oorwinnaarskroon vir my, die kroon van geregtigheid*
*— 2 Tim. 4:7-8a.*

Here, laat my nie sterwe voordat ek die doel benader en bereik het wat U vir my lewe gestel het nie. Laat my nie sterwe, Ontfermer, voordat ek, al is dit op 'n oneindige afstand, tot U kan sê nie: Ek het u Naam verheerlik op aarde, ek het die werk voleindig wat U my gegee het om te doen; voordat ek kan sê: Nou laat U, Here u dienskneg gaan in vrede volgens u Woord, omdat my oë u heil gesien het; voordat ek kan sê: U is my lewe en die sterwe 'n wins; voordat ek kan sê: Ek weet dat U leef en dat ek in ewigheid sal lewe by U, met U en in U.

AMEN.

J. C. LAVATOR.

*Neem nou maar, HEER, U kneg,*
*na u belofte weg,*
*en laat hom gaan in vrede —*
*nou hy die saal'ge dag,*
*so lank deur hom verwag,*
*gesien het op sy bede.*

*— Skrifberyming 3:1.*

# 11 OKTOBER

*Die nag is verby; dit is amper dag. Laat ons dan ophou met die werke van die duisternis; laat ons die wapens van die lig opneem*
*— Rom. 13:12.*

O Here, ons God, laat u genadelig ook in ons opgaan, sodat ons glad nie gemeenskap met die werke van die duisternis het nie, maar as kinders van die lig wandel in alle godsaligheid. Net soos ons ons nie kan verberg vir die sonlig nie, laat daar, o alomteenwoordige God, geen plek by ons wees waar U nie is nie. Laat ons dit altyd onthou, sodat ons geen kwaad doen voor u alsiende oë nie, maar ons sodanig gedra dat ons voor U verantwoording kan doen, en altyd en oral godvresend, eerbaar, verstandig, heilig, trou en opreg voor U, ons God, en voor alle mense bevind mag word, deur ons Here Jesus Christus, wat Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle ongeregtigheid.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*Wanneer ek sê: "Die donkerheid*
*bedek my voor u majesteit'',*
*dan is die nag 'n helder lig*
*wat my ontdek aan u gesig.*
*Vir U, HF.KR, is die nag se duister,*
*net soos die dag in glans en luister.*

*— Ps. 139:5.*

# 12 OKTOBER

*Is dit teen riviere, o HERE, teen die riviere, dat u toorn ontvlam het? Of geld u grimmigheid die see dat U ry met perde, u oorwinningswaens?*
*— Habakuk 3:8.*

Gee, almagtige God, dat soos U so dikwels en op sulke verskillende maniere voorheen betuig het hoeveel sorg en kommer U het vir die redding van almal wat op U mag vertrou en tot U roep — o gee dat ons ook op hierdie dag dieselfde mag ondervind, en hoewel u aangesig regverdig van ons verborge is, mag ons tog nooit aarsel om tot U te vlug nie, aangesien U 'n verbond gemaak het deur u Seun wat gegrond is in u eindelose genade. Gee dan dat ons, verneder in ware berou, ons so aan u Seun mag oorgee, dat ons na U gelei mag word en bevind dat U nie minder 'n Vader vir ons is nie as vir die gelowiges van ouds, soos U oral aan ons in u Woord betuig, totdat eindelik, bevry van alle moeites en gevare, ons kom tot daardie geseënde rus wat u enige Seun vir ons gekoop het deur sy eie bloed.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Die HEER IS Koning ewig en altyd:*
*geen heidendom of 't moet voor Hom vergaan.*
*Maar die geroep hoor Hy goedgunstig aan*
*aan wie ootmoedig op sy bondstrou pleit.*

*— Ps. 10:9.*

# 13 OKTOBER

*"Maar die tollenaar het daar ver bly staan en wou selfs nie na die hemel opkyk nie. Hy het bedroef op sy bors geslaan en gesê: O God, wees my, sondaar, genadig"*
*— Luk. 18:13.*

Wees my genadig, o God, in u troue liefde, wis my oortredinge uit in u groot barmhartigheid! Was my skoon van my skuld, reinig my van my sonde! Ja, my oortredinge ken ek en van my sonde bly altyd bewus. Teen U alleen het ek gesondig, ek het gedoen wat verkeerd is in u oë. U uitspraak is dus reg en u oordeel regverdig. Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaai toe my moeder swanger geword het. Maar u verwag opregtheid diep in 'n mens se hart: laat ek dan diep in my binneste weet hoe U wil dat ek moet lewe. Neem tog my sonde weg dat ek rein kan wees, was my dat ek witter as sneeu kan wees. Laat my weer blydskap en vreugde belewe. U het my verbrysel; laat my weer jubel. Moet tog nie ag slaan op my sondes nie, wis al my skuld uit!

AMEN.

VAN DAWID.
Ps. 51:3-11.

*O God, só met my lot begaan,*
*hoe kleef my siel U agteraan!*
*Vertrouensvol op U geleun,*
*voel 'k hoe u hand my ondersteun.*

*— Ps. 63:4b.*

# 14 OKTOBER

*Moet my tog nie uitsluit van u ontferming nie, Here. laat u goedheid en trou my voortdurend bewaak*
*— Ps. 40:12.*

Skep vir my 'n rein hart, o God, vernuwe my gees en maak my standvastig. Moet my tog nie van U af wegdryf en u Heilige Gees van my wegneem nie! Laat my weer die blydskap ervaar van iemand wat deur U verlos is, laat my U weer met toewyding dien. Dan sal ek oortreders leer wat U van 'n mens verwag; dat die sondaars hulle tot u bekeer. Red my van ondergang, o God my Redder, dat ek kan jubel oor u verlossingsdaad. Here, gee my die woorde om u lof te verkondig. 'n Offer vra U nie, anders sou ek dit bring; 'n brandoffer wil U nie hê nie. Die offer wat U wil hê, o God, is verootmoediging: U sal 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie, o God.

AMEN.

VAN DAWID.
Ps. 51:12-17, 19.

*HEER, U weet hoe hart en sinne*
*slaan daarbinne*
*as ek worstel in my leed.*
*Voor U is my sugte en sorge*
*nie verborge,*
*daar U alles sien en weet.*

*— Ps. 38:8.*

# 15 OKTOBER

*Maar as ons ons sondes bely — Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid*
*— 1 Joh. 1:9.*

Ons dank U, Vader van ons Here Jesus Christus, vir al die goedheid wat U aan ons bewys het, terwyl ons vanweë ons sondes toorn en tugtiging verdien het. Ons loof U vir u geduld met ons en u lankmoedigheid en u grote goedheid wat duur tot in ewigheid. Die weldade wat U daagliks aan ons bewys, sê vir ons dat ons 'n Voorspraak het wat regverdig is en wat die sonde van die wêreld gedra het, want anders kan ons u goedheid nie ervaar nie. In vertroue op die Voorspraak, bid ons U dat U ook verder vir ons armes wil sorg na liggaam en siel, want ons het niks anders as wat U gee nie. U het ons tog nie bestem tot toorn nie, maar om die saligheid te besit. Vergeef ons ons sondes en lei ons tot die saligheid waartoe U ons geroep het.

AMEN.

M. F. ROOS.

*As ek my bede bid,*
*en 't opklim in u oor —*
*ag, sluit dan nie u hart vir my,*
*maar wil my smeking hoor.*

*— Ps. 88:2.*

# 16 OKTOBER

*Dit is die uitgelate stad wat so veilig gewoon het, wat in sy hart gesê het: Dit is ek, en niemand anders nie! Hoe het dit 'n verwoesting geword, 'n lêplek vir wilde diere! Almal wat daar verbytrek, spot, skud met die hand*
*— Sefánja 2:15.*

Gee, almagtige God, dat aangesien U ons beproef in die stryd van die kruis, en baie magtige vyande verwek wie se barbaarsheid ons met reg mag verskrik en ontmoedig, as ons nie op u hulp vertrou nie — o gee dat ons ons mag herinner hoe wonderbaarlik U in vroeër tye u volk verlos het, en hoe tydig U aan hulle hulp gebring het, wanneer hulle onderdruk en geheel oorweldig was, sodat ons vandag mag leer om tot u beskerming te vlug, en nie te twyfel nie dat wanneer U gunstig teenoor ons gevind word., daar in U voldoende mag is om ons te bewaar en ons vyande neer te vel, hoeveel hulle ook al mag juig en dink om oor die hemele te triomfeer; sodat hulle eindelik deur ondervinding mag weet dat hulle aardse en brose skepsele is, wie se lewe en toestand is soos die mis wat gou verdwyn. Mag ons leer om na daardie geseënde ewigheid te strewe wat vir ons weggelê is in die hemel deur Christus, ons Here.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Ek sing 'n lofsang by my snare,*
*'n lied van troos en trou*
*waarin 'k u lof ontvou,*
*o Heilige by Isr'els skare!*
*Ek roep, tot vreug herbore:*
*"Verlos, en me verlore!"*

*— Ps. 71:14.*

# 17 OKTOBER

*Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir die wat Hom liefhet, die wat volgens sy besluit geroep is*
*— Rom. 8:28.*

Ewige, barmhartige God en Vader, U is die ewige saligheid van die lewendes en die ewige lewe vir die sterwendes. U alleen het dood en lewe in u hand, en U sorg sonder ophou vir ons, dat gesondheid of krankheid, goed of kwaad nie oor ons kan kom nie, ja, dat geen haar van ons hoof kan val sonder u wil nie, terwyl U ook vir u gelowiges alle dinge ten beste keer. Ons bid U, verleen ons die genade van u Heilige Gees, dat Hy ons leer om ons ellendigheid reg te ken en geduldig u kastydinge te verdra, wat ons tog tienduisendmaal groter verdien het. Ons weet dat hulle vir ons geen tekens van u toorn is nie, maar van u Vaderlike liefde jeens ons, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel word nie. Vermeerder, o Here, ons geloof deur u Heilige Gees.

AMEN.

GEBEDE: GEREFORMEERDE KERKE.

*Ek hef my oë bergwaarts heen*
*en staar die ure om,*
*tot my verlossing kom.*
*My hulp is van die HEER alleen.*
*Hy, oor my lot bewoë,*
*is eind'loos in vermoë.*

*— Ps. 121:1.*

# 18 OKTOBER

*"Geseënd is die wat hulle klere was sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en deur die poorte in die stad kan ingaan"*
*— Openb. 22:14.*

Here Jesus Christus, uit u Woord klink vir ons die roepstem: "Ek kom!" Gee dat u koms vir ons groot blydskap mag bring. Gee dat ons so gestem mag wees as dienaars wat op hulle heer wag. U het U met die naam van Jesus geopenbaar toe U in die wêreld gekom het en met die naam openbaar U U nog. U is die eerste en die laaste, die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester. Laat die krag van u onverganklike lewe diep in ons siele dring. Hou ons staande deur die sterkte van u mag. Lei ons op die weë van u gebooie, sodat ons ook mag eet van die boom van die lewe en deur die poorte ingaan in die ewige stad. Van U, o Jesus, is ons verwagting.

AMEN.

J. A. BENGEL.

*Op hom sal 'k die Godsnaam skrywe,*
*onuitwisbaar sal dit straal*
*met die naam ook van die Godstad*
*wat van God op aarde daal.*
*Daar skryf Ek my nuwe Naam ook,*
*waar hy draer van sal wees.*
*Laat wie ore het, dan luister*
*na die roepstem van die Gees.*

*— Skrifberyming 43:6.*

# 19 OKTOBER

*Wat julle ook al in my Naam vra, sal ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word*
*—Joh. 14:13.*

O Here Jesus, U is ons Borg, ons Middelaar, ons Heiland en ons Saligmaker. U het gesê dat alles wat ons in u Naam vra, U dit vir ons sal doen — ons bid U om al ons bekende en onbekende sondes in die diepte van die see van u goddelike barmhartigheid te werp, sodat daaraan in ewigheid nie meer gedink word nie; sodat dit nie soos 'n donker wolk die oorsaak mag wees dat die genadige aangesig van ons hemelse Vader vir ons verberg word nie. Maar laat, Here, die lig van u regverdigmakende genade in ons opgaan, en laat ons die inwendig verkwikkende troos van u Heilige Gees ervaar. Skenk ons die lig van die kennis van God, sodat die rus en vrede van ons hart in U, o God, gevind word.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*As U, o HEER, die sonde*
*na reg wou gadeslaan,*
*wie sou een enk'le stonde*
*voor U, o HEER, bestaan?*
*Maar nee, daar is vergewing*
*altyd by U gewees;*
*daarom word U met bewing*
*reg kinderlik gevrees.*

*— Ps. 130:2.*

# 20 OKTOBER

*Want dan sal Ek aan die volke rein lippe toebring, sodat hulle almal die Naam van die HERE sal aanroep en Hom met 'n eenparige skouer sal dien*
*— Sefánja 3:9.*

Gee, almagtige God, dat aangesien dit die vernaamste deel van ons geluk is dat, terwyl ons afwesig van U is in hierdie wêreld, daar tog vir ons 'n bekende toegang tot U deur die geloof oop is. O gee dat ons in staat mag wees om met 'n rein hart na u teenwoordigheid te kom. Wanneer ons lippe besoedel is, o reinig ons deur u Gees, sodat ons nie slegs tot U mag bid met die mond nie, maar ook bewys dat ons dit opreg doen sonder enige veinsing, en dat ons ernstig soek om ons hele lewe te bestee aan die verheerliking van u Naam, totdat ons eindelik, vergader in u hemelse koninkryk, werklik en waarlik met U verenig mag wees, en deelhebbers mag word van daardie heerlikheid wat vir ons verkry is deur die bloed van u enige Seun.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Hoe groot is, HEER, U seëstrome*
*vir wie opreg van gees*
*wil wandel in u vrees!*
*Hoe groot die vreugde van die vrome*
*as almal klaar bemerk het*
*die heil wat U bewerk het.*

*— Ps. 31:15.*

# 21 OKTOBER

*En nou bly geloof, hoop en liefde — hierdie drie. En die grootste hiervan is die liefde!*
*— 1 Kor. 13:13.*

O God, U is die lewe, wysheid, waarheid en seën, die ewige, die enige ware goed. My God en my Here, U is my hoop en die vreugde van my hart. Ek erken met danksegging dat U my gemaak het na u beeld, dat ek al my gedagtes mag rig op U en U mag liefhê. Here, gee my om U reg te ken en U meer te bemin en te geniet en te besit. In hierdie lewe hier benede kan ek hierdie seën nooit volkome verkry nie, maar laat my altans daarin toeneem van dag tot dag, totdat die volheid eenmaal in die toekomende lewe geskenk word. Laat die kennis van U mag hier toeneem en laat dit daar volkome word. Laat die liefde tot U hier groei en laat dit daar ryp word. Laat my vreugde hier groot wees in hoop en daar volmaak wees in die genieting.

AMEN.

ANSELMUS.

*Maar, HEER, U goedheid is só goed,*
*maak U dit goed vir my;*
*ek voel bedruk in my gemoed,*
*my hart's deurwond daarby;*
*ek is 'n skadu wat verdwyn,*
*'n sprinkaan, voortgejaag;*
*my knieë knik van vas; ek kwyn,*
*my vlees is weggeknaag.*

*— Ps. 109:8.*

# 22 OKTOBER

*Vertrou op die HERE met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie. Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelyk maak*
*— Spreuke 3:5-6.*

Versterk my, o Here, deur die genade van u Heilige Gees. Gee my krag om my innerlik te ver sterk en om my hart te reinig van nuttelose sorg en angs, sodat ek nie meegevoer word deur wisselende begeertes en deur aardse dinge wat waardeloos of kosbaar is nie, maar dat ek alles beskou as verganklik en bedink dat ekself met dit alles vergaan. Want niks is bestendig onder die son nie, maar alles is tevergeefs en kwelling van die gees. Skenk my, o Here, hemelse wysheid, sodat ek leer om U te soek voor al die ander dinge en sodat ek U kan vind, U vashou, U liefhê bo alles, en in ooreenstemming met die ordening van u wysheid alles mag verstaan soos dit werklik is.

AMEN.

THOMAS À KEMPIS.

*Die hart van hul wat U bely*
*sal in u Naam standvastig bly.*
*Die wat U soek in stil vertroue,*
*is by U veilig en behoue.*

*— Ps. 9:7.*

# 23 OKTOBER

*Christus is in julle, Hy is julle hoop op die heerlikheid*
*— Kol. 1:27b.*

"Vader, die tyd het gekom. Verheerlik u Seun, sodat u Seun U kan verheerlik. U het Hom immers die volmag oor die hele mensdom gegee om aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe te gee. En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is. Ek het U op die aarde verheerlik deur die werk te volbring wat U My gegee het om te doen. Verheerlik U My nou ook by U, Vader, met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld bestaan het. "Ek het u Naam bekend gemaak aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord ter harte geneem. Nou weet hulle dat alles wat U My gegee het, van U kom; want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee. Hulle het dit aangeneem en tot oortuiging gekom dat Ek waarlik van U gekom het, en hulle het geglo dat U My gestuur het."

AMEN.

GEBED VAN JESUS.
Joh. 17:1-8.

*Die HEER wat in die hemel woon,*
*wat bo die wêreldvolke troon,*
*is hoog, met heerlikheid omgewe.*
*Ja, wie is hoog soos onse HEER?*
*Nogtans sien Hy genadig neer,*
*op wie voor Hom in kleinheid lewe.*

*— Ps. 113:2.*

# 24 OKTOBER

*Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons 'n nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood.*
*— 1 Petr. 1:3.*

Here God, hemelse Vader, ons dank U vir al u weldade wat ons sonder ophou uit u milde hand ontvang: dat dit u goddelike wil is om ons te onderhou in hierdie tydelike lewe en ons te versorg met alles wat ons nodig het; maar insonderheid dat ons deur U wedergebore is tot die hoop op 'n beter lewe wat U aan ons geopenbaar het deur u heilige evangelie. Ons bid U, barmhartige God en Vader, om nie toe te laat dat ons harte hier in hierdie aardse en verganklike dinge inwortel nie, maar dat ons altyd opwaarts sien na die hemel en ons Saligmaker, Jesus Christus verwag, totdat Hy op die wolke tot ons verlossing sal verskyn.

AMEN.

GEBEDE: GEREFORMEERDE KERKE.

*Eenvoudiges wil God steeds gadeslaan.*
*'k Was uitgeteerd, maar Hy is vol ontferming.*
*Soek dan, my siel, jou rus in sy beskerming,*
*Hy 't jou verlos en aan jou welgedaan.*

*— Ps. 116:4.*

# 25 OKTOBER

*En Ek sal tussen jou in laat oorbly 'n ellendige en geringe volk wat by die Naam van die* HERE *skuiling soek*
*— Sefánja 3:12.*

Gee, almagtige God, dat aangesien die bedorwenheid van ons natuur so groot is dat ons nie voorspoed kan verdra sonder dat enige wellus van die vlees onmiddellik in ons woed en sonder om selfs opstandig teen U te word nie — o gee dat ons mag baat by die beproewinge van die kruis, en wanneer U ons verneder, dat ons met nederige harte alle verdraaidheid prysgee en ons aan U onderwerp; en nie alleen u juk met onderdanigheid dra nie, maar in hierdie nederigheid ons lewe deurgaan en so teen alle versoekings stry, dat ons nooit in onsself roem nie en ook oortuig voel dat alle ware en egte roem vir ons in U weggelê is, totdat ons dit sal geniet in u hemelse koninkryk deur Christus, ons Here.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Regverdiges, laat hoor die blye tyding!*
*Sing voor die* HEER *'n lofsang van bevryding,*
*'n sang wat juig oor skuldvergiffenis.*
*Sing, wie opreg van hart en wandel is!*

*— Ps. 32:6*

# 26 OKTOBER

*As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word geregverdig; en met die mond bely ons, en ons word gered— Rom. 10:9-10.*

Here ons God, U hou nie op om altyd aan ons goed te doen nie. Ons daarenteë hou nie op om teen U te sondig nie. Gedurig moet ons maar weer uitroep: Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? U sal dit doen, o Here Jesus, en U sal ons sonde vergewe en die bose gedagtes uit ons hart wegneem. Soos die dou van die nag die vlies van Gideon bevogtig het, laat ook so die dou van u genade op ons siele neerdaal. Soos die manna snags geval het, laat so u troosryke Woord op ons afgematte harte val en ons vermoeide gees verkwik. Laat ons gedurig dink aan al u genadebeloftes aan ons belowe in Christus Jesus, u Seun.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*Al my geloftes, uitgespreek in nood.*
*sal ek betaal as ek voor U mag nader*
*en met u gunsvolk in u huis vergader.*
*Hoe kost'lik, HEER, is in u oog hul dood!*

*— Ps. 116:8.*

# 27 OKTOBER

*Geliefdes, ons is nou reeds kinders van God, Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat, wanneer Jesus hom, ons soos Hy sal wees. Ons sal Hom sien soos Hy werklik is*
*— 1 Joh. 3:2.*

Here Jesus, ek ken U nog nie van aangesig tot aangesig nie, maar ek het U so lief. Wat sal dit 'n vreugde wees om U te sien, nadat ek vir so 'n lange tyd baie van U gelees en van U ervaar het. Laat my slegs in alle tye van my lewe in u gemeenskap gevind word. Regeer my so dat ek my elke oomblik so mag skik soos dit telkens vir my saligheid die beste is. Maak my waardig om so die wêreld te verkry waarvan die gedaante nie vergaan nie.

AMEN.

J. A. BENGEL.

*'n Nuwe lied ruis oor my lippe nou,*
*'n lofsang Gode toegesing.*
*'n Ganse skaar wat my omring,*
*sal 't sien en vrees en op die HEER vertrou.*
*0 soete Godsbetroue!*
*Welsalig en behoue*
*wie wegvlug derwaarts heen,*
*op leuenaars nie ag,*
*van trotsaards niks verwag,*
*maar steun op God alleen.*

*— Ps. 40:2.*

# 28 OKTOBER

*Hier is Christus alles en in almal*
*— Kol. 3:11b.*

Troue Here van my lewe —
God by wie ek vrede vind;
Vader wat my skuld vergewe,
dankbaar leef ek as u kind.
Vrees vir straf laat my nie weifel,
want u liefde laat geen twyfel,
en ek weet in sondesmart:
U is trooster van my hart.

Deur u Seun skenk U genade,
deur geloof neem ek Hom aan;
daarom vrees ek nie die kwade,
omdat Jesus met my gaan.
Alhoewel in skuld gebore,
was ek in Hom uitverkore,
eer u Woord in skeppingsmag
skeiding roep oor dag en nag.

AMEN.

GESANG 253:1, 3.

*Ruwe storme breek in woede*
*alles om my heen is nag:*
*tog hou God my in sy hoede —*
*Hy hou vir my heil die wag.*

*— Gesang 253:7a.*

# 29 OKTOBER

*En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: "Abba!" Dit beteken: Vader!*
*— Gal. 4:6.*

Here, ek is in nood. In angs word my siel gepla. My siel word aangegryp deur verskrikking. Verlos my uit hierdie uur. Maar hiervoor het ek in hierdie uur gekom, dat U verheerlik sal word. Mag dit U behaag om my te red, want ek is 'n arme skepsel. Wat kan ek sonder U doen? Gee my geduld, Here, ook nou. Help my, o my God, en ek sal nie meer vrees nie, hoe groot my nood ook is. Maar Here, laat u wil geskied. U almagtige hand is sterk genoeg om ook hierdie beproewing van my af te neem of die krag daarvan te verminder, sodat ek nie heeltemal ondergedompel word nie. So het U vroeër dikwels met my gedoen, o God. Ek hoop op u barmhartigheid.

AMEN.

THOMAS À KEMPIS.

*Ek roep tot God met groot geluid;*
*ek stort my klag soos water uit;*
*ek klaag my node in Gods oor,*
*want Hy sal my gebed verhoor.*

*— Ps. 142:1.*

# 30 OKTOBER

*"My kind, moet dit nie gering ag as die Here jou tugtig nie en moenie mismoedig word as Hy jou teregwys nie, want die Here tug hom wat Hy liefhet, Hy straf elkeen wat Hy as kind aanneem"*
*— Hebr. 12:5-6.*

Niemand is daar in die hele wêreld wat my kan troos, o Here en God, buiten U nie, hemelse Geneesheer van die siele; U wat slaan en gesondmaak. Liewe Vader, ek is in u hande en ek buig my onder u gésel. Maak my 'n ootmoedige en vrome dissipel, sodat ek in my wandel elke oomblik U mag volg. Onder u straffende hand stel ek myself en al wat myne is tot verbetering. Dit is beter om in hierdie lewe u straf te dra as in die toekomende. U weet hoe die droefheid die vlekke van die sonde kan afwas. Handel met my na u welbehae: kyk nie met veragting op my sondige lewe wat niemand duideliker en beter ken as U nie, en vergewe my al die oortredinge om Christus ontwil.

AMEN.

THOMAS À KEMPIS.

*Wil my, HEER, in hierdie lewe*
*nie begewe:*
*wees nie ver van my gebed.*
*Hoor die roepstem van 'n lyder,*
*o Bevryder*
*wat my altyd uit wou red.*

*— Ps. 38:17.*

# 31 OKTOBER

*Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons 'n nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop*
*— 1 Petr. 1:3.*

Maak my tog bekend wanneer my einde sal wees, Here, en hoeveel dae daar vir my oor is sodat ek sal weet wanneer my lewe verby is. Kyk, U het bepaal dat my dae min sal wees, in u oë is my lewensduur byna niks. Ag, alle mense is maar verganklik. Die mens leef soos in 'n droom en hy sloof hom af vir niks. Hy gaar op, maar weet nie wie dit sal kry nie. Is daar nog hoop vir my, Here? U is my enigste hoop. Red my van my teëstanders, laat my nie die spot van dwase word nie, want U het dit oor my gebring. Neem tog weg die smart waarmee U my getref het. Die las wat U my opgelê het, laat my krag ingee. Hoor tog my gebed, Here, luister na my hulpgeroep; moet tog nie koud staan teenoor my trane nie, want ek is net op u beskerming aangewese; U alleen sorg vir my, soos vir al my voorvaders. Neem tog u straf van my weg, dat ek weer bly kan wees voordat ek heengaan en nie meer daar is nie.

AMEN.

VAN DAWID.
Ps. 39:5—9, 11, 13—14.

*O God, só met my lot begaan,*
*hoe kleef my siel U agteraan!*
*Vertrouensvol op U geleun,*
*voel 'k hoe u hand my ondersteun.*

*— Ps. 63:4b.*

# 1 NOVEMBER

*Jesus antwoord hom: As iemand My liefhet, sal hy my woorde ter harte neem; en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woon*
*— Joh. 14:23,*

O Here, kom in u grote genade neer tot my siel, neem dit in en bly daar. Dit is 'n geringe woning, dit erken ek, vir so 'n heerlike Majesteit, maar dit is soos U dit toerus vir u ontvangs met 'n heilige en brandende verlange na U. Tree dan binne, o Here, en versier dit en maak dit tot 'n passende woning vir U: dit is tog die werk van u hande. Gee my dan Uself, want sonder U kan my verlange nie bevredig word nie — al gee U my ook alles wat U geskape het. Laat my siel altyd U soek en laat my volhard in die soeke, totdat ek U gevind het, en U volkome besit.

AMEN.

AUGUSTINUS.

*Die mossie vind 'n huis, o HEER*
*die swaeltjies lê in nessies neer;*
*en ek vind rus by u altare,*
*waar U vir my 'n woning maak*
*en U, my Koning, my bewaak.*
*Gedugte HEER der leërskare,*
*welsalig wie in u paleis*
*U altyddeur mag loof en prys.*

*— Ps. 84:2.*

# 2 NOVEMBER

*Die heerlikheid van die HERE sal JOU agterhoede wees*
*— Jes. 58:8b.*

Wees my genadig, o God, want daar is mense wat my jaag, ek het baie vyande, o Allerhoogste. Die dag as ek bang word, vertrou ek net op U. In God wie se woord ek prys, in God stel ek my vertroue, ek is nie bang nie. Wat kan 'n blote mens aan my doen? My ellende het nie ongemerk by U verbygegaan nie, U het op my trane gelet. In u boek staan hulle opgeteken. Die dag wanneer ek na U roep om hulp, val my vyande terug. Dit weet ek: God is aan my kant. In God wie se woord ek prys, in die Here wie se woord ek prys, in God stel ek my vertroue, ek is nie bang nie. Ek moet my geloftes aan U nakom, o God, ek wil U met dankoffers betaal, want U het my van die dood gered, my voet nie laat struikel nie, en ek kon my pad aanhou loop met God by my en die lewenslig bly sien.

AMEN.

VAN DAWID.
Ps. 56.

*In God, die God wat ons beveilig,*
*voel nou ons hart opnuut verblyd;*
*en op sy Naam, ontsaglik heilig,*
*vertrou ons tot in ewigheid.*

*— Ps. 33:11a.*

# 3 NOVEMBER

*Van die dag af tot die fondament van die tempel van die HERE gelê is; merk op: Is daar nog saad in die skuur? Ja, selfs die wingerdstok en die vyeboom en die granaatboom en die olyfboom het niks opgelewer nie. Van hierdie dag af sal Ek seën*
*— Haggai 2:18b-19.*

Gee, almagtige God, dat aangesien ons nog teruggehou word deur ons aardse sorge en nie opwaarts na die hemel kan styg met soveel gereedheid en ywer soos ons behoort nie — o gee dat aangesien U daagliks aan ons so 'n ruime voorsiening vir die huidige lewe verskaf ons ten minste mag leer dat U ons Vader is, en dat ons nie terselfdertyd ons gedagtes mag vestig op hierdie verganklike goedere nie, maar mag leer om ons gemoed hoër te verhef, en so aanhoudende vooruitgang mag maak tot die volle en volledige vrug van daardie geseënde en hemelse lewe wat U aan ons beloof het en verkry het deur die bloed van u eniggebore Seun.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*U laat die uitgang van die morge*
*en van die awend juig;*
*en wil dat ons vir al u sorge*
*ootmoedig dank betuig.*
*Die land besoek U met u seën,*
*en deur U droog gemaak,*
*verryk U dit met milde reën*
*wat tot die wortel raak*

*— Ps. 65:6.*

# 4 NOVEMBER

*En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie, want Hy het julle as die eiendom van God beseël met die oog op die verlossingsdag*
*— Efes. 4:30.*

Bewaar ons, o God, dat ons ons hart as 'n tempel van die Heilige Gees nie deur sondige gedagtes mag verontreinig nie, maar verleen ons u genade dat ons deur u Gees in gemeenskap met Jesus lewe, sodat die lewe vir ons Christus word en die sterwe 'n wins. Laat geen goddelose woord of bose daad u Gees bedroef nie, sodat ons in plaas van seën die vloek, en in plaas van u genade u toorn op ons haal. Maar gee ons o Here, 'n rein hart en 'n onbevlekte gewete, sodat ons U kan dien met blydskap, met 'n ongeveinsde geloof en 'n kinderlike vertroue op Jesus Christus, ons Here.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*Verlos my, HEER, van hinderlae;*
*en wil my leer u welbehae.*
*Ek skuil by U, vat U my hand,*
*en laat u Gees in al my dae*
*my voortlei in 'n veil'ge land.*

*— Ps. 143:8.*

# 5 NOVEMBER

*So sê die HERE, JOU Verlosser, die Heilige van Israel: Ek is jou God, wat jou leer wat heilsaam is, wat jou lei op die weg wat jy moet gaan*
*— Jes. 48:17.*

Here Jesus laat ons U volg waarheen U ook gaan. U wil ons terugvoer tot God; neem dan my, arme kind, en ons almal by die hand in die duisternis *van* hierdie bose wêreld. Lei ons sodat ons nie verdwaal nie, maar die regte weg kies, sodat ons onsself afsterf en die sondes. Help ons dat ons deur U, wat alleen ons weg en gids is, in 'n ware geloof gelei word tot God, ons Vader, en ingaan in die allerheiligste, u innige, ewige gemeenskap. O Jesus, as alles ons verlaat, laat ons dan nie deur U verlaat word nie. As ons niks meer besit nie, laat ons dan U besit in ons hart en aan U vashou in 'n ware en onwankelbare geloof, sodat ons met U, ons Verlosser, mag ingaan in u ewige ryk.

AMEN.

GERHARD TERSTEEGEN.

*My God, wat tog in my lewe is,*
*hoe smag my hart as 'k U moet mis!*
*Ek soek U, HEER, terwyl ek kwyn*
*in sielsverlatenheid en pyn.*
*Ek smag soos alles hier om my*
*waar 'k swerf in wilde woesteny,*
*'n dor en uitgedroogde land*
*waarop die son se vlamme brand.*

*— Ps. 63:1.*

# 6 NOVEMBER

*Wie aanhou sonde doen, behoort aan die duiwel, want die duiwel hou van die begin aj aan met sondig*
*— 1 Joh. 3:8.*

Barmhartige Vader, verlig ons harte, sodat ons alle werke van die duisternis aflê en as kinders van die lig in alle godsaligheid in 'n nuwe lewe wandel. Gee ook u seën by die verkondiging van u Goddelike Woord. Vernietig alle werke van die duiwel. Versterk alle getroue kerkdienaars en owerhede van u volk. Vertroos alle vervolgde en benoude harte deur Jesus Christus, u liewe Seun, wat ons beloof het dat U alles wat ons in sy Naam bid, sekerlik sal gee.

AMEN.

GEBEDE: GEREFORMEERDE KERKE.

*Geregtigheid daal op hom neer;*
*'n seën verkry hy van die HEER,*
*wat stil Hom volg op al sy skrede.*
*Dit is die ware Israel,*
*die volk wat vra na Gods bestel,*
*en wat Hom soek in hul gebede.*

*— Ps. 24:3.*

# 7 NOVEMBER

*En ek het my oë opgeslaan en gekyk — daar was vier horings . . . Daarop toon die HERE my vier smede . . .*
*— Sagaria 1:18-21.*

Gee, almagtige God, dat aangesien ons aan alle kante omring is deur baie vyande en aangesien Satan nooit ophou om die woede van baie aan te vuur nie — nie slegs om vyandig teenoor ons te wees nie, maar ook om ons te vernietig en te verteer — o gee dat ons mag leer om ons oë op te hef na die hemel, en terwyl ons op u beskerming vertrou moedig in geduld mag stry totdat dit eindelik sal verskyn wat U eens en vir altyd getuig het in hierdie merkwaardige profesie, naamlik dat daar baie smede in u hand is en ook baie hamers, waardeur U in stukke breek daardie horings wat verrys om ons te verstrooi; totdat eindelik, nadat ons al die liste van Satan oorkom het, ons daardie geseënde rus sal bereik wat vir ons voorsien is deur die bloed van u eniggebore Seun.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Die HEER sal opstaan tot die stryd;*
*Hy sal sy haters ver en wyd,*
*laat wegvlug voor sy oë.*
*Hoe hoog die mens se trots mag gaan,*
*hy sal geen oomblik kan bestaan*
*voor God se alvermoë.*
*As U, o HEER, in mag verskyn,*
*sal hul soos rook en damp verdwyn,*
*deur stormwind voortgedrewe.*
*Soos was wat smelt voor hitte-en vuur,*
*het almal voor Gods glans geen duur*
*wat goddelooslik lewe.*

*— Ps. 68:1.*

# 8 NOVEMBER

*En die wêreld met al sy begeertes gaan verby, maar wie die wil van God doen, bly ewig lewe*
*— 1 Joh. 2:17.*

O Vader, hoe wonderlik gaan dit menigmaal met ons in hierdie wêreld! U slaan ons wel; nogtans het U ons lief. U verootmoedig ons, tog maak U ons lewens groot: deur baie kruise en verdrukkings heen voer U ons hemelwaarts. Ons loof altyd u wyse en goeie voorsienigheid. Wat U vir ons doen, verstaan ons nie, maar hiernamaals sal ons dit verstaan en ervaar. Nou is ons kinders, maar dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie. Daarom lei U, Here, ons sodanig as wat dit U behaag. Ons weet tog dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, en dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie. Met hierdie troos wil ons lewe en sterwe.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*Sy dade-is enkel majesteit,*
*aanbiddelike heerlikheid,*
*en sy geregtigheid onendig.*
*Sy wonders staan in rots gegrif,*
*en sy genade-in eewge skrif*
*vir al wie arm is en ellendig.*

*— Ps. 111:2.*

# 9 NOVEMBER

*Met eerbied en ontsag moet julle voortwerk aan julle verlossing, want dit is God wat in julle werk. Hy maak julle gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer*
*— Filip. 2:12b-13.*

Here, help my dat deur my sondes niks verderf word van wat U gewerk het nie. Lei my en laat nie vaar die werk van u hande nie, anders val ek terug in my eie nikswaardigheid. Seën wat u liefde begin het en werp die skeidsmuur om wat my afhou van U, o ewige Lig. O my Vader, regeer my denke en wil. Neem my hart in besit, sodat ek steeds aan U dink. Verlig my oë, sodat dit op U sien en op die weë wat U behaag. Regeer my begeerte na u ewige waarheid en laat my nie verlok word deur die ydelheid nie. Ek word rondom deur versoekings omgewe, laat my daaraan ontkom en met vaste skrede die regte weg bewandel. Staan op, o Here, God van my sterkte, slaan my vyande neer en verlos my.

AMEN.

AUGUSTINUS.

*God is goed in al sy handel,*
*en sy pad is enkel reg;*
*daarom laat Hy sondaars wandel*
*in die waarheid van sy weg.*
*Hy sal met sy hand hul lei*
*wat verdwaal was en verlore?*
*wie sagmoedig is, laat Hy*
*wandel op die regte spore.*

*— Ps. 25:4.*

# 10 NOVEMBER

*Daarna het Hy my Josua, die hoëpriester, laat sien, terwyl hy voor die Engel van die HERE staan en die Satan aan sy regterhand staan om hom aan te kla*
*— Sagaria 3:1.*

Gee, almagtige God dat soos U ons 'n koninklike priesterdom gemaak het in u Seun, dat ons daagliks aan u geestelike offerandes mag offer, en aan U gewy mag wees met beide liggaam en siel. O gee dat ons vervul met u mag, moedig teen die Satan mag stry, en nooit twyfel dat U ons eindelik die oorwinning sal verleen nie, hoewel ons baie moeite en moeilikhede moet ondergaan; en mag die veragting van die wêreld ons nie verskrik of ontmoedig nie, maar mag ons geduldig al ons berispinge verdra, totdat U eindelik u hand uitstrek om ons op te hef tot daardie roem, die volmaking waarvan nou in ons Hoof verskyn en eindelik helder gesien sal word in al die lede en in die hele liggaam, naamlik wanneer Hy sal kom om ons te vergader in daardie hemelse koninkryk wat Hy vir ons gekoop het deur sy eie bloed.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*U 't van die hemel hoog op aarde neer wou daal*
*en ons vir God gekoop uit alle volk en taal..*
*Die losprys was u bloed, wat U vir ons gestort het,*
*waardeur ons, rein gewas, 'n priestervolk geword het*
*en konings in die ryk van onverstoorb're vrede,*
*om God te dien en eer in eind'lose-ewighede.*

*— Skrifberyming 8:2.*

# 11 NOVEMBER

*Ek onthou wat U gesê het: "Julle moet My kom dien!" Ek is hier om U te dien, Here*
*— Ps. 27:8'.*
O Here, ons God, soos 'n tortelduif in die opening van 'n rots of in 'n boomstam veilig is teen die roofvoëls, so is ons behoue in u wonde, o Here Jesus Christus — die rotsteen van ons heil — teen al ons geestelike vyande. En soos 'n skipper in die hawe bevry is van al die storms en onweer, so is ons ook, ons God, bevry van al die stormwinde van ongeluk. Want U steek ons weg in u hart in die dag van onheil; U verberg ons in die skuilplek van u tent; U verhef ons op 'n rots. U is met ons wanneer ons alleen is. U bring ons onstuimige hart tot rus. U troos ons in ons droefheid, en U versterk ons in ons swakheid, en U maak ons ryk in ons armoede in Jesus Christus, ons Here.

AMEN.

COENRAAD MEL.'

*Voorwaar my siel is in my stil,*
*weer één met God se heil'ge wil.*
*Net soos 'n kind, tevrede by*
*sy moeder, is my siel in my.*

*— Ps. 131:2.*

# 12 NOVEMBER

*Bid ook dat ons van verkeerde en slegte mense verlos word, want nie almal is gelowiges nie. Die Here is getrou; Hy sal julle versterk en julle van die Bose bewaar*
*— 2 Tess. 3:2—3.*

O allergenadigste Vader, ons smeek U om u liewe Seun Jesus Christus ontwil om ons altyd u Heilige Gees te skenk, sodat ons gedurig mag toeneem in dankbaarheid teenoor U, om ingelei te word in alle waarheid en vertroos te word in ons teëspoede. O God, versterk ons geloof. Laat dit meer brand in vurigheid en liefde tot U en ons naaste ter wille van U. Allerliefste Vader, laat tog nie toe dat ons u Woord tevergeefs ontvang nie, maar gee ons altyd die krag van u genade en Heilige Gees, sodat ons in ons hart, woord en daad u Naam mag heilig en aanbid.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Hul roep: dit is vir Hom die tyding:*
*sy arm is al gereed;*
*vir hul is daar by Hom bevryding*
*uit alle nood en leed.*
*Dreig daar geweld van alle sye,*
*al gaan dit nog so hoog,*
*hul bloed, hul trane en hul lye*
*is dierbaar in sy oog.*

*— Ps. 72:7.*

# 13 NOVEMBER

*Sluit tog vriendskap met Hom, sodat jy vrede kan hê; daardeur sal goeie dinge oor jou hom*
*— Job 22:21'.*

Here, ons heilige God, wat die lig laat skyn, maak ons, o Here, tot kinders van die lig. Dink in u grote barmhartigheid aan almal wat met ons bid. Giet die rykdom van u barmhartigheid oor ons uit. Here, U wat altyd aanbid en geprys word in die hemel en op die aarde, U wat genadig en geduldig U oor sondaars ontferm, U wat ons deur u beloftes tot die saligheid roep — Here Christus verhoor ons gebed en lei ons lewensweg volgens u bevele. Heilig ons siele, hou ons liggaam in stand, lei ons gedagtes, reinig ons sinne en bewaar ons teen sorge en lyde en smarte.

AMEN.

GEBED: GRIEKSE KERK.

*O Goedheid Gods wat altyd dieper daal:*
*uit herderstent word Dawid weggehaal,*
*uit agterveld waar skape rustig wei,*
*om nou Gods volk as herder-vors te lei.*
*Hy 't hul gehoed in sy opregtigheid*
*en hul beskerm deur dapper krygsbeleid.*

*— Ps. 78:25.*

# 14 NOVEMBER

*Mag wat ek sê en wat ek dink, tog vir U aanneemlik wees, Here, my Rots en my Verlosser*
*— Ps. 19:15.*

Vader, vergeef my dat ek met my tong en mond teen U gesondig het. Ek het dit nie altyd aangewend tot eer van u Naam en tot heil van my naaste nie. Baiekeer het ek onnodige dinge gesê. Leer my om my tong te beteuel. Here Jesus Christus, in wie se mond geen bedrog gevind is nie, wat nie teruggeskel het toe mense U geskel het nie, gee my 'n stille, geduldige gees, sodat ek nie sondig nie, maar my tong kan beteuel. Tugtig my hart met die Woord van God. O Heilige Gees wat die tonge van die apostels geregeer het, sodat hulle die groot werke van God verkondig het, gee my tong die vuur van die hemelse wysheid. Open my mond om die eer van God te verkondig, en om my naaste te hulp te kom tot tydelike en ewige heil.

AMEN.

JOHANN GERHARD.

*Open julle mond*
*eis van My vrymoedig*
*op my trouverbond:*
*al wat jul ontbreek,*
*skenk Ek as jul smeek*
*mild'lik en oorvloedig.*

*— Ps. 81:12.*

# 15 NOVEMBER

*Want wie verag die dag van klein dinge, terwyl daardie sewe — die oë van die HERE wat die ganse aarde deurloop — met blydskap die skietlood aanskou in die hand van Serubbabel?*
*— Sagaria 4:10.*

Gee, almagtige God, dat aangesien Satan vandag baie verskrikkinge teen ons stel om ons neer te werp en ons baie swak is — o gee dat ons met ons oë na bo opgehef mag nadink oor daardie onoorwinlike mag wat U besit, waardeur u al hierdie hindernisse van hierdie wêreld kan oorkom. En dan, wanneer niks in hierdie wêreld behalwe wat veragtelik is, bekwaam lyk om ons geloof te bevestig en te onderhou, mag ons, desnieteenstaande, deur die oë van die geloof u verborge krag aanskou en nooit twyfel nie dat U eindelik sal vervul wat die wêreld vandag onmoontlik ag en daarom bespot. Mag ons so standvastig in hierdie vertroue volhard dat elkeen van ons aan U sy arbeid tot die einde mag wy, en nooit verflou in die werk van bevordering van die geestelike gebou nie, totdat ons uiteindelik vergader sal word en ander ook deur ons arbeid, nie slegs geestelike offerandes soos U nou van ons ontvang nie, maar ook aan U met die engele daar die ewige offerande van lof en triomfantelike danksegging bied wanneer ons voltooid sien wat vandag slegs flou begin is.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Die hart van hul wat U bely*
*sal in u Naam standvastig bly*

*— Ps. 9:7a.*

# 16 NOVEMBER

*Ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê*
*— Gal. 2:19b—20.*

Here, U beproef die harte van die mense. U weet hoe onbestendig die menslike siel en sinne is. U kan my hart baie beter bestier as wat ek dit self kan doen. Staan op, o Here, en maak stil die onrus van my sinne, sodat hulle rus vind in U. Laat my nie her- en derwaarts gedryf word deur allerlei gedagtes nie, maar U alleen sien en hoor. Vernuwe my moed, heilig my sinne, ontsteek in my u lig, sodat my hart van liefde brand. Laat my die vuur van u Gees bemerk, ja, laat u Gees in my woon en my tot u heiligdom maak.

AMEN.

JOHANN ARNDT.

*Welsalig wie die arme in verdriet*
*sy hulp en bystand bied!*
*God sal hom red, en in die dag van kwaad*
*is Hy sy toeverlaat.*
*God sal sy lewe-in kommernis bewaak*
*en hom gelukkig maak;*
*hom nimmer oorgee, dat sy teenparty*
*oor hom ooit voordeel kry.*

*— Ps. 41:1.*

# 17 NOVEMBER

*Dit is goed om die Here te loof, om u Naam te besing, Allerhoogste, om elke môre van u liefde te getuig en elke aand van u trou*
*— Ps. 92:2-3.*

Verleen ons die genade, o Here ons God, dat ons niks in die wêreld so haat soos die sonde nie, en dat ons niemand meer vrees as U nie, ja, dat ons niks met 'n groter ywer soek as die liefde nie, en niks vuriger verlang as om gedurig in u guns te mag bly nie. Laat al u seëninge ons tot groter en meer dankbaarheid opwek. Laat ons gesondheid vir ons die stukrag wees om U met des te meer vreugde te dien; en laat die seën wat U ons gee, mag wees om aan ons arme en behoeftige broeder en suster nog meer goed te doen. Laat ons, o God, nooit sover verval om kwaad met kwaad te vergeld nie, maar skenk ons die genade om die ou mens in ons dood te maak, die wêreld te kruisig en U, ons God, lief te hê met ons hele hart, ons hele verstand en al ons kragte — alleen om Christus Jesus ontwil.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*Want goedertieren is die HEER;*
*sy goedheid eindig nimmermeer;*
*sy trou en waarheid hou hul krag*
*tot in die laaste nageslag.*

*— Ps. 100:4.*

# 18 NOVEMBER

*Daarop antwoord Hy: "Wat vir die mense onmoontlik is, is vir God moontlik"*
*— Luk. 18:27.*

O Heilige Gees, almagtige, ewige God, U wat die harte van die apostels met ryke troos vervul het, ons bid U: ontferm U ook oor ons, stuur ons u lig en die soete van u troos. O salige lig, deurstraal ons siele. Sonder U word daar geen goed in ons gevind nie. Verkwik die swakke. Maak reg wat skeef is. Verbind die siekes en gewondes. Verwarm die koues. Buig die wederstrewiges en verleen ons almal wat op U vertrou en hoop die krag om altyd die goeie te doen en die kwaaie na te laat. Gee sterkte dat ons in die goeie bly en toeneem. Gee ons krag om eenmaal met vreugde van hier te skei en die saligheid te beërwe.

AMEN.

GEBEDEBOEK DRESDEN 1595.

*As ek roep in donker stonde:*
*"My voet gly uit, ek gaan te gronde!"*
*dan ondersteun u goedheid my,*
*in my gepeins is U naby;*
*as duisend sorge my verskrik,*
*het u vertroosting my verkwik.*

*— Ps. 94:10.*

# 19 NOVEMBER

*Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor die wat Hom dien*
*— Ps. 103:13.*

O ewige God, geslag op geslag het U gesoek en hulle het bevind dat u trou geen einde het nie. Ons vaders het op hulle pelgrimstog onder u leiding gewandel en rus gevind in u barmhartigheid; wil ook vir hulle kinders wees 'n wolkkolom by dag en 'n vuurkolom by nag. Help ons in ons baie soorte versoekinge; U ken hulle en is altyd naby. In die sorge bring U ontferming die versmagtende gees nuwe lewe; in kalm en gelukkige tye is dit u Gees alleen wat ons ootmoedig kan hou. U, die enigste bron van vrede en regverdigheid, neem die bedekking weg van elke hart en verenig ons in een heilige gemeenskap met u profete en heiliges wat op U vertrou het en nie beskaam geword het nie. Hoor ons bede, nie omdat ons dit waardig is nie, maar ter wille van u ryke genade.

AMEN.

J. MARTINEAU.

*HEER, my God, ontferm U oor my.*
*Luister na my stem, verhoor my!*
*'k Is ellendig, diep in nood,*
*gans en al van hulp ontbloot.*
*O bewaar my, U's almagtig;*
*maak my weer u guns deelagtig;*
*red u kneg, verlos my nou,*
*waar 'k alleen op U vertrou.*

*— Ps. 86:1.*

# 20 NOVEMBER

*Vind jou vreugde in die Here, en Hy sal jou gee wat jou hart begeer*
*— Ps. 37:4.*

Ons beveel ons in al ons weë aan U, ons Drie-enige God, Vader, Seun en Heilig Gees. Beskerm ons in ons ampsweg, seën ons in ons beroep, verkwik ons op ons kruisweg. En wanneer ons eindelik die dal van die skaduwee van die dood moet ingaan, laat die troos van u Heilige Gees ons 'n voorsmaak gee van die hemelse vreugde. Vader in die hemel, solank as wat ons kan spreek, sal ons tot U bid, en wanneer ons oë eenmaal breek en ons mond nie meer spreek nie, sal ons sug tot U, o Lewensbron. Kan ons dan ook nie meer sug nie, dan sal ons net een gedagte hê: o Here Jesus, neem ons gees op na U.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*Verlate 's ek van vader en van moeder;*
*tog weet ek dit: die HERE neem my aan.*
*U is, o HEER, my Vader en Behoeder,*
*wat my wil leer om op u weg te gaan.*
*Wil my dan langs die regte paaie voer,*
*omdat verspieders op my gange loer.*
*Verlos my van 'n wrede teenparty,*
*en wil my van die valse tong bevry.*

*— Ps. 27:5.*

# 21 NOVEMBER

*Toe het Hy my geroep en aan my dit gesê: Kyk, die wat uittrek na die land van die noorde, hulle bring my Gees tot rus in die land van die noorde*
*— Sag. 6:8.*

Gee, almagtige God dat aangesien ons hier blootgestel is aan so baie sondes wat plotseling verrys soos geweldige storms — o gee dat, met harte na die hemel opgehef, ons tog mag berus in u verborge voorsienigheid en hierheen en daarheen geslinger word deur die oordeel van ons vlees om tog bevestig te bly in hierdie waarheid wat U wil hê dat ons moet vashou — dat alle dinge deur U geregeer word en dat niks gebeur behalwe deur u wil nie, sodat in die grootste verwarringe ons altyd duidelik u hand mag sien, en dat u raad geheel en al reg is en volkome en besonderlik wys en regverdig. Mag ons altyd tot U roep en vlug na hierdie hawe — dat as ons hier- en daarheen geslinger word dat U nogtans ons altyd mag ondersteun deur u hand, totdat ons eindelik ontvang sal word in daardie geseënde rus wat vir ons verkry is deur die bloed van u eniggebore Seun.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Op U alleen, my rotsteen, bou ek.*
*Laat my dan nimmer meer*
*in smaad verval, o HEER!*
*Op u geregtigheid vertrou ek.*
*Verhoor my, red my lewe:*
*Dis aan U oorgegewe.*

*— Ps. 71:1.*

# 22 NOVEMBER

*Ek dank U, HERE, dat U toornig op my gewees het; u toorn is afgewend, en U het my vertroos*
*—Jes. 12:1.*

God en Vader van ons Here Jesus Christus, genadige en barmhartige Vader! Ons dank U dat U van dag tot dag vir ons in die bres tree as ons hart bang en benoud word. Ons dank U dat U ons gee om ons hart voor U uit te stort, om te ervaar watter heerlike aand U ons kan gee na 'n swoele en benoude dag, vol van moeite en sorge. U oordele gaan oor die hele wêreld, maar U laat nie diegene beskaamd staan wat in hulle nood u heilige en heerlike Naam aanroep nie. Daarom verheug en verbly ons ons ook oor die nood wat ons getref het, aangesien ons daardeur met ons smekinge en gebede gedryf word om tot U te nader. Oral is u arme en ellendige volk wat U aanroep. Wil u genade grootmaak in die vergewing van die sondes.

AMEN.

H. F. KOHLBRUGGE.

*Troos almal wat deur smart getref,*
*hul hart vol angs tot U verhef;*
*maak ons in teëspoede stil;*
*hoor ons, o God, om Jesus wil.*

*— Skrifberyming 49:7*.

# 23 NOVEMBER

*Die offer wat U wil hê, o God, is verootmoediging: U sal 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie, o God*
*— Ps. 51:19.*

O God, hemelse Vader, vernuwe in ons die gevoel van u genadige teenwoordigheid en laat dit 'n voortdurende aansporing wees binne ons tot vrede, vertroue en moed op ons pelgrimsreis. Leer ons om U vas te hou met 'n liefhebbende en aanbiddende hart, en laat ons aandoeninge só gerig wees op U dat die onverbroke gemeenskap van ons harte met U ons mag begelei by al wat ons doen in lewe en sterwe. Leer ons om te bid met ons hele hart, om te luister na u stem, en om sy waarskuwinge nie in die wind te slaan nie. Kyk, ons bring ons arme harte as 'n offer aan U; kom en vul u heiligdom en duld nie dat iets onreins daarbinne mag kom nie. O U wat God van die liefde is, stroom soos 'n rivier deur ons siele en lei ons op die regte weg, totdat ons deur 'n vredevolle dood die land van die belofte ingaan.

AMEN.

GERHARD TERSTEEGEN.

*Send, HEER, uit hemelse geweste*
*u lig en waarheid neer op my;*
*laat die my bring na Sions veste,*
*want daar is 't my die allerbeste,*
*waar ek, u woning ingelei,*
*my in u diens verbly.*

*— Ps. 43:3.*

# 24 NOVEMBER

*Maar aan almal wat Hom aangeneem het, die wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word*
*— Joh. 1:12.*

Barmhartige Here en Heiland, U het seënend hierdie aarde verlaat; brei u hande ook oor my uit en seën my met u hemelse en geestelike gawes. Hou my steeds staande en versterk my in die geloof dat U my liefgehad het tot die dood aan die kruis, en dat U op die troon van u heerlikheid my nog liefhet. Gee my die troos en sekerheid in my hart dat geen teenwoordige of toekomende dinge, of lewe of dood my kan skei van u liefde nie. Maak my sterk in die verwagting dat ek, wanneer my tyd gekom het, tot U sal gaan om ewig by U te wees, verkwik my siel met die verwagting onder die moeite en lyde van die aardse lewe, en laat dit my troos wees in die dood. Wys my dan die geopende hemel en trek my tot U in u heerlikheid.

AMEN.

JOHANN JAGER.

*Daar 's vreugde, want u mag bekroon hul*
*u seën is oor hul ryk en mild,*
*u sorg is om hul soos 'n skild,*
*u welbehae, HERE, beloon hul,*
*u guns verskoon hul.*

*— Ps. 5:11.*

# 25 NOVEMBER

*Al sit ek in die duisternis, die HERE is 'n lig vir my*
*— Miga 7:8(b).*

Barmhartige God, U besoek ook hulle wat U liefhet met kruis en droefheid. Ons dank U dat U ons nie versoek laat word bo ons vermoë nie, maar dat U ons leed sodanig gematig het dat ons dit kan dra. Toe alles nag was om ons heen, het ons geroep en U het geluister, en voor die lig skyn deur die duister, was U ons lof, net U alleen. Wat ons die meeste bekommer, is die sonde wat ons nog altyd aankleef. Ons vind in ons steeds die liefde van die wêreld wat ons verhinder om ons siel tot U op te hef, en ons het almal geword soos 'n besoedelde kleed, en ons ongeregtighede het ons weggevoer soos 'n wind, sodat selfs in ons
ons sondes aan U bekend maak, en ons ongeregtighede wil ons nie bedek nie. Ons wil ons sondes voor U bely — sien ons aan in Hom wat U liefhet, ons Here Jesus Christus.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*Gedenk die kwaad, deur ons gedaan, nie meer.*
*Ons euweldaad wil ons vergeef, o HEER!*
*En maak u volk wat nou, verswak, moet ly,*
*deur u gená weer van die skuldstraf vry.*

*— Ps. 79:5.*

# 26 NOVEMBER

*"Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God; glo ook in My"*
*— Joh. 14:1.*

Liewe Vader, ek wil my hart voor U uitstort en beken hoe swaar ek gesondig het. Ek weet nouliks van een sonde waardeur ek nie bevlek is nie. Maar, Here, U sê dat U geen lus het in die dood van die sondaar nie, maar dat hy berou het en hom bekeer en lewe. U sê dat geen offer U meer behaag as 'n gebroke hart nie. Neem dan so, o Here, my arm, bedroefde, gebroke hart; erbarm U oor my, arme sondaar, ter wille van u liewe Seun en werp al my sondes in die diepte van die see. Verleen my genade dat ek áltyd teen die sonde mag waak en leef na u heilige wil.

AMEN.

BERNARD VAN CLAIRVAUX.

*Geen vader wat, deur smartgevoel bewoë,*
*sy kind aanskou met teerder mededoë*
*as Isrel's HEER die wat Hom eer en vrees.*
*Hy weet wat van sy maaksel is te wagte,*
*hoe swak van moed, hoe klein ons is van kragte,*
*en dat ons stof van jongs af is gewees.*

*— Ps. 103:7.*

# 27 NOVEMBER

*Toe het ek 'n stem uit die hemel hoor sê: "Skryf op! Geseënd is die wat van nou af in die Here sterwe.'' "Ja,'' sê die Gees, "hulle sal rus van hulle arbeid, want alles wat hulle gedoen het, volg hulle"*
*— Openb. 14:13.*

O Jesus, vergun my die genade dat U met my is en met my sal bly tot die einde toe. Laat my steeds wens en wil wat U behaaglik en lieflik is. Mag u wil myne wees, en mag my wil met U wil ooreenstem. Vergun my om al die wêreldse af te sterwe, en om U ontwil verag en onbekend in die wêreld te wil lewe. Gee my, bokant al die dinge wat ek begeer, om in U te rus en my hart stil te laat wees. U is die ware vrede van die hart. U is die enigste rus van die hart. Sonder U is alles hard en onrustig. In die vrede wat U is, die hoogste en ewige goed, wil ek inslaap en rus vind.

AMEN.

THOMAS À KEMPIS.

*Maar leer: dat Ek sagmoedig is,*
*en dat Ek need'rig is van hart.*
*Dan sal jul rus vind vir jul siel*
*en vrede by die wreedste smart.*

*— Skrifberyming 18:7.*

# 28 NOVEMBER

*Oor hulle ongeregtighede sal Ek genadig wees en aan hulle sondes nooit meer dink nie — Hebr. 8:12.*

Here, almagtige God, laat u heilige Naam ter wille van ons sondes nie gelaster word nie; want ons het menigvuldig teen U gesondig deurdat ons u heilige Woord nie gehoorsaam soos dit ons betaam nie; en deur onwetendheid, ondankbaarheid en murmurering u toorn daagliks teen ons verwek. Daarom is dit dat U ons met reg tugtig. Maar, o Here, wees gedagtig aan u grote barmhartigheid en ontferm U oor ons. Gee ons kennis van en smartgevoel oor ons sondes en verbetering van ons lewe. O Here, onttrek u Gees en Woord nie aan ons nie, maar gee ons vermeerdering van die geloof, en in alle kruis en teëspoed lydsaamheid en standvastigheid deur Jesus Christus, ons Here.

AMEN.

GEBEDE: GEREFORMEERDE KERKE.

*Maar mens, die HEER ken u gedagte —*
*van nietigheid is niks te wagte!*
*Gelukkig dan die man, o HEER,*
*wat uit u wet sy wysheid leer,*
*en weet hoe Gods geregtigheid*
*gehandhaaf word in nood en stryd.*

*— Ps. 94:6.*

# 29 NOVEMBER

*Die Here is getrou; Hy sal julle versterk en julle van die Bose bewaar*
*— 2 Tess. 3:3.*

"Ek bid vir hulle. Ek bid nie vir die wêreld nie maar vir die wat U my gegee het, omdat hulle aan U behoort. Almal wat aan My behoort, behoort aan U; en wie aan U behoort, behoort aan My; en Ek word deur hulle verheerlik. Ek bly nie langer in die wêreld nie, maar hulle bly nog in die wêreld. Ek kom na U toe. Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam, die Naam wat U My gegee het, sodat hulle net soos Ons een kan wees. Toe Ek by U was, het Ek hulle in u Naam bewaar, die Naam wat U My gegee het. Ek het hulle beskerm, en nie een van hulle net verlore gegaan nie, behalwe die een wat verlore moet gaan sodat die Skrif vervul kan word. Maar nou kom Ek na U toe. En Ek sê dit terwyl Ek nog in die wêreld is, sodat hulle my blydskap in al sy volheid in hulle kan hê. Ek het u woord aan hulle gegee, en die wêreld haat hulle, omdat hulle nie tot die wêreld behoort nie, net soos Ek ook nie tot die wêreld behoort nie. Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose moet bewaar. Hulle behoort nie tot die wêreld nie, net soos Ek ook nie tot die wêreld behoort nie. Laat hulle aan U toegewy wees deur u waarheid. U woord is die waarheid. Soos U My na die wêreld toe gestuur het, het Ek hulle ook na die wêreld toe gestuur; en ter wille van hulle wy ek My aan hulle toe, sodat hulle ook deur die waarheid aan U toegewy kan wees."

AMEN.

GEBED VAN JESUS.
Joh. 17:9—18.

*O bewaar my, U 's almagtig;*
*maak my weer u guns deelagtig;*
*red u kneg, verlos my nou,*
*waar 'k alleen op U vertrou.*

*— Ps. 86:1b.*

# 30 NOVEMBER

*Gelukkig is die mens wat in versoeking standvastig bly. As hy die toets deurslaan het, sal hy as oorwinningsprys die lewe ontvang wat die Here belowe het aan die wat Hom liefhet*
*— Jak. 1:12.*

Ons Vader wat in die hemele is, ons weet dat ons in hierdie wêreld blootgestel is aan baie gevare en liste, sodat ons nie 'n skrede kan gaan sonder om weer in nuwe versoekings te val nie, al is dit maar van ons eie hart en vlees. Daarom bid ons U om ons die volle wapenrusting van God te laat aantrek, sodat ons staande kan bly teen die liste van die duiwel en dapper stry teen alles wat ons wil laat sonde doen en ons van u liefde skei. Ons kan nie voortgaan nie, ons Vader, tensy U ons deur u Gees lei. Seën ons arbeid en skenk ons die genade om dit te doen tot eer van u Naam en tot heil van ons naaste. U het ons geroep tot ons lewenstaak en ons die talente gegee. Laat ons ons roeping so nakom dat ons eenmaal mag hoor: Getroue dienskneg, getroue diensmaagd, gaan in in die vreugde van jou Here!

AMEN.

COENRAAD MEL.

*Die HEER 's die hart naby*
*wat gans verbroke-is en verskeur.*
*Die gees wat diep verslae treur,*
*verlos, bemoedig Hy.*
*Hoe kom hul altyd weer,*
*die teëspoede van wie hier*
*regverdig leef; maar Gods bestier*
*red hulle keer op keer.*

*— Ps. 34:8.*

# 1 DESEMBER

*Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie*
*—Joh. 10:28.*

Here Jesus Christus, U is my sterkte, my toevlug en my Heiland. Strek u hand na my uit en help u arme kind. Here, vertoef nie. Open vir my die deur van u genade. Liewe Here, ek laat U nie los nie, ek hou U vas, totdat U my uit hierdie donker wêreld opneem in u vreugde. Here Jesus Christus, my Heiland en my Trooster, kom en neem my aan in u genade soos u die moordenaar aan die kruis aangeneem het. Verlig my oë, sodat ek nie inslaap in die slaap van die dood nie. U het gesê dat niemand my uit u hande sal kan ruk nie. Daarop verlaat ek my en beveel my in u hande, o troue Meester van my siel.

AMEN.

HIËRONYMUS.

*Laat wie U soek, o God, my hulp in nood,*
*met almal wat u heil ervaar*
*in sielsangs en doodsgevaar,*
*nou sing en sê: "Die HEER alleen is groot!"*
*Al is ek arm, ellendig,*
*Hy dink aan my bestendig.*
*Hy is die HEER by wie*
*daar redding is vir my.*
*U's tot my hulp naby.*
*My God, vertoef tog nie!*

*— Ps. 40:8.*

# 2 DESEMBER

*Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg*
*— Ps. 37:5.*

Almagtige God, ons het U getrou bevind vanaf ons jeug. Hoewel ons dikwels deur ons verduisterde verstand nie kon begryp wat u raadsplan met ons is nie, het U ons altyd so wonderbaar deur al die moeilikhede heen gelei, dat ons steeds baie stof tot dankbaarheid het. Ons wil ons weg aan U, getroue Verbondsgod, oorlaat en op U vertrou, want U sal dit uitvoer. Ons is vreemdelinge op aarde, maar U is ons Leidsman. Help ons om in voorspoed nie hoogmoedig te wees nie, en ook nie in teëspoed te murmureer en onvergenoeg te wees nie. Maar skenk U ons die genade om met geduld die kruis te dra wat U ons opgelê het, en al ons bekommernisse op U, ons God, te werp, deur Jesus Christus, ons Here.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*Vertrou op God: die hart en hand*
*in troue diens aan Hom verpand.*
*Verlustig jou in Hom altyd*
*wat mild'lik gee en nooit verwyt.*

*— Ps. 37:2.*

# 3 DESEMBER

*Ook sal Ek wat jou betref, o Sion, kragtens die bloed van jou verbond jou gevangenes loslaat uit die put sonder water*
*— Sag. 9:11.*

Gee, almagtige God, dat ons geduldig alle sondes en alle moeilikhede mag dra, en soos Christus eens vir altyd die bloed uitgestort het van die nuwe en ewige verbond, en ons ook 'n teken daarvan gegee het in die Heilige Nagmaal. Mag ons, terwyl ons vertrou in so 'n heilige seël, nooit twyfel nie dat Hy altyd genadig teenoor ons sal wees, en aan ons die vrug openbaar van hierdie versoening, wanneer, nadat Hy ons vir 'n tyd gedra het onder die las van daardie ellendes waardeur ons nou onderdruk is, U ons vergader in daardie geseënde en volmaakte roem wat vir ons verkry is deur die bloed van Christus, ons Here, en wat daagliks aan ons voorgestel is in sy Evangelie en weggelê is vir ons in die hemel, totdat ons dit eindelik sal geniet deur Christus, ons ewige Here.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Tot roem en prys van Gods genade,*
*die grond van ons behoudenis,*
*sing ons nou van sy reddingsdade*
*in Hom wat die Geliefde is.*
*Uit Hom in wie ons nou weer vry is*
*van skuld, deur sy verlossingsbloed, —*
*in Hom, in wie die heil berei is,*
*kom seënstroom ons tegemoet.*

*— Skrifberyming 24:3.*

# 4 DESEMBER

*My gebed is tot U gerig, Here, antwoord my tog gou, Here, antwoord my in u groot liefde, o God; u hulp staan vas*
*— Ps. 69:14.*

O Heilige Gees, U is die enigste troos van die bedroefdes. Versterk en vertroos my kleinmoedige en bedroefde hart. Bewaar die geloof wat U in my werk en laat die dowwe lamppit nie uitgedoof word nie. Bewaar my vir die aanvegtinge van die bose vyand. Laat my hart nie verskrik word vir die dood, en nie twyfel nie. Bewaar my vir alle ongeduld en maak my gewillig om God, my Here, te gehoorsaam. Help my om salig en met vrede my lewe af te sluit. Bewaar my hart en sinne in die vrede van Jesus Christus, my Here. En as ek nie meer kan spreek nie, bewaar en verseël dan in my hart die gedagtenis aan die heilige Naam van Jesus Christus en laat my in sy Naam salig ontslaap.

AMEN.

JOHANN ARNDT.

*O neig u oor en red 'n lyder,*
*wees my by stormgerug*
*'n rots om in te vlug.*
*Wees my 'n vesting, o Bevryder,*
*wat op 'n berg verhewe,*
*my veiligheid kan gewe.*

*— Ps. 31:2.*

# 5 DESEMBER

*Deur die oortreding van die een mens het die dood begin heerskappy voer deur hierdie een mens, maar deur die Een, Jesus Christus, is veel meer bereik: die wat die oorvloed van genade en die gawe van geregtigheid ontvang het, sal lewe en heerskappy voer*
*— Rom. 5:17.*

Barmhartige en liefhebbende Here, U ken my swakhede en die nood wat ek verduur; in hoe groot moeite en sondes ek gewikkel is. Hoe dikwels is ek nie terneergedruk, versoek en beproef nie! Ek vra van U troos en ondersteuning. Ek spreek tot U wat alle dinge weet, voor wie al my innerlike gedagtes ooplê en wat my alleen volkome kan troos en help. U weet waaraan ek die meeste behoefte het. Kyk, ek staan voor U, arm en naak, en roep om genade en smeek om barmhartigheid. Verkwik u hongerige smekeling, oorwin my koudheid deur die vuur van u liefde, verlig my blindheid met die lig van u teenwoordigheid. Duld nie dat ek hongerig en dorstig van U weggaan nie, maar wees my barmhartig soos U dikwels wonderlik gehandel het met u heiliges.

AMEN.

THOMAS À KEMPIS.

*Ons het, o HEER, U wet weerstrewe,*
*genade is-al waar ons op pleit:*
*gee ons in Christus nuwe lewe,*
*om dit te doen uit dankbaarheid.*

*— Skrifberyming 26:11.*

# 6 DESEMBER

*As die nood my oorval, hou U my in die lewe teen die woede van my vyande in: U strek u hand uit, u regterhand red my*
*— Ps. 138:7.*

By U, o Here, is raad en daad. U is die almagtige God wat u kinders uit alle versoekings kan red. Daar is geen nood so groot nie, geen ellende so swaar nie, geen las so drukkend nie, of U kan ons daarvan verlos en oneindig meer doen as wat ons kan bid of dink.
Ons Vader wat in die hemele is, U wat nie alleen medelyde met ons het nie, maar ook 'n helper is in nood vir almal wat op U vertrou — aan U wil ons ons wonde ontdek, omdat U ons Medisynmeester is. Op U wil ons al ons sorge en bekommernisse werp, want ons weet dat U dit vir ons ligter kan maak om Jesus Christus ontwil.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*As in my angs en teëspoed*
*die krag en moed my wil begewe,*
*As vyande van veglus brand,*
*dan kéér u hand*
*en red my lewe.*
*Die HEER is goed en wondersterk:*
*Hy sal sy werk*
*deur niks laat keer nie.*
*Laat my, o HEER wat my bewaar,*
*tog nóu nie vaar,*
*en nimmermeer nie.*

*— Ps. 138:4.*

# 7 DESEMBER

*Want hoe groot is hulle voortreflikheid, en hoe groot hulle skoonheid! Die koring laat jongmanne en die mos jong dogters groei*
*— Sag. 9:17.*

Gee, almagtige God, dat aangesien ons slegs deur Christus alleen kan uitsien na tydelike of ewige geluk, en aangesien U Hom aan ons voorstel as die enigste bron van alle seëninge — o gee dat ons tevrede met die guns aan ons deur Hom gebied, mag leer om die hele wêreld prys te gee en so te stry teen alle ongeloof, dat ons nie mag twyfel dat U altyd ons vriendelike en genadige Vader wil wees en ten volle alles voorsien wat nodig is vir ons onderhoud. Mag ons terselfdertyd sober en matig lewe, sodat ons nie onder die mag van aardse dinge mag wees nie, maar met ons harte opgehef mag strewe na daardie hemelse saligheid waartoe U ons uitnooi en waartoe U ons ook lei met sulke hulp wat aards is, sodat ons, werklik verenig met ons Hoof, uiteindelik daardie roem mag bereik wat vir ons verkry is deur sy eie bloed.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Ons sien die kleinvee langs die hange,*
*wat juigend veld-toe gaan;*
*ons hoor omlaag die windgesange*
*van hooggehalmde graan;*
*omlaag die dale, -omhoog die rante,*
*ja, alles jubel weer;*
*dit sing en roem van alle kante*
*die goedheid van die HEER.*

*— Ps. 65:9.*

# 8 DESEMBER

*Want berge mag wyk en heuwels wankel, maar my goedertierenheid sal van jou nie wyk en my vredeverbond nie wankel nie, sê die HERE, jou Ontfermer*
*—Jes. 54:10.*

Sonder u hulp, o ewige God, Vader van ons Here Jesus Christus, skepper van alle dinge, ja, ook van u kerk, kan die lig van u goddelike Woord nie ontvang word nie. Daarom bid ek U om u Seun, ons Here Jesus Christus ontwil, dat U in hierdie land en ook op ander plekke altyd u kerk wil vergader wat U saam met u Seun in ewige blydskap loof, en dat U die lig van die evangelie wil beskerm, regverdige en weldadige vrede aan die volk wil skenk, leiding wil gee aan sedes en moraal en die harte van regeerders en onderdane deur u Heilige Gees tot ware aanbidding en godsaligheid wil vorm.

AMEN.

PHILIP MELANCHTON.

*Verhef U in u sterkte, HEER!*
*en laat u groot vermoë*
*gesien word voor die oë*
*van almal wat U roem en eer!*
*Ons buig ons voor u mag*
*en prys u heldekrag.*

*— Ps. 21:9.*

# 9 DESEMBER

*En Ek sal die huis van Juda sterk maak en aan die huis van Josef hulp verleen en hulle 'n woonplek aanwys, want Ek ontferm My oor hulle; en hulle sal wees asof Ek hulle nie verwerp het nie, want Ek is die HERE hulle God, en Ek sal hulle verhoor*
*— Sag. 10:6.*

Gee, almagtige God, dat aangesien ons gedwonge is om aanhoudend te sug onder die las van ons sondes, en aangesien die gevangeneskap waarin ons gehou is tot nou toe ons regverdiglik blootstel aan aanhoudende bewing en smart — o gee dat die verlossing wat reeds begin is ons mag besiel met goeie hoop, sodat ons meer van U mag verwag as wat ons met die oë kan sien. Mag ons aanhoudend tot U roep, totdat U voltooi wat U begin het, en op die vlug dryf sowel Satan as ons sondes, sodat, terwyl ons in ware en volle vryheid aan U toegewy is, ons mag deel hê aan daardie mag wat reeds verskyn het in ons Hoof, totdat, nadat ons ten slotte deur al ons stryd gegaan het, ons daardie geseënde rus mag bereik waar ons die vrug sal geniet van ons oorwinning in Christus, ons Here, alleen.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Die lewenslig het U my laat aanskou;*
*aan moedersbors het U my laat vertrou,*
*verwagtingsvol die oog op U laat hou.*
*My ganse lewe*
*was aan u sorg blymoedig oorgegewe.*

*— Ps. 22:4a.*

# 10 DESEMBER

*Ek soek U, o God, my God, ek dors na U; ek smag na U soos in 'n dor en droë land, 'n land sonder water*
*— Ps. 63:2.*

O Vader, my gees verlang na die heerlikheid van u Vaderhuis. U onwaardige kind verlang om tot U te mag gaan en om u klaarheid te sien. Wanneer sal ek ingaan en voor u aangesig verskyn? U alleen, o Here, kan vir my die poorte oopmaak wat lei tot u lig, en U alleen kan maak dat my verwagting nie beskaam word nie. O versmaad my nie, ontferm U oor my die werk van u hande; help my, goeie Vader, deur u magtige arm en laat my nie ter wille van my sondes verlore gaan nie. Na U dors my siel, lewende God. Wanneer sal ek uit hierdie dorre wêreld kom tot u ewige vreugde? Wanneer sal U my dors les en my verkwik voor u aangesig, o fontein van die lewe?

AMEN.

AUGUSTINUS.

*Soos 'n hert in dorre streke*
*skreeuend dors na die genot*
*van die helder waterbeke,*
*skreeu my siel na U, o God!*
*Ja, my siel dors na die HEER,*
*na die Lewensbron; wanneer*
*sal 'k ná swerftog en benouing,*
*God weer sien in klare-aanskouing?*

*— Ps. 42:1.*

# 11 DESEMBER

*Geseënd is die man wat op die HERE vertrou, en wie se vertroue die HERE is*
*— Jeremia 17:7.*

O Jesus, U het U aan die kruis laat verhoog om almal tot U te trek; trek my ook tot U, sodat ek, vrygemaak van alle luste en begeertes in my gees steeds mag lewe met die hemelse dinge. Wees U my lewe, my hoop en my heil. U is die saligheid van die hemel en 'n toevlug vir sondaars en vir alle bedroefde en beswaarde harte. Leer my om in teëspoed en in alle versoekinge altyd my toevlug tot U alleen te neem. Help my met u wonderbare liefde en verlig my hart met die lig van u hemelse genade. Laat al my dade ooreenstem met u heilige wil. Help my om altyd u beeld in my binneste te bewaar.

AMEN.

JOHANN TAULER.

*U was, o HEER, vanaf die vroegste jare*
*vir ons 'n vlug- en skuilplek in gevare.*
*Voordat die rotsgebergtes was gebore,*
*die aarde-uit niks geroep was, lank tevore —*
*is U, o HEER, dieselfde God van mag,*
*onwankelbaar in wese en in krag.*

*— Ps. 90:1.*

## 12 DESEMBER

*En ek het die slagskape — waarlik ellendige skape! — opgepas; en ek het vir my twee stawe geneem. Die een het ek genoem: Lieflikheid, en die ander het ek genoem: Samebinding; en ek het die skape opgepas*
*— Sag. 11:7.*

Gee, almagtige God, dat aangesien U tot nog toe U so vriendelik aan ons betoon het as ons Herder, en selfs ons Vader, en sorgvuldig voorsien het in ons veiligheid — o gee dat ons nie deur ons ondankbaarheid ons van u gunste laat beroof, sodat ons u uiterste wraak opwek nie, maar, daarenteen, toelaat dat ons sag deur U geregeer word en aan U die verskuldigde gehoorsaamheid mag betoon. Aangesien u eniggebore Seun ook deur U oor ons aangestel is as ons enige ware Herder, mag ons sy stem hoor en Hom gewillig gehoorsaam, sodat ons in triomf mag uitroep saam met die profeet, dat u staf vir ons voldoende is om ons te bekwaam om sonder vrees te loop deur die vallei van die doodskaduwee, totdat ons eindelik daardie geseënde en ewige rus bereik wat vir ons verkry is deur die bloed van u enige Seun.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Net soos 'n herder uittrek met sy skape*
*en hul laat neerlê in die veld van milde groen,*
*met sagte hand hul lei langs stille waters —*
*so is die HEER, SO het Hy ook aan my gedoen:*
*Hy laaf my siel en lei my swakke skrede*
*in vaste spoor van sy geregtighede.*

*— Ps. 23:1.*

# 13 DESEMBER

*Ons verkondig nie onsself nie maar Jesus Christus as die Here, en onsself as julle dienaars ter wille van Jesus*
*— 2 Kor. 4:5.*

Here, ons God, dit behaag U dat ons vir alle mense moet bid. Daarom bid ons U om U seën oor die leer van U heilige evangelie te gee, sodat dit orals verkondig en aangeneem word en die ganse wêreld vervul word met u saligmakende kennis; die onwetendes bekeer en die swakkes gesterk word en elkeen u heilige Naam nie alleen met woorde nie, maar ook met die daad groot maak en heilig. Wil daartoe getroue dienaars in u oes uitstuur en hulle so met gawes toerus dat hulle hul amp getrou bedien. Wil daarenteë uitroei alle valse leraars, roofsugtige wolwe en huurlinge wat hulle eie eer en voordeel soek, en nie die eer van u heilige Naam alleen of ook die welvaart en saligheid van die mense nie.

AMEN.

GEBEDE: GEREFORMEERDE KERKE.

*Gee ons 'n seën by u Woord;*
*plant self die Kerk van Christus voort;*
*sterk leraars, sterk alle-aardse mag*
*wat u beklee met u gesag.*

*— Skrifberyming 49:6.*

# 14 DESEMBER

*God is vir ons 'n toevlug en beskerming; Hy was nog altyd bereid om te help in nood — Ps. 46:2.*

Ons dank U ons Vader wat in die hemel is, dat U ons gedra en gespaar het tot die ouderdom toe, wanneer die wagters van die huis sal bewe en sterk manne krom word, en die wat deur die venster kyk, verduister word en die wolke terugkom na die reën. En wanneer die aand van ons lewe eindelik kom en die nag van die dood op hande is, bly dan met ons, o Here Jesus, in die laaste lange stonde waarin ons u troos die meeste nodig het. Versterk ons hande in die laaste doodstryd. Laat ons sterfbed 'n berg van ons verheerliking wees, vanwaar die gesig en die voorsmaak van die hemelse saligheid vir ons die bitterheid van die dood versoet. Wanneer ons ore nie meer hoor nie, ons mond nie meer spreek nie, laat dan, o God, ons laaste sug wees; Here, in u hande beveel ek my gees.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*Soos een wat op die mure*
*as wagter uitgestel,*
*gedurigdeur die ure*
*met sy gedagte tel —*
*so wag my siel, en sterker —*
*gedurig op die HEER,*
*tot Hy, die Ligbewerker,*
*die nag in daagraad keer.*

*— Ps. 130:3.*

# 15 DESEMBER

*Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee*
*—Matt. 6:33.*

O God, van wie ons die lewe en al die aardse seëninge ontvang, wil ons in u genade van dag tot dag skenk wat ons nodig het. Gee aan elkeen van ons krag en lus om getrou die werk te doen wat U ons aangewys het. Seën, o Here, die werk van ons hande en van ons gees. Vergun ons dat ons U altyd mag dien in siekte en gesondheid, in gebrek en oorvloed. Heilig ons vreugdes en ons beproewings en gee ons die genade om eers u koninkryk en sy geregtigheid te soek in die vaste en sekere vertroue dat al die ander dinge vir ons bygevoeg sal word.

AMEN.

EUGENE BERSIER.

*Soek eers die koninkryk der heemle*
*en Gods geregtigheid; dan laat*
*Hy seën druppel uit die hemel —*
*vir elke dag die dag se maat.*
*Want elke dag dra self die sorge*
*vir elke dag se nuwe kwaad.*

*— Skrifberyming 17:6.*

# 16 DESEMBER

*En hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind*
*— Sag. 12:10b.*

Gee, almagtige God, dat aangesien dit U behaag het om ons as u volk aan te neem; en in plaas van u vyande te wees, onheilig en verworpe, om ons die kinders van Abraham te maak, sodat ons vir U 'n heilige erfenis mag wees — o gee dat ons deur die hele duur van ons lewe, so berou mag hê om u genade te bereik, wat daagliks in die Evangelie aan ons voorgestel word, en waarvan U ons 'n sekere pand gegee het in die dood van u eniggebore Seun. Gee dat ons steeds nederiger voor U mag word en mag arbei om ons lewe te vorm volgens die reël van u geregtigheid, en onsself so mag mishaag, dat ons terselfdertyd aangelok word deur die soetheid van u goedheid om tot U te roep. Gee ook dat as ons so met U verenig is, ons meer en meer versterk mag word in die geloof, totdat ons eindelik daardie geseënde rus sal bereik wat vir ons verkry is deur die bloed van Christus, u enige Seun.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Hy het gedra die sondelas*
*wat op sy hart gebonde was,*
*en het — 'n lydenswonder dit! —*
*vir hul behoudenis gebid.*

*— Skrifberyming 7:10.*

# 17 DESEMBER

*Al sou my vader en moeder my verlaat, die Here sal my onder sy sorg neem*
*— Ps. 27:10.*

Ons Vader wat in die hemel is, wie het ons buiten U in die hemel? Buiten U begeer ons ook niks op die aarde nie. U is die rots van ons hart en ons deel tot in ewigheid. Laat ons tog ryk wees in die geloof en goeie werke, al is ons arm in tydelike middele. Laat ons so vroom en godsalig in die wêreld lewe, dat ons 'n genadige God oor ons en 'n suiwer gewete in ons behou. Laat u Gees met ons gees getuig dat ons kinders van God is, erfgename van God en mede-erfgename van Christus.
Wanneer ons dan ons tyd in hierdie wêreld uitgeleef en ons lewensloop voleindig het, neem ons dan tot U, o Here Jesus, in u koninkryk en gee ons die heerlike kinderdeel wat U vir ons in die hemel weggelê het.

AMEN.

COENRAAD MEL.

*U is dit, HEER, wat tot my hulp gereed is,*
*'n skut en skerm in alle angs en leed is,*
*in nood my red, met jubels my omring,*
*en in my gees weer vreugde laat ontspring.*
*Maar nee, o God, u goedheid reik nog verder!*
*U sê: Ek wil jou oppas soos 'n herder,*
*en wil jou voet op veil'ge pad laat gaan,*
*waarop my oog jou altyd gadeslaan.*

*— Ps. 32:4.*

# 18 DESEMBER

*So sê die HERE, jou Verlosser, die Heilige van Israel: Ek is die HERE jou God, wat jou leer wat heilsaam is, wat jou lei op die weg wat jy moet gaan*
*— Jesaja 48:17.*

Here, U besit alles in die hemel en op die aarde. Tot U wil ek nader en my as 'n vrywillige offer aan U gee om in ewigheid by U te mag wees. Ek nader en offer aan U die goeie wat ek het — al is dit weinig en onvolmaak. Reinig dit en heilig dit, sodat dit vir U lieflik en welbehaaglik en al meer vervolmaak mag word. Lei my, trae en onnuttige mensekind, tot 'n gelukkige en salige einde. Here, in die eenvoud van my hart gee ek vandag my aan U om u dienaar vir ewig te wees, om U te mag navolg en U ewig te loof en te prys.

AMEN.

THOMAS À KEMPIS.

*Geloofd sy God vir sy genade,*
*so wonderbaar en groot*
*aan my, sy gunsgenoot.*
*Sy oog slaan my in liefde gade;*
*Hy lei my na 'n veste*
*in veiliger geweste.*

*— Ps. 31:17.*

# 19 DESEMBER

*En in die dag, spreek die HERE van die leërskare, sal Ek die name van die afgode uit die land uitroei, sodat aan hulle nie meer gedink sal word nie; en ook die profete en die onreine gees sal Ek uit die land laat wegtrek.*
*— Sag. 13:2.*

Gee, almagtige God, dat aangesien dit U behaag het om ons vandag deur die lig van u Evangelie te trek uit daardie afskuwelike duisternis waarin ons ellendig ondergedompel was, en om U aangesig so duidelik aan ons te vertoon in die persoon van u eniggebore Seun, dat niks behalwe ons ondankbaarheid ons verhinder om hervorm te word tot u hemelse heerlikheid nie — o gee dat ons sulke vordering mag maak in die lig van die waarheid, dat elkeen van ons beskaamd sal wees oor sy vorige onkunde, en dat ons vryelik en opreg sal bely dat ons verlore skape was totdat ons deur u hand teruggebring is op die weg van saligheid. Mag ons so voortgaan in die weg van ons heilige roeping totdat ons eindelik vergader sal wees in die hemel, waar nie alleen daardie waarheid ons lig sal gee wat ons nou regeer volgens die vermoë van ons vlees nie, maar waar ook die glans van u heerlikheid in ons sal skyn en ons eenvormig met u beeld sal maak, deur Christus ons Here.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*HEER, ek is 'n skaap verlore,*
*in die wildernis verdwaal.*
*U, my HEER en Herder, bid ek*
*dat U my tog wil kom haal.*

*— Ps. 119: 63a.*

# 20 DESEMBER

*Geloof sy die Here! Dag na dag dra Hy ons! God is ons hulp!*
*— Ps. 68:20.*

Ewige, barmhartige God en Vader, laat die onskuldige bloed van Christus die vlek en die onreinheid van ons lewe uitwis. Laat sy geregtigheid intree vir ons ongeregtigheid in u laaste oordeel. Wapen ons met geloof en hoop, sodat ons nie tot skande word deur enige skrik vir die dood nie. Wanneer ons liggaamlike oë duister word, laat dan die oë van die gees op U sien. Wanneer U ons die gebruik van die tong ontneem het, laat die hart dan nie ophou om U aan te roep nie. O Here, ons beveel ons siele in u hande. Doen dit om Jesus Christus wil alleen.

AMEN.

GEBEDE: GEREFORMEERDE KERKE.

*Ek skuil by God in al my onweersdae.*
*Hoe sê jul dan in kleingeloof vir my:*
*"Vlug soos 'n duif met snelle vleuelslae*
*na die gebergt', van vrees en vyand vry!"*

*— Ps. 11:1*

# 21 DESEMBER

*Ek het julle liefgehad, sê die HERE. Nogtans vra julle: Waarin het U ons liefgehad? Is Esau nie die broer van Jakob nie? spreek die HERE. Tog het Ek Jakob liefgehad*
*— Maleagi 1:2.*

Gee, almagtige God, dat aangesien dit U behaag het om ons eens en vir altyd as u volk aan te neem met die doel dat ons as 't ware ingeënt mag word in die liggaam van u Seun, en so gelykvormig gemaak mag word aan ons Hoof— o gee dat deur ons hele lewe ons mag streef om in ons harte die geloof in ons verkiesing te verseël dat ons des te meer opgewek mag word om aan U ware gehoorsaamheid te betoon, en dat u heerlikheid ook deur ons bekend gemaak mag word. Mag ons arbei om ook die ander wat U saam met ons uitverkies het, saam met ons te bring, sodat ons met gesamentlike stem U mag verheerlik as die Bewerker van ons saligheid, en so aan U toeskryf die heerlikheid van u goedheid. Ook dat, met wegwerping en prysgawe van alle vertroue in ons eie deug, ons gelei mag word tot Christus alleen, as die bron van u verkiesing, in wie ook aan ons voorgestel is die sekerheid van ons redding deur u Evangelie, totdat ons eindelik tot Hom vergader sal wees in daardie ewige heerlikheid wat vir ons verkry is deur sy eie bloed.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Ons sal, in lewe en in sterwe,*
*Gods eiendom vir altyd wees;*
*ons sal wat Hy beloof het, erwe,*
*verseël deur die Heil'ge Gees.*

*— Skrifberyming 24:7a.*

# 22 DESEMBER

*Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergekom het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy vir ewig lewe. En die brood is my liggaam wat Ek sal gee sodat die wêreld kan lewe— Joh. 6:51.*

Almagtige, goedertieren hemelse Vader, ons loof en dank U dat U aan ons u kostelike skat, die ware hemelse brood en die spyse van die ewige lewe, ons Here Jesus Christus, deur u heilige evangelie en sakrament aangebied en gegee het. Ons bid U dat ons Hom gelowig mag aanneem en deelagtig word, sodat ons, van alle sonde deur Hom verlos, in alle goeie werke tot u eer daagliks mag toeneem — deur Hom, ons Here Jesus Christus wat met U en die Heilige Gees, een enige God, leef en regeer in ewigheid.

AMEN.

LITURGIE VAN STRAATSBURG (16e eeu).

*Ek sal u Naam met dankerkent'nis prys,*
*Te midde van die feestelike skare.*
*Jerusalem, ek hoor om jou altare*
*die lofgeluid wat tot Gods eer verrys.*

*— Ps. 116:10.*

# 23 DESEMBER

*Kyk, Ek stuur julle die profeet Elia voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek*
*— Maleági 4:5.*

Gee, almagtig God, dat aangesien niks deur U nagelaat is om ons voort te help op die weg van ons geloof nie, en aangesien ons traagheid sodanig is dat ons nouliks een stap vooruitgaan, hoewel deur U aangespoor — o gee dat ons mag strewe om meer te baat deur die verskillende hulpmiddels wat U vir ons voorsien het, sodat die wet, die profete, die stem van Johannes die Doper, en veral die leer van u eniggebore Seun, ons meer volledig mag opwek. Gee dat ons ons nie slegs tot Hom mag haas nie, maar ook standvastig in hierdie weg voortgaan en daarin volhard, totdat ons eindelik beide die oorwinning en die kroon van ons roeping sal verkry aangesien U 'n ewige erfenis beloof het wat in die hemel bewaar is vir almal wat nie verflou nie, maar wag op die koms van daardie groot Verlosser.

AMEN.

JOHANNES CALVYN.

*Die hart van hul wat U bely*
*sal in u Naam standvastig bly.*
*Die wat U soek in stil vertroue,*
*is by U veilig en behoue.*

*— Ps. 9:7.*

# 24 DESEMBER

*"Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!"*
*— Luk. 2:14.*

Barmhartige God en Vader, hoe kan ons U genoeg dank vir ons Koning, wie se koninkryk sonder einde is; vir die barmhartige Hoëpriester wat ewig vir ons bid; vir die Middelaar wat ons met U versoen. O aanbiddelike God wat ons besoek met die opgaande Lig uit die hoogte, die Son wat elke duisternis verdryf, die mag van die hel versteur en vir ons die regte pad na die hemel wys. Here, versterk ons geloof en bevestig ons liefde, sodat ons nie alleen vandag nie, maar al die dae in gees en in waarheid kan instem met die hemelse lofsang: Eer aan God in die hoogste hemel en vrede op aarde vir die mense in wie U 'n welbehae het. Help ons, sodat ons U steeds eer, u vrede in ons harte laat heers en uit u genade lewe.

AMEN.

J. H. GUNNING.

*Die Woord het vlees geword*
*en onder ons gewoon.*
*Ons het sy heerlikheid aanskou,*
*dié van Gods een'ge Soon;*
*die heerlikheid van Hom*
*wat van die Vader kom,*
*wat vol genade-en derenis*
*en vol van waarheid is.*

*— Skrifberyming 5:1-2.*

# 25 DESEMBER

*Toe sê die engel vir hulle: "Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring Uirjulle die goete tyding van groot blydskap wat vir die hele volk bestem is. Vandag is in die stad van Dawid vir julle gebore die Verlosser Christus die Here!"*
*— Luk. 2:10-11.*

Geloofd sy U, Here Jesus, vir u groot liefde dat U ons broeder geword het om ons tot kinders van God te maak en ons te verlos van die ewige verderf. U is gebore in 'n arme stal in Betlehem, sodat ons burgers van die hemelse Jerusalem sou word. U het ons swakheid op U geneem, sodat u Vader geduld met ons menslike swakheid sou hê. Ons verbly ons daaroor en ons prys U. Ons bid: Bly altyd by ons, ons Verlosser, in wie alle volke van die aarde geseën sal word. Werk in ons die ware geloof, sodat ons uit u onuitspreeklike weldade lewe, en van harte instem met die lofsang van die hemelse kore: "Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het".

AMEN.

CHR. SCRIVER.

*"Eer aan God, die hoogste HEER!"*
*ruis dit uit 'n stemmesee.*
*"Vrede-op aarde, Vrede weer!"*
*En die donker nag ruis mee.*
*"Welbehae eind'loos groot*
*in die mens, Gods gunsgenoot!"*

*— Skrifberyming 4:5.*

# 26 DESEMBER

*Die woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy, as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid*
*— Joh. 1:14.*

Here God, U is waardig om al die lof en eer te ontvang. U het die grondslag van die aarde gelê en die hemel is die werk van u hande. U het die lig te voorskyn geroep uit die duisternis. Gee my nou om al die werke van die duisternis te haat en te ontvlug, en as u kind te wandel in die lig. U het ons 'n baie skoner lig gegee as die natuurlike. U liewe Seun, Jesus Christus, is die ware lig wat die siel verlig. Verlig dan, Here Jesus, ook my gees deur die regte geloof, en laat die helder lig van u genade indring in my hart, sodat ek in U vrede mag hê en lewe en saligheid.

AMEN.

JOHANN JÄGER.

*Ek wil terwyl ek lig geniet*
*Gods grootheid sing in psalm en lied.*
*En die oorpeinsing van my gees —*
*mag dit Hom welgevallig wees!*

*— Ps.104:20.*

## 27 DESEMBER

*Die offer wat U wil hê, o God, is verootmoediging: U sal 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie, o God*
*— Ps. 51:19.*

Here my sterkte, my krag, my God, my toevlug en my verlosser, maak my bekend wat ek oor U moet dink; leer my met watter woorde ek U moet aanroep; laat my die werk doen waardeur ek U kan behaag. Want één ding weet ek wat U welgevallig is, een ding wat U nie versmaad nie, naamlik 'n diep bedroefde gees wat waarlik vir U 'n offer is, en U neem 'n bedroefde en ootmoedige hart aan. Here, krag van my saligheid, laat my nie behoort by hulle wat slegs vir 'n tyd glo nie, maar wat afvallig word wanneer die versoeking kom. Wees my beskermer in die stryd, U wat my hoop is in kwade tye en my helper in die uur van droefheid.

AMEN.

AUGUSTINUS.

*Welsalig is die mensekind*
*wat al sy sterkte in U mag vind*
*en op mag gaan na Sions hoogte.*
*Wanneer hul haas van dors verkwyn,*
*dan is die HEER self hul fontein*
*waar dorsland smag van somerdroogte.*
*Ook sal 'n reën hul daar oordek*
*wat hul tot nuwe lewe wek.*

*— Ps. 84:3.*

# 28 DESEMBER

*Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe*
*— Efes. 4:3.*

"Ek bid egter nie net vir hulle nie, maar ook vir die wat deur hulle woorde tot geloof in My sal kom. Ek bid dat hulle ook een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. Die heerlikheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is: Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U my liefhet. Vader, Ek wil graag hê dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook by My moet wees, sodat hulle my heerlikheid kan sien, die heerlikheid wat U My gegee het omdat U my al voor die skepping van die wêreld liefgehad het. Regverdige Vader, die wêreld ken U nie, maar Ek Ken U, en hulle hier weet dat U My gestuur het. Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak, en Ek sal dit verder bekend maak, sodat die liefde wat U aan My bewys het, in hulle kan wees en Ek ook in hulle."

AMEN.

GEBED VAN JESUS.
Joh. 17:20—26.

*Laat hulle weer met my vergader*
*wat u Naam van harte vrees,*
*dat ons in u woord verenig,*
*een gemeenskap weer kan wees*
*Laat my hart maar net opreg wees*
*voor u oog wat alles sien,*
*dan sal my geen skaamte-oorkom nie*
*as ek U van harte dien.*

*— Ps. 119:29.*

# 29 DESEMBER

"*Omdat hy My liefhet, sal Ek hom red, '' sê die Here, "omdat Hy My ken, sal Ek hom beskerm"*
*—Ps. 91:14.*

Hoor my gebed, Here, luister tog na my smeking. Antwoord my tog gou, Here, ek is heeltemal gedaan. Moet tog nie van my af wegkyk dat ek word soos die wat sterwe nie. Laat my elke môre u liefde ondervind, want in U stel ek my vertroue. Wys my die pad wat ek moet loop, want my hoop is op U gevestig. Red my van my vyande, Here, want by U skuil ek. Leer my om u wil te doen, want U is my God! Laat u goeie Gees my op 'n gelyk pad lei. Ter wille van u Naam, Here, laat my lewe. U is regverdig, red my uit die nood. Vernietig in u trou my vyande, laat al my teëstanders omkom, want ek is u dienaar.

AMEN.

VAN DAWID.
Ps. 143:1, 7-12.

*In tyd van onspoed is U my bevryder;*
*U berg my in die skuilplek van u tent.*
*Hoog, op 'n rots, staan ek bo my bestryder,*
*U het my pad deur dieptes heen gewend.*
*Dus bring ek U my offers van geklank,*
*en sing, o HEER, U Naam 'n psalm van dank.*
*0 hoor my stem wanneer ek tot U skrei,*
*wees my genadig tog en antwoord my!*

*— Ps. 27:3.*

# 30 DESEMBER

*Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die ooggevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof*
*— Hebr. 12:1—2a.*

Hoor my gebed. Antwoord my tog gou, Here, ek is heeltemal gedaan. Moet tot nie van my af wegkyk dat ek word soos die wat sterwe nie. Laat my elke môre u liefde ondervind, want in U stel ek my vertroue. Wys die pad my aan wat ek moet loop, want my hoop is op U gevestig. Red my van my vyande, Here, want by U skuil ek. Leer my om u wil te doen, want U is my God! Laat u goeie Gees my op 'n gelyk pad lei. Ter wille van u Naam, Here, laat my lewe. U is regverdig, red my uit die nood. Vernietig in u trou my vyande, laat al my teëstanders omkom, want ek is u dienaar.

AMEN.

VAN DAWID.
Ps. 143:1, 7—12.

*Die HEER het my met sware slae*
*getugtig, maar nie tot die dood;*
*Hy 't my gehoor in donker dae,*
*en my gered uit alle nood.*
*Ontsluit dan voor my pelgrimskrede*
*die poort van sy geregtigheid,*
*om God te loof wat my gebede*
*verhoor het in die dag van stryd.*

*— Ps. 118:9.*

# 31 DESEMBER

*Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid*
*— Hebr. 13:8.*

Here, die dae van ons jare — daarin is sewentig jaar, of as ons baie sterk is tagtigjaar, want gou gaan dit verby en ons vlieg daarheen. Dit voel ek so sterk noudat ek terugkyk op 'n jaar wat weer verbygegaan het. Baie wat saam met my die jaar begin het, is nie meer in die lewe nie, en as daar weer 'n Oujaarsdag kom, is ek moontlik nie meer daar nie. Here, troos dan my geliefdes, wees U hulle steun en hulp, hulle God en Vader. Voed my op vir die ewige lewe gedurende die dae wat ek nog oor het. Ek dank U vir die genade wat U aan my en my gesin, my vaderland en aan al die mense bewys het, ook in die donker dae. U word nie moeg om te seën nie. Vergeef my dat ek so dikwels u goedheid vergeet en teen U gesondig het. Toets my en kyk of daar by my 'n weg is van smart, en lei my op die ewige weg! O Vader, doen goed aan ons na u grote barmhartigheid, om Jesus Christus ontwil.

AMEN.

JOHANN JAGER.

*Die God van volle saligheid*
*versterk ons in die dag van stryd*
*en dra ons deur die lewe.*
*Hy kan en wil en sal in nood,*
*selfs as ons sidder vir die dood.*
*volkome uitkoms gewe.*

*— Ps. 68:9b.*

# NAAMREGISTER


Augustinus, Aurelius, kerkvader: 3/1, 21/2, 27/3, 5/4, 15/7, 26/7, 27/7, 37/7, 24/8, 7/9, 1/10, 1/11, 9/11, 10/12, 27/12.
Anselmus van Canterbury, teoloog: 19/6, 21/10.
Ambrosius, Aurelius, kerkvader: 25/5.
Aandgebed van die Lutherse Kerk: 31/12.
Ahlfeld, F, predikant: 13/8.
Arnold, Gottfried, predikant: 29/1, 27/5, 30/5.
Alcuinus. Albinus Flaccus, teoloog: 2/10.
Arndt, Johann, teoloog: 22/1, 6/3,18/3,11/4,16/5, 8/6, 25/6, 21/7, 23/8, 31/8, 10/9, 21/9, 29/9, 7/10, 16/11, 4/12.
Basilius, biskop: 20/5, 8/7, 18/9.
Bengel, Johann Albrecht, teoloog: 23/1, 11/8, 18/10, 27/10.
Bender, August, teoloog: 17/9.
Bernard van Clairvaix, teoloog: 26/11.
Bersier, Eugène, predikant: 13/5, 19/7, 15/12.
Beza, Theodorus, teoloog: 22/8
Blumhardt, Christoph, geestelike versorger: 12/3,16/4,14/8,19/8,23/9.
Bonhoeffer, Dietrich, teoloog: 16/2, 21/4, 5/10.
Bogatzky, Carl Heinrich von, skrywer: 1/2, 22/6, 15/9.
Böhme, Jacob, skoenmaker: 7/6.
Bugenhagen, Johann, predikant: 10/5.
Bunyan, John, boetprediker: 20/2.
Calvyn, Johannes, hervormer: 7/1, 12/1, 19/1, 25/1, 28/1, 2/2, 4/2, 9/2, 14/2, 19/2, 23/2, 26/2, 5/3, 10/3, 15/3, 24/3, 31/3, 2/4, 6/4, 10/4, 17/4, 22/4, 3/5, 7/5, 12/5, 15/5, 17/5, 22/5, 26/5, 2/6, 5/6, 10/6, 15/6, 20/6, 30/6, 5/7, 10/7, 17/7, 22/7, 29/7, 5/8, 10/8, 15/8, 20/8, 25/8, 30/8, 4/9, 8/9, 12/9, 16/9, 20/9, 24/9, 30/9, 3/10, 8/10, 12/10, 16/10, 20/10, 25/10, 28/10, 3/11, 7/11, 10/11, 12/11, 15/11, 21/11, 3/12, 7/12, 9/12, 12/12, 16/12, 19/12, 21/12, 23/12.
Clemens van Alexandrië, teoloog: 20/1.
Didaskalia, gebede uit die derde eeu: 7/8.
Fénélon, Francois de la Motte, aartsbiskop: 9/5.
Finse gebedeboek: 29/2, 21/6.
Franciscus van Assisi: 23/5.
Gebed van Paulus. 1/9.
Gebed van Habakuk: 1/8.
Gebed van Asa: 29/3.
Gebede van Dawid: Ps. 16:1/1, 27:12/2, 25:25/9, 25:13/10, 51:13/10, 51:14/10, 56:2/11, 69:4/3, 71:71:7/4, 86:13/4, 103:22/3, 139:4/6, 139:18/6, 143:29/12.
Gesang 253:28/10.
Gebed van Jesus: Joh. 17:33/10, Joh. 17:29/10, Joh. 17:29/12.
Gebed van Moses: 11/5.
Gebed uit die sestiende eeu: 6/1.
Gebede Gereformeerde Kerke: 9/1,14/1, 24/1,5/2,11/2,27/2,8/3,16/3, 26/3, 4/4, 20/4, 6/5,11/6,11/7, 23/7,16/8, 28/8, 26/9,17/10, 24/10, 6/11, 28/11, 13/12, 20/12.
Gebede Kerk van Skotland: 10/1, 30/7.
Gebede uit die tweede eeu: 13/1, 28/2.
Gebed Griekse Kerk: 13/11.
Gebedeboek Dresden: 18/11.
Galliese gebedeboek: 2/1.
Geloofsbelydenis van Nicea: 31/5.
Gerhard, Johann, teoloog: 7/2, 2/3, 13/3, 25/3, 12/7, 14/11.
Gunning, J. H., teoloog: 1/3, 30/3, 8/4, 21/5, 28/6, 20/7, 21/8, 25/12.
Gustaaf Adolf van Swede 14/4.
Heidelbergse Kategismus: 23/4, 24/4, 25/4, 26/4, 27/4, 28/4, 29/4, 30/4.
Heerlikheid van God, gebede en meditasies: 27/8.

Hiëronymus, Sophronius Eusebius, kerkvader: 3/8, 22/9, 1/12.
Huss, Johannes, voorloper van die Hervorming: 9/6.
Ignatius van Antiochië: 5/9.
Jäger, Johann W., professor: 21/3, 4/7, 24/11, 26/12, 30/12.
Jonker, G. J. A., predikant: 24/5, 4/8, 29/11.
Kierkegaard. Sören, teoloog: 20/3, 12/8, 23/10.
Knox, John, hervormer: 6/2.
Kohlbrugge, Hermann F., predikant: 7/7, 25/7, 22/11.
Lavator, Johann Caspar, predikant- 10/10,
Luther, Maarten, hervormer: 15/1, 8/5, 1/7.
Makunus, teoloog. 7/3.
Martineau, James: 18/2, 3/3, 19/11.
Martensen, Hans L., Biskop: 13/7, 24/7.
Mel, Coenraad, predikant: 8/1,16/1,26/1,31/1,3/2,10/2,13/2,15/2,11/3, 23/3, 28/3, 12/4, 19/4, 4/5, 14/5, 19/5, 6/6, 12/6, 23/6, 6/7, 18/7, 2/8, 9/8, 18/8, 26/8, 2/9, 14/9, 19/9. 4/10, 1110, 19/10, 26/10, 4/11, 8/11, 11/11, 17/11, 20/11, 25/11, 30/11, 2/12, 6/12, 14/12, 17/12.
Melanchton, Philip, teoloog: 3/9, 8/12.
Michelangelo, beeldhouer en skilder: 21/1.
Micron, Marten: 9/7.
Mynster, Jakob Peter, biskop: 24/2.
M. N.. 5/1, 22/2, 9/10.
Newman, John Henry, kardinaal: 25/2.
Neumeister, Erdmann, hofprediker: 16/6.
Niklaus van der Flue, kluisenaar: 6/9.
Pascal, Blaise, teoloog: 24/6, 28/7.
Psalms: 119:11/6, 39:31/10, 56:2/11, 63:19/3, 73:17/3,103:22/3.
Roos, Magnus F., predikant: 29/5, 17/8, 15/10.
Rudin, Waldmar, professor: 28/5.
Ruysbroeck, Johannes van: 17/2, 27/6.
Starck, Johann F., predikant: 14/3, 18/4, 16/7.
Scriver, Christian, teoloog: 24/12.
Schubert, Christian F. D„ teoloog: 26/6.
Sweedse gebedeboek: 27/1, 2/7, 6/8, 27/9.
Tersteegen, Gerhard: 14/7, 8/8, 5/11, 23/11.
Thomas van Acquino: 3/6.
Thomas á Kempis: 11/1, 8/2, 3/4, 2/5, 5/5, 29/6, 3/7, 29/8, 9/9, 22/10, 29/10, 30/10, 27/11, 5/12, 18/12.
Totius (prof. dr. J. D. du Toit), teoloog en digter: 4/1, 1/4.
Vinet, Alexander, professor: 17/1, 30/1, 6/10.
Zwingli, Huldrych, hervormer: 14/6.